# ’n Onderwysregtelike perspektief op regsrisikobestuur in skolesport

**C JURGENS**
**12408468**

Proefskrif voorgelê vir die graad Magister Educationis in Onderwysreg aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof. J.P. Rossouw
Medepromotor: Mnr. K. Karstens

Potchefstroom

September 2012

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Dit begin alles hier ™

'n Onderwysregtelike perspektief op regsrisikobestuur in skolesport

Coenraad Jurgens

Studentnommer: 12408468

Verhandeling voorgelê vir die graad
Magister Educationis in Onderwysreg
aan die Potchefstroom-kampus van die Noordwes-Universiteit.

Studieleier: Prof J.P. Rossouw

Medestudieleier: Mnr K. Karstens

Potchefstroom

September 2012

**Dankbetuigings**

My opregte dank en waardering aan elk van die volgende:

My studieleier, prof. J.P. Rossouw vir sy kennis, leiding en motivering. Dit was 'n voorreg om die studie onder u leiding te voltooi.

My medestudieleier, Oom Kassie vir sy geduld, ondersteuning en leiding met die studie.

My ouers en skoonouers, baie dankie vir al u ondersteuning en aanmoediging. Dankie dat julle bly glo het in my.

Die respondente, vir die bereidwilligheid om deel uit te maak van hierdie navorsing.

My vrou, Elmarie, dankie vir jou liefde waarmee jy my ondersteun het tydens die tydperk van my studie.

My kinders, Melissa, Elanza en Divan, vir al julle liefde en ondersteuning en begrip dat julle soms afgeskeep is tydens die duur van hierdie studie.

Die personeel van die Ferdinand Postma-biblioteek, baie dankie aan al u hulp. 'n Spesiale dank aan Christine Bronkhorst.

Anneke Coetzee, baie dankie vir die nagaan van die bronnelys.

Heleen Saaiman, baie dankie vir die taalversorging van die studie.

Stephan Pieters, baie dankie vir al jou hulp met die vertaalwerk en raad.

My opregte dank aan almal wat op een of ander wyse 'n bydrae gelewer het met betrekking tot die voltooiing van hierdie navorsing.

My Hemelse Vader, vir geleenthede, vermoëns, talente en vaardighede asook vir krag, seëninge en voorregte tydens die voltooiing van die studie.

## Huldiging

Die studie is opgedra in liefdevolle herinnering aan Henry Jacobs

3 September 1956 - 29 September 2011

My kollega, vriend en mentor.

Jy sal altyd in ons gedagtenis wees!

**Opsomming**

Die afgelope aantal jare het daar 'n verhoogde deelname in skolesport in Suid-Afrika plaasgevind. Saam met die verhoogde deelname het 'n meer litigasiebewuste samelewing ook ontstaan. Regsaanspreeklikheid gegrond op skade veroorsaak in die beoefening van sport het 'n meer algemene verskynsel geword wat 'n bykomende las in die bestuur van risiko's op die opvoeder plaas.

Een van die sleutelaspekte wat by skole vooropstaan, is die veiligheid van die leerders. Die aanspreeklikheid van die opvoeder ten opsigte van veilige deelname van leerders in skolesport is deurlopend onder die vergrootglas.

'n Effektiewe risikobestuursprogram moet in skolesport ontwikkel word, om 'n manier te vind wat beserings en risiko's aan deelnemers te beperk. Risikobestuur is die primêre instrument vir die vermindering en voorkoming van beserings en die opvoeder of skool se potensiële blootstelling aan skade en regsaanspreeklikheid.

Daar is sekere elemente van regsrisikobestuur wat bepalend is vir die opvoeder se versorgingsplig tydens sportafrigting en die opvoeder se regsplig ten opsigte van deelnemers se veiligheid. Vir 'n opvoeder om hierdie versorgingsplig met onderskeiding te kan uitvoer, moet 'n opvoeder met genoegsame onderwysregtelike kennis toegerus wees. Hierdie navorsing ondersoek krities die veiligheidstrategieë en gepaardgaande regsrisikobestuur van die deelname aan skolesport in Suid-Afrika. Om in hierdie doel van die navorsing te kon slaag, is bepaal watter gemeenregtelike en regsprekende determinante ter sprake kan wees en watter rol hulle gaan speel om die veiligheid van leerders by skole te verseker.

Daar is eerstens 'n literatuurstudie oor die regsrisikobestuur in skolesport gedoen. Die literatuurstudie het onder andere bevind dat die opvoeder se verantwoordelikhede en verpligtinge deur gemeenregtelike en regsprekende determinante bepaal word.

'n Empiriese ondersoek is geloods deur onderhoude met opvoeders gemoeid met spesifieke sportsoorte in die Kenneth Kaunda-distrik van die Noordwes-Provinsie te voer om die huidige stand van risikobestuur op skoolvlak te bespreek. Die deelnemers se persepsies oor regsrisikobestuur is bespreek, hulle antwoorde is analities ontleed en bevindinge en aanbevelings is gemaak.

Die algemene indruk wat deur die resultate na vore gekom het, was dat opvoeders 'n groot onsekerheid en tekortkoming in hul kennis ten opsigte van hulle deliktuele aanspreeklikheid teenoor leerders onder hulle sorg ervaar. Daar is bevind dat opvoeders oor onvoldoende kennis van die onderwysreg beskik om te voldoen aan die vereistes wat wetlik aan hulle gestel word. Die sekuriteit van die deelnemers (op grond van hul deelname) en opvoeders (op grond van hul regsaanspreeklikheid) kom dus in die gedrang.

Dit word aanbeveel dat alle tersiêre inrigtings opleidingsprogramme moet ontwikkel waar opvoeders en onderwysstudente hulle kan bemagtig met die nodige praktykgerigte onderwysregtelike kennis. Daar kan tereg aanbeveel word dat dit nou en in die toekoms dringend noodsaaklik is om formeel hieraan aandag te skenk en dat die Departement van Basiese Onderwys as werkgewer tesame met die beheerliggame, skoolhoofde en vakbonde sodanige opleidingsprogramme moet ondersteun.

Ten slotte: opvoeders, die skoolbestuur en beheerliggame moet veel meer risikobewus en pro-aktief wees om sportverwante beserings te voorkom, omdat daar 'n mate van onkunde is oor die riglyne vir risikobestuur in sport en veiligheidstandaarde. Die komplekse aard van vandag se samelewing is van so 'n aard, dat al die rolspelers in die onderwysberoep moet besef dat kennis van die wetlike aspekte in die onderwysberoep nie net wenslik geraak het nie, maar verpligtend geword het.

**Sleutelwoorde**: regsrisikobestuur, *in loco parentis,* opvoeder, skolesport, aanspreeklikheid, deliktuele aanspreeklikheid, versorgingsplig, veiligheid.

**Summary**

In the recent past South Africa saw an increase in participation in school sport concomitant with an increase in litigation awareness in society. Legal accountability based on damage suffered in the participation in sport has become more common, introducing an additional dimension to risk management by the educator.

Learner safety is one of the key aspects in a school. Educator accountability with regard to the safety of learners in school sports is a focus of attention.

An effective risk management programme to limit injuries and risks to participants in school sports must be developed. Risk management is the prime instrument by which injuries and the potential exposure of the educator or school to damage and legal accountability can be reduced or prevented.

Some aspects of legal risk management are crucial for the educator's duty of care during coaching and the educator's legal duty with regard to the participants' safety. The educator must possess enough legal knowledge to successfully carry out his duty of care. This research will critically assess the safety strategies and the legal risk management of participation in school sports in South Africa. To be able to do this, I determined which common-law and legally accountable determinants can be applicable and what role they will play to ensure the safety of learners in schools.

Firstly a literature study in legal risk management in school sports was done. This study found that the educator's responsibilities and obligations are determined by common-law and case law determinants.

An empirical investigation was launched. Interviews were conducted with educators involved in sports in the Dr Kenneth Kaunda district of the North-West Province. The topic was the current state of affairs in risk management in school sport. The

participants' perceptions of legal risk management were discussed and their views analysed, whereupon findings and recommendations were made.

The general impression based on the results was that the educators experience huge uncertainty and are seriously uninformed about with regard to delictual liability towards learners under their care. It was found that educators do not have sufficient legal knowledge to comply with the requirements set by law. Therefore the security of the participants (on grounds of their participation) and the educators (on grounds of their legal accountability) is jeopardised.

It is recommended that all tertiary institutions develop training programmes to empower educators and student educators with knowledge of legal procedures in education. It is further recommended that the education department as employer together with governing bodies, principals and trade unions support such training programmes – now and in the future.

Finally, educators, school management teams and governing bodies should be more risk-aware and more pro-active in preventing sport-related injuries, because of the ignorance regarding guidelines for risk management in sports and standards of security. The complex nature of our society makes knowledge of the legal aspects in education by all role players in education not only desirable, but mandatory.

Keywords: legal risk management, *in loco parentis*, educator, school sports, liability, delictual liability, duty of care, safety.

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

## PLEGTIGE VERKLARING

### Plegtige verklaring deur student

Hiermee verklaar ek, Coenraad Jurgens, die ondergetekende, dat die skripsie/verhandeling/proefskrif getiteld,

'n Onderwyslike perspektief op regsrisikobestuur in skolesport

wat ek by die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, ter voldoening / gedeeltelike voldoening aan die vereiste van die M-Ed. -graad, hiermee inhandig, my eie werk is, dit volgens die vereistes taalversorg is en dat dit nie reeds by 'n ander universiteit ingehandig is nie.

Ek verstaan en aanvaar dat die eksemplare wat vir eksaminering ingehandig word, die eiendom van die universiteit is.

Handtekening van student ____________ Universiteitsnommer 12408468

Geteken te Potchefstroom hierdie 16 dag van April 20 12

Verklaar voor my hierdie 16 dag van April 20 12

Kommissaris van Ede: ____________

**LET WEL: Indien 'n student se skripsie/verhandeling/proefskrif na die sperdatum vir indiening ingedien is, is die tydperk vir eksaminering beperk. Geen waarborg kan daarom gegee word dat (sou die eksaminatorsverslae positief wees) die graad by die eerskomende gradeplegtigheid toegeken sal word nie. Dit mag ook beteken dat die student vir die volgende akademiese jaar moet herregistreer.**

### Plegtige verklaring deur studieleier/promotor/navorsingsdirekteur/dekaan

Hiermee verklaar ondergetekende:

1.1 dat die genoemde student 'n goedgekeurde module vir die betrokke kwalifikasie bygewoon het en die werk van die module uitgevoer het of werk gedoen het wat deur die Senaat goedgekeur is;

1.2 dat die student aan die **minimum duur** van studie voldoen soos voorgeskryf in die jaarboek;

1.3 dat hy/sy derhalwe gemagtig word om sy/haar skripsie/verhandeling/proefskrif in te handig;

1.4 dat die registrasie/wysiging van titel goedgekeur is;

1.5 dat die aanwysing/wysiging van eksaminatore goedgekeur is en

1.6 ander voorskrifte soos vervat in die Handleiding vir Nagraadse Studie nagekom is.

Handtekening Studieleier/Promotor: ____________ Datum: ____________

Handtekening Navorsingsdirekteur: ____________ Datum: ____________

Handtekening Dekaan: ____________ Datum: ____________

PLEGTIGE VERKLARING 1

# Heleen Saaiman

tans Remediërende Onderwyseres te Kroonheuwel Primêre Skool, Kroonstad

**Tersiêre Opleiding**

(BA Kommunikasiekunde, UOVS, 1980)
(Hoër Onderwysdiploma Nagraads, UNISA, 1989)
(Diploma in Spesialiseringsonderwys: Remediëring, UNISA, 1996)
(International Computer Driving Licence Certifidate (ICDL), Flavius Mareka, 2004)
(Gevorderde Onderwyssertifikaat in Rekenaartegnologie Geïntegreerde Onderwys (RTGO), Noordwes Universiteit, 2006)

**Ondervinding**

Vertaler/Redigeerder, SA Weermag, 1981-1982
Proefleser, UNISA, 1982-1983
Vryskut Redigeerder, UNISA, 1983-1989
Vryskut Redigeerder, Daan Retief Uitgewers, 1983-1989
Vryskut Redigeerder, HAUM De Jager, 1983-1989
Proefleser, UNISA, 1990-1997

**Persoonlike Besonderhede**

ID: 6004080079086
Posbus 7035
Kroonpark
9502
E-posadres: hjccsaaiman@gmail.com

Tel: 056-2127489 (h)
056-2125702 (w)
082 804 7616

Ek verklaar hiermee dat die volgende navorsingsverslag deur my gekontroleer is gedurende April 2012:

| | |
|---|---|
| Kandidaat: | Coenraad Jurgens |
| Studentnommer: | 12408468 |
| Kwalifikasie: | MEd (Onderwysreg) |

'N ONDERWYSREGTELIKE PERSPEKTIEF OP REGSRISIKOBESTUUR IN SKOLESPORT

________________
HJCC Saaiman (Mev)

**Verklaring: Tegniese versorger**

Me. AGS COETZEE

Posbus 5333

KOCKSPARK

2522

Sel: 073 157 0502

16 April 2012

TEGNIESE VERSORGING VAN BIBLIOGRAFIE: M-Ed verhandeling.

Hiermee verklaar ek dat ek die bibliografie van die M-Ed manuskrip van Mnr. Coenraad Jurgens tegnies versorg het. Die inhoudelike korrektheid bly steeds die verantwoordelikheid van die kandidaat

AGS Coetzee

# Etiekklaring

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Private Bag X6001, Potchefstroom
South Africa 2520

Tel: (018) 299-4900
Faks: (018) 299-4910
Web: http://www.nwu.ac.za

**Ethics Committee**
Tel +27 18 299 4850
Fax +27 18 293 5329
Email Ethics@nwu.ac.za

Prof JP Rossouw

**Ethics Approval of Project**

The North-West University Ethics Committee (NWU-EC) hereby approves your project as indicated below. This implies that the NWU-EC grants its permission that provided the special conditions specified below are met and pending any other authorisation that may be necessary, the project may be initiated, using the ethics number below.

**Project title:**
Main project: An education law perspective on educator rights and educator security within a changing education environment
Subproject: An Education Law perspective on legal risk management in school sport
**Student working on project:** C Jurgens
**Ethics number:** N W U - 0 0 1 3 8 - 1 2 - A 2
**Approval date:** 2012-03-08 **Expiry date:** 2017-03-07

Special conditions of the approval (if any): None

General conditions:

*While this ethics approval is subject to all declarations, undertakings and agreements incorporated and signed in the application form, please note the following:*

- *The project leader (principle investigator) must report in the prescribed format to the NWU-EC:*
  - *annually (or as otherwise requested) on the progress of the project,*
  - *without any delay in case of any adverse event (or any matter that interrupts sound ethical principles) during the course of the project.*
- *The approval applies strictly to the protocol as stipulated in the application form. Would any changes to the protocol be deemed necessary during the course of the project, the project leader must apply for approval of these changes at the NWU-EC. Would there be deviated from the project protocol without the necessary approval of such changes, the ethics approval is immediately and automatically forfeited.*
- *The date of approval indicates the first date that the project may be started. Would the project have to continue after the expiry date, a new application must be made to the NWU-EC and new approval received before or on the expiry date.*
- *In the interest of ethical responsibility the NWU-EC retains the right to:*
  - *request access to any information or data at any time during the course or after completion of the project;*
  - *withdraw or postpone approval if:*
    - *any unethical principles or practices of the project are revealed or suspected,*
    - *it becomes apparent that any relevant information was withheld from the NWU-EC or that information has been false or misrepresented,*
    - *the required annual report and reporting of adverse events was not done timely and accurately,*
    - *new institutional rules, national legislation or international conventions deem it necessary.*

The Ethics Committee would like to remain at your service as scientist and researcher, and wishes you well with your project. Please do not hesitate to contact the Ethics Committee for any further enquiries or requests for assistance.

Yours sincerely

Prof. A Lourens
*(chair NWU Ethics Committee)*

INHOUDSOPGAWE

**Dankbetuigings** ........ ii

**Huldiging** ........ iii

**Opsomming** ........ iv

**Summary** ........ vi

**Plegtige verklaring** ........ viii

**Etiekklaring** ........ xi

**Tabelle** ........ xxi

**Figure** ........ xxi

**1 HOOFSTUK 1: PROBLEEMSTELLING, DOELWITSTELLING EN NAVORSINGSONTWERP** 1

**1.1 Inleiding en probleemstelling** ........ 1

**1.2 Teoretiese raamwerk** ........ 3

*1.2.1 Onderwysspesifieke wetgewing* ........ 4

1.2.1.1 Wet op Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996 ........ 4

1.2.1.2 Wet op Indiensneming van Opvoeders 76 van 1998 ........ 5

1.2.1.3 Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 ........ 6

*1.2.2 Die gemene reg en sportdeelname* ........ 7

*1.2.3 Regspraak* ........ 8

**1.3 Konseptuele raamwerk** ........ 10

*1.3.1 Regsrisikobestuur* ........ 10

*1.3.2 Veiligheid* ........ 13

*1.3.3 Deliktuele aanspreeklikheid* ........ 15

1.3.3.1 Algemene vereistes vir aanspreeklikheid ........ 16

**1.4 Navorsingsvrae** ..... **17**

**1.5 Doel met die navorsing** ..... **18**

**1.6 Navorsingsontwerp en -metodologie** ..... **20**

*1.6.1 Paradigmatiese begronding vir die studie* ..... *20*

*1.6.2 Die meta-teoretiese aannames van die studie* ..... *21*

*1.6.3 Die metodologiese aannames* ..... *22*

*1.6.4 Die teoretiese aannames* ..... *22*

*1.6.5 Empiriese ondersoek* ..... *23*

1.6.5.1 Kwalitatiewe navorsing ..... 23

1.6.5.2 Data-insameling ..... 24

1.6.5.3 Populasie en steekproef ..... 27

*1.6.6 Analise van data* ..... *29*

**1.7 Vertroulikheid en etiese aspekte** ..... **30**

**1.8 Hoofstukindeling** ..... **31**

**1.9 Bydrae van die navorsing tot die teorie** ..... **32**

**1.10 Bydrae van die navorsing tot die praktyk** ..... **33**

**2 HOOFSTUK 2: STATUTÊRE DETERMINANTE VIR REGSRISIKOBESTUUR IN SKOLESPORT** **34**

**2.1 Inleiding** ..... **34**

**2.2 Bronne van die Suid-Afrikaanse Onderwysreg** ..... **35**

**2.3 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika** ..... **38**

*2.3.1 Oppergesag van die Grondwet* ..... *38*

*2.3.2 Regte* ..... *38*

2.3.2.1 Gelykheid ..... 42

2.3.2.2 Vryheid en sekerheid van 'n persoon ..... 42

2.3.2.3 Omgewing ..... 44

2.3.2.4 Kinders ..... 45

2.3.2.5 Onderwys ........................................................................................ 47

**2.4 Onderwysspesifieke parlementêre wetgewing ........................................ 48**

*2.4.1 Wet op Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996 ........................................ 49*

*2.4.2 Die Wet op Indiensneming van Opvoeders 76 van 1998 ........................... 49*

2.4.2.1 Wangedrag ........................................................................................ 50

2.4.2.2 Aanstelling van opvoeders .................................................................. 50

*2.4.3 Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 .................................................. 52*

2.4.3.1 Die sorgplig van opvoeders .................................................................. 53

2.4.3.2 Die beheerliggaam en veiligheid ........................................................... 53

2.4.3.3 Aanspreeklikheid van die Staat ............................................................. 54

2.4.3.4 Regulasies ten opsigte van veiligheid in skole ......................................... 56

*2.4.4 Die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders 31 van 2000 ............ 58*

**2.5 Nie-onderwysspesifieke wetgewing ......................................................... 60**

*2.5.1 Die Wet op Kindersorg 38 van 2005 ........................................................ 61*

*2.5.2 Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid 85 van 1993 ............................ 62*

*2.5.3 Die Nasionale Padverkeerswet 93 van 1996 ............................................ 65*

**2.6 Provinsiale onderwyswetgewing ............................................................. 67**

**3 HOOFSTUK 3: GEMEENREGTELIKE DETERMINANTE VIR REGSRISIKOBESTUUR IN SKOLESPORT 70**

**3.1 Inleiding ................................................................................................ 70**

**3.2 Oorsprong en definiëring van die delik ..................................................... 71**

**3.3 Handeling ............................................................................................... 72**

**3.4 Onregmatigheid ....................................................................................... 73**

*3.4.1 Die bestaan en verbreking van 'n regsplig ................................................ 73*

*3.4.2 Die in loco parentis-beginsel ................................................................... 74*

*3.4.3 Die versorgingsplig van die opvoeder ...................................................... 76*

*3.4.4 Die opvoeder se versorgingsplig in sport .................................................. 77*

*3.4.5 'n Noodtoestand as regverdigingsgrond ................................................... 78*

**3.5 Kousaliteit** ........ **79**

**3.6 Skade** ........ **82**
3.6.1.1 Vermoënskade ........ 83
3.6.1.2 Mediese uitgawes ........ 83
3.6.1.3 Saakskade ........ 84
3.6.1.4 Verlies aan inkomste ........ 84
3.6.1.5 Persoonlikheidsnadeel ........ 85

**3.7 Skuld** ........ **87**
*3.7.1 Opset* ........ *87*
*3.7.2 Nalatigheid* ........ *88*
*3.7.3 Die redelike persoon-toets vir nalatigheid* ........ *89*
3.7.3.1 Redelike voorsienbaarheid ........ 91
3.7.3.2 Redelike voorkombaarheid ........ 91
3.7.3.3 Die redelike deskundige en standaard van sorg ........ 94

**3.8 Faktore wat die standaard van sorg en aanspreeklikheid beïnvloed** ..... **96**
*3.8.1 Kwalifikasies* ........ *98*
*3.8.2 Voldoende toesig en korrekte oefenmetodes* ........ *99*
*3.8.3 Versorgingsplig met skooluitstappies* ........ *100*
*3.8.4 Versorgingplig teenoor toeskouers* ........ *101*
*3.8.5 Versorgingsplig van 'n skeidsregter* ........ *102*
*3.8.6 Openbaarmakingsvereiste as voorkomende maatreël* ........ *104*
*3.8.7 Medewerkende skuld* ........ *105*
*3.8.8 Middellike aanspreeklikheid* ........ *106*
*3.8.9 Staatsaanspreeklikheid* ........ *107*

**3.9 Verwere teen aanspreeklikheid** ........ **107**
*3.9.1 Vrywaring* ........ *107*
*3.9.2 Aanvaarding van risiko en toestemming tot benadeling* ........ *109*

**3.10 Samevatting** ........ **113**

**4 HOOFSTUK 4: 'N TEORETIESE RAAMWERK VIR REGSRISIKOBESTUUR IN SKOLESPORT 114**

**4.1 Risikobestuur en regsrisikobestuur .......... 114**
*4.1.1 Risikobestuursprogramme .......... 116*
*4.1.2 Risikobestuursprosesse .......... 117*
*4.1.3 Risikobestuur en die sorgplig van 'n afrigter .......... 119*

**4.2 Risikobestuur deur die skoolhoof en die beheerliggaam .......... 120**

**4.3 Risikobestuur deur die opvoeder .......... 122**
4.3.1.1 Tegnieke en instruksies in afrigting .......... 123
4.3.1.2 Waarsku deelnemers teen risiko's .......... 124
4.3.1.3 Toesighouding .......... 126
4.3.1.4 Voorkoming van siektes of beserings .......... 128
4.3.1.5 Ontwikkelingsvlak van deelnemers .......... 130
4.3.1.6 Hulpafrigters en portuurbystand .......... 131
4.3.1.7 Afrigters se beheer oor deelname .......... 132
4.3.1.8 Progressie in vaardigheidsontwikkeling .......... 133
4.3.1.9 Toerustingbestuur en fasiliteite .......... 133

**4.4 Samevatting .......... 135**

**5 HOOFSTUK 5: NAVORSINGSONTWERP EN -METODOLOGIE 137**

**5.1 Inleiding .......... 137**

**5.2 Navorsingsontwerp .......... 138**

**5.3 Navorsingsmetodologie .......... 139**
*5.3.1 Navorsingsprosedure en -werkswyse .......... 139*
5.3.1.1 Die literatuurstudie .......... 139
5.3.1.2 Empiriese ondersoek .......... 140
5.3.1.3 Paradigmatiese begronding vir die studie .......... 141
*5.3.2 Kwalitatiewe navorsing .......... 142*

**5.4 Populasie en steekproef** .......... **143**

**5.5 Data-insameling** .......... **144**

*5.5.1 Metodes van data-insameling* .......... *145*

5.5.1.1 Onderhoude .......... 145

5.5.1.2 Fokusgroeponderhoude .......... 146

**5.6 Analise van data** .......... **149**

**5.7 Vertroulikheid en etiese aspekte** .......... **150**

**5.8 Samevatting** .......... **151**

**6 HOOFSTUK 6: ANALISE VAN EMPIRIESE DATA** **152**

**6.1 Inleiding** .......... **152**

**6.2 Samestelling van groepe, kategorieë en temas** .......... **153**

**6.3 Regsaanspreeklikheid** .......... **156**

*6.3.1 Die Grondwet* .......... *157*

*6.3.2 Deliktuele aanspreeklikheid* .......... *158*

6.3.2.1 Sorgplig .......... 159

6.3.2.2 Skade .......... 161

6.3.2.3 Skuld .......... 162

6.3.2.4 In loco parentis .......... 166

6.3.2.5 Vrywaringsvorms .......... 167

**6.4 Skolesport** .......... **168**

*6.4.1 Risikobestuur* .......... *169*

6.4.1.1 Risikobestuursprogramme .......... 169

6.4.1.2 Risikobestuursprosesse .......... 170

*6.4.2 Veiligheid* .......... *170*

6.4.2.1 Rol van die Departement van Basiese Onderwys .......... 171

6.4.2.2 Rol van die beheerliggaam en skoolhoof .......... 173

6.4.2.3 Veiligheid van die toeskouers .......... 174

*6.4.3 Pligte van die opvoeder* ... *175*
6.4.3.1 Toesighouding ... 175
6.4.3.2 Regsplig van die skeidsregter ... 176
6.4.3.3 Tegnieke en instruksies ... 178
6.4.3.4 Beserings en siektes ... 178
6.4.3.5 Toerustingbestuur en fasiliteite ... 180
6.4.3.6 Ontwikkelingsvlak van deelnemers ... 180
6.4.3.7 Vlak van bekwaamheid en ondervinding ... 181
6.4.3.8 Risiko's van sportsoorte ... 182
*6.4.4 Opleiding* ... *182*
6.4.4.1 Indiensopleiding en tersiêre opleiding ... 182
6.4.4.2 Sportkursusse ... 184

**6.5 Samevatting ... 184**

**7 HOOFSTUK 7: BEVINDINGE, AANBEVELINGS EN GEVOLGTREKKINGS 186**

**7.1 Inleiding ... 186**

**7.2 Bevindinge rakende regsaanspreeklikheid ... 188**
*7.2.1 Die Grondwet* ... *188*
*7.2.2 Deliktuele aanspreeklikheid* ... *190*
7.2.2.1 Versorgingsplig ... 190
7.2.2.2 Skade ... 191
7.2.2.3 Skuld ... 191
7.2.2.4 In loco parentis ... 192
7.2.2.5 Vrywaringsvorms ... 192

**7.3 Bevindinge rakende skolesport ... 193**
*7.3.1 Risikobestuur* ... *193*
*7.3.2 Risikobestuursprosesse* ... *193*
*7.3.3 Veiligheid* ... *194*

7.3.3.1 Rol van die Beheerliggaam en Hoof ........ 194
7.3.3.2 Rol van die Departement van Basiese Onderwys ........ 195
7.3.3.3 Veiligheid van die toeskouers ........ 196
*7.3.4 Pligte van die opvoeder-afrigter ........ 197*
7.3.4.1 Toesighouding ........ 197
7.3.4.2 Regsplig van die skeidsregter ........ 198
7.3.4.3 Tegnieke en instruksies ........ 198
7.3.4.4 Beserings en siektes ........ 199
7.3.4.5 Toerustingsbestuur en fasiliteite ........ 199
7.3.4.6 Ontwikkelingsvlak en vlak van bekwaamheid van die spelers ........ 200
7.3.4.7 Vlak van bekwaamheid en ondervinding van die afrigter ........ 200
7.3.4.8 Bestuur van risiko's van sekere sportsoorte ........ 201
*7.3.5 Opleiding ........ 201*
7.3.5.1 Indiensopleiding en tersiêre opleiding ........ 201
7.3.5.2 Kursusse ........ 201

**7.4 Aanbevelings ........ 202**
*7.4.1 Die Grondwet ........ 202*
*7.4.2 Die gemene reg ........ 203*
*7.4.3 Risikobestuur ........ 204*
*7.4.4 Veiligheid ........ 204*
*7.4.5 Pligte van die opvoeder ........ 206*
*7.4.6 Opleiding ........ 207*
*7.4.7 Aanbevelings rakende die sentrale tema: Regsrisikobestuur van skolesport ........ 208*

**7.5 Aanbevelings vir verdere navorsing ........ 209**

**7.6 Bydrae van die navorsing tot die teorie ........ 209**

**7.7 Bydrae van die navorsing tot die praktyk ........ 210**

**7.8 Slotopmerking ........ 210**

**8 BIBLIOGRAFIE 212**

9 HOFSAKE 228

Addendum A: Aansoekbrief vir toestemming by die Departement van Basiese Onderwys vir die navorsing. 231

Addendum B: Toestemmingsbrief van die Departement van Onderwys 234

Addendum C: Toestemmingsbrief aan skoolhoof 236

Addendum D: Toestemmingsbrief aan deelnemer 239

Addendum E: Inligtingsbrief aan deelnemer 244

Addendum F: Onderhoudskedule 245

Addendum G: Kleurkodifisering by data-analise 246

**Tabelle**

Tabel 1.1: Elemente van deliktuele aanspreeklikheid ........................................ 16

Tabel 2.1: Wetgewing as bron van die Onderwysreg........................................ 35

Tabel 2.2: Bronne vir die Suid-Afrikaanse Onderwysreg .................................. 36

Tabel 5.1: Die fases in die navorsingsontwerp .............................................. 138

Tabel 5.2: Kwalitatiewe navorsing.................................................................. 142

Tabel 6.1: Groepe, kategorieë en temas........................................................ 154

**Figure**

Figuur 6.1: Die data-analiseproses ............................................................ 155

# HOOFSTUK 1: PROBLEEMSTELLING, DOELWITSTELLING EN NAVORSINGSONTWERP

## 1.1 Inleiding en probleemstelling

'n Nuwe era het in 1960 vir sport begin toe 'n New Jersey-hof 1 miljoen dollar aan 'n gimnas toegeken het vir 'n eis van nalatigheid en 'n Kaliforniese Hof het 300 000 dollar aan 'n voetbalspeler toegeken (Girvan & Girvan, 1993:30). Voor 1960 is beserings tydens sportdeelname gesien as deel van die sportsoort; dit was dus gereken dat die risiko van beserings deel was van die spel (Girvan & Girvan, 1993:30). Die moderne mens word egter al hoe meer bewus van sy regte en remedies in gevalle waar hy benadeel word. In Suid-Afrika, waar sport 'n integrerende deel van ons daaglikse roetine vorm, is sportbeserings 'n gereelde verskynsel, soos berig word in die media en ervaar word in skolesport. In 'n al hoe meer litigasiebewuste samelewing is daar gereeld aanspreeklikheidseise teen afrigters en ander rolspelers, gegrond op die een of ander besering tydens die beoefening van sport. Hierdie neiging is volgens Botha en Oosthuizen (2003:101-102) waarskynlik te wyte aan die tydsgees en die betrokkenheid van die media.

Hierdie bewuswording van regte, waartydens die opeis van menseregte sterk na vore tree, lei tot nuwe eise aan en verantwoordelikhede van opvoeders. Die verandering is ingelui met die ontwikkeling van die nuwe demokratiese staat wat met die aanvaarding van die Grondwet daargestel is. Die Grondwet bepaal dat die fundamentele regte van alle mense in Suid-Afrika beskerm en respekteer moet word, en hierdie belangrike benadering het ook 'n invloed op onderwys, en meer spesifiek vir hierdie studie, die opvoeder as afrigter.

'n Opvoeder het 'n regsplig om die veiligheid van leerders onder sy toesig en beheer te verseker (Botha & Oosthuizen, 2003:86). Die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders

bepaal in artikel 3.11 van sy gedragskode (SA, 2000) dat 'n opvoeder redelike stappe moet doen om die veiligheid van die leerder te verseker. Volgens Botha en Oosthuizen (2003:86) is opvoeders, betreffende hulle sorgplig, vir sowel die geestelike welsyn as die fisiese toesig en beheer van die leerders in hulle sorg verantwoordelik. Die besorgdheid oor die veiligheid van leerders en opvoeders geniet 'n al hoër prioriteit in onderwysinrigtings. Ten einde die opvoeder in staat te stel om 'n geborge omgewing te skep vir orde, reëlmaat en beskerming - om opvoedende onderwys dus harmonieus te laat verloop - is dit noodsaaklik dat opvoeders genoegsaam kennis dra van die gemeenregtelike beginsels wat op hul beroep van toepassing is (Botha & Oosthuizen, 2003:101-102). Met die hedendaagse klem op die professionele optrede van die opvoeder, moet opvoeders in gedagte hou dat hulle, net soos ander professionele persone, met 'n strenger maatstaf beoordeel gaan word as nie-professionele persone (Botha en Oosthuizen, 2003:101-102). Joubert en Prinsloo (2001:97) noem dat dit by implikasie beteken dat opvoeders in die uitvoer van hulle sorgplig leerders moet beskerm teen fisieke nadele.

Veiligheid binne skolesport maak deel uit van regsrisikobestuur en die vraag word gevra of daar genoeg gedoen word om die risiko van beserings en regseise teen die skoolbestuur, die afrigters of sportbestuurders te verminder. Die skoolhoof en opvoeders het 'n besondere plig sover dit leerderveiligheid betref, aangesien hulle in die plek van die ouer optree. Volgens DeMittchell (2002:18) aanvaar die skool, deur sy opvoeders, die ouers se sorgplig wanneer ouers hulle kinders skool toe stuur. Wanneer 'n ouer dus sy kind skool toe of sportveld toe stuur, word die leerder in die sorg van die opvoeders gelaat en tree die opvoeder *in loco parentis* op met betrekking tot die fisieke beskerming van die leerder.

Sportreg as regsdissipline vorm die basis vir hierdie studie. Dit is 'n relatief nuwe dissipline in die reg en die navorsing hierin is in 'n ontwikkelingsfase. 'n Oorsigtelike literatuursoektog toon dat daar nog redelik min navorsing gedoen is rakende

spesifiek 'n onderwysregtelike perspektief op die bestuur van risiko's in skolesport. Enkele publikasies (Singh, 1999; Rossouw, 2004; Singh, 2005; Rossouw, 2006; Singh, 2006; Spengler *et al.*, 2006; Singh & Surujlal, 2009; Singh & Surujlal, 2010; Rossouw & Keet, 2011) is in hierdie verband gepubliseer en net sommige publikasies (Singh, 1999; Singh, 2005; Singh & Surujlal, 2010; Singh & Surujlal, 2010; Greenfield, Osborn & Rossouw, 2011) het spesifiek gefokus op regsrisikobestuur. Daar is dus 'n duidelike behoefte geïdentifiseer aan verdere teoretiese besinning en empiriese ondersoeke rakende hierdie onderwerp.

Gesien in die lig van die toename in litigasie in die Suid-Afrikaanse samelewing en ook spesifiek in die onderwyssfeer, kan met reg gesê word dat die opvoeder se sekuriteit bedreig word. Deeglike navorsing in hierdie verband is dus noodsaaklik, wat in diens sal staan van sowel die opvoeders as die leerders.

## 1.2 Teoretiese raamwerk

Onderwysreg verskaf volgens Bray en Coetzee (2001:8) struktuur en riglyne vir onderwysbestuur en dit skep ook 'n veilige leeromgewing waar leerders kan ontwikkel. Die navorsing van hierdie studie fokus primêr op daardie aspekte van die onderwysreg wat betrekking het op regsrisikobestuur op skolevlak. Daar is gefokus op elemente van regsrisikobestuur wat bepalend is vir die opvoeder se sorgplig tydens sportafrigting en die opvoeder se regsplig ten opsigte van deelnemers se veiligheid. Kennis van die onderwysreg ten opsigte van risiko's in skolesport verskaf dus aan die opvoeder die nodige riglyne en struktuur om 'n veilige leeromgewing te ontwikkel. Onderwysreg is volgens Wentzel (2008:7) nie 'n afsonderlike, selfstandige regsdissipline nie, maar is 'n versameling van regsreëls afgelei van verskeie dissiplines van die reg. Dit sluit die volgende dissiplines en onderafdelings in: privaatreg, publiekreg, internasionale reg, buitelandse reg, nasionale en provinsiale wetgewing, die Grondwet, die gemene reg en regspraak. Skole is onlosmaaklik verbonde aan wetgewing en beleid wat op nasionale vlak gemaak word. Daar word

vervolgens eerstens 'n kort ontleding gedoen van daardie wetgewing wat 'n bepalende invloed op regsrisikobestuur in onderwys in Suid-Afrika het.

### *1.2.1 Onderwysspesifieke wetgewing*

Volgens Singh en Surujlal (2010:109) is die drie hoof- parlementêre wette wat die bestuur en beheer van onderwys en skole reguleer, die volgende:

- Wet op Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996.
- Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996.
- Wet op Indiensneming van Opvoeders 76 van 1998.

Die Wet op Kindersorg 38 van 2005 (SA, 2005) is nie spesifiek van toepassing op onderwys nie, maar kan wel 'n impak hê op die beskerming van kinders in onderwysverband.

Wentzel (2008:129) is van mening dat die bestuur van die leerders se veiligheid in 'n groot mate afhang van hoe die fundamentele regte van die leerder beskerm word. Hierdie fundamentele regte van die leerder verplig die skoolbestuur en beheerliggaam om risiko's te bestuur. Beide die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (SA, 1996b) en die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996c) beklemtoon die beskerming van fundamentele regte van die leerders. Wetgewing wat spesifiek op die onderwys van toepassing is, word vervolgens kortliks bespreek, maar word later breedvoerig in Hoofstuk 2 bespreek.

#### *1.2.1.1 Wet op Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996*

Volgens die Wet op Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996 (SA, 1996b), artikel 3(4), moet die Nasionale Minister van Onderwys beleid uitvaardig ten opsigte van die veiligheid van leerders. In terme van artikel 7(2) van die Handves van Menseregte in die Grondwet (SA, 1996c) moet die Staat die regte in die Handves van Menseregte

eerbiedig, beskerm, bevorder en verwesenlik, wat beteken dat die Staat so moet handel dat die regte van die kind beskerm word. Dit kan gedoen word deur onder andere die toepassing van beleid of wetgewing met betrekking tot regsrisikobestuur.

Van die vernaamste doelwitte van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (SA, 1996b) van belang vir die sorgplig van die opvoeder, word in artikel 3*(n)* van die Nasionale Onderwysbeleid gestel. Hiervolgens word bepaal dat 'n leerder nie by enige onderwysinrigting aan sielkundige of liggaamlike mishandeling mag onderwerp word nie.

Volgens artikel 4 van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (SA, 1996b) word die beleid gerig op die bevordering en beskerming van die fundamentele regte van elke persoon, soos gewaarborg ingevolge Hoofstuk 2 van die Grondwet en ingevolge internasionale konvensies soos deur die parlement geratifiseer. Artikel 4(a) impliseer dat die opvoeder in die uitvoering van sy sorgplig moet toesien dat die regte van die leerder tydens alle onderwys- en onderrigaktiwiteite bevorder en beskerm moet word.

*1.2.1.2 Wet op Indiensneming van Opvoeders 76 van 1998*

Die Wet op Indiensneming van Opvoeders (SA, 1998b) bepaal onder andere arbeidsregtelike standaarde waaraan 'n opvoeder se sorgplig moet voldoen en daarom is die wet 'n belangrike determinant vir opvoeders se optrede. Hierdie wet is bepalend ten opsigte van sake rakende die opvoeder as werknemer. Volgens artikel 18(1)(e) kan 'n opvoeder hom skuldig maak aan wangedrag indien hy in die uitvoering van sy plig, sy eie lewe en/of ander in gevaar stel deur die verontagsaming van veiligheidsreëls en -regulasies (soos in paragraaf 2.4.2.1 bespreek). Hierdie bepaling rakende leerderveiligheid is van spesifieke belang in die konteks van regsrisikobestuur in die sportkonteks.

*1.2.1.3 Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996*

Die SA Skolewet (SA, 1996c) plaas 'n verantwoordelikheid op die opvoeder met betrekking tot die verwagte standaard waarop die opvoeder sy sorgplig moet uitvoer. Die lang titel van die SA Skolewet (SA, 1996c) dui aan dat die wet voorsiening maak vir die bestuur van alle aangeleenthede wat die onderwys raak, soos ook die vestiging van 'n veilige skoolomgewing. Die beheerliggame van skole het ook 'n belangrike funksie volgens artikel 20(1)(e) van die Skolewet (SA, 1996c) om die veiligheid van leerders by skole te verseker. Volgens die artikel het die beheerliggaam die funksie om die skoolhoof en die opvoeders te ondersteun in die uitvoer van hulle take en een van die primêre take van die opvoeder is sy sorgplig om die veiligheid van die leerders te verseker. Volgens artikel 8(1) van die Skolewet (SA, 1996c) moet beheerliggame 'n gedragskode vir leerders opstel na oorlegpleging met leerders, ouers en opvoeders van die skool. Volgens artikel 8(2) van die Skolewet (SA, 1996c) moet die gedragskode daarop gemik wees om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te vestig, wat toegewy is aan die bevordering en instandhouding van die gehalte van die leerproses.

Artikel 60(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996c) dui aan dat, in geval van skade tydens 'n skoolaktiwiteit, die Staat aanspreeklik gehou word. Artikel 60 bepaal onder andere soos volg:

Aanspreeklikheid van Staat

60(1(a)) Behoudens paragraaf *(b)* is die Staat aanspreeklik vir enige deliktuele of kontraktuele skade of verlies wat veroorsaak word as gevolg van enige daad of versuim in verband met enige skoolaktiwiteit wat deur 'n openbare skool bedryf word en waarvoor sodanige openbare skool aanspreeklik sou gewees het by gebrek aan die bepalings van hierdie artikel.

*(b)* Waar 'n openbare skool versekering uitgeneem het en die skoolaktiwiteit een van die gebeurlikhede is wat deur die versekeringspolis gedek word, is die Staat se aanspreeklikheid beperk in die mate dat die skade of verlies nie ingevolge die polis vergoed is nie.

Artikel 60 van die Skolewet (SA, 1996c) is dus ook van toepassing op die bestuur van regsrisiko's. Volgens artikel 60(1)(a) is die Staat aanspreeklik vir skade in verband met skoolaktiwiteite by openbare skole. Die belangrikste regsbeginsel ten opsigte van die aanspreeklikheid van beheerliggame en openbare skole is die volgende: Indien 'n leerder van 'n openbare skool tydens skoolaktiwiteite by 'n skool beseer word as gevolg van die nalatigheid van 'n opvoeder of ander persoon terwyl hy of sy binne die bestek van sy of haar werk opgetree het, of versuim het om op te tree, word die Staat aanspreeklik gehou vir die skade of verliese wat so 'n leerder gely het. Die toepassing van art 60 het in die saak *Lid van die Uitvoerende Raad van die Vrystaat Belas Met Onderwys Kultuur v Louw and Another* 2005 JDR 1065 (SCA) ter sprake gekom. Ook in gevalle waar die skool die opvoeder se werkgewer is, soos in *Louw*, moet die Staat die aanspreeklikheid aanvaar. Hierdie beginsel is gebaseer op die feit dat die Staat verantwoordelik is vir die verskaffing van openbare onderwys.

Die verantwoordelikhede en verpligtinge van opvoeders se sorgplig word deur 'n kombinasie van determinante, waaronder statutêre wetgewing, Suid-Afrikaanse en internasionale regspraak en gemeenregtelike elemente bepaal. Die regsreëls in verband met regsaanspreeklikheid, wat gesetel is in die deliktereg, is van die gemene reg afkomstig, wat vervolgens kortliks bespreek gaan word.

### *1.2.2 Die gemene reg en sportdeelname*

Die gemene reg is daardie deel van die reg wat nie deur die parlement of provinsiale wetgewers uitgevaardig is nie – dit is dus nie-statutêre reg. Baie van die algemene regsbeginsels waarvolgens ons leef, kom uit die gemene reg. Volgens Rossouw (2008:22 kan die gemene reg omskryf word as die ongekodifiseerde regstradisies

wat ontstaan het uit die Romeins-Hollandse en Engelse reg. Die gemene reg kan ook beskryf word as 'n akkumulasie van regsvoorskrifte wat deur die jare ontwikkel het en word gevind in die werke van toonaangewende skrywers, asook regspraak. Wanneer 'n aangeleentheid nie deur wetgewing gereël kan word nie, geld die gemene reg gewoonlik. Heelparty gemeenregtelike beginsels is van toepassing op die onderwys (Bray & Coetzee, 2001:15; Kleyn & Viljoen, 2002:82-85).

Die gemeenregtelike beginsels is afgelei van die gewoontereg en dit is oor die eeue heen, sedert die Romeinse tydperk, in die samelewing en howe ontwikkel, sodat regters se besluite beïnvloed word deur voorafgaande beslissings wat regters oor verwante aangeleenthede gemaak het. Die gemeenregtelike beginsels word ook toegepas en gebruik om aanklagte rakende resgaanspreeklikheid in sport en die onderwys op te los (Rossouw, 2008:22). Een van die gemeenregtelike verpligtinge van die opvoeder, in terme van sy rol as sorgsame toesighouer, is om om te sien na die fisieke en geestelike welstand van die leerder. Skole het wetlik 'n verantwoordelikheid om te verseker dat behoorlike toesig oor leerders gehou word ten einde beserings of ander tipes skade te voorkom (De Wet & Oosthuizen, 2001:163). Die reg plaas op opvoeders die plig om op te tree wanneer leerders aan sport deelneem of in potensieel gevaarlike situasies beland.

### *1.2.3 Regspraak*

Die regsprekende gesag vind neerslag in hofverslae, soos aangetoon deur Oosthuizen en Roos (2003a:63). Die verloop van belangrike hofgedinge word weerspieël in hofverslae, wat die redes gee vir elke besondere uitspraak.

Verskeie onlangse aangetekende Suid-Afrikaanse hofsake, byvoorbeeld *Lid van die Uitvoerende Raad van die Vrystaat Belas Met Onderwys Kultuur v Louw and Another* 2005 JDR 1065 (SCA) en *Hawekwa Youth Camp v Byrne (615/2008)* [2009] ZASCA 156 (27 November 2009) handel oor eise vir nalatigheid tydens skoolaktiwiteite en spreek die beginsel van die opvoeder se sorgplig ten opsigte van die leerder se

veiligheid aan. Wat in die probleemstelling voorlopig aangedui is, word in hierdie sake bevestig, naamlik dat die nalatigheid van afrigters aanspreeklikheid kan meebring. 'n Vraag wat dus ontstaan is of sportafrigters, -organiseerders en ander belanghebbendes genoegsame kennis dra van die regsaspekte rakende regsaanspreeklikheid.

Die eerste geval, *Lid van die Uitvoerende Raad van die Vrystaat Belas Met Onderwys Kultuur v Louw and Another* 2005 JDR 1065 (SCA) spruit uit 'n voorval wat in 2000 by Laerskool Ficksburg gebeur het. Tydens swembedrywighede by die skool het 'n seun ernstige breinskade opgedoen as gevolg van byna-verdrinking. Die eiser se regsverteenwoordigers het aangevoer dat die skade veroorsaak is as gevolg van die nalatigheid van 'n personeellid van die skool. Die hof het in hierdie saak slegs 'n beslissing gemaak oor wie aanspreeklik sou wees – die vraag of iemand aanspreeklik sou wees, was nie in dispuut nie. Indien 'n leerder tydens aktiwiteite by 'n skool beseer word as gevolg van die nalatigheid van 'n opvoeder wat in diens van die skool is, word die Staat ingevolge die beslissing in *Lid van die Uitvoerende Raad van die Vrystaat Belas Met Onderwys Kultuur v Louw and Another* 2005 JDR 1065 (SCA), steeds aanspreeklik gehou vir die skade of verliese wat so 'n leerder gely het, ondanks die feit dat die Staat nie die opvoeder se werkgewer is nie. In so 'n geval is die beheerliggaam nie aanspreeklik nie.

In 'n tweede geval, *Hawekwa Youth Camp v Byrne* (615/2008) [2009] ZASCA 156 (27 November 2009) word 'n eis teen die Minister van Onderwys vir skadevergoeding ingedien as gevolg van beserings wat 'n Gronslagfase-leerder opgedoen het tydens 'n avontuurkamp. Die seun het permanente breinbeserings opgedoen nadat hy van die boonste stapelbed afgeval het, omdat die kantreling van die bed nie hoog genoeg was nie. Die eiser se regsverteenwoordigers het suksesvol aangevoer dat die skade veroorsaak is as gevolg van die onregmatige en nalatige versuim van die personeellede van die skool.

Hierdie voorbeelde van regspraak is verdere aanduidings dat indringende navorsing gedoen behoort te word rakende regsrisikobestuur, spesifiek gemik op die moontlike aanspreeklikheid van opvoeder-afrigters.

Om verdere besprekings en redenasies toe te lig en ter verheldering van die fokus van hierdie studie, word enkele belangrike konsepte vir hierdie studie vervolgens bespreek.

## 1.3 Konseptuele raamwerk

Die belangrikste funksies van 'n konseptuele raamwerk is die verbinding van die kernkonsepte, die plasing van die navorsing binne 'n raamwerk en die posisionering van die navorsing binne die vakgebied waarin die navorsing gedoen word (Henning *et al.*, 2005:25-27).

Die hoofkomponente sal uit bronne uit die literatuur gedefinieer word, waarna dit vir die doel van hierdie studie geïntegreer word. Aangesien daar verskeie definisies oor bepaalde konsepte bestaan, moet die belangrikste konsepte van die studie gedefinieer word, sodat die navorser se uitgangspunte duidelik blyk. 'n Deeglike konseptualisering van die verskynsel regsrisikobestuur is eerstens onontbeerlik ten opsigte van alle fases van die studie en vorm die kern van die navorsing. Die ander kernkonsepte wat in hierdie studie van toepassing is, is veiligheid en deliktereg.

Hierdie kernkonsepte is vir die doel van hierdie studie onlosmaaklik aan mekaar verbonde en vorm die basis van die navorsing. Hulle kan kortliks soos volg verduidelik word:

### *1.3.1 Regsrisikobestuur*

Die terme risikobestuur en regsrisikobestuur is verwant aan mekaar, maar moet vir die doel van hierdie studie duidelik onderskei word. Risikobestuur hou verband met die praktiese beheer oor sekere risiko's wat tydens sportdeelname bestaan en het

die voorkoming van beserings ten doel. Regsrisikobestuur, wat die sentrale fokus van hierdie studie is, dui op die voorkoming van nalatigheid wat tot regstappe teen die opvoeder kan lei. Indien regsrisikobestuur suksesvol is, verhoog dit die sekuriteit van die afrigter, terwyl suksesvolle risikobestuur die veiligheid van leerders verhoog.

Verskeie studies dui daarop dat die aantal leerders wat aan sport- en ontspanningsaktiwiteite deelneem, geweldig toegeneem het. Dit is volgens Singh (1999:1) en Young (2004:1) as gevolg van die deurlopende blootstelling wat sport in die media kry en die toeganklikheid tot baie sportsoorte dat daar 'n toename in deelname aan jeugsport is. Singh sowel as Young is van mening dat, omdat daar 'n toename in deelnemers is, daar dan ook in totaal 'n groter aantal beserings gaan wees, veral waar daar nie genoegsame risikobestuursplanne in plek is nie. Gegewe 'n wyer spektrum van aktiwiteite, is dit logies om te aanvaar dat daar dienooreenkomstig ook 'n toename in sportbeserings sal wees. (Labuschagne, 1998; Van Heerden, 1996 soos aangehaal deur Young, 2004:2; Singh, 1999:2).

'n Ander verskynsel wat 'n rol speel in beserings is die toename in die intensiteit van die spel, soos sportafrigting op skolevlak meer professioneel benader word en die erns waarmee die deelname gepaard gaan, toeneem. Hierdie tendens is sigbaar in sowel kontak- as niekontaksportsoorte. Caine, Maffulli en Caine (2008:20) se mening is ook dat die intensiteit van hedendaagse sportaktiwiteite die risiko van beserings verhoog, wat bogenoemde stelling ondersteun. Brenner (2007:1242) voeg by dat moderne jeugsport gekenmerk word deur vroeë talent-identifisering, langer sportseisoene en sportoefening wat heeljaar duur, asook die gebrek aan ontwikkeling van vaardighede, wat die risiko van beserings onder leerders verder verhoog.

Risiko beteken volgens die Verklarende Afrikaanse Woordeboek "gevaar van skade" (Labuschagne & Eksteen, 1992:710) of volgens die HAT (Odendal & Gouws, 2005:939) *gevaar* bv. van skade of verlies. Bestuur beteken volgens die Verklarende Afrikaanse Woordeboek "lei, beheer, kontroleer" (Labuschagne & Eksteen, 1992:76) of volgens die HAT (Odendal & Gouws, 2005:89) "in 'n bepaalde rigting laat gaan,

lei, beheer oor iets sê". Hieruit kan ons aflei dat die terme risikobestuur 'n proses is wat gelei, gekontroleer en beheer word om die gevaar van skade of verlies te verminder. Singh (1999:28) sien 'n risiko in sportverband as enigiets wat 'n negatiewe uitwerking op die deelnemer se ondervinding het.

Die doel met risikobestuursplanne is volgens Pashiardis soos in Young (2004:5) om prosedures en praktyke te ontwerp om 'n redelike standaard van optrede te verseker en om toe te sien dat beleidsrigtings en prosedures duidelik deurgegee word na deelnemers en opvoeders. Volgens Peterson en Hronek (soos aangehaal deur Young 2004:5) is risikobestuur 'n metode om onder die wet maksimale beskerming vir deelnemers en afrigters te verseker om aan kwaliteit sport- en ontspanningsgeleenthede deel te neem.

Die eerste stap om risiko's te bestuur, volgens Spengler *et al.* (2006:2), is om verwante veiligheidsriglyne en -standaarde te aanvaar. Risikobestuur, volgens Fuller en Drawer (soos aangehaal deur Dimitriadi, 2007:21) is 'n sleutelfaktor in 'n effektiewe sportbestuursproses, aangesien dit onaangename situasies kan voorsien en kan verhoed, soos ongelukke, beserings en selfs noodlottige ongelukke.

Singh (2009:2) beskou risikobestuur as die kernkomponent van enige aspek van sport, wat strek van skoolsportaktiwiteite tot stadionveiligheid, skarebeheer en sekuriteit by groot sportgeleenthede. Risikobestuursprogramme moet ontwikkel word om potensiële probleme te identifiseer en reg te stel. Singh is van mening dat, omdat risikobestuur volgens hom nie 'n hoë prioriteit in Suid-Afrikaanse sport geniet nie, die resultaat daarvan talle beserings is. As deel van die kurrikulum neem leerders deel aan aktiwiteite, maar daar is risiko's verbonde aan elke aktiwiteit. Ten einde hierdie veiligheid vir die leerders te verseker, moet risiko's beperk word deur toepaslike reëls en regulasies. Die kerndoel van risikobestuur is dus om veiligheid vir die deelnemers te verseker.

In hierdie studie word beide risikobestuur en regsrisikobestuur as terme gebruik. Die klem val egter op laasgenoemde, aangesien die sekuriteit van die opvoeder vir die doel van hierdie studie sentraal staan, eerder as die sekuriteit van die leerder as sportdeelnemer.

Die uitgangspunt in hierdie navorsing is dus dat effektiewe risikobestuur tydens sportafrigting en -deelname die regsrisiko's vir die afrigter sal verlaag. Indien beserings of ander vorme van skade verhoed kan word, sal moontlike aanklagte teen die afrigter dus verhoed word en bydra tot sy of haar sekuriteit in die werkplek. Risikobestuur vorm in hierdie studie 'n belangrike element van die oorkoepelende proses van regsrisikobestuur.

*1.3.2 Veiligheid*

Die Suid-Afrikaanse opvoeders moet kennis neem van hulle regsplig teenoor leerders onder hulle toesig, asook die gevaar waaraan hulle blootgestel is as hulle nie hul regsplig nakom nie (Singh, 1999:10). Om opvoeders te laat besef wat hulle regsplig teenoor leerders is, moet hulle 'n duidelike begrip hê van wat 'n veilige skool behels. Veilig beteken, volgens die HAT (Odendal & Gouws, 2005:1257) "vry van gevaar, sonder gevaar, gerus, sonder vrees, te vertrou". Ons kan hieruit aflei dat die terme veilig 'n aksie is om iets daar te stel wat sekuriteit aan leerders kan bied.

Squelch (2001:138) definieer 'n veilige skool as 'n omgewing wat vry is van gevare en moontlike beserings en geskik is vir opvoeders en leerders om in te kan werk, onderrig en leer sonder die vrees van geweld, intimidasie, bespotting, vernedering en molestering. Squelch (2001:138) meen verder ook dat 'n veilige skool 'n gesonde skool is, omdat dit psigologies sowel as fisies veilig is vir die opvoeders en leerders.

Volgens Roper in Young (2004:2) is 'n skool veilig wanneer 'n holistiese program en beleid gevolg word wat deur die skool se bestuur ontwikkel is, om 'n veilige omgewing te skep waarbinne leerders kan deelneem aan aktiwiteite in die skool. Die reg om

onderwys in 'n veilige omgewing te ontvang, is verskans in die wet. Die totstandkoming van 'n veilige skool is 'n *sine qua non* (daarsonder nie; 'n noodsaaklike vereiste; onmisbare voorwaarde) vir effektiewe onderrig, leer en ander skoolaktiwiteite (Squelch, 2001:137).

Talle aangetekende Suider-Afrikaanse hofsake, byvoorbeeld *Wynkwart NO v Minister of Education and Another* 2002 (6) SA 564 (C), *Rex v Muller* 1948 (4) SA 848 (O) en *Knouwds v Administrateur, KAAP* 1981 (1) SA 544 (C) wat wel nie spesifiek oor sport handel nie, maar nogtans oor opvoedende onderwys, spreek die beginsel van die opvoeder se sorgplig ten opsigte van die leerder se veiligheid aan. Regter Beck se uitspraak in die Rhodesiese (tans Zimbabwese) saak *Rusere v The Jesuit Fathers* 1970 (4) SA 537 (R) dien volgens Wentzel, (2008:140) as waardevolle riglyn vir die opvoeders om die standaard van toesig wat van opvoeders verwag word, te bepaal. Regter Beck waarsku egter in sy uitspraak teen 'n te hoë vlak van versorgingsplig wat van opvoeders verwag word. Die beginsel om nie van 'n opvoeder te verwag om leerders heeltyd op te pas nie, behalwe as daar 'n risiko teenwoordig is, word ook bevestig in die uitspraak ten gunste van die appellant in die saak *Wynkwart NO v Minister of Education and Another* 2002 (6) SA 564 (C).

'n Primêre rol van skoolbeheerliggame is om 'n beleid te ontwikkel wat prosedures ten opsigte van veiligheid omskryf. Squelch (2001:141) is van mening dat 'n gedragskode wat skoolreëls, regulasies, sanksies en dissiplineprosedures bevat, die volgende moet insluit: reëls ten opsigte van skoolveiligheid en sekuriteit en die gevolge wanneer veiligheid- en sekuriteitsreëls oortree word, byvoorbeeld die veiligheidsreëls en -prosedures met betrekking tot skooluitstappies of die na-uurse gebruik van skoolfasiliteite. Die primêre doel van die gedragskode is dus om 'n gedissiplineerde en sinvolle skoolomgewing te skep wat onder andere daartoe kan lei dat die veiligheid van die deelnemer verseker kan word. Squelch (2001:138) meen egter dat skoolbeheerliggame dikwels nie bewus is van hulle verantwoordelikheid en

aanspreeklikheid ten opsigte van skoolveiligheid nie. Hulle beskik ook nie altyd oor die kapasiteit of middele om hulle taak uit te voer nie.

Die behoefte is in hierdie konseptualisering en probleemberedenering geïdentifiseer om verdere navorsing te doen rakende regsrisikobestuur en veiligheid in sport by sekondêre skole. Volgens Young (2004:4) is daar nie genoegsame wetgewing en voldoende beleide in plek in Suid-Afrikaanse skole, wat risiko's in skolesport aanspreek nie. Om die veiligheid van leerders onder toesig en beheer van die opvoeder te verseker, vereis die Departement van Onderwys dat die skoolveiligheidsbeleid deur 'n stelsel van voorsorg- en veiligheidsmaatreëls geïmplementeer moet word, soos vervat in die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (SA, 1993a).

Volgens artikel 61 van die Skolewet (SA, 1996c) kan die minister regulasies onder dié wet uitvaardig wat gebruik kan word om een van die doelwitte van die Skolewet te bereik, naamlik 61(a) om voorsiening te maak vir veiligheidsmaatreëls by openbare en onafhanklike skole.

Uit die Regulasies vir veiligheidsmaatreëls by openbare skole (SA, 2006c), is daar spesifieke bepalings wat betrekking het op die versekering van die veiligheid van die leerder. Hierdie regulasie het 'n bepalende invloed op die sorgplig van die opvoeder.

### *1.3.3 Deliktuele aanspreeklikheid*

Deliktereg in Suid-Afrika val volgens Rossouw (2004:49) binne die veld van die privaatreg. In die Suid-Afrikaanse en Nederlandse regsliteratuur word daar verwys na deliktereg *(law of delict)*, maar in lande soos die VSA, Engeland en Australië word na hierdie dissipline verwys as *tort law* (die Engelse term *tort* afkomstig van 'n Franse woord wat *wrong* beteken). Volgens Rossouw (2004:49) kan 'n delik gedefinieer word as 'n onregmatige, skuldige handeling van 'n persoon wat nadeel (skade) aan 'n

ander persoon veroorsaak. Daar sal in hierdie studie meer spesifiek gekyk word na die siviele aanspreeklikheid van die opvoeder vir vergoeding van vermoënskade of persoonlikheidsnadeel wat leerders ly as gevolg van beserings op die sportveld of tydens skoolaktiwiteite.

*1.3.3.1 Algemene vereistes vir aanspreeklikheid*

Wanneer 'n leerder nadeel (skade) ly deur 'n opvoeder se opsetlike of nalatige handeling, bly die kwessie van aanspreeklikheid volgens Varnham (2003:184) 'n bron van kommer vir die afrigter, wanneer dié nie sy sorgplig na behore uitvoer om die veiligheid van die leerder te verseker nie. Botha en Oosthuizen (2003:88); Joubert en Prinsloo (2001:98-99); Neethling *et al.* (2010:4) en Rossouw (2004:49) verwys na vyf elemente wat bewys moet kan word alvorens 'n persoon deliktueel aanspreeklik gehou kan word, naamlik:

- Handeling
- Onregmatigheid van die handeling
- Kousaliteit
- Skade
- Skuld

Tabel 1.1 toon die elemente van aanspreeklikheid soos uiteengesit deur Neethling *et al.* (2010:27-204).

Tabel 1.1: Elemente van deliktuele aanspreeklikheid

| Element | Definisie |
|---|---|
| 1. Handeling | Neethling *et al.* (2010: 27) verwys na 'n handeling as 'n |

| | |
|---|---|
| | willekeurige menslike daad of late. Indien daar nalatigheid ter sprake was, moes die handeling wat die nadeel (skade) veroorsaak het, 'n vrywillige menslike handeling gewees het |
| 2. Onregmatigheid | Volgens Neethling *et al.* (2010: 105) is 'n handeling wat 'n nadeel vir 'n ander veroorsaak nie genoegsaam om deliktueel daarvoor aanspreeklik te wees nie, maar dat die benadeling onregmatig moet wees. Dit moet dus op 'n ongeoorloofde of onredelike wyse veroorsaak word. |
| 3. Skuld | Skuld het twee verskyningsvorme, naamlik nalatigheid of opset. 'n Toets vir skuld (by nalatigheid) is objektief van aard (Neethling *et al.*, 2010:141). |
| 4. Kousaliteit | 'n Persoon kan nie aanspreeklik wees as hy nie die nadeel of skade veroorsaak het nie. Daar moet dus 'n oorsaaklike of kousale verband tussen handeling en skade aangetoon word (Neethling *et al.*, 2010:198). |
| 5. Skade | Neethling *et al.* (2010:235) omskryf skade as die nadelige inwerking op enige vermoëns- of persoonlikheidsbelang wat die reg as beskermingswaardig ag. Slegs nadele in verband met beskermde vermoëns- of persoonlikheidsbelange kwalifiseer as skade. |

Teen die agtergrond van hierdie literatuuroorsig is 'n aantal spesifieke probleme geïdentifiseer wat navorsing regverdig. Hierdie probleme kan in die vorm van 'n aantal navorsingsvrae geformuleer word.

## 1.4 Navorsingsvrae

Die sentrale navorsingsvraag, in die lig van die probleemstelling, is: Wat is die aard en hoedanig is die toepassing van regsrisikobestuur in skolesportafrigting? Hierdie sentrale vraag kan meer spesifiek geformuleer en toegelig word deur die volgende subvrae te stel:

- Watter nasionale wetgewing en ander regsbepalings rig of beheer regsrisikobestuur as faset van opvoedersekuriteit in Suid-Afrikaanse openbare skole?
- Wat behels die konsep regsrisikobestuur in die konteks van deelname aan en afrigting van skolesport in Suid-Afrika?
- Wat is die persepsies van afrigter-opvoeders ten opsigte van wat deur onderwysowerhede en sport-unies in die Noordwes-provinsie gedoen word om skoolbesture en sportbestuurders in te lig rakende hulle versorgingsplig en regsaanspreeklikheid as faset van regsrisikobestuur?
- Wat is die afrigter-opvoeders in die Kenneth Kaunda-distrik wat deelneem aan die studie se kennisvlak, insig en persepsies rakende regsbepalings met betrekking tot hulle versorgingsplig en regsaanspreeklikheid as faset van regsrisikobestuur?
- Voldoen daardie afrigter-opvoeders en skole in die Kenneth Kaunda-distrik wat aan die navorsing deelneem, aan die vereistes rakende regsrisikobestuur?

Hierdie navorsingsvrae gee vervolgens aanleiding tot die stel van die doelwitte vir die navorsing.

## 1.5 Doel met die navorsing

Soos reeds in die inleiding gestel is, heers daar sedert die totstandkoming van die nuwe demokratiese bestel in 1996 'n groter litigasiebewustheid onder die algemene publiek, deels weens die ontwikkeling van 'n menseregtekultuur. Hierdie ontwaking reflekteer onder andere in eise voortspruitend uit die opdoen van sportbeserings, waarin 'n verskeidenheid risiko's vir die opvoeder-afrigter opgesluit lê.

In Hoofstuk 2, 3 en 4 is 'n literatuurstudie gedoen om te bepaal wat van die opvoeder verwag word volgens statutêre determinante, gemeenregtelike determinante en internasionale reg ten opsigte van sy sorgplig om die veiligheid van die leerders onder sy sorg te verseker.

Die oorkoepelende doelstelling met hierdie navorsing is dus, in die lig van die probleemstelling, om regsrisikobestuur in skolesportafrigting te ondersoek, met spesifieke verwysing na die aard en die toepassing daarvan op skolevlak.

Ten einde die oorkoepelende doelstelling te bereik, is die doelwitte van hierdie navorsing:

- Om te bepaal watter nasionale wetgewing en ander regsbepalings 'n invloed op regsrisikobestuur het as faset van sekuriteit in Suid-Afrikaanse openbare skole;
- Om te bepaal wat die wesensaard van regsrisikobestuur is, gesien in die konteks van deelname aan en afrigting van skolesport in Suid-Afrika;
- Om te bepaal wat die persepsie van deelnemers in die Kenneth-Kaunda distrik is oor wat onderwysowerhede en sportunies in die Noordwes-provinsie doen om skoolbesture en sportbestuurders in te lig rakende hulle versorgingsplig en regsaanspreeklikheid;
- Om te bepaal wat die opvoeder-afrigters in die Kenneth Kaunda-distrik wat aan die studie deelgeneem het, se kennisvlak, insig en persepsies rakende regsbepalings met betrekking tot hulle versorgingsplig en regsaanspreeklikheid is;

- Om te bepaal of opvoeder-afrigters en skole in die Kenneth Kaunda-distrik wat aan die studie deelgeneem het aan die vereistes rakende regsrisikobestuur voldoen.

Twee literatuuranalises van onderskeidelik die Suid-Afrikaanse regsposisie (hoofstuk 2) en die aard van regsrisikobestuur in skolesport in Suid-Afrika (hoofstuk 3) is gemik op die bereiking van die eerste twee doelwitte. Die derde doelwit is deur sowel die literatuuranalise en die ontleding van empiriese data bereik, terwyl die laaste twee doelwitte bereik is deur 'n empiriese studie wat beperk is tot skole en opvoeders in die Kenneth Kaunda-distrik.

## 1.6 Navorsingsontwerp en -metodologie

Die doel van 'n navorsingsontwerp is om die geldigheid van die uiteindelike navorsingsbevindinge te maksimaliseer (De Vos *et al.,* 2002:48). Vir die doeleindes van hierdie navorsing is 'n kwalitatiewe metodologie gebruik, en die navorsing was verkennend en beskrywend van aard. Dit behels 'n literatuurstudie, opgevolg deur 'n fenomenologiese ondersoek en interpretivistiese benadering om na te gaan of standpunte wat in die literatuurstudie beskryf word, aansluiting by die praktyk vind.

### *1.6.1 Paradigmatiese begronding vir die studie*

Volgens De Vos *et al.* (2002:44) is 'n paradigmatiese perspektief die wyse waarop 'n navorser na sy navorsingsmateriaal kyk. Die navorser fokus op die wyse waarop die studie benader is sodat die leser hom kan vereenselwig met die denkprosesse van die navorser om sodoende die navorsingsproses beter te kan verstaan (Mertens, 2005:7). Soos reeds aangedui, is hierdie navorsing verkennend en beskrywend van aard. Fenomenologiese navorsing word deur Babbie en Mouton (2001:33) soos volg gedefinieer: *"For the phenomenologist and other similar viewpoints (hermeneutics, symbolic interactionism, ethnomethodology) the aim of social sciences is primarily directed towards the understanding of individuals in terms of their own interpretations*

*of reality and understanding of society in terms of the meanings which people ascribe to the social practices of society".*

Met die fenomenologiese verkenning in hierdie studie is regsrisikobestuur in skolesportafrigting ondersoek, met spesifieke verwysing na die aard en die toepassing daarvan op skolevlak. Daar is spesifiek gefokus op onderwyser-afrigters se optrede in die lig van die risiko van beserings en regseise teen die skool of opvoeder.

Die paradigmatiese perspektief, volgens Kuhn (in Mouton & Marais, 1992:198), kan vir 'n kwalitatiewe studie bestaan uit die volgende drie hoofkomponente, wat vervolgens kortliks uiteengesit word:

- Die meta-teoretiese aannames van die studie
- Die metodologiese aannames
- Teoretiese aannames

### *1.6.2 Die meta-teoretiese aannames van die studie*

Meta-teoretiese aannames of veronderstellings onderlê die gekose paradigma en plaas die studie in 'n spesifieke konteks (Mouton & Marais, 1992:198). Die konteks waarbinne die mens funksioneer word deur die meta-teoretiese aannames uiteengesit. Volgens De Vos (1998:24, 242) verwys meta-teoretiese veronderstellings na die navorser se filosofiese begrip aangaande die aard van die werklikheid van menslike wesens en hul wêreld. Hierdie studie volg ook die interpretivistiese benadering en die navorser se doel is, deur die deelnemers aan die studie se persepsies en ervarings op wetenskaplike wyse te interpreteer, om te bepaal op watter wyse die risiko van beserings en gevolglike regseise teen die skoolbestuur of sportbestuurders bestuur word. Die navorser wil ook weet wat die

impak van sportbeleide en verwante riglyne sal wees om risiko's by die skole te verminder.

### *1.6.3 Die metodologiese aannames*

Die metodologiese paradigma waarbinne hierdie studie benader sal word, sal kwalitatief van aard wees. Babbie en Mouton (2001:53) se mening oor die doel van hierdie tipe navorsing is om die menslike gedrag te verstaan eerder as om dit te verduidelik of te voorspel. Die navorser poog om die werklikheid in 'n spesifieke situasie, volgens die betekenis wat die deelnemers in die situasie daaraan heg, te verstaan. Die navorsing heg waarde aan die deelnemers se persepsies en interpretasies en dus moet die metode om die data te verkry, gepas wees ten opsigte van die objek en die paradigma. Die data-insamelingstegniek wat vir die fenomenologiese ondersoek gebruik gaan word sal 'n fokusgroepsessie en individuele onderhoude wees.

### *1.6.4 Die teoretiese aannames*

'n Belangrike stap in die navorsingsproses is die literatuurstudie (Lategan, 2005), wat onderneem word om 'n teoretiese raamwerk daar te stel, met die oogmerk om bestaande literatuur te bestudeer en te evalueer ten einde die studieonderwerp te begrond. Katzenellenbogen *et al.* (1999:54) beveel aan dat, voordat 'n navorsingstudie aangepak word, die navorser 'n literatuurstudie moet doen om uit te vind watter navorsing voorheen oor die spesifieke onderwerp of in die veld gedoen is en watter navorsingsmetodes gebruik is. Die literatuurstudie reflekteer dus die navorsing wat reeds oor 'n bepaalde probleem afgehandel en gepubliseer is. Reeds voltooide navorsingsprojekte kan moontlike oplossings bied oor die probleem wat ondersoek moet word. Leemtes in ander studies waarop verbeter kan word, kan ook tydens die literatuurstudie geïdentifiseer word (Babbie, 2001:113). Daar word in die studie van primêre sowel as sekondêre bronne gebruik gemaak, wat wette,

hofverslae en literatuurbronne insluit. Hierdie gegewens word ontleed en geëvalueer om tot sekere voorlopige gevolgtrekkings te kom.

EBSCO-host-, Yahoo-, Google Scholar-, Altavista- en Ananzi-websoektogte sal onderneem word op die Internet, met trefwoorde soos: *Risk management, sport law, law of delict, tort law, schools, safety, security, safe environment, negligence in sport, fault, common law, injuries, legal liability, schools, educators, duty of care.* Die Afrikaanse ekwivalente vir die soektog is: risikobestuur, deliktuele aanspreeklikheid, skole, veiligheid, sekuriteit, nalatigheid, skade, skuld, aanspreeklikheid, kousaliteit, regsplig, en versorgingsplig.

### *1.6.5 Empiriese ondersoek*

Die navorsingsbenadering tot die studie is kwalitatief van aard. Hierdie benadering word gevolg om die bestuur van regsrisiko's as faset van leerderveiligheid in Suid-Afrikaanse openbare skole te bestudeer. Kwalitatiewe navorsing kan volgens Lucasey (2000:45) verskeie vorme aanneem. Data-insameling geskied deur individuele en fokusgroeponderhoude wat geskikte data-insamelingsmetodes is om te bepaal hoe die bestuur van regsrisikobestuur as faset van leerderveiligheid in Suid-Afrikaanse openbare skole gesien word. Na afloop van die empiriese navorsing sal 'n literatuurkontrole gedoen word, waartydens bestaande literatuur met die empiriese resultate in verhouding gestel word (Delport & Fouché, 2005:264). Die doel van die empiriese ondersoek is om vas te stel op watter wyse regsrisiko's binne die konteks van die opvoeder se sorgsame toesighoudingspraktyk bestuur word om aan die regsvereistes te voldoen.

#### *1.6.5.1 Kwalitatiewe navorsing*

Die kwalitatiewe metode, volgens Merriam (2002:15), is gebaseer op die feit dat die werklikheid gekonstrueer word deur die individue se interaksie met hul sosiale wêreld. Kwalitatiewe navorsing gaan veral oor hoe individue sin maak van hul wêreld

en hul ervarings wat hulle in die wêreld het. Verder wys Merriam (2002:6) daarop dat die doel met hierdie tipe navorsing nie is om gedrag of gebeure te voorspel nie, maar om te analiseer wat die situasie beteken en watter betekenis daar vir die individue in elke situasie ingebou is. Merriam (2002:76) verduidelik dat die navorser die primêre instrument tydens die insameling en analisering van die inligting is. Volgens Creswell (1998:74) benader kwalitatiewe navorsers hul studie met 'n sekere paradigma of wêreld-uitsig, 'n basiese geloof of sekere aannames wat hul ondersoek lei.

In kwalitatiewe navorsing is dit belangrik dat die navorser veldwerk moet doen, om sodoende die individue se gedrag waar te neem in die situasie en in hulle natuurlike toestand. Die doel met kwalitatiewe navorsing is om die teorie uit te brei en nie noodwendig te bewys nie. Volgens Leedy en Ormrod (2005:147-153) het alle vorme van kwalitatiewe navorsing twee elemente in gemeen. Eerstens fokus dit op verskynsels wat plaasvind of bestaan in normale of natuurlike omstandighede en tweedens op die in diepte-bestudering van die verskynsels. Kwalitatiewe navorsing sluit soms af met tentatiewe antwoorde of hipoteses rakende dit wat waargeneem is (Leedy, 1997:105).

*1.6.5.2 Data-insameling*

'n Kernaspek om in enige navorsingsprojek uit te klaar, is om te bepaal watter metode gebruik gaan word om data in te samel (Wickham, 2000:15). Om vas te stel of voldoende data ingesamel is, stel Merriam (1998:164) die volgende kriteria voor:

- Wanneer bronne uitgeput raak,
- Wanneer kategorieë versadig is en verdere insameling van data geen nuwe inligting inbring nie,

- Wanneer stabiliteit opgemerk word in die inligting wat ingesamel is en nuwe inligting verwyderd is van bestaande inligting in terme van relevansie.

Kerfoot *et al.* (1997:44) wys daarop dat data op verskeie wyses ingesamel kan word, naamlik deur waarneming, luister, onderhoude, deelname, literatuur, besprekings en refleksie. Vermeulen (1998:65) onderskei drie metodes van data-insameling, naamlik toetse, onderhoude en vraelyste. By die ontwerp van 'n onderhoud kan daar tussen 'n gestruktureerde en 'n ongestruktureerde onderhoud onderskei word.

- Onderhoude

Diepgaande onderhoude sluit gestruktureerde en semi-gestruktureerde een-tot-een-onderhoude met deelnemers in (Train, 2007:49). Die onderhoudvoerder het wel tydens semi-gestruktureerde onderhoude 'n onderhoudskedule, maar hy of sy kan verdere vrae aan die deelnemers vra indien die deelnemers iets sê wat verdere ondersoek regverdig. Volgens Train (2007:49) is diepgaande een-tot-een-onderhoude waardevol om mense se persoonlike ervaringe of individuele verhale te kry.

Cooper en Schindler (1998:291) wys daarop dat navorsingsonderhoude wat semi-gestruktureerd is, beter resultate as gestruktureerde onderhoude kan kry, omdat die onderhoude buigsamer en meer informeel sal wees. Aanpassings kan ook by semi-gestruktureerde onderhoude gemaak word weens bepaalde omstandighede en response. Die vrae sal vooraf geformuleer wees, maar die onderhoudvoerder mag die volgorde en formulering wysig tydens die onderhoud. Die onderhoudvoerder kan ook, omdat die onderhoud semi-gestruktureerd is, meer doen om die kwaliteit van die inligting te verbeter as met enige ander metode. In die semi-gestruktureerde onderhoud kan die vraag onmiddellik duideliker geformuleer word as daar enige onduidelikheid by die deelnemer is.

Tydens die semi-gestruktureerde onderhoude in hierdie navorsing gaan daar gepoog word om by die deelnemers uit te vind wat hulle kennis en ervarings is rakende risiko's in skolesport, wat die afrigters se regte en pligte is, en wat gedoen kan word om risiko's in skolesport uit te skakel. Daar gaan verder gepoog word om te bepaal wat die opvoeder se kennis met betrekking tot die regsrisikobestuur is en of die opvoeders bewus is van die moontlikheid van regseise weens nalatigheid. Die samestelling en profiel van die deelnemers wat by onderhoude betrek word, word hierna in paragraaf 5.5.1.1 in meer besonderhede uiteengesit.

- Fokusgroeponderhoude

Fokusgroepe is volgens Train (2007:49) 'n groepsbespreking wat 'n spesifieke vraagstuk verken. Dit is 'n erkende sosiaal-wetenskaplike navorsingsmetode en word in 'n informele omgewing gehou in die vorm van 'n semi-gestruktureerde groepsessie. In hierdie studie het die fokusgroeponderhoud uit ses deelnemers bestaan wat iets in gemeen het: almal is sportorganiseerders. Die groepsbespreking word deur die navorser gefasiliteer en bring inligting wat die groeplede tot hulle beskikking het na vore. Die voorafbeplande vrae word opgestel op grond van inligting uit die literatuur en in konsultasie met ander kundiges (Kingry, Tiedje & Friedman, 1990:124). Volgens Greeff (2005:296-300) moet daar gepoog word om te verstaan hoe die groeplede dink en hoe hulle die situasie beleef.

Die fokusgroeptegniek is dus gebaseer op die aanname dat, indien die gespreksleier die onderhoud gestruktureerd hou, die groeplede hul ondervindings gedagtes, opinies en houdings en die redes vir hul optredes akkuraat met mekaar en die gespreksleier sal deel.

Die doel van die fokusgroepsessie in hierdie studie was om, ter triangulering, lig te werp op daardie aspekte van die navorsing wat na vore gekom het tydens die analise van die onderhoude.

*1.6.5.3 Populasie en steekproef*

Die populasie word soos volg deur Arkava en Lane, soos aangehaal in De Vos (2002:198), gedefinieer: "'n Populasie is 'n term wat grense stel aan die eenheid wat nagevors gaan word". Volgens Arkava en Lane bevat die steekproef op sy beurt elemente van die populasie wat oorweeg word vir insluiting in die studie. Goetz en LeCompte (1984:215) noem die belangrikheid van die seleksieproses van deelnemers in kwalitatiewe navorsing. Kwalitatiewe data-insamelingstegnieke is gerig op inligting vanaf spesifieke groepe van die populasie – 'n doelgerigte ("*purposive*") seleksie van deelnemers word gedoen om deskundigheid en ondervinding ten opsigte van die spesifieke studieveld te verseker.

Die teikenpopulasie vir hierdie studie was hokkie-, netbal- en rugbyorganiseerders, asook die adjunkhoofde verantwoordelik vir sport in daardie sekondêre skole in die Kenneth Kaunda -distrik in die Noordwes-provinsie wat rugby, netbal en hokkie as 'n wintersport aanbied. Dit is belangrik om te weet wat die bestuur van die skole se persepsies rakende die toepassing van beleid of wetgewing is waarbinne opvoeders hul versorgingsplig moet nakom.

Omdat dit uiteraard onmoontlik was om die totale populasie van sportorganiseerders en adjunkhoofde van sekondêre skole in die Noordwes-provinsie by die studie in te sluit, is 'n steekproef vanuit die populasie geneem. 'n Doelgerigte steekproef van ses sekondêre skole in die Kenneth Kaunda-distrik is geneem, aangesien die navorser goed bekend was met hulle en self in hierdie area afrig. Die skole uit hierdie distrik is ook gekies ter wille van praktiese uitvoerbaarheid en bereikbaarheid van deelnemers, asook die feit dat die onderwysowerheid in hierdie distrik navorsing goed ondersteun. Vier voormalige model C-skole waar sport op 'n hoë kompetisievlak bedryf word, asook twee *township*-skole, wat nie sport op so 'n hoë vlak bedryf nie, is vir die steekproef geïdentifiseer. Daar is op die twee tipe skole besluit om 'n wyer oorsig te

verkry en terselfdertyd te vergelyk hoe risikobestuur by die twee tipes skole benader word.

Die deelnemers wat by sommige van die skole gebruik is, was die adjunkhoof, verantwoordelik vir sport en van die hokkie-, netbal- en rugbyorganiseerder waar daar persoonlike onderhoude met van die deelnemers gevoer is. Daar is gepoog om ewe veel mans en dames as deelnemers te betrek en om die sportorganiseerders van al die tersaaklike sportsoorte te laat deelneem. Die onderhoude is semi-gestruktureerd gedoen aan die hand van 'n onderhoudskedule wat vooraf opgestel is, (vergelyk addendum F) volgens riglyne soos uiteengesit in Leedy en Ormrod (2005:168-147). Die vràe in die onderhoudskedule is vanuit die literatuuroorsigte van Hoofstuk 2, 3 en 4 ontwikkel.

Hierdie reeks individuele onderhoude is, na die transkripsie en voorlopige analise van die data, opgevolg met een fokusgroepsessie. Die sportorganiseerders van elke skool is by die fokusgroepsessie betrek. Daar is spesifiek gefokus op die risikobestuur in die drie sportsoorte, soos genoem, maar daar is ook gekyk na gemeenskaplike elemente van risikobestuur in ander sportsoorte, byvoorbeeld krieket of atletiek, omdat daar weens 'n gebrek aan fasiliteite of afrigters by sommige skole nie rugby, netbal of hokkie aangebied word nie.

Daar is, ter samevatting, dus met vier adjunkhoofde wat verantwoordelik is vir sport onderhoude gevoer, asook met tien hokkie-, netbal- en rugbyorganiseerders. Daar is dus veertien persone by die onderhoude betrek. In die daaropvolgende fokusgroeponderhoud is ses sportorganiseerders van elke skool betrek. Die aantal skole en deelnemers is as voldoende beskou ten einde deeglike insig te verkry om die toepaslike navorsingsvrae te kan beantwoord, naamlik:

- Om te bepaal wat opvoeder-afrigters in die Kenneth Kaunda-distrik wat aan die studie deelgeneem het se kennisvlak, insig en persepsies is

rakende regsbepalings met betrekking tot hulle versorgingsplig en regsaanspreeklikheid;

- Om te bepaal of opvoeder-afrigters en skole in die Kenneth Kaunda-distrik wat aan die studie deelgeneem het, aan die vereistes rakende regsrisikobestuur voldoen.

Die lys van benodigdhede vir die fokusgroepsessie was onder andere die plek vir byeenkoms, die onderhoudskedule (ontwikkel vanuit die literatuuroorsig), 'n klankopnemer en verversings (Greeff, 2005:298-303). Die opname vanaf die klankopnemer waarmee die sessie opgeneem is, is later getranskribeer en ontleed.

*1.6.6 Analise van data*

Volgens Marshall en Rossman (1999:150) is data-ontleding die proses om orde en struktuur te verleen, asook om die data te interpreteer. Dit is 'n proses om verbande te trek tussen die verskillende elemente van die data wat ingewin word. Merriam en Simpson (1995:198) wys daarop dat die inwin van data en die analisering daarvan hand aan hand gaan en dat dit ook altyd noodsaaklik is om gereeld gedurende die navorsingsperiode op bestaande data te reflekteer. Direk nadat die onderhoude in hierdie studie gevoer is, is die transkripsies gedoen en het die dataverwerking plaasgevind. Die daaropvolgende fokusgroepsessie, wat na afloop van die analise van die individuele onderhoude plaasgevind het, is ook vanaf die klankopname getranskribeer en ontleed.

Inligting is tydens die analiseproses geklassifiseer om groepe, kategorieë en temas na vore te laat kom, asook om te kategoriseer. Daarna is persepsies vergelyk en gekombineer (Creswell, 2003:153-155).

Die bevindings, interpretasies en gevolgtrekkings word in die laaste hoofstuk gerapporteer. Dit sluit die data-ontleding van die empiriese studie sowel as die

literatuurstudie in. Die studie word afgesluit met 'n aantal aanbevelings ter verbetering van die regsrisikobestuur van die opvoeder-afrigter en skole.

## 1.7 Vertroulikheid en etiese aspekte

Volgens Coghlan en Brannick (2001:72) sluit navorsing etiese aspekte in, soos om geen skade te doen nie, nie vertroulikheid te verbreek nie en om nie data te verdraai nie. De Vos *et al.* (2002:75) maak dit duidelik dat die volgende punte belangrik is om die vertroulikheid en etiese aspekte van die deelnemers te verseker:

- Die navorser mag nie die deelnemers ongemaklik laat voel nie en geen emosionele skade mag aangerig word nie;
- Voornemende deelnemers moet geskrewe toestemming tot deelname gee;
- Geen deelnemers mag op enige wyse mislei word oor die doel van die studie nie;
- Die navorser moet bevoeg wees om die navorsing te onderneem;
- Vertroulikheid met betrekking tot die identiteit van die proefpersoon moet onderneem word;
- Sekuriteit van ingesamelde inligting moet gewaarborg word.

Die navorser in hierdie studie het die voorafgaande etiese maatreëls nagevolg om deelnemers se regte te beskerm. Deelnemers se privaatheid is gerespekteer, en data is as hoogs vertroulik hanteer. Die onderhoude wat gehou is, was onderhewig aan skriftelike toestemming van die Departement van Onderwys van die provinsie, die skoolhoofde en die beheerliggame van die onderskeie skole en etiese goedkeuring van die etiekkomitee van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus). Die dokumentasie wat aan skole en

die Departement van Basiese Onderwys gestuur is, asook die verklaring van ingeligte toestemming van die deelnemers, word as Addendum A, B, C, D en E aangeheg.

## 1.8 Hoofstukindeling

**Hoofstuk 1**

**Probleemstelling, navorsingsontwerp en doelwitte**

Die inleidende hoofstuk gee 'n oorsig oor die navorsingsprobleem, die konseptuele raamwerk en die doelwitte van die navorsing. Verskillende navorsingsmetodologieë is oorweeg en die kwalitatiewe metode wat gebruik is, beskryf.

**Hoofstuk 2**

**Statutêre determinante vir regsrisikobestuur in skolesportafrigting**

In hierdie hoofstuk word alle toepaslike regsaspekte geanaliseer om sodoende al die statutêre determinante te kan bepaal wat 'n invloed kan hê op die regsrisikobestuur van die opvoeder.

**Hoofstuk 3**

**Die gemeenregtelike determinante vir regsrisikobestuur in skolesport**

In hierdie hoofstuk word die gemeenregtelike determinante vir die sorgplig van die opvoeder met betrekking tot regsrisikobestuur op die sportveld bespreek.

**Hoofstuk 4**

**'n Teoretiese raamwerk vir regsrisikobestuur van die opvoeder-afrigter in skolesport**

In hierdie hoofstuk word die opvoeder-afrigter se regsrisikobestuur vanuit 'n onderwysregtelike perspektief ontleed. Die sportsoorte wat primêr bestudeer is, is rugby, netbal en hokkie, terwyl sekere elemente van ander sportsoorte wat in Suid-Afrikaanse skole beoefen word, ook ter sprake gebring word.

**Hoofstuk 5**

**Navorsingsontwerp en -metodologie**

Hierdie hoofstuk fokus op die paradigma waarbinne die studie gedoen word, asook die teorie van kwalitatiewe metodologie. Die verskillende data-insamelingsmetodes wat deur die navorser gebruik is, word beskryf.

**Hoofstuk 6**

**Navorsingsbevindinge en bespreking**

Die fokus in hierdie hoofstuk val op die analise en rapportering van die empiriese data.

**Hoofstuk 7**

**Bevindinge, gevolgtrekkings en aanbevelings**

Die fokus in hierdie hoofstuk val op die belangrikste bevindinge en gevolgtrekkings van die studie. Aanbevelings wat 'n bydrae kan lewer tot die regsrisikobestuur van die opvoeder-afrigter en skole vanuit 'n onderwysregtelike perspektief, word ten slotte gemaak.

## 1.9 Bydrae van die navorsing tot die teorie

Hierdie studie vorm deel van 'n groter navorsingsprojek, befonds deur die Nasionale Navorsingstigting, wat fokus op die sekuriteit van opvoeders en lewer 'n bydrae spesifiek tot sportafrigters se sekuriteit. Daar is waarskynlik 'n leemte in die

bestaande kennis van akademici en praktisyns rakende regsrisikobestuur in sportverband. Die studie is dus 'n poging om 'n spesifieke bydrae te lewer tot die kennis rondom regsrisikobestuur in skolesport, vanuit 'n onderwysregtelike perspektief.

## 1.10 Bydrae van die navorsing tot die praktyk

Om beserings en ander vorme van skade in skolesport te probeer voorkom, sal dit waardevol wees om te kyk na die impak van sportbeleide wat daarop gemik is om risiko's by sekondêre skole in Potchefstroom in die Noordwes-provinsie te verminder. Die Suid-Afrikaanse opvoeder-afrigters moet, na afhandeling van die navorsing, kennis neem van hulle regsplig teenoor leerders onder hulle toesig, asook die risiko's waaraan hulle as afrigters blootgestel is indien hulle nie hierdie regsplig nakom nie. Die skole wat vir die studie gekies is, is skole wat die openbare skole in die Noordwes-provinsie verteenwoordig. Die navorser identifiseer deur die loop van die navorsing probleme en leemtes, waarvolgens aanbevelings gemaak kan word. Die navorsing kan van waarde wees vir die skoolbestuur, beheerliggaam, opvoeders sowel as die ouers ten opsigte van hulle verantwoordelikhede en aanspreeklikheid teenoor leerderveiligheid.

# HOOFSTUK 2: STATUTÊRE DETERMINANTE VIR REGSRISIKOBESTUUR IN SKOLESPORT

## 2.1 Inleiding

In die voorafgaande hoofstuk is aandag gegee aan die probleemstelling, 'n konseptuele raamwerk, die navorsingsvrae en die navorsingsontwerp. Een doelwit aangaande risikobestuur in skolesport wat in hoofstuk 1 gestel is, is om te bepaal watter nasionale wetgewing en ander regsbepalings 'n invloed op regsrisikobestuur as faset van sekuriteit in Suid-Afrikaanse openbare skole het. Om hierdie doelwit te bereik, fokus hierdie hoofstuk op daardie statutêre determinante binne die Suid-Afrikaanse regstelsel wat die versorgingsplig van die Suid-Afrikaanse opvoeder in skolesport beïnvloed. Dit behels dus 'n uiteensetting van die statutêre bepalings wat verband hou met die veiligheid van leerders op die sportveld wat aan die opvoeder se sorg toevertrou word. Daar sal spesifiek verwys word na watter wetgewing, beleide en regsbeginsels regsrisikobestuur reguleer.

Herselman (2006:6) wys daarop dat, om werklik die betekenis van hulle versorgingsplig te verstaan, opvoeders bewus moet wees van die oorsprong van die Suid-Afrikaanse reg, kennis moet dra van die reg, asook van die bronne wat in die reg bestaan. Die Suid-Afrikaanse reg bestaan, in die breë gesien, uit 'n Westerse komponent, 'n inheemse Afrika-komponent en 'n universele komponent, so genoem omdat elke mens, ongeag sy nasionaliteit, sekere menseregte het (Van Niekerk, s.j.).

Onderwysreg verskaf volgens Bray en Coetzee (2001:8) struktuur en riglyne aan onderwysbestuur en dit skep ook 'n veilige leeromgewing waar leerders kan ontwikkel. Breed (2003:10) meen die eerste oogmerk van wetgewing is om reëlmatigheid en vrede binne die samelewing te handhaaf. Sonder reëls kan 'n samelewing nie effektief funksioneer nie en kan daar nie orde wees nie. Breed meen

verder dat, wanneer daar verwys word na die onderwysterrein waarbinne die skool funksioneer, dit die noodsaaklikheid van onderwyswetgewing onderstreep. Onderwyswetgewing strewe daarna om die onderwyssektor te omskep in 'n baie sterk gereguleerde stelsel. Soos in paragraaf 2.4 aangedui word, is skole onlosmaaklik verbonde aan wetgewing en beleid wat op nasionale vlak gemaak word, soos ook bespreek word in die paragrawe wat volg.

## 2.2 Bronne van die Suid-Afrikaanse Onderwysreg

Schouwstra (2008:3) dui aan dat die verantwoordelikhede en verpligtinge van opvoeders deur 'n kombinasie van determinante, waaronder wetgewing, Suid-Afrikaanse en internasionale regspraak en gemeenregtelike elemente, bepaal word. Opvoeders moet kennis neem van die bronne in die reg wat 'n belangrike invloed kan hê op die standaard van die opvoeder se versorgingsplig, onder andere wanneer opvoeders besig is met buitekurrikulêre aktiwiteite (Oosthuizen & Roos, 2003b:21).

Tabel 2.1: Wetgewing as bron van die Onderwysreg

| |
|---|
| DIE GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA<br>OORSPRONKLIKE WETGEWING<br>• Gewone parlementêre wetgewing<br>• Onderwyswetgewing<br>• Algemene wetgewing<br>• Provinsiale wetgewing<br>ONDERGESKIKTE WETGEWING<br>• Regulasies<br>• Proklamasies |

- Skoolreëls

Soos aangepas uit Oosthuizen en Roos (2003b:21)

Oosthuizen en Roos (2003b:21) en Joubert en Prinsloo (2001:8) noem dat wetgewing, regspraak en gemene reg gesien kan word as bronne van die Suid-Afrikaanse reg wat die onderwys beïnvloed. Die onderstaande tabel (Tabel 2.2) toon die bronne vir die Suid-Afrikaanse Onderwysreg soos deur Joubert en Prinsloo (2001:8) genoem.

Tabel 2.2: Bronne vir die Suid-Afrikaanse Onderwysreg

| | |
|---|---|
| GRONDWET VAN SUID-AFRIKA 108 VAN 1996 | Die Grondwet van Suid-Afrika (SA, 1996a) is die hoogste wetlike gesag in Suid-Afrika. Dit beteken dat geen ander wet in Suid-Afrika teenstrydig met die Grondwet van Suid-Afrika (SA, 1996a) kan wees nie. |
| WETGEWING | Dit is wetgewing wat deur 'n instansie of staat gemaak word wat die mag daartoe het, bv. parlementêre en provinsiale owerhede en staan bekend as ondergeskikte of gedelegeerde wetgewing. |
| DIE GEMENE REG | Die stel regsbeginsels word nie deur die parlement uitgevaardig nie, ontstaan deur historiese ontwikkeling of gewoontes. Volgens Rossouw (2008:22) kan die gemene reg omskryf word as die ongekodifiseerde wetlike tradisies wat ontstaan het uit die Romeins-Hollandse en Engelse wetgewing. |
| REGSPRAAK | Alle uitsprake deur howe help in hofsake wat volg. Die hofsake dien as riglyne om goeie begrip van wette te verseker. Die howe gebruik wetgewing en die gemene reg as riglyne. |

Die opvoeder word daagliks aan verskeie aspekte van die reg blootgestel. Dit is dus belangrik dat die opvoeder veral onderwyswetgewing ken en verstaan en sodoende homself teen enige regseise kan beskerm. Hierdie navorsing fokus primêr op

daardie aspekte van Onderwysreg wat betrekking het op regsrisikobestuur op skolevlak om die veiligheid en sekuriteit van die leerder op die sportveld te verseker. Daar word vervolgens 'n kort ontleding gedoen van daardie belangrikste Suid-Afrikaanse statutêre bepalings wat met die sorgplig van leerders verband hou.

Artikels 43 en 44 van die Grondwet (SA, 1996a) verleen volgens Kruger (2003:11) aan die nasionale en provinsiale wetgewer die outoriteit om respektiewelik nasionale en provinsiale wette uit te vaardig. Alle wette wat deur die oorspronklike gesag van 'n wetgewende liggaam (soos die parlement of 'n provinsiale wetgewer) uitgevaardig word, word as oorspronklike wetgewing (parlementêre wetgewing) beskou (Oosthuizen & Roos, 2003b:29). Bray (2000:58) noem dat alle regulasies, proklamasies, omsendbriewe en handleidings voorbeelde van ondergeskikte wetgewing is. Oosthuizen en Roos (2003b:29) verdeel, in die konteks van Onderwysreg, die parlementêre wetgewing in twee groepe, naamlik:

- Onderwyswetgewing (wetgewing wat spesifiek met die oog op die onderwys uitgevaardig is)
- Algemene wetgewing (wetgewing wat nie spesifiek met die oog op onderwys uitgevaardig is nie, maar wel 'n invloed op die onderwys kan hê).

Om te bepaal watter wetgewing 'n invloed op die versorgingsplig van die opvoeder het om beserings en risiko's by leerders te beperk, sal, naas die Grondwet, slegs onderwyswetgewing, algemene wetgewing en toepaslike provinsiale wetgewing bespreek word.

In artikel 2 van die Grondwet van Suid Afrika (SA, 1996a) word die Grondwet as die hoogste gesag in Suid-Afrika gestel. Hiervolgens is enige optrede of regsvoorskrifte aan enige persoon of liggaam wat in stryd met die bepalings van die Grondwet is ongeldig. Alle ander wette is dus ondergeskik aan die Grondwet en die Grondwet word dus vervolgens eerste bespreek.

## 2.3 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika

Die Grondwet van Suid-Afrika (SA, 1996a) het 'n besliste invloed op die samelewing van Suid-Afrika. Die bekendmaking van die nuwe grondwetlike era was volgens Oosthuizen en Roos (2003b:43) een van die steunpilare van verandering in Suid-Afrika. Dit het 'n effek gehad op alle afdelings van die gemeenskap en bepaald ook op die onderwys.

### *2.3.1 Oppergesag van die Grondwet*

Die Grondwet van Suid-Afrika (SA, 1996a) is die oorkoepelende wetgewing. Volgens De Waal (2001:318) gee die Grondwet (SA, 1996a) genoeg mag aan die Staat om te regeer en terselfdertyd moet die Grondwet struktuur aan hierdie mag gee en dit ook in so 'n mate beheer dat dit nie misbruik word nie (wat onderwyswetgewing insluit). Dit bepaal volgens Schouwstra (2008:3) die ewewig tussen die mag van die Staat aan die een kant en die regte van die individu en die kollektiewe belange van al die burgers van die land aan die ander kant.

Daar gaan gekyk word na watter regte betrekking het op sowel onderwys as risikobestuur om die veiligheid en sekuriteit van die leerders te verseker soos opgeneem in hierdie Handves van Regte.

### *2.3.2 Regte*

Artikel 2 van die Grondwet (SA, 1996a) stel dit duidelik dat enige "regsvoorskrif of optrede" ondergeskik is aan die Grondwet en nie in stryd met die bepalings van die Grondwet mag wees nie (Oosthuizen & Roos, 2003b:43-44). Die Grondwet van Suid-Afrika (SA, 1996a) sluit in Hoofstuk 2 die Handves van Menseregte in. Artikel 7 bepaal dat die Handves van Menseregte 'n hoeksteen van demokrasie in Suid-Afrika is, aangesien dit die regte van al die mense in die land verskans.

Artikel 7 het, volgens Joubert en Prinsloo (2001:79), 'n direkte invloed op die onderwyspraktyk, omdat die fundamentele regte van die individu beskerm word. Die opvoeder moet volgens De Waal (2000:35) in sy sorgsaamheidspraktyke die demokratiese waardes van menswaardigheid, die gelykheid en vryheid van elke leerder beskerm en bevorder. Artikel 28(2) bevestig dat 'n kind se beste belang "van deurslaggewende belang (is) in elke aangeleentheid wat die kind raak" wat insluit die reg op beskerming teen waarskynlike gevare. By die skoolomgewing is daar heelwat risiko's waaraan die leerder blootgestel word. Die opvoeder moet volgens hom redelike voorsorg tref om die leerder onder sy toesig te beskerm, omdat die leerder geregtig is op veiligheid en sekuriteit. Die belangrikheid van die beskerming waartoe leerders 'n reg het, en wat 'n baie spesifieke verpligting vir opvoeders en skole skep, word in die volgende bespreking van 'n ongerapporteerde hofsaak geïllustreer.

Die koerantberig onder die opskrif "Oudleerling eis miljoene by Wes-Kaapse Onderwys Departement" (Prince, 2004) wat verslag doen oor 'n hofsaak waarin 'n seun se been geamputeer is na 'n ongeluk op die skoolterrein met 'n grassnyer, bevestig die reg wat 'n kind het om beskerm te word teen gevare en ongelukke op die skoolterrein. 'n Oud-leerder van die Hoërskool Napier eis skadevergoeding van R6,72 miljoen van mnr. Cameron Dugmore in sy hoedanigheid as Wes-Kaapse Minister van Onderwys. Advokaat Lona Troskie, wat in 2002 aangestel is as kurator vir die minderjarige mnr. Leonardus Klaasen (tans 20) van Bredasdorp, het die eis by die hooggeregshof ingedien. Die skoolopsigter het op 3 Mei 2001 na bewering in skooltyd die rugbyveld se gras gesny en Klaasen wat 'n leerder van die skool was, het blykbaar op die bewegende trekker gespring. Klaasen het onder die grassnyer, wat deur die trekker getrek is, beland en sy linkerbeen is ernstig beseer. Luidens hofstukke is Klaasen deur die skoolopsigter toegelaat om op die trekker te spring en het hy ook versuim om stil te hou toe hy Klaasen naby die trekker opgemerk het. Volgens die hofstukke rus daar 'n regsplig op die skoolhoof en ander personeellede om toe te sien dat geen leerder by die skool aan gevaarlike toestande blootgestel

word nie. Daar is volgens die eisers ook nie genoegsame voorsorg getref om hul veiligheid in skoolure by die skool te verseker of om ongelukke te voorkom nie. Die voorval is hoofsaaklik volgens die eisers veroorsaak deur die nalatigheid en versuim van die skoolhoof en sy personeel, wat werknemers van die Minister is, om hul vermelde regsplig na te kom. Weens die voorval moes 'n deel van Klaasen se linkerbeen geamputeer word. Klaasen is deur die ongeluk permanent geskend, het erge pyn verduur en aan hewige skok gely. Volgens die hofstukke is Klaasen se vermoë om 'n inkomste te verdien ook permanent ingekort en sou daar in die toekoms nog mediese en verwante uitgawes wees. Dugmore het erken dat die voorval gebeur het, maar ontken dat dit weens die nalatigheid van die skoolhoof of sy personeel plaasgevind het. Hy voer aan dat Klaasen alleen vir sy beserings verantwoordelik is, omdat hy deur sy onderwyser uit die klas gesit is oor wangedrag. In plaas van om buite die klas te wag om na die skoolhoof te gaan, het hy na die rugbyveld gegaan. Verder word aangevoer dat die opsigter nie geweet het hy is agter die trekker nie en dat Klaasen moes voorsien het dat hy ernstig beseer kon word (Prince, 2004).

Opvoeders moet dus kennis neem dat ouers-hulle na die howe sal wend indien hulle kinders op die skoolterrein beseer word en dat hul kinders se reg om beskerm te word daardeur aangetas word. Die Handves van Menseregte wat in die Grondwet opgeneem is, bevestig dat die kind die reg het op beskerming teen moontlike gevare. By die skool en spesifiek op die skoolterrein en sportveld kan daar talle gevare wees waaraan leerders blootgestel kan word. Die opvoeder moet daarvan bewus wees en moet voorsiening maak om die leerder onder sy toesig te beskerm.

Die toepassing van die Grondwet van Suid Afrika (SA, 1996a) word in artikel 8 soos volg omskryf:

(1) Die Handves van Menseregte is van toepassing op die totale reg en bind die wetgewende, die uitvoerende en die regsprekende gesag en alle staatsorgane.

(2) 'n Bepaling van die Handves van Menseregte bind 'n natuurlike of 'n regspersoon indien, en in die mate waarin, dit toepasbaar is met inagneming van die aard van die reg en die aard van enige plig deur die reg opgelê.

(3) By die toepassing van 'n bepaling van die Handves van Menseregte op 'n natuurlike of regspersoon ingevolge subartikel (2)—

(a) moet 'n hof, ten einde gevolg te gee aan 'n reg in die Handves van Menseregte, die gemene reg toepas, of indien nodig ontwikkel, in die mate waarin wetgewing nie aan daardie reg gevolg gee nie.

Ingevolge artikel 8(1) is die Handves van Menseregte van toepassing op die totale reg en bind dit alle staatsorgane. Verder moet 'n hof, ingevolge artikel 8(3)(a) gemene reg toepas. Volgens Wentzel (2008:107) is die parlement, provinsiale wetgewers en plaaslike regerings (wetgewende instansies) onderworpe aan die bepalings van die Handves van Menseregte. Alle openbare skole (staatsorgaan) wat die reg toepas en afdwing, moet dit doen in ooreenstemming met die Handves van Menseregte, wat die ondergeskiktheid van die uitvoerende gesag aan die Grondwet beteken. Oosthuizen en De Waal (2003:333) meen omdat die onderwys 'n staatswerktuig is en omdat die *in loco parentis*-posisie van die opvoeder in die gemene reg gevestig is, die onderwys en die opvoeder se *in loco parentis*-posisie daardeur geraak word.

Die Departement van Onderwys is volgens Wentzel (2008:108) op al sy terreine 'n administratiewe staatsorgaan wat deur die bepalings van die Handves van Menseregte gebind word. Breed (2003:12) meen vir die onderwys beteken dit ook dat onderwyswetgewing in alle sake wat hierop betrekking het, hieraan ondergeskik

is. In terme van artikel 15 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996c) word 'n skool as 'n regspersoon erken. Artikel 8(2) van die Grondwet (SA, 1996a) bepaal dat 'n natuurlike persoon asook 'n regspersoon, in ooreenstemming met die Handves van Menseregte moet optree. Oosthuizen en De Waal (2003:330) meen volgens hierdie grondwetlike bepaling dat die opvoeder, as werktuig van die staat, 'n juridiese plig tot die versorging van leerders onder sy sorg het.

*2.3.2.1 Gelykheid*

In artikel 9 van die Grondwet van Suid-Afrika (SA, 1996a) word die volgende spesifiek gemeld:

Elkeen is gelyk voor die reg en het *die* reg op *gelyke* beskerming *en voordeel* van die *reg.*

Gelykheid sluit die volle en gelyke genieting van alle regte en vryhede in.

Ingevolge artikel 9(1)(2) is elkeen, insluitend leerders, gelyk voor die reg. Ten einde die bereiking van gelykheid te bevorder, kan wetgewende en ander maatreëls getref word wat ontwerp is vir die beskerming of ontwikkeling van leerders. Opvoeders sal hiervan kennis moet neem en sorg dat die gelykheid as 'n grondwetlike reg van alle leerders raakgesien en verseker moet word en dat dit dieselfde en op alle gebiede toegepas moet word. Vanuit 'n *in loco parentis*-beginsel, meen Botha en Oosthuizen (2003:86) is die plig van 'n opvoeder gelykstaande aan sy reg om gesag te handhaaf en sorgsame toesig. Hierdie regte soos vervat in die Grondwet is terselfdertyd ook regsreëls wat skole bind en verplig om regsrisikobestuur toe te pas.

*2.3.2.2 Vryheid en sekerheid van 'n persoon*

Die vryheid en sekerheid van 'n persoon word in artikel 12 van die Grondwet van Suid-Afrika (SA, 1996a) soos volg omskryf:

(1) Elkeen het die reg op vryheid en sekerheid van die persoon, waarby inbegrepe is die reg om -

(e) nie op 'n wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel of gestraf te word nie.

Ingevolge artikel 12(1)(e) van die Suid-Afrikaanse Grondwet (SA, 1996a) het elke persoon die reg om nie op 'n vernederende wyse behandel of gestraf te word nie. Schouwstra (2008:16-17) gebruik die volgende hofsaak as voorbeeld om te toon hoe leerders se regte benadeel kan word, deurdat daar op 'n vernederende wyse teenoor hulle opgetree is. Schouwstra meen verder dat die benadeling van die leerders se regte in hierdie saak betrekking het op die kriterium waarmee die opvoeder, onder wie se sorg die leerders toevertrou is, se versorgingsplig, gemeet word.

Die gebeure wat tydens 'n rugbytoer plaasgevind het toon 'n direkte verband tussen insidente wat gebeur het en die standaard van toesig wat van opvoeders verwag word. Tydens dié skoolrugbytoer is die junior rugbyspelers deur die senior rugbyspelers beveel om na die agterkant van die bus te gaan waar die senior rugbyspelers gesit het. Tydens 'n "ontgroeningsritueel" is die juniors deur die seniors ingelyf deur hulle met 'n koeldrankbottel te slaan. Na klagtes is daar dissiplinêre stappe deur die skool teen die seniors ingestel. As straf moes hulle herstelwerk en skoonmaaktake vir 'n kwartaal by die skool verrig. Aanvanklike kriminele klagtes teen die senior seuns is teruggetrek. Die skoolhoof was van mening dat die straf genoegsaam was, omdat hulle matriekleerders was en hy wou verhoed dat 'n ander straf inbreuk sou maak op hulle matriekvoorbereiding. Getuies het beweer dat daar geen toesigpersoneel op die bus was nie en dat die personeel in 'n voertuig agter die bus gery het. Die feit dat daar geen toesigpersoneel op die bus was nie, dui op 'n ernstige late aan die opvoeders se kant en die opvoeders kan hulle blootstel aan wetlike vervolging.

Volgens artikel 10A(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996c) mag 'n persoon nie inisiasiepraktyke met 'n leerder in 'n koshuis beoefen of daaraan deelneem nie. Schouwstra (2008:17) is van mening dat die skool en opvoeders hulself blootstel aan wetlike vervolging indien hulle toelaat dat praktyke plaasvind wat die regte van leerders benadeel en leerders se veiligheid in gevaar stel. Die kriteria waaraan opvoeders se versorgingsplig moet voldoen, is soos dit van 'n redelike persoon verwag word. Behalwe dat 'n opvoeder strafregtelik en sivielregtelik aanspreeklik kan wees weens sy/haar handeling, in die geval nalatigheid, kan die Departement van Basiese Onderwys in terme van artikel 18(1) en 18(2) van die Wet op Indiensneming van onderwysers ook dissiplinêre optrede teen die betrokke opvoeder instel weens wangedrag. Opvoeders moet toesien dat geen leerder wat in hul sorg is aan onmenslike behandeling blootgestel word tydens buitemuurse aktiwiteite, oefeninge of enige ander skoolverwante aksies nie en moet verder toesien dat leerders nie aan situasies blootgestel word waar hul veiligheid in gevaar is nie.

*2.3.2.3 Omgewing*

Volgens artikel 24 van die Grondwet van Suid-Afrika (SA, 1996a) moet die omgewing in so 'n mate veilig wees dat dit nie die leerder se gesondheid en/of welsyn benadeel nie.

Elkeen het die reg (a) op 'n omgewing wat nie skadelik vir hul gesondheid of welsyn is nie;

'n Veilige skool is volgens Squelch (2001:137) 'n omgewing wat vry is van onveilige toestande en waarskynlike beserings. De Waal *et al.* (2003:405) verduidelik om 'n veilige omgewing te verseker moet dit aan `n sekere kriteria voldoen.

Verskeie skrywers soos Mawdsley (1995:10) en Joubert en Prinsloo (2001:106) is dit eens dat van die belangrikste pligte van 'n opvoeder, volgens die reg, die skep van 'n veilige omgewing en toestande vir leerders is. Joubert en Prinsloo meen verder dat

daar van skole verwag word om doeltreffende veiligheidsprogramme op te stel, wat voldoen aan die nodige standaarde soos vervat in die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (SA, 1993a).

Die opvoeder moet dus toesien dat die nodige voorsorgmaatreëls getref word om te verseker dat die sportterrein aan die nodige veiligheidstandaard voldoen en dat leerders se veiligheid nie deur onveilige omgewings en toestande bedreig word nie.

*2.3.2.4 Kinders*

Artikel 28 van die Grondwet van Suid-Afrika (SA, 1996a) gee elke kind die reg op gepaste alternatiewe sorg wanneer die kind nie in die gesinsomgewing is nie.

Artikel 28

(1)(d) om teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik of vernedering beskerm te word;

(2) 'n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak.

Artikel 28(2) is seker een van die belangrikste artikels in die Grondwet (SA, 1996a) wat 'n direkte invloed op die versorgingsplig van die opvoeder het. Wentzel (2008:117) noem dat skole (opvoeders) 'n regsverpligting het om die veiligheid van die leerders te verseker; dat beheerliggame in oorleg met die Departement van Basiese Onderwys 'n veiligheidsbeleid moet opstel en toesien dat dit doeltreffend toegepas word. Skole het dus 'n regsplig om leerderveiligheid te bestuur en te verseker. Herselman (2006:14-15) meen een van die doelwitte van artikel 28 van die Suid-Afrikaanse Grondwet (SA, 1996) is om kinders te beskerm in situasies waar hulle kwesbaar is. De Waal *et al.* (2003:457) is van mening dat ouers, sowel as die Staat, 'n verantwoordelikheid het om die regte van kinders te beskerm. As gevolg van die regsplig om die leerder teen gevare te beskerm, meen Joubert en Prinsloo (2001:97)

dat die verantwoordelikheid vanaf die ouer na die skool (opvoeder) verplaas word. Omdat die opvoeder *in loco parentis* (in plek van die ouer) geplaas word, ontwikkel die opvoeder se rol dus en daarom moet die opvoeder alles in sy vermoë doen om die kind se veiligheid te verseker. Volgens Herselman (2006:16) kan die opvoeder se verantwoordelikheid en plig gesien word as 'n wyse waarop die Staat sy taak nakom om in die behoeftes van die kind te voorsien.

Die ongerapporteerde saak *Van der Merwe v Tom Naudé* 1995 (Saaknommer 6801/94) is 'n goeie voorbeeld waar 'n kind se beste belang deurslaggewend is. Die saak is buite die hof geskik en die skikking is later in 'n skikkingsakte 'n bevel van die hooggeregshof van Suid-Afrika (Transvaalse Provinsiale Afdeling) gemaak. 'n Onderwyser van die Hoër Tegniese Skool Tom Naude het op die betrokke dag onderhoudswerk op die skoolterrein gedoen. 'n Graad 10-leerder van die skool het 'n leer vir die onderwyser vasgehou waartydens die leer omgeval het. Die leer en die onderwyser het op die seun geval en as gevolg hiervan het die seun ernstige beserings opgedoen. Die seun se linkerbeen is gebreek en hy het knie-, kop- en nekbeserings opgedoen, so ernstig dat hy vir twee maande na die ongeluk nog met krukke moes loop. Die seun het twee jaar na die ongeluk nog mank geloop, kon nie meer aan sport deelneem nie en sy beweeglikheid is beperk. Daar is 'n eis vir skadevergoeding deur die seun se vader teen die skool en die Departement van Basiese Onderwys ingestel. Die seun se vader voer aan dat die skoolhoof en die onderwyser nalatig was. Mnr. Van der Merwe voer in die hofstukke aan dat hy sy seun onder toesig en beheer van die skoolhoof en die onderwyser die dag geplaas het en dat sy seun werk moes doen op die skoolterrein wat nie veilig was nie. Voor die hofsaak begin het, het die partye egter tot 'n skikking gekom en die skool het 'n skadevergoedingseis van veertig duisend rand aan die seun betaal. Adjunkregter-President D.J. Curlewis het die skikking 'n hofbevel gemaak (Skikkingsakte, Saaknommer: 6801194) (Rademeyer, 1995:6).

Die uitslag van die betrokke hofsaak bevestig die belangrikheid van die versorgingsplig van die opvoeder. Opvoeders moet hulle deeglik vergewis van die noodsaaklikheid om die veiligheid en sekuriteit van die leerders wat onder hulle toesig op die skoolterrein of op die sportveld is, te verseker. Die opvoeder wat die rol van die ouer *(in loco parentis)* inneem, ook tydens buitekurrikulêre aktiwiteite, het die grondwetlike verpligting om toe te sien dat daar in die behoeftes van die kind voorsien moet word. Dit is dus van deurslaggewende belang dat die kind se belang in elke situasie eerste gestel word en dat die opvoeder ook op die sportveld kinders se belange voorop sal stel deur hulle teen risiko's en beserings te beskerm.

*2.3.2.5 Onderwys*

Artikel 29(1)(a) van die Grondwet van Suid-Afrika (SA, 1996a) bepaal dat elkeen die reg het op basiese onderwys. Volgens artikel 29(1) van die Suid-Afrikaanse Grondwet (SA, 1996a) het die Staat 'n verantwoordelikheid om aan elke leerder die basiese onderwys te voorsien, maar die Staat het ook 'n versorgingsplig om die kind te beskerm teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik of vernedering in enige faset van die skoolprogram, insluitende sportafrigting, soos bepaal word in artikel 28(1)(d). Buitekurrikulêre aktiwiteite is 'n sekondêre deel van onderrig en leer en leerders het die reg om ook dié aktiwiteite in 'n veilige omgewing te beoefen soos in artikel 24 reeds bespreek is. Dit is dus leerders se grondwetlike reg om onderwys te ontvang in 'n veilige skoolomgewing. 'n Veilige skoolomgewing is volgens Squelch (2001: 137) 'n *sine qua non* vir effektiewe onderrig en leer. Wentzel (2008:108) meen die onderwys moet bestuur word in ooreenstemming met die Handves en omdat die opvoeder moet toesien dat die veiligheid van leerders op die sportveld verseker moet word, moet skoolbesture en beheerliggame hul risikobestuursprogramme so verander, dat hul handelswyse in ooreenstemming is met dit wat die Handves verwag (Indien die opvoeder wat in diens is van die skool of die Staat 'n leerder op 'n skadelike wyse van sy reg op veiligheid ontneem as gevolg van 'n nalatige benadering tot afrigting, bestaan die moontlikheid dat die opvoeder regsaanspreeklik

gehou kan word). Wentzel meen verder dat die vernaamste regte van leerders dus eerbiedig moet word binne 'n menseregtekultuur. Van Staden en Alston (2000: 298-302) stel die argument soos volg: "The Constitution has gone to school".

Daar kan samevattend gesê word dat die opvoeder 'n grondwetlike verantwoordelikheid het om die veiligheid van leerders onder sy toesig te verseker. Hierdie verantwoordelikheid word in verskeie artikels in die Grondwet uitgelig, soos bespreek is. Die Grondwet verskaf 'n breë raamwerk om aan te dui dat die opvoeder 'n juridiese plig het om die veiligheid van leerders in veral skolesport te reguleer.

Alle ander vorme van wetgewing word ondergeskik gestel aan die Grondwet. Onderwyswetgewing wat direk of indirek betrekking het op risikobestuur in sportafrigting word vervolgens ontleed.

## 2.4 Onderwysspesifieke parlementêre wetgewing

Onderwysspesifieke parlementêre wetgewing is daardie wetgewing wat op nasionale vlak deur die parlement spesifiek vir die onderwys uitgevaardig is. Volgens Singh en Surujal (2010:109) is die drie hoof- parlementêre wette wat die bestuur van onderwys en skole reguleer, die volgende:

- Wet op Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996
- Die Wet op Indiensneming van Opvoeders 76 van 1998
- Die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996

Die beskerming van die regte van die leerder kan 'n belangrike rol speel in risikobestuur om die veiligheid van leerders te verseker. Die regsreëls wat skole bind om risiko's te bestuur, is deel van die fundamentele regte van die leerder. Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid en die Skolewet toon die belangrikheid van die beskerming van fundamentele regte van die leerder. Vervolgens sal parlementêre

wetgewing bespreek word met spesifieke verwysing na die risikobestuur en versorgingsplig van die opvoeder.

### 2.4.1 *Wet op Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996*

Die lang titel van die Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996 (SA, 1996b) dui aan dat die wet voorsiening maak vir die bepaling van nasionale beleid vir die onderwys. Die Minister van Onderwys moet volgens die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (SA, 1996b), artikel 3(4), 'n beleid uitvaardig wat die veiligheid van leerders verseker. Oosthuizen en Roos (2003b:28) noem dat artikel 2 van die Nasionale Onderwysbeleid 'n direkte invloed op die onderwys het, waarbinne die opvoeder sy sorgplig moet handhaaf. Kruger (2003: 12) wys daarop dat artikel 4 van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (SA, 1996b) bepaal dat die beleid soos vervat in artikel 3(a), gerig is op "die bevordering en beskerming van die fundamentele regte van elke persoon" soos vervat in hoofstuk 2 van die Grondwet (1996a). Dit beteken dat die Staat deur die toepassing van beleid of wetgewing so moet optree dat die regte van die kind beskerm word. Robinson (1997:238) dui aan dat alle onderwyswetgewing sowel as provinsiale regulasies ten opsigte van onderwys gesien moet word in die lig van al die bepalings van die Grondwet van Suid-Afrika (SA, 1996a).

Dit is die leerder se grondwetlike reg om beskerm te word teen moontlike risiko's en beserings op die sportveld. In die lig hiervan is Departement van Basiese Onderwys verplig om veiligheidsbeleide te implementeer om veilige skole te verseker en om toe te sien dat die veiligheid van leerders ook op die sportveld verseker word.

### 2.4.2 *Die Wet op Indiensneming van Opvoeders 76 van 1998*

Die Wet op Indiensneming van Opvoeders (SA, 1998b) fokus op sake rakende die opvoeder se pligte as werknemer, naamlik: aspekte soos diensbeëindiging, onbekwaamheid en wangedrag. As 'n opvoeder nie sy sorgplig nakom nie, kan hy van wangedrag aangekla word, soos in paragraaf 2.4.2.1 bespreek.

*2.4.2.1 Wangedrag*

Volgens artikel 18(1)(e) van die Wet op Indiensneming van Opvoeders (SA, 1998b) kan 'n opvoeder hom skuldig maak aan wangedrag indien hy in die uitvoering van sy plig, sy eie lewe en/of dié van ander in gevaar stel deur die verontagsaming van veiligheidsreëls en -regulasies. Die artikel stel dit duidelik dat 'n opvoeder sy sorgplig teenoor die leerders onder sy sorg moet nakom ten opsigte van veiligheidsmaatreëls anders kan hy van wangedrag aangekla word.

*2.4.2.2 Aanstelling van opvoeders*

Die aanstelling van opvoeders in diens van die Staat word deur die Wet op Indiensneming van Opvoeders (SA, 1998b) gereguleer. Artikel 3(3)(a) van die Wet op Indiensneming van Opvoeders (SA, 1998b) bepaal dat die Minister die werkgewer is van alle opvoeders in diens van die Departement van Onderwys.

Volgens Breed (2003:15) word die indiensneming van opvoeders deur beheerliggame gereguleer deur die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (SA, 1997), die Wet op Arbeidsverhoudinge (SA, 1995b) en die Wet op Gelyke Indiensneming (SA, 1998a). Beheerliggame se magte rakende die indiensneming van ekstra opvoeders en nie-opvoeders word bepaal deur artikel 20(4) en (5) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996b). Dit bepaal dat 'n openbare skool poste vir opvoeders en nie-opvoeders kan instel en hulle in diens kan neem bykomstig tot die diensstaat wat deur die Lid van die Uitvoerende Raad bepaal word, ingevolge artikel 3(1) van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders (SA, 1998b). In die konteks van hierdie studie gee dit skoolbeheerliggame die mag om afrigters aan te stel, mits die afrigter wat in diens geneem word, voldoen aan die vereistes wat gestel word vir indiensneming by openbare skole, soos artikel 20(6) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996b) stipuleer.

Daar bestaan tans by skole 'n groot tekort aan gekwalifiseerde en vaardige opvoeders wat sport afrig en daarom word gereeld gebruik gemaak van sogenaamde "buite-afrigters". Die "buite-afrigters" is nie-opvoeders soos studente en ouers. Dit plaas 'n verantwoordelikheid op die skool om te verseker dat die afrigter gekwalifiseerd is en oor die nodige vaardighede beskik soos noodhulpopleiding, afrigtingskursusse ens., asook die verwagte opvoedkundige instelling teenoor leerders openbaar.

Die hofsaak *Muntingh v Gautengse Departement van Onderwys en die Hoërskool Vereeniging* 1997 handel oor 'n onderwyseres wat nie gekwalifiseerd was om 'n liggaamlike opvoedingsklas waar te neem nie en waar 'n leerder in haar sorg ernstig beseer is. Hierdie ongerapporteerde saak behels 'n skadevergoedingseis wat Muntingh teen die Gautengse Departement van Onderwys en die Hoërskool Vereeniging ingestel het. Die betrokke saak is later buite die hof geskik en die skikking is later in 'n skikkingsakte 'n bevel van die Pretoriase Hoërhof gemaak. Muntingh was tydens die voorval 'n leerder van Hoërskool Vereeniging toe hy in die swembad verlam geraak het na 'n duikongeluk. Muntingh is nou 'n kwadrupleeg as gevolg van die beserings wat hy opgedoen het. Tydens 'n Liggaamlike Opvoeding-periode waartydens die klas gaan swem het, het Muntingh kop eerste by die vlak kant van die swembad ingeduik, terwyl hy sy broek vasgehou het en sy kop het teen die bodem van die swembad gestamp. Die klas was onder die toesig van 'n Afrikaansonderwyseres. Die eisers beweer dat, omdat die leerders onder die toesig van 'n Afrikaansonderwyseres geswem het, die skool nalatig opgetree het. Die Afrikaansonderwyseres was nie gespesialiseerd om leerders in noodsituasies te help nie. Daar was die betrokke dag ook geen noodhulpgeriewe by die swembad nie. Muntingh beweer in hofstukke dat die onderwyseres na bewering nie dadelik mediese hulp ontbied het nie. Omstanders het na bewering Muntingh rondbeweeg, en dit is deur die onderwyseres toegelaat. Volgens mediese deskundiges kon Muntingh minimale skade oorgehou het indien daar gekeer is dat Muntingh beweeg is. Aangesien Muntingh nou 'n kwadrupleeg is en vir die res van sy lewe

sorgbehoewend sal wees, ly hy volgens die hofstukke ook aan emosionele trauma, pyn en skok. Die verweerders meen egter dat Muntingh uit vrye wil aan die swemklas deelgeneem het. Hulle voer verder aan dat hy bewus was van die gevaar van skade en dat hy onverskillig opgetree het.

Die Hoërskool Vereeniging en die LUR vir onderwys in Gauteng is deur die Pretoriase Hoërhof gelas om skadevergoeding aan Muntingh te betaal, omdat hulle medeverantwoordelik is vir die skade wat Muntingh gely het. In die ooreenkoms wat bereik is, sal die skool verantwoordelik wees vir 13% van die skade terwyl die LUR vir Onderwys in Gauteng verantwoordelik is vir 5% van die skade. Volgens 'n verdere ooreenkoms wat bereik is, beloop die 13% van die skade wat die skool moet betaal sowat R1,4 miljoen terwyl die LUR vir Onderwys in Gauteng se 5% R500 000 beloop (Tempelhoff, 1998:2; Jonker, 1997:4).

Met die uitslag van die hofsaak is dit duidelik dat die onus op die skool en die Departement van Onderwys rus om te verseker dat daar gespesialiseerde toesig en beheer oor leerders moet wees wanneer hulle aan buitemuurse aktiwiteite deelneem. Al die nodige noodhulptoerusting moet altyd beskikbaar wees en die opvoeder moet toegerus wees om enige noodgeval te kan hanteer. Opvoeders sal, deur die toepaslike reëls en regulasies toe te pas, nie net die leerders onder hulle toesig se veiligheid verseker nie, maar sal ook verseker dat hulle nie aan wangedrag skuldig bevind word nie.

### *2.4.3 Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996*

Die aanhef van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996c) maak voorsiening vir die verskaffing van onderwys en die beheer daarvan oor alle aangeleenthede wat daarmee gepaard gaan. Die Skolewet reguleer nie die verwagte standaard en norme waarvolgens die opvoeder sy versorgingsplig moet uitvoer nie. Daar gaan egter kortliks gekyk word na enkele bepalings in die Skolewet wat wel 'n direkte invloed op regsrisikobestuur by skole het.

*2.4.3.1 Die sorgplig van opvoeders*

Artikel 3(1) en (6) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996c) verplig ouers om hulle kinders skool toe te stuur, waar hulle in die sorg van opvoeders geplaas word. In die opvoedkundige situasie handel die opvoeder met die leerders vanuit sy oorspronklike en gedelegeerde gesag (Herselman, 2006:18). Die sorgplig is dus 'n professionele taak van 'n opvoeder wat onder meer voortspruit uit die opvoeder se *in loco parentis*-posisie, soos bespreek sal word in paragraaf 3.4.2. Volgens Joubert en Prinsloo (2001:97) beteken die opvoeder se sorgplig dat 'n opvoeder verantwoordelik is vir die veiligheid en gesondheid van die leerders in sy sorg.

*2.4.3.2 Die beheerliggaam en veiligheid*

Artikel 20(1)(e) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996c) bepaal dat 'n beheerliggaam die hoof en opvoeders moet ondersteun in hul professionele werksaamhede en voorsien wetlike maatstawwe aan die beheerliggame waarvolgens dit moet funksioneer.

(1) Die *Minister* kan na oorlegpleging met die Raad op Onderwysministers by regulasie minimum eenvormige norme en standaarde voorskryf vir -

    *(a)* skoolinfrastruktuur.

(2) Die in subartikel (1) beoogde norme en standaarde moet vir die volgende voorsiening maak, maar nie daartoe beperk wees nie:

        (vii) sport- en ontspanningsgeriewe.

Bogenoemde is uittreksels uit die wet wat spesifiek dui op die norme en standaarde vir die beheerliggame ten opsigte van veiligheid van die leerders in sportverband. Dit is dus belangrike riglyne vir regsrisikobestuur deur beheerliggame.

Artikel 5A van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996c) dui die norme en standaard aan waaraan die infrastruktuur by skole moet voldoen, om bevredigende onderwys te

verseker, wat onder andere die skoolomgewing en sportvelde insluit. Hieruit kan afgelei word dat daar 'n sekere norm en standaard moet wees waaraan skole moet voldoen om toe te sien dat die veiligheid van die leerders verseker kan word.

Artikel 8(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996c) bepaal dat die beheerliggaam van 'n openbare skool verantwoordelik is om 'n gedragskode vir leerders te aanvaar ná oorleg met die leerders, ouers en opvoeders van die skool. Artikel 8(2) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996c) bepaal verder dat die gedragskode daarop gemik moet wees om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te vestig, wat toegewy is aan die bevordering en instandhouding van die gehalte van die leerproses. Die leerders se deelname aan sport wat deel vorm van die leerproses word dus ook deur die artikel geraak, want daar moet 'n gedissipineerde en doelgerigte skoolomgewing gevestig word, wat per implikasie beteken dat die leerders se veiligheid ook op die sportveld verseker moet word.

*2.4.3.3 Aanspreeklikheid van die Staat*

Artikel 60(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996c) dui aan dat, in geval van skade tydens 'n skoolaktiwiteit, die Staat aanspreeklik gehou word. Die Staat is aanspreeklik vir enige deliktuele of kontrakturele skade of verlies wat veroorsaak word as gevolg van enige daad of versuim in verband met enige skoolaktiwiteit wat deur 'n openbare skool bedryf word en waarvoor sodanige openbare skool aanspreeklik sou gewees het, by gebreke aan die bepalings van hierdie artikel.

Artikel 60 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996c) is dus ook van toepassing op die bestuur van regsrisiko's. Squelch (2001:147) is van mening dat die belangrikste regsbeginsels ten opsigte van die aanspreeklikheid van beheerliggame en openbare skole die volgende is: Indien 'n leerder van 'n openbare skool tydens skoolaktiwiteite by 'n skool beseer word as gevolg van die nalatigheid van 'n opvoeder, word die Staat aanspreeklik gehou vir die skade of verliese wat so 'n leerder gely het. Dit is die beheerliggaam en opvoeders se plig om te verseker dat

skoolgeboue, speelgronde en sportfasiliteite- en velde veilig is; die versuim daarvan kan lei tot aanspreeklikheid (Squelch, 2001:143).

Squelch (2001:143) gebruik die volgende hofsaak om die regsimplikasies aan te dui wat kan volg as 'n skool se speelgrond nie veilig genoeg is nie. In die saak *Transvaal Provincial Administration v Coley* 1925 AD is 'n sesjarige dogter op die speelgrond beseer toe sy haar balans verloor het en op stokke met skerp punte geval het. Die hof het bevind dat die stokke in 'n area was waar die kinders normaalweg speel en dat die stokke daar 'n gevaar was. Die beheerliggaam en skoolbestuur is nalatig bevind, omdat hulle nie die nodige stappe gedoen het om die stokke te verwyder en sodoende die speelgrond veilig te maak nie.

Die volgende hofsaak is 'n verdere voorbeeld van waar die skool en die beheerliggaam moet verseker dat die skoolterrein en sportvelde veilig is. Die saak *De Kock v Hoërskool Oosterland en Cronje* 1997 is 'n ongerapporteerde saak wat buite die hof geskik is. Die skikkingsakte is later 'n bevel van die hooggeregshof gemaak. Mev. De Kock eis in die saak namens haar seun skadevergoeding van die skool en die klasmaat, Cronje. Haar seun is deur Cronje op die regterwang met 'n stuk teël gegooi, wat hulle op die skoolterrein by 'n rommelhoop gekry het. De Kock het sy regteroog verloor as gevolg van die insident, asook 'n winkelhaakvormige besering aan sy regterwang opgedoen. Na vele operasies het De Kock nou 'n glasoog.

As gevolg van hierdie gebeurtenis moes hy sielkundige behandeling ontvang om die trauma te verwerk. In die hofstukke voer mev. De Kock aan dat De Kock beseer is weens die nalatige en verkeerde optrede van die skool en Cronje, wat die teël gegooi het. Mev. De Kock was van mening dat die leerders nie onder voldoende toesig en beheer was nie en dat die skool nalatig was deur nie toe te sien dat die skoolterrein veilig was nie. Daar is ook getuig dat Cronje voor die insident deur De Kock gewaarsku is om op te hou om met die teëlstukke te gooi, omdat iemand dalk kon

seerkry. Daar is deur getuienisse namens die skool en Cronje aangevoer dat De Kock voorgestel het dat hulle die teëls na mekaar gooi, in amper *Frisbee*-styl. Die bewering is egter deur De Kock ontken. Daar is skadevergoeding van R92500,00 deur die skool en Cronje aan De Kock betaal, nadat 'n skikkingsooreenkoms tussen die partye bereik is (Pienaar, 1997:3).

Dit is dus duidelik uit die voorafgaande hofsake dat skoolhoofde en beheerliggame moet toesien dat daar voldoende toesig en beheer oor die leerders van die skool is wanneer hulle aan buitekurrikulêre aktiwiteite deelneem. Skoolhoofde en beheerliggame moet toesien dat die skoolterrein en sportvelde veilig is. Sport het inherente risikofaktore en die toestand van die geriewe en fasiliteite speel 'n belangrike rol om beserings te verminder en die veiligheid van die leerders te verseker.

*2.4.3.4 Regulasies ten opsigte van veiligheid in skole*

Volgens artikel 61 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996c) kan die Minister van Onderwys regulasies onder hierdie wet uitvaardig om belangrike oogmerke van die Suid-Afrikaanse Skolewet te bereik. Dié regulasies het 'n bepalende invloed op die opvoeder se sorgplig. Daar gaan kortliks gekyk word na toepaslike bepalings in die Regulasies vir veiligheidsmaatreëls by openbare skole (SA, 2006), wat 'n bepalende invloed het op die sorgplig van die opvoeder om die veiligheid van die leerder te verseker.

Artikel 8A(2)(a) en (b) wat handel oor skoolaktiwiteite bepaal dat 'n openbare skool die nodige maatreëls moet tref om die veiligheid van die leerders te verseker tydens enige skoolaktiwiteite en dat die leerders waar moontlik altyd onder toesig van 'n opvoeder moet wees. Die artikel bepaal dus duidelik die primêre taak van die opvoeder se sorgplig, naamlik dat die leerder onder toesig veilig moet wees.

Artikel 8A(7)(a-e) en artikel 8A(8)(a-b) is van toepassing op die mediese inligting en versorging van 'n leerder. Die artikel dui die sorgplig van 'n opvoeder aan, wanneer 'n leerder in 'n skoolaktiwiteit seerkry of siek raak en wat die opvoeder veronderstel is om te doen.

Artikel 8B(1-4) dui die standaard van die sorgplig van die opvoeder aan, rakende die organisering van skoolaktiwiteite. Dit gee riglyne aan die opvoeder wat betrekking het op die spesifieke aktiwiteit wat hy moet reël, wat die volgende insluit: die doel van die aktiwiteit; die tipe aktiwiteit wat onderneem gaan word; kontakbesonderhede van die instansie en toesighouers; tipe vervoer, akkommodasie en eetreëlings; alle reisdokumentasie wat vir vervoer benodig word; en enige ander relevante dokumentasie. Die artikel dui ook aan watter prosedures gevolg moet word as daar enige insident, soos 'n ongeluk, besering of enige vorm van wangedrag plaasgevind het tydens 'n skoolaktiwiteit.

Artikel 8C(1-2) handel oor die ouer/voog se toestemming dat die leerder aan 'n aktiwiteit mag deelneem en artikel E(1a-b) bepaal dat geen leerder aan enige fisiese aktiwiteit mag deelneem as die aktiwiteit die leerder se gesondheid sal benadeel nie. Artikel 8C dui vir die opvoeder aan dat hy die nodige dokumentasies en skriftelike korrespondensie van ouers moet bestudeer sodat hy hom van elke kind se situasie kan vergewis om sodoende sy sorgplig na behore na te kom en uit te voer.

Bogenoemde regulasies ten opsigte van veiligheid in skole het 'n direkte impak op die sorgplig van die opvoeder. Dit benadruk die regsplig van die opvoeder om voldoende sorg te dra vir die veiligheid van die leerder. Die Departement van Basiese Onderwys, beheerliggame en skoolhoofde moet toesien dat die regulasies toegepas word om te verseker dat skole oor die nodige skoolveiligheidsbeleide beskik om sodoende die veiligheid van alle rolspelers te verseker.

Uit al die vorige besprekings blyk dit duidelik dat die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996c) baie spesifiek 'n verantwoordelikheid op die opvoeder plaas met betrekking tot die verlangde standaard waarvolgens die opvoeder sy sorgplig moet uitvoer.

### *2.4.4 Die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders 31 van 2000*

Doelwitte van die SARO-Wet word in artikel 2 gestel:

(a) om te voorsien vir die registrasie van opvoeders;

(b) die bevordering van die professionele ontwikkeling van opvoeders en

(c) die stel, onderhou en beskerming van etiese en professionele standaarde vir opvoeders deur middel van die funksionering van die raad.

Alle opvoeders in openbare en onafhanklike skole word deur artikel 21 van SARO-Wet (SA, 2000) verplig om te registreer by die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders (SA, 2000) en word daardeur aan die professsionele gedragskode van die Raad gebind. Artikel (5)(c)(i) bepaal dat SARO 'n professionele gedragskode vir geregistreerde opvoeders moet saamstel en implementeer. Die SARO-Gedragskode (SA, 2000) is van toepassing op elke opvoeder wat geregistreer is in terme van die SARO-Wet. Die SARO-gedragskode bepaal onder andere in paragraaf 3.7 en 3.9 dat elke opvoeder volgens artikel 3 redelike stappe sal doen om die veiligheid van leerders te beskerm (3.7) en nie nalatig of traag sal wees in die uitvoering van sy professionele pligte nie (3.9).

Die SARO-gedragskode bepaal uitdruklik dat die opvoeder verantwoordelik is vir die veiligheid en sekuriteit van die leerders onder sy sorg. Die volgende hofsaak *Rusere v the Jesuit Fathers* 1970 4 537 (RSC) dui die verwagte standaard aan waaraan opvoeders moet voldoen om die veiligheid van die leerders te verseker. 'n Agtjarige

seun wat 'n oogbesering opgedoen het terwyl hy onder die toesig van die skool se personeel was, se vader het 'n eis teen die Jesuit Fathers, die beheerliggaarn van 'n Rhodesiese (tans Zimbabwese) sendingskool, ingestel. Hoewel dit 'n nie-Suid-Afrikaanse saak is, gee dit spesifieke riglyne wat ook in Suid-Afrika as riglyn kan dien.

Koshuisseuns het in die pouse tussen die sokkeroefening en bad- en etenstyd *Cowboys en Indians* met pyle en boë gespeel, op 'n stuk van die terrein waar daar baie bome, bosse en lang gras was. Die pyle was gemaak van grasstingels wat ongeveer vyftig sentimeter lank was. Die agtjarige Rusere is op 'n kort afstand deur een van sy maats in die regteroog geskiet. Klein Rusere het as gevolg van die skade in die oog die gebruik van sy regteroog permanent verloor.

Rusere se vader het in die hofstukke aangevoer dat daar nie voldoende sorg was nie en dat die opvoeders nalatig was. Die eiser het volgehou dat die ongeluk plaasgevind het weens 'n tekort aan voldoende toesig deur die opvoeders. Dit blyk egter uit die hofstukke dat die koshuispersoneel en prefekte op die terrein was. Die nodige koshuisreëls het gegeld en die leerders is gereeld gewaarsku teen gevaarlike speletjies wat gespeel word. Die speletjie is nie gereeld deur die seuns gespeel nie. In sy uitspraak het Regter Beck aangetoon dat dit nie moontlik is om van opvoeders te verwag dat leerders onder alledaagse toestande aanhoudend opgepas moet word nie. Hy het die beheerliggaam nie aanspreeklik bevind nie, omdat die koshuispersoneel opgetree het soos wat daar van 'n redelike persoon onder dieselfde omstandighede verwag word om op te tree.

Ten spyte van die uitslag van bogenoemde hofsaak, behoort elke opvoeder nogtans hiervan kennis te neem, want die saak is van groot waarde vir 'n opvoeder ten opsigte van die standaard van sorg wat verwag word om voldoende te wees. Die opvoeder op die sportveld moet daarvan kennis neem dat die sportveld 'n potensieel gevaarlike omgewing vir leerders is en dat sportopvoeders aan 'n hoë standaard van

sorg gemeet word. 'n Meer volledige bespreking van die standaard van sorg is in paragraaf 2.4.3.1 as deel van die uiteensetting van die deliktereg bespreek. Ontledings van ander hofsake soos Wynkwart, Lubbe en Louw (in paragraaf 3.4.2 en paragraaf 3.7.3.3) werp ook meer lig op hierdie element van regsrisikobestuur.

Die eis vir skadevergoeding teen die Gautengse LUR vir Onderwys en die Hoërskool Die Wilgers in Pretoria, wat later volledig in paragraaf 3.6 bespreek word, dien as voorbeeld van wat kan gebeur as 'n opvoeder nie sy pligte nakom nie. Die saak toon ook dat 'n opvoeder wat deur die skool aangestel word, 'n regsplig teenoor die leerders het om die veiligheid van die leerders te verseker.

Die opvoeders wat by buitekurrikulêre aktiwiteite betrokke is, moet seker maak dat hulle hul sorgplig teenoor die leerders onder hulle toesig nakom, aangesien daar 'n groter mate van risiko by dié aktiwiteite is. Indien daar dan wel beserings of ongelukke is, moet die opvoeders dadelik (dus nie op nalatige of trae wyse nie) alles binne hulle vermoë doen om die nodige noodhulp toe te pas en mediese hulp in te roep om die herstel en gesondheid van die leerder te verseker.

## 2.5 Nie-onderwysspesifieke wetgewing

Bykomend tot die onderwyswette is daar nog ander wetgewing wat nie spesifiek betrekking het op die onderwys nie, maar waarvan die bepalings ook op die onderwys van toepassing is, aangesien dit indirek ook die opvoeder se sorgplig en risikobestuur reguleer. Nie-onderwysspesifieke wetgewing is dus wetgewing wat nie spesifiek met die oog op onderwys uitgevaardig is nie, maar wel 'n invloed op die onderwys het (Oosthuizen & Roos, 2003b:28).

Die wette wat hoofsaaklik hieronder ressorteer, word kortliks bespreek.

### 2.5.1 *Die Wet op Kindersorg 38 van 2005*

Die Wet op Kindersorg (SA, 2005) fokus onder andere op die beskerming van kinders. Artikel 39(1) van die Wet op Kindersorg (SA, 2005) dui die vereistes aan ten opsigte van die mediese behandeling van kinders. Schouwstra (2008:31) wys daarop dat opvoeders kennis moet dra van hul administratiewe verantwoordelikhede wat Artikel 39(1) van die Wet op Kindersorg meebring. Dit is die leerder se reg om mediese behandeling te kry indien hy onder 'n opvoeder se toesig seergekry het.

Joubert en Prinsloo (2001:112) wys daarop dat 'n opvoeder moet toesien dat 'n leerder wat beseer is dadelik mediese aandag moet kry, ongeag wie vir die mediese uitgawes verantwoordelik is. Die volgende twee hofsake wys wat die gevolge kan wees as die nodige en korrekte noodhulpmetodes nie gevolg word nie.

In die Amerikaanse saak *Stineman v Fontbonne* (664 F 2d 1082 1981) verwys Gray soos aangehaal in Singh (1999:105) na 'n kollege-sagtebalspeler, wat van geboorte af doof was en slegs lippetaal kon lees, se eis om skadevergoeding nadat hy deur 'n medespeler in die oog gegooi is. Nadat die eiser raakgegooi is, is die eiser deur sy afrigter aangesê om ys op sy oog te sit en te rus. Die eiser het ná die besering totale sig in die oog verloor. Volgens die dokter se getuienis het die eiser se besering, as dit korrek hanteer is, 'n negentig persent kans op herstel gehad. Die hof het besluit dat die besering in 'n sekere mate die gevolg was van versuim om behoorlike mediese bystand te verseker.

In die Kanadese saak van *Robitaille v Vancouver Hockey* Club (1981 124 DLR 3 rd 228) verwys Prinsloo soos aangehaal in Singh (1999:105) na 'n hokkieklub wat middellik aanspreeklik gehou is vir die nalatige optrede van hulle spandokter. Volgens die getuienis het die klub kontrole oor die dokter uitgeoefen. Die klub het besluit wie mediese behandeling moet kry, waarna die dokter aan die klub moes terugrapporteer. Dus was die primêre verantwoordelikheid van die dokter teenoor die

klub. Die dokter was nalatig deurdat hy 'n vroeëre besering aan 'n speler geïgnoreer het en die speler die besering daarna baie vererger het.

Dit is dus duidelik dat, indien 'n opvoeder weens nalatigheid om betyds mediese behandeling te kry veroorsaak dat 'n leerder se besering vererger, dit kan lei tot aanspreeklikheid, soos bespreek in paragraaf 4.3.1.4.

### 2.5.2 *Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid 85 van 1993*

Die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (SA, 1993a) maak volgens Kruger (2003:15) nie bepaald voorsiening vir onderwysinrigtings nie, maar is wel gerig op skole met kombuise, gimnasiums en werkwinkels. Die doel van die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (SA, 1993a) soos vervat in die lang titel is:

> *Om voorsiening te maak vir die gesondheid en veiligheid van persone by die werk en vir die gesondheid en veiligheid van persone in verband met die gebruik van bedryfstoerusting en masjinerie; die beskerming van ander persone as persone by die werk teen bedreigings vir gesondheid en veiligheid wat ontstaan uit of in verband met die bedrywighede van persone by die werk; 'n adviesraad vir beroepsgesondheid en veiligheid in te stel; en voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.*

Artikel 9 maak meer spesifiek voorsiening vir die gesondheid en veiligheid van "ander persone" wat in die werkplek mag wees en onderhewig is aan die aktiwiteite van werknemers. Die werkgewer het dus ook teenoor hulle sekere verpligtinge, wat soos volg uitgedruk word:

(1) *Elke werkgewer moet, vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, sy onderneming op so 'n wyse bedryf dat persone wat nie in sy diens is nie en wat regstreeks geraak word deur sy bedrywighede, nie daardeur aan bedreigings vir hul gesondheid of veiligheid blootgestel word nie.*

(2) *Elke persoon in eie diens moet, vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, sy onderneming op so 'n wyse bedryf dat hy en ander persone wat regstreeks geraak word deur sy bedrywighede, nie daardeur aan bedreigings vir hul gesondheid of veiligheid blootgestel word nie.*

Die Departement van Arbeid reik spesifiek sekere dokumente en brosjures uit wat die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (SA, 1993a) van toepassing maak op veiligheid by skole, kolleges en universiteite (Departement van Arbeid, 2011).

In hierdie dokument word pertinent genoem dat byvoorbeeld speelgronde veilig moet wees, wat 'n aanduiding is dat die verpligting van die werkgewer wyer strek as dit wat hy primêr teenoor die opvoeder as werknemer het. Sowel Colditz (2011:2) as Deacon (2011) wys daarop dat die Wet primêr daargestel is vir werknemerveiligheid, maar ook by skole die veiligheid van leerders insluit.

'n Ontleding van artikel 14 van die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (SA, 1993a), waarin die werknemer (opvoeder) die volgende pligte het, kan as kernbelangrik beskou word. "Ander persone" (leerders) word spesifiek ingesluit:

Artikel 14: Algemene pligte van werknemers by werk
Elke werknemer moet by die werk -

*(a)* redelike sorg dra vir sy eie veiligheid en gesondheid en dié van ander persone wat geraak mag word deur sy optrede of versuim;

Snyman en Deacon (2009:16) dui in hulle studie rakende die toepassing van die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid op dramastudente aan dat werksplekke, soos die teater van die dramadepartement aan die universiteit, 'n plek is waar beserings en siektes opgedoen kan word. 'n Persoon wat nie 'n werknemer is nie, byvoorbeeld 'n besoeker of student wat 'n besering of siekte in die werksplek opdoen, kan ook vergoeding eis.

Hierdie wet is dus nie bepaald op sport van toepassing nie, maar daar kan 'n vergelyking getref word tussen die sportveld en -toerusting en die werkswinkels en kombuise. Die wet wys deurentyd ook na die pligte van die werkgewer en werknemer. Die wet maak, soos aangedui, nie spesifiek voorsiening vir onderwysinrigtings nie, maar is op die werknemer-werkgewer se verhouding van toepassing. Die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (SA, 1993a) se toepassing moet 'n belangrike rol by buitekurrikulêre aktiwiteite speel om te verseker dat die skoolhoof, skool en beheerliggame die veiligheid en gesondheid van die werknemers (opvoeders en afrigters) waarborg.

Die saak van *Strauss v MEC for Education, Western Cape Province* 2007 (4) SA 127 (c) kan as 'n riglyn vir hoofde, skole en beheerliggame dien om ook op die sportveld die nodige beskerming aan die opvoeder en afrigter te verleen, om sodoende moontlike beserings en regseise te voorkom. In *Strauss v MEC for Education* was die eiser in die saak 'n skyfwerpafrigter by die Hoër Meisieskool Paarl. Die eiser, 'n sogenaamde *buiteafrigter* (vergelyk paragraaf 2.4.2.2), is gedurende 'n afrigtingsessie met 'n diskus teen die voorkop, net bo die linkeroog gegooi deur 'n atleet wat sy afgerig het. Die beserings wat sy opgedoen het, was van so 'n ernstige aard dat sy permanent gestrem is. Van die beserings wat sy opgedoen het, is breinskade, harsingskudding, nekbeserings, 'n fraktuur in haar linker-ooghoite en 'n oogbesering. Sy het 'n hofsaak aanhangig gemaak en 'n bedrag van R683 000 as skadevergoeding van die verweerder geëis. Die eiser beweer dat haar beserings die gevolg is van nalatigheid van die skool, omdat die skool versuim het om veiligheidsnette rondom die skyfwerphok te plaas, wat die veiligheid van die deelnemers, beamptes en toeskouers moes verseker. Die hofsaak is aanhangig gemaak, gegrond op artikel 60(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996c), wat soos volg bepaal:

> *Die staat is aanspreeklik vir enige skade of verlies wat veroorsaak word as gevolg van enige daad of versuim in verband in verband met enige*

*skoolaktiwiteit wat deur 'n openbare skool bedryf word en waarvoor sodanige skool openbare skool aanspreeklik sou gewees het by gebrek aan die bepalings aan die bepalings van hierdie artikels.*

Die verweerder het egter sy argument gegrond op artikel 20(10), asook artikel 35(1) van die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -Siektes 130 van 1993 (SA, 1993b) en die opvoeder het die hofsaak verloor.

*2.5.3 Die Nasionale Padverkeerswet 93 van 1996*

Een van die opvoeder se take by buitekurrikulêre aktiwiteite, wat heelwat risiko's inhou, is die vervoer van leerders na skoolaktiwiteite of sportbyeenkomste. Artikel 12 van die Nasionale Padverkeerswet (SA, 1996d) bepaal soos volg:

(1) Geen persoon mag 'n voertuig op 'n openbare pad bestuur

(a) tensy onder die outoriteit en voorwaardes van 'n spesifieke amptelike lisensie wat uitgereik is.

Volgens artikel 12(1)(a) van die Nasionale Padverkeerswet (SA, 1996d) moet die opvoeder oor die regte soort lisensie en 'n professionele bestuurspermit beskik voordat leerders vervoer word. Artikel 63(1) en 64 van die Nasionale Padverkeerswet (SA, 1996d) dui die vereiste standaard aan waarvolgens die leerders vervoer moet word. Artikel 8D(1a-e) van die Regulasies vir veiligheidsmaatreëls by openbare skole (SA, 2006) bepaal ook die vereiste standaard waaraan die voertuig moet voldoen en dat die bestuurder in besit moet wees van 'n geldige bestuurspermit en openbare bestuurspermit. Artikel 63(1) beslis dat geen motoris sorgloos of onverskillig sal bestuur nie. Artikel 64 beslis dat 'n motoris sorgsaam en voorkomend sal optree om die veiligheid van alle padgebruikers te verseker.

Voertuigbestuurders en toesighouers is toerekenbaar vir die versorging en veiligheid van leerders wanneer hulle die leerders na skoolaktiwiteite vervoer (Joubert & Prinsloo, 2001:111). As 'n opvoeder 'n toesighouer is, is die opvoeder verantwoordelik vir die gedrag van die leerders. Die toesighouer moet ook toesien dat die bestuurder veilig en verantwoordelik bestuur. Daar moet van elke leerder 'n vrywarings- en toestemmingsbrief wees waarin die ouers/voogde toestemming gee dat die leerders vervoer mag word. Joubert en Prinsloo (2001:111) sê verder dat, voordat leerders met 'n voertuig vervoer word, daar deur die bestuurder seker gemaak moet word dat die voertuig padwaardig is en oor die nodige lisensies beskik.

In die saak *Eggeling v Law Union and Rock Insurance Co* 1958 3 SA 592 (D) is 'n voorbeeld van watter standaard van versorging van 'n opvoeder verwag word wanneer leerders vervoer word. In die betrokke saak was die verweerder 'n busbestuurder wat leerders tussen die ouderdomme van ses en dertien jaar skool toe en huis toe met die bus vervoer het. 'n Sesjarige leerder het voor langs die bestuurder gestaan. Die leerder het egter by die oop deur uitgeval toe die bus in beweging gekom het en is ernstig beseer. In regter-president Broome se uitspraak dui hy aan dat die bestuurder van die bus 'n plig gehad het om toe te sien dat alle voorsorgmaatreëls in plek was. Die busbestuurder moes gesorg het dat die leerder op sy plek gesit het en dat die deur veilig toe was. Hy het dus die verantwoordelikheid gehad om toe te sien dat al die leerders veilig vervoer word.

Dit is duidelik uit die voorafgaande besprekings dat opvoeders deeglik ingelig moet wees oor hulle wetlike verantwoordelikhede. Opvoeders moet 'n goeie begrip hê van die inhoud van die wette, want die wetgewing se regstreekse doel is om aspekte van veiligheid by skolesport te reguleer. Die wette kan 'n direkte of indirekte invloed uitoefen oor hoe hulle regsrisikobestuur toepas en of die vereiste standaard van versorging wat van hulle verwag word gehandhaaf word.

## 2.6 Provinsiale onderwyswetgewing

Artikel 43 van die Grondwet van Suid-Afrika (SA, 1996a) verleen aan die provinsiale wetgewers van die onderskeie provinsies van Suid-Afrika die gesag om provinsiale wette uit te vaardig. Dit sluit ook die gesag in om wetgewing oor onderwysaangeleenthede in die besondere provinsie uit te vaardig (Oosthuizen & Roos, 2003b:28).

Alhoewel daar nege provinsiale onderwyswette is, word slegs die Noordwes-Onderwyswet vir Skole kortliks bespreek, omdat hierdie navorsing slegs in die Noordwes-provinsie gedoen word. Hierdie wet het die volgende lang titel waarin die doel van die wet soos volg uitgespel word:

> Om 'n gemeenskaplike sisteem vir die organisasie en befondsing van skole te voorsien; om sekere wette t.o.v. die skole te verander of te herroep; om die beste opvoedkundige belange van die kind voor te hou deur opvoeding van steeds groeiende kwaliteit onderrig en om die regte van alle leerders, ouers en leerkragte te beskerm en hulle verantwoordelikhede te aanvaar t.o.v. die organisasie, bestuur en befondsing van skole in samewerking met die Staat; en om voorsiening te maak vir sake wat hiermee verband hou.

Op grond van genoemde magtiging het die provinsiale wetgewer van die Noordwes-Provinsie byvoorbeeld die Noordwes-Onderwyswet vir Skole 3 van 1998 uitgevaardig. Die Noordwes-Onderwyswet is ooreenkomstig die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996c) geskryf. Volgens Mentz (2003:395) mag 'n provinsiale onderwyswet nie bepalinge bevat wat nie ooreenstem met die SA Skolewet (SA, 1996c) nie. Die wet is ondergeskik aan die parlementêre onderwyswetgewing en die Grondwet en is van toepassing op spesifieke bepalings rakende onderwys in die Noordwes-provinsie.

Daar word aandag gegee aan sekere doelstellings van die wet soos vervat in die lang titel, maar die gesondheid en veiligheid van leerders word nie aangespreek in die Noordwes-Onderwyswet vir Skole nie. Kruger (2003:14) noem dat dit as 'n groot tekort in die wet gesien kan word. Dit sou dus van pas gewees het indien die Noordwes-Onderwyswet vir Skole ook die gesondheid en veiligheid van leerders by die skool aangespreek het. Die mees toepaslike doelstelling van die wet ten opsigte van die veiligheid van die leerder is om "*beste opvoedkundige belange van die kind voor te hou*".

Die spesifieke doelstelling en artikel 28(2) van die Grondwet van Suid-Afrika (SA, 1996(a) wat ook bepaal dat 'n kind se beste belang deurslaggewend is in elke aangeleentheid wat die kind raak, is kongruent met mekaar en beide doelstellings is indirek daarop gemik om ook die veiligheid van die leerder op die skoolterrein te verseker.

SAMEVATTING

In die bespreking van die toepaslike wetgewing is dit duidelik dat daar genoegsame wetgewing bestaan om die opvoeder en leerder in die onderwyssisteem van Suid-Afrika te beskerm. Daarvan kan dus afgelei word hoe belangrik statutêre bepalings vir onderwys in Suid-Afrika is. Alhoewel daar baie van die gemeenregtelike beginsels in ons wetgewing voorkom, bied statutêre regulering spesifieke riglyne en dit kan bydra tot groter beskerming van die opvoeder. Hierdie wetgewing bepaal die standaard van die sorgplig van die opvoeder. Uit die sorgplig van die opvoeder vloei daar sekere regte en pligte vir die opvoeder en die leerder. Hierdie regte en pligte is afdwingbaar en die hoof, beheerliggaam en opvoeders moet toesien dat daar aan die bepalings van die wet voldoen word. Die gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat daar genoegsame wetgewing in die Suid-Afrikaanse onderwyssisteem bestaan om die sorgplig en die veiligheid van die leerder met betrekking tot buitekurrikulêre aktiwiteite te reguleer. Dit is belangrik dat al die belangegroepe genoegsame kennis

van al hierdie wette moet hê om te verseker dat 'n veilige omgewing vir die leerder geskep kan word.

# HOOFSTUK 3: GEMEENREGTELIKE DETERMINANTE VIR REGSRISIKO-BESTUUR IN SKOLESPORT

## 3.1 Inleiding

Daar is sekere beginsels in die gemene reg wat gebruik word om vas te stel wat die opvoeder se pligte is teenoor die leerder aangaande die leerder se gesondheid en veiligheid, in onder andere die skoolomgewing en sportveld. In hierdie hoofstuk word die gemeenregtelike determinante vir die sorgplig van die opvoeder met betrekking tot regsrisikobestuur op die sportveld bespreek, met spesifieke verwysing na die beginsels en toepassing van die deliktereg.

Die gemene reg is volgens Wentzel (2008:137) daardie afdeling van die reg wat nie deur die parlement of provinsiale wetgewers uitgevaardig is nie. Baie van die algemene regsbeginsels waarvolgens ons leef, kom uit die gemene reg. Die gemene reg kan beskou word as 'n akkumulasie van regsvoorskrifte wat deur die eeue sedert die Romeinse tydperk ontwikkel het en word gevind in die werke van toonaangewende skrywers, asook regspraak. Wanneer 'n aangeleentheid nie deur wetgewing gereël kan word nie, geld die gemene reg gewoonlik.

Heelparty gemeenregtelike beginsels is van toepassing op die onderwys (Bray & Coetzee, 2001:15; Kleyn & Viljoen, 2002:82-85). Die gemeenregtelike beginsels word, naas wetgewing, toegepas en gebruik om probleme in sport en die onderwys op te los (Rossouw, 2008:22). Volgens De Wet en Oosthuizen (2001:163) is een van die gemeenregtelike verpligtinge van die opvoeder, in terme van sy rol as sorgsame toesighouer, om om te sien na die fisieke en geestelike welstand van die leerder.

Wanneer die beheerliggaam, skool en opvoeder versuim het om die sportveld en toerusting te beveilig, is daar verskeie ander wetlike en gemeenregtelike beginsels waarvoor die beheerliggaam, skool en opvoeder in 'n geregshof aanspreeklik gehou kan word. Skole het dus 'n wetlike verantwoordelikheid om te verseker dat

behoorlike toesig oor leerders gehou word ten einde beserings of ander tipes skade te voorkom. Opvoeders word dus 'n regsplig opgelê om voorkomend op te tree wanneer leerders aan sport deelneem of in potensieel gevaarlike situasies beland.

By sportdeelname is die gemene reg se primêre funksie om die standaard van toesig te reël om beserings en risiko's te voorkom, wat die redelike en voorsienbare gevolge is van 'n opvoeder se optrede of gebrek aan optrede.

Daar word in hierdie bespreking in die besonder gekyk na die verantwoordelikheid en spesifiek die regsaanspreeklikheid van die opvoeder vir vergoeding van vermoënskade of persoonlikheidsnadeel wat leerders ly as gevolg van ongelukke/beserings op die sportveld of tydens skoolaktiwiteite.

### 3.2 Oorsprong en definiëring van die delik

*Deliktereg* (die Engelse term is *tort* en is afkomstig van 'n Franse woord wat *wrong* beteken). Deliktereg in Suid-Afrika funksioneer binne die privaatreg (Rossouw, 2004:49). In ander lande soos die VSA en Australië word na hierdie dissipline verwys as *tort law.* In die regsliteratuur word daar verwys na deliktereg *(law of delict* of *tort law).* Die deliktereg se doel is om die mens se belange te beskerm. Neethling *et al.* (2010:4) sowel as Rossouw (2004:49) omskryf 'n delik as 'n: *"onregmatige, skuldige handeling van 'n persoon wat 'n nadeel (skade) aan 'n ander persoon veroorsaak".*

Die privaatregtelike aanspreeklikheid van die opvoeder impliseer volgens Botha en Oosthuizen (2003:88) 'n persoonlike aanspreeklikheid. Die opvoeder se aanspreeklikheid word in essensie meer deur sy regsverpligtinge as sy regsposisie bepaal. Die skrywers meen verder dat 'n opvoeder of skool slegs aanspreeklik gehou kan word vir die vergoeding van bogenoemde nadeel indien daar 'n regsplig om sorgsaam op te tree op die opvoeder gerus het en die betrokke party die regsplig op 'n onredelike en skuldige wyse nie nagekom het nie. Die opvoeder of skool het

dus 'n verpligting om die veiligheid van die leerders onder sy toesig en beheer te verseker en die leerder het die reg om beskerm te word.

Schouwstra (2008:52) wys daarop: "die verpligting en verantwoordelikheid van opvoeders ten opsigte van aanspreeklikheid word bepaal deur 'n kombinasie van wetgewing, regulasies, skoolbeleide en gemeenregtelike beginsels".

Botha en Oosthuizen (2003:88), Neethling *et al.* (2010:4), Joubert en Prinsloo (2001:98) en Rossouw (2004:49) verwys almal na die vyf fundamentele elemente naamlik: handeling, onregmatigheid, kousaliteit, skade en skuld, wat bewys moet word alvorens 'n persoon deliktueel aanspreeklik gehou kan word. Hulle is dit eens dat, as daar een van die elemente ontbreek, daar nie van 'n onregmatige daad of bygevolg van aanspreeklikheid sprake kan wees nie.

Volgens Noakes en Du Plessis (1996:281) is deliktereg die reg wat die meeste by sport betrokke is. Dit is ook belangrik dat die opvoeder op die sportveld die nodige agtergrond moet hê sodat die opvoeder in sy optrede homself teen aanspreeklikheid kan beskerm vir moontlike regseise. Onderwyser-afrigters se eie sekuriteit lê dus opgesluit in die mate van regskennis rakende aanspreeklikheid. Die elemente gaan kortliks bespreek word om die nodige agtergrond daaroor te verkry oor hoe dit 'n opvoeder se sorgplig sal raak om te verseker dat die opvoeder in alle omstandighede in die beste belang van die kind sal optree.

### 3.3 Handeling

Rossouw en Keet (2011:5) wys daarop dat die eerste element wat teenwoordig moet wees voordat aanspreeklikheid opgedoen kan word, die handelingselement is. Joubert en Prinsloo (2001:98) definieer 'n handeling as iets wat 'n opvoeder gedoen het of nagelaat het om te doen. Botha en Oosthuizen (2003:88) beskryf die daad of late as 'n menslike handeling of late wat plaasvind uit eie wil, wat kan lei tot aanspreeklikheid. Neethling *et al.* (2010:29) verwys na 'n handeling as 'n willekeurige

menslike doen of late. Rossouw (2004:50) voeg by dat, indien daar nalatigheid ter sprake was, die handeling wat die skade veroorsaak het, 'n vrywillige menslike handeling moes wees. Rossouw noem verder dat niemand dus vir 'n onvoorsiene handeling, byvoorbeeld weerlig, aanspreeklik gehou kan word nie: die sogenaamde *acts of God*.

Dit is egter belangrik om daarop te let dat, indien 'n opvoeder byvoorbeeld bewus is van swaar weer en hy laat toe dat leerders onder sulke gevaarlike omstandighede sport beoefen, sy optrede onregmatig mag wees.

## 3.4 Onregmatigheid

Volgens Neethling *et al.* (2010:37) is die blote aanwesigheid van 'n handeling wat 'n nadeel vir 'n ander veroorsaak, nie genoegsaam om deliktueel aanspreeklik daarvoor te wees nie. Die benadeling moet ook onregmatig wees. Dit moet dus op 'n ongeoorloofde of onredelike wyse veroorsaak word. Volgens Botha en Oosthuizen (2003:100) word 'n opvoeder se gedrag as onregmatig beskou indien:

- die opvoeder as gevolg van sy optrede sekere regserkende regte sonder regverdiging daarvoor aantas en
- die verbreking van 'n regsplig sonder enige regverdiging plaasvind.

### *3.4.1 Die bestaan en verbreking van 'n regsplig*

Opvoeders het 'n regsplig teenoor alle leerders in hulle sorg. Neethling *et al.* (2010:54) lê klem op die opvoeder se optrede, naamlik of die nie-nakoming van 'n statutêre voorskrif aanspreeklikheid daar kan stel. Volgens Botha en Oosthuizen (2003:100) is dit nie noodwendig dat alle benadeling onregmatige behandeling is nie. So kan 'n opvoeder 'n kind 'n gepaste straf gee en daardeur die kind oënskynlik benadeel, maar die kind word nie noodwendig op onregmatige wyse benadeel nie.

Een van die toetse vir onregmatigheid is, soos genoem, om te bepaal of daar 'n regsplig bestaan het, maar wat nie nagekom is nie. In die besondere verhouding tussen 'n opvoeder en 'n leerder is die gemeenregtelike beginsel van *in loco parentis* van belang in die daarstelling van 'n regsplig soos vervolgens bespreek.

### *3.4.2 Die in loco parentis-beginsel*

Volgens Squelch (2001:147) rus daar 'n regsplig op die opvoeder as gevolg van sy *in loco parentis*-posisie om leerders teen gevare te beskerm, asook om hul veiligheid te verseker. Die Latynse uitdrukking *in loco parentis* word letterlik volgens Hiemstra en Gonin (1986:210) omskryf as: in die plek van die ouer. Oosthuizen en Rossouw (1998:92) is van mening dat die opvoeder se *in loco parentis*-rol in die skool 'n soortgelyke rol as dié van die ouer speel, maar nie dieselfde as dié van die ouer nie, asook nie 'n plaasvervangende ouer nie. Die beginsel van *in loco parentis* is volgens Singh (2010:109) op alle persone van toepassing wat met leerders te doen het. Dit sluit in: skoolhoofde, administrateurs, afrigters, opvoeders, skeidsregters en selfs vrywilligers wat sekere verantwoordelikhede onderneem.

Singh en Suruijlal (2010:109) verduidelik die *in loco parentis*-beginsel en plaas die volgende verpligtinge op die skool (opvoeders):

- om gesag en dissipline uit te oefen;
- om sorgsame toesig uit te oefen;
- om op te voed en te onderrig.

DeMitchell (2002:19) is van mening dat die versorgingsplig, om in die plek van die ouer op te tree in die skoolsituasie, 'n aanvaarde optrede is wat van die opvoeder by die skool verwag word. DeMitchell meen verder dat die plig om in die plek van die ouer op te tree, wetlik van 'n opvoeder verwag word en howe interpreteer dit ook so.

*The general assembly recognizes the position of the schools in loco parentis and the responsibility this places on principals and teachers within each school to secure order and to protect students from harm while in their custody.*

Die opvoeder moet *in loco parentis* optree om te verseker dat die leerder homself nie in potensiële gevaarsituasies bevind nie. Potgieter (2004:155) betwis egter die huidige status van *in loco parentis* in die opvoeder-leerder-verhouding. Hy is van mening dat die opvoeder se pligte en verantwoordelikheid vandag eerder deur wetgewing bepaal word as deur die toepassing van hierdie gemeenregtelike norm.

In die reeds bespreekte hofsaak (vergelyk paragraaf 2.4.4) *Rusere v the Jesuit Fathers* 1970 4 537 (RSC) staaf die regter se uitspraak Potgieter se betwisting van die huidige status van *in loco parentis*. Regter Beck het in sy uitspraak gewaarsku teen 'n te hoë verwagte vlak van toesig, aangesien dit volgens hom onmoontlik is om van 'n opvoeder te verwag dat leerders in gewone omstandighede gedurig opgepas moet word. Indien 'n opvoeder 'n groep leerders byvoorbeeld na die see vergesel, sal hy nalatig wees indien hy nie voortdurend streng toesig oor hulle hou nie. Wentzel (2008:140) wys egter daarop dat die onbillikheid om deurlopende toesig te verwag, nie geld as daar voorsienbare risiko's is nie. In gevalle waar die risiko hoog is, is baie intensiewe toesig wel nodig.

Die uitspraak van die regter in *Wynkwart NO v Minister of Education and Another* 2002 (6) SA 564 (C) ten gunste van die verweerders bevestig dit. DeMitchell (2002:25) verwys egter na sommige opvoedkundige kenners wat ook die *in loco parentis*-beginsel betwyfel en die vraag is gevra of die *in loco parentis*-beginsel dood is 'n New Yorkse hof het egter in 1996 geskryf:

*The school, once it take over physical custody and control of the children, effectively takes the place of their parents and guardians.*

DeMitchell (2002:26) meen ter opsomming dat ouers die plig het om hulle kinders te versorg en op te pas en die skool het dus die plig, wanneer hulle in die plek van die ouer optree, hulle die kind moet versorg en beskerm.

### *3.4.3 Die versorgingsplig van die opvoeder*

Een van die noodsaaklikste en belangrikste rolle van 'n opvoeder ten opsigte van sy versorgingsplig is volgens De Wet en Oosthuizen (2001:163) die sorg vir die fisiese en psigiese veiligheid van leerders wat aan hul sorg toevertrou is. Schouwstra (2008:91) is van mening omdat daar geen definitiewe omskrywing van versorgingsplig is nie, dit moeilik is om die standaard van sorg te bepaal. Die omskrywing van die standaard van sorg is al dikwels in hofsake bespreek en bepaal. Singh (2006a:1-2) gebruik die volgende hofsaak om die standaard van sorg te demonstreer in terme van wat van 'n opvoeder verwag word.

In die saak van *Williams v MEC Gauteng Department of Education and others* (2004) is die Williams-seun op die rugbyveld by die skool beseer, toe 'n medeleerder, Charl Victor, 'n gholfballetjie op die rugbyveld geslaan en die gholfballetjie die Williams-seun in die oog getref het. Die Williams-seun het die gebruik van sy oog verloor en hy moes ook die skooljaar herhaal. Die eisers het die beheerliggaam en die Departement van Basiese Onderwys vir R403 873,19 gedagvaar. Die eisers het beweer dat die opvoeders ten opsigte van sekere van hul pligte nalatig was, naamlik: die opvoeders het nie genoegsame toesig oor die leerders gehad nie; daar was nie genoegsame toesig oor die aktiwiteite van die leerders nie; die opvoeders het toegelaat dat gevaarlike aktiwiteite tussen ander leerders plaasvind; die opvoeders het toegelaat dat ander leerders gholfballe met 'n gholfstok tussen ander leerders slaan; die opvoeders het versuim om leerders oor onveilige aktiwiteite te waarsku; daar was ongeveer 'n uur voor die ongeluk geen toesig van opvoeders op die rugbyveld nie.

Singh is van mening dat, al het die hof die saak verwerp, daar geldige punte is om van te leer. Die opvoeder se standaard van sorg moet so wees dat opvoeders leerders se veiligheid kan verseker en dat opvoeders sulke voorsienbare risiko's soos in *Williams v MEC Gauteng Department of Education* kan identifiseer om leerders se veiligheid te waarborg. Die standaard van versorging wat van die skool (opvoeder) verlang word, kan dus omskryf word as die standaard wat van die redelike persoon, die *bonus paterfamilias*, verwag word.

Oosthuizen en De Waal (2003:337) is van mening dat daar 'n te hoë vlak van sorg in die Wynkwart-saak van die opvoeder verwag is. Dit is dus duidelik uit Oosthuizen en De Waal se kommentaar oor uitsprake van hofsake in dié verband, dat die standaard van sorg wat van 'n opvoeder verwag word, nie onredelik moet wees nie. Inteendeel, die versorgingsplig moet wees soos daar van 'n redelike persoon in redelike omstandighede verwag word.

### *3.4.4 Die opvoeder se versorgingsplig in sport*

Rossouw (2008: 58) is dit eens met verskeie ander skrywers (Hamman, 2003; Beloff *et al.*, 1999; Wood, 2003) dat daar 'n gevestigde versorgingsplig bestaan tussen die verskeie rolspelers soos deelnemers, skeidsregters, afrigters, toeskouers en organiseerders. Rossouw (2008:32) noem dat een van die belangrikste oogmerke van 'n skool die skep van 'n veilige en beskermde omgewing is. Hy maak die stelling dat om aan verskillende sportsoorte deel te neem op sigself groter risiko's inhou as gewone klasaktiwiteite en daarom moet die opvoeder kennis neem van regsimplikasies betreffende beserings as leerders aan sportaktiwiteite deelneem. Singh (2004:21) is van mening dat dit amper 'n onmoontlikheid is dat sport sonder 'n besering kan wees. Daar kan dus afgelei word dat, omdat daar groter risiko's verbonde is aan sportaktiwiteite, die opvoeder op die sportveld 'n hoë standaard van sorg moet handhaaf. Rossouw (2008:58) is van mening dat 'n opvoeder veronderstel is om die gevare van spesifieke sportverwante situasies beter behoort te ken as die

tradisionele redelike persoon, wat na 'n gewone mens verwys. Singh (2006a:3) meen ongelukke kan lei tot ernstige beserings, selfs die dood van deelnemers. Singh sê verder dat die standaard van sorg van die opvoeder, asook sy benadering en houding teenoor die deelnemers nie moet wees soos die gewone man se standaard nie, maar op 'n meer professionele standaard moet wees. Dit is dus duidelik uit Rossouw (2008:58) en Singh (2006a:3) se sienings dat daar 'n hoër mate van sorg van die opvoeder verwag word om die veiligheid van die leerders onder hulle sorg te verseker. Noakes en Du Plessis (1996:281) wys daarop dat opvoeders 'n wetlike versorgingsplig teenoor hulle naaste het en daarom mag hulle, hulle nie skade berokken nie. Noakes en Du Plessis (1996:282) wei hieroor uit dat opvoeders redelike voorsorg moet tref om daardie nadelige handeling te vermy, wat redelik voorsienbaar is en wat kan veroorsaak dat leerders onder hulle sorg beseer word. Hulle omskryf "naaste" as persone in wie se fisieke nabyheid die opvoeders verkeer soos uit 'n verhouding tussen die opvoeder en die leerders.

Volgens Noakes en Du Plessis (1996:282) word die versorgingsplig verbreek wanneer

> *... die nodige graad van nabyheid, soos deur die wet vereis word, tussen die klaer en die verweerder bestaan en die verweerder voer 'n handeling uit of versuim om 'n handeling uit te voer, as gevolg van waarvan die klaer beseer word.*

### *3.4.5 'n Noodtoestand as regverdigingsgrond*

Herselman (2006:36) verwys na *S v Pretorius* 1975 (2) SA 85 (SWA) om onregmatige optrede in die praktyk te illustreer. In die saak word die noodtoestand as regverdigheidsgrond getoets. Mnr. Pretorius jaag met sy tweejarige kind hospitaal toe nadat die kind 'n hele paar *Disprin*-pille ingeneem het. Omdat hy vir sy kind se lewe vrees, bly hy nie by die spoedgrens nie en word voorgekeer en beboet. Hy word in die landdroshof skuldig bevind omdat hy die spoedgrens oorskry het. Mnr.

Pretorius teken appèl teen die vonnis aan. In die appèlhof bepaal regter Le Grange dat dit as gevolg van 'n noodtoestand was dat Pretorius die spoedgrens oorskry het en dat die noodtoestand in die saak as regverdigheidsgrond gesien word. Regter Le Grange haal vir Burchell en Hunt aan wat die norme ten opsigte van 'n noodtoestand beskryf:

> *For an act to be justified on the ground of necessity (a) a legal interest of the accused must have been endangered (c) not caused by the accused fault; and, in addition, it must have been (d) necessary for the accused to avert the danger, and (e) the means used for his purpose must have been reasonable in the circumstances.*

Herselman (2006:36) kom tot die gevolgtrekking dat dieselfde standaard vir die opvoeder geld as daar in 'n noodtoestand gehandel word. Die opvoeder moet te alle tye die belange van die leerder eerste stel en die opvoeder se optrede moet van so 'n aard wees dat hy die veiligheid van die leerder kan waarborg.

### 3.5 Kousaliteit

Volgens Neethling *et al.* (2010:185) kan 'n persoon nie aanspreeklik wees as hy nie die nadeel of skade veroorsaak het nie. Daar moet dus 'n oorsaaklike of kousale verband tussen handeling en skade aangetoon word. Neethling *et al.* (2010:185) onderskei tussen twee hoofbenaderings met betrekking tot kousaliteit wat gevolg moet word, naamlik:

- Feitelike kousaliteit
- Juridiese kousaliteit

Met feitelike kousaliteit word bepaal of daar 'n kousale verband bestaan met die feite van elke saak beslis op die beskikbare getuienis. Volgens Neethling *et al.* (2010:185) is 'n feitelike kousale verband dus of daar iets is wat bestaan of

eenvoudig nie bestaan nie en geen verdere beredenering of teoretisering kan oor die saak verder gevoer word nie.

Die hofsaak *Botha v Minister van Veiligheid en Sekuriteit* 2003 6 SA 568 (T) 587 is 'n voorbeeld van regspraak wat die vasstelling van feitelike kousaliteit by 'n nalatigheid illustreer. In die saak is 'n gearresteerde persoon nie deur die polisie geboei nie en die vraag is deur die hof gestel of die gearresteerde nog 'n nadeel sou veroorsaak het indien hy nog geboei was. Die gearresteerde sou nie 'n nadeel veroorsaak het nie en gevolglik is 'n kousale verband tussen die versuim en die skade aanwesig.

Neethling *et al.* (2010:185) en Rossouw en Keet (2011:14) noem dat die *conditio sine qua non*-toets gebruik kan word om te bepaal of daar feitelike kousaliteit is, wat beteken dat die handeling die oorsaak van die nadeel moet wees.

Neethling *et al.* (2010:188) haal vir Van der Merwe en Olivier aan wat noem dat feitelike kousaliteit vasgestel word aan die hand van die *conditio sine qua non*-toets:

> *Hiervolgens is 'n handeling die oorsaak van 'n gevolg indien die handeling nie weggedink kan word sonder dat die gevolg tegelyk verdwyn nie. Die handeling moet met ander woorde "conditio sine qua non" vir die gevolg wees.*

Die *conditio sine qua non*-teorie se toepassing kan volgens Rossouw en Keet (2011:14) gemaak word by skolesport, waar die opvoeder versuim het om op te tree om 'n ongeluk te voorkom. Die opvoeder kan aanspreeklik gehou word op grond van sodanige versuim.

Rossouw en Keet (2011:14) noem as voorbeeld om die *conditio sine qua non*-teorie te illustreer dat die opvoeder aanspreeklik gehou kan word vir beserings as die nodige veiligheidstoerusting by sportsoorte met 'n hoë risiko nie beskikbaar is nie. Rossouw en Keet noem verder dat die opvoeder aanspreeklik gehou kan word vir die

skade as daar bewys kan word dat die leerder se skade is as gevolg van die opvoeder se versuim om op te tree om die besering te verhoed.

Die doel van juridiese kousaliteit is volgens Neethling *et al.* (2010:196) om te bepaal vir watter van die skadelike gevolge wat deur die dader se skuldige of onregmatige optrede veroorsaak is, 'n persoon aanspreeklik gehou kan word. Neethling noem verder dat geen dader onbeperk aanspreeklik gehou kan word nie. Rossouw (2006:46) wys daarop dat daar 'n duidelike verband moet wees tussen die onregmatige daad en die skade wat gely is.

Rossouw en Keet (2011:19) dui aan dat hoewel die optrede die feitelike oorsaak vir die skade was, dit nie 'n genoegsame aanduiding is dat daar 'n oorsaaklike verband tussen die handeling en die skade is nie. Rossouw en Keet voel daarom dat dit nie billik sal wees om net aan te neem dat as 'n persoon onbeperkte aanspreeklikheid aanvaar, daar volgens die juridiese kousaliteit bepaal moet word watter skade uit die handeling voorgekom het nie. Rossouw en Keet impliseer in 'n skoolopset dat 'n onderwyser nie net bloot aanspreeklik kan wees as 'n leerder 'n besering opgedoen het, net omdat hy nie die besering kon verhoed het nie.

Rossouw en Keet (2011:20) gebruik die volgende voorbeeld in skolesport om die juridiese kousaliteit te verduidelik om te bepaal waar die dader se aanspreeklikheid stop. Die voorbeeld word gebruik waar 'n opvoeder nagelaat het om paalbeskermers om die rugbypale aan te bring en 'n speler ernstig beseer is nadat hy teen die onbeskermde paal geduik het. Volgens Rossouw en Keet kan die Departement van Onderwys ingevolge juridiese kousaliteit wel vir die aanvanklike skade, naamlik mediese koste, pyn en lyding aanspreeklik gehou word. Indien 'n ander insident, byvoorbeeld in die hospitaal, later die besering sou vererger en daar verdere kostes is, kan die Departement van Onderwys nie verder daarvoor aanspreeklik gehou word nie.

## 3.6 Skade

Neethling *et al.* (2010:204) omskryf skade as "*die nadelige inwerking op enige vermoëns- of persoonlikheidsbelang wat die reg as beskermingswaardig ag.*" Rossouw (2004:49) meen wanneer 'n persoon skade ly as gevolg van die onregmatige handeling van 'n ander persoon, dit dan as 'n delik bestempel word. 'n Delik is dus aanwesig wanneer 'n handeling van 'n persoon op 'n onregmatige en skuldige wyse nadeel (skade) aan 'n ander veroorsaak.

Schouwstra (2008:71) gebruik regter Rumpf se uitspraak in die Suid-Afrikaanse saak van *S v Bernadus* 1965 (3) SA 287 A 302G-H om skade te definieer.

> *In ons deliktereg word 'n persoon aanspreeklik gehou vir skade indien hy kon voorsien dat skade uit die daad kon ontstaan. Dit is nie nodig dat hy inderdaad moet voorsien watter soort skade die daad kan veroorsaak of wat die omvang van die skade sal wees nie.*

Corbett *et al.* (2008:20) sê al is 'n persoon skuldig aan twee aanspreeklikheids-elemente, naamlik dat hy sy versorgingsplig versuim het en sy standaard van toesig nie was wat van die redelike persoon verwag word is nie, maar daar geen skade is nie, aanspreeklikheid nie bewys kan word nie.

Rossouw en Keet (2011:20) haal vir Visser en Potgieter aan wat skadevergoeding definieer as 'n persoon geldelike waarde van skade ontvang om te vergoed vir die nadeel wat die persoon gely het, sowel as om toekomstige verliese ten volle te kanselleer.

Skade kan volgens Neethling *et al.* (2010:185), Rossouw (2008:46) en Rossouw en Keet (2011:20) twee vorme aanneem, naamlik vermoënskade en nie-vermoënskade (persoonlikheidsnadeel). Rossouw en Keet (2011:20) meen in skolesport is die tipe skadevergoeding wat geëis kan word vir beserings gegrond op sowel vermoënskade as nie-vermoënskade.

Rossouw en Keet noem dat by ernstige beserings vermoënskade mediese uitgawes en verlies van inkomste en verlies aan verdienvermoë sal insluit. Corbett *et al.* (2008:20) sê die hof sal probeer om die persoon te kompenseer vir die skade as die skade ernstig is en aanspreeklikheid bewys kan word. Rossouw en Keet (2011:20) dui aan dat by nie-vermoënskade kan daar eise ingestel word om soos Corbett *et al.* (2008:20) ook daarna verwys kompensasie te eis vir pyn en lyding, rehabilitasiekoste, misvorming, verlies aan algemene gesondheid, verlies aan lewensgenietinge, verkorte lewensverwagting, ensovoorts.

Die twee vorme van skade word nou kortliks bespreek.

*3.6.1.1 Vermoënskade*

Neethling *et al.* (2010:234) verwys na vermoënskade as die verlies of waardevermindering van die nuttigheid. Botha en Oosthuizen (2003:96) noem verskeie tipes nadeel (skade) waarvoor skadevergoeding geëis kan word. Hierdie nadeel (skade) sluit die volgende in:

*3.6.1.2 Mediese uitgawes*

Botha en Oosthuizen (2003:97) is van mening dat, indien daar mediese uitgawes aangegaan is as 'n leerder seergekry het, hetsy vir fisiese of psigiese beserings en die oorsaak daarvan is deur die doelbewuste of nalatige gedrag van 'n opvoeder veroorsaak, die delikpleger (die opvoeder, skool en ook die Departement van Basiese Onderwys) gedagvaar kan word vir die skade (mediese uitgawes en pyn en lyding). In die bekende saak van *Wynkwart NO v Minister of Education and Another* 2002 (6) SA 564 (C) word die verweerders verantwoordelik gehou vir mediese uitgawes van die leerder.

*3.6.1.3 Saakskade*

Neethling *et al.* (2002:236) meen saakskade is die "aantasting van die objek van 'n saaklike reg". Botha en Oosthuizen (2003:97) en Joubert en Prinsloo (2001:104) meen voorbeelde van saakskade in 'n skoolomgewing is om die persoonlike eiendom van 'n leerder, skooluniform, skooltas, fiets, ensovoorts te beskadig. 'n Leerder wie se eiendom beskadig is, kan 'n eis instel (sy ouers of voog namens die leerder) teen die persoon wie verantwoordelik is vir die skade aan die eiendom.

*3.6.1.4 Verlies aan inkomste*

Botha en Oosthuizen (2003:97) noem as voorbeeld om verlies aan inkomste te illustreer, 'n tienermodel wat weens 'n besering nie meer as model kan optree nie en skadevergoeding eis weens verlies aan inkomste. Indien sy in die toekoms as gevolg van die erns van die besering nie 'n inkomste daaruit kan genereer nie, kan skadevergoeding vir verlies aan toekomstige verdienvermoë geëis word.

Schouwstra (2008:76) verwys na die saak *State of New South Wales v Moss* (2000) as 'n tipiese voorbeeld om verlies aan inkomste te illustreer. Die eiser in die saak was 'n veertienjarige dogter wat as gevolg van 'n ongeluk in die huishoudkundeklas ernstige brandwonde opgedoen het wat van so 'n aard was dat sy nie haar beplande loopbaan na skool sou kon volg nie. Skadevergoeding vir mediese uitgawes, pyn en lyding asook verlies aan toekomstige inkomste is aan die eiser toegestaan.

Schouwstra (2008:77) is van mening dat die betrokke hofsaak 'n maatstaf kan wees ten opsigte van die opvoeder se versorgingsplig, maar ook om aan te dui hoe 'n besering die rede kan wees tot 'n skadevergoedingseis vir ander vorme van vermoënskade asook persoonlikheidsnadeel.

Hierdie saak moet as waarskuwing aan opvoeders dien. 'n Ongeluk as gevolg van nalatigheid kan verreikende gevolge hê en soos bogenoemde hofsaak bewys het, kan verskeie skadevergoedingseise teen die opvoeder of skool ingestel word.

*3.6.1.5 Persoonlikheidsnadeel*

Volgens Neethling *et al.* (2002:259) kan persoonlikheidsnadeel gesien word as die nadelige verandering van die persoonlikheidsbelange van die benadeelde wat nie die persoon se finansiële posisie benadeel nie. Botha en Oosthuizen (2003:97) noem waar 'n leerder fisiese of psigiese beserings opgedoen het en persoonlikheidsnadeel gely het, 'n finansiële vergoeding aan die kind uitbetaal sal word. Vergoeding of kompensasie word vir verskeie tipes benadeling geëis, soos vervolgens bespreek word.

- Pyn en lyding

'n Eiser kan vergoeding vir ervaring van fisiese en psigiese pyn en die verduur daarvan, liggaamlike en geestelike lyding en die ongemaklikheid daarvan as gevolg van 'n liggaamlike besering eis (Neethling *et al.,* 2002:262 en Botha & Oosthuizen, 2003:97).

In *Brown v Hoffman* 1977 (2) SA 556 (NC) tydens 'n politieke vergadering, het die verweerder (Hoffman) die eiser (Brown) drie vuishoue toegedien, waarop Brown ernstige kopbeserings opgedoen het. Brown se regspan het bo en behalwe die eis vir skadevergoedinging vir mediese onkoste, ook 'n eis ingedien vir genoegdoening vir skok, pyn, lyding, ongemak, verlies aan lewensgenietinge en eerkrenking. Die hof het die eis toegestaan.

In die saak *Van der Westhuizen v Du Preez* 1928 TPD 45 49 eis die eiser skadevergoeding vir liggaamlike pyn en lyding na 'n ongeluk waarin hy beseer is. Die eiser het op sy fiets gery toe hy raakgery is. Die regter het bevind dat skadevergoeding vir mediese uitgawes, pyn en lyding asook verlies aan lewensgenietinge aan die eiser toegestaan moet word, omdat die eiser aanhoudende pyn verduur en dat hy sy beroep as treindrywer nie meer bevredigend kan beoefen nie, omdat hy nou vinnig moeg raak (Neethling *et al.,* 2002:262).

- Misvorming

Volgens Neethling *et al.* (2002:262) en Botha en Oosthuizen (2003:97) kan 'n eiser vergoeding ontvang vir permanente misvorming van die liggaam as gevolg van 'n besering, soos letsels, verlies van ledemate, mankheid en vertrekkings.

- Verlies aan algemene gesondheid

Botha en Oosthuizen (2003:97) en Neethling *et al.* (2002:262) sê 'n eiser kan vergoeding ontvang indien hy sy algemene gesondheid ingeboet het.

- Verlies aan lewensgenietinge

Neethling *et al.* (2002:262) en Botha en Oosthuizen (2003:97) is van mening dat 'n eiser vergoeding kan ontvang indien hy of sy nie meer 'n normale lewe kan lei soos voorheen nie. In die saak *Muntingh v Gautengse Departement van Onderwys en die Hoërskool Vereeniging* 1997 is die leerder na die swembadongeluk 'n kwadrupleeg. Volgens die hofstukke ly hy na die ongeluk aan emosionele trauma, skok en pyn. Muntingh se regspan het, behalwe die eis vir skadevergoedinging vir die mediese onkoste, ook 'n eis ingedien vir genoegdoening vir skok, pyn, lyding, ongemak en verlies aan lewensgenietinge. Muntingh sal vir die res van sy lewe ook sorgbehoewend wees (Jonker, 1997:4).

- Verkorte lewensverwagting

Neethling *et al.* (2002:262) en Botha en Oosthuizen (2003:97) voel 'n eiser kan vergoeding ontvang indien hy of sy met die wete rondloop dat sy lewensverwagting korter is.

- Emosionele skok

Botha en Oosthuizen (2003:97) en Neethling *et al.* (2002:262) meen 'n eiser kan vergoeding ontvang vir skok as gevolg van die delik. Emosionele skok word

gewoonlik geassosieer met pyn en lyding, met geen redelike invloed op die slagoffer se gesondheid. In *Boswell v Minister of Police* 1978 3 SA 268 (OK) is 'n eis vir emosionele skok aanhangig gemaak deur 'n pensionaris nadat sy op 'n oneerlike en ongevoelige wyse meegedeel is dat haar neef deur die polisie doodgeskiet is, omdat hy 'n polisieverdagte was. Sy moes die polisieman vergesel om haar neef by die polisiestasie te gaan identifiseer.

## 3.7 Skuld

Botha en Oosthuizen (2003:89) wys daarop dat skuld 'n voorvereiste is vir deliktuele aanspreeklikheid volgens die Suid-Afrikaanse reg. Neethling *et al.* (2010:131) en Rossouw en Keet (2011:14) wys daarop dat skuld twee verskyningsvorme het, naamlik nalatigheid of opset. Die skrywers meen verder dat nalatigheid en opset dui op die verwytbare gedrag van 'n persoon wat onregmatig behandel is. Aanspreeklikheid vir skade kan volgens Basson en Loubser (2001:5-12) en Neethling *et al.* (2010:131) nie net op grond van onregmatige optrede daargestel word nie, maar slegs as een van die twee verskyningsvorme, naamlik nalatigheid of opset, ook bewys is. Een van hierdie twee vorme moet in die handeling aanwesig wees.

### *3.7.1 Opset*

Squelch (2001:145) definieer 'n persoon se optrede as opsetlik indien sy wil gerig is op 'n resultaat wat hy onregmatig veroorsaak, terwyl hy ten volle bewus is van die onregmatigheid van sy gedrag. Opset bestaan volgens Neethling *et al.* (2010:135) en Rossouw en Keet (2011:14) uit twee elemente, naamlik wilsgerigtheid en onregmatigheidsbewussyn. Neethling *et al.* (2010:135) stel dit dat wilsgerigtheid "die rig van die dader se wil op die gevolg wat hy voorsien" is, wat beteken dat die dader weet wat die gevolg van sy daad gaan wees en ten spyte daarvan steeds wil voortgaan. Onregmatigheidsbewussyn dui daarop dat dit nie "voldoende is dat die dader die wil het om 'n sekere gevolg te veroorsaak nie" wat beteken die persoon moet weet sy optrede is onregmatig (Neethling *et al.*, 2006:137).

### 3.7.2 *Nalatigheid*

Nalatigheid, waarna ook as *culpa* verwys word, is 'n verwyt wat jou vanaf regsweë tref (Botha & Oosthuizen, 2003:92). Squelch (2001:145) en Neethling *et al.* (2010:141) toon aan dat, in die geval van nalatigheid, 'n persoon verantwoordelik gehou word vir nalatige, onversigtige en onbedagsame gedrag, omdat die persoon nie voldoende aandag aan sy optrede gegee het nie, en hy nie volgens die standaard van versigtigheid wat regtens van hom verlang word opgetree het nie. Rossouw en Keet (2011:14) sê dat, by nalatigheid, 'n persoon verwyt word vir sy "onagsaamheid, onsorgvuldigheid of onversigtigheid" omdat die persoon nie voldoende sorg getref het nie. Corbett *et al.* (2008:9) noem dat as 'n persoon se optrede onder die redelike standaard van sorg is, die persoon se optrede as nalatig beskou kan word. Die algemene reël om nalatigheid in die Suid-Afrikaanse deliktereg vas te stel is die objektiewe standaard van die redelike persoon (Rossouw & Keet, 2011:14). Aldus Corbett *et al.* (2008:9) is die algemene toets om nalatigheid te bepaal om die persoon se optrede te beoordeel aan die hand van wat 'n redelike persoon in dieselfde omstandighede sou gedoen het. So 'n persoon se optrede moet van so 'n standaard wees soos wat dit regtens van hom verwag word.

Volgens Noakes en Du Plessis (1996:281) moet daar, om nalatigheid in die hof te bewys, deur die klaer bewys word dat die verweerder:

- 'n versorgingsplig teenoor die verweerder het;
- dat die verweerder die versorgingsplig verbreek het, omdat sy standaard van versorging nie sodanig was as wat van hom verwag is nie; en
- dat die klaer skade gely het a.g.v. die verweerder se nalatigheid.

Neethling *et al.* (2002:140) is van mening dat die kriterium wat die Suid-Afrikaanse reg gebruik om te bepaal of 'n persoon nalatig opgetree het, die objektiewe standaard van die redelike persoon is.

### *3.7.3 Die redelike persoon-toets vir nalatigheid*

Volgens Neethling *et al.* (2002:143) is die redelike persoon bloot 'n denkbeeldige individu "wat die reg versin ten einde 'n werkbare objektiewe maatstaf vir gedrag in die gemeenskap te verkry". Hierdie fiktiewe persoon, dus die "redelike persoon", is nie 'n buitengewoon bekwame persoon, met buitengewone vaardighede, 'n gesofistikeerde of besonder versigtige persoon nie, maar hy is ook nie onbekwaam, ongesofistikeerd of roekeloos nie. Neethling *et al.* (2002:143) meen tussen die twee uiterste karaktereienskappe word die redelike persoon se eienskappe en verwagte gedrag gevind. Vir die opvoeder beteken dit dat sy standaard van sorg dieselfde sal wees as wat 'n *redelike persoon* met dieselfde eienskappe en vaardighede onder dieselfde omstandighede sou doen. Noakes en Du Plessis (1996:284) noem die maatstaf wat redelik is "word aanvaar as dit wat die redelike mens onder bepaalde omstandighede van 'n besondere gebeure sou gedoen het".

Om vas te stel of 'n opvoeder se optrede wel nalatig was, word daar bepaal of die opvoeder soos 'n "redelike persoon" opgetree het. Om dit te bepaal word die moontlik nalatige optrede van die opvoeder geoordeel aan die hand van die redelike persoon-toets.

Die redelike persoon-toets volgens Botha en Oosthuizen (2003:92) en Joubert en Prinsloo (2001:101) is die vraag wat gevra word om te bepaal of die verweerder se optrede nalatig was of nie, die volgende: "Hoe sou die redelike persoon in dieselfde posisie en omstandighede as die dader opgetree het?" Voortvloeiend uit hierdie vraag ontstaan daar nog twee ander vrae:

- Sou dit vir die redelike persoon moontlik kon wees om te voorsien dat die skade die gevolg van sy optrede kon wees?

- Sou die redelike persoon redelike stappe ter voorkoming van hierdie verwagte skade gedoen het?

Botha en Oosthuizen (2003:93) verduidelik dat voordat 'n persoon aanspreeklik bevind word, daar bewys moet word dat die skade redelik voorsienbaar en voorkombaar was. Die toets vir nalatigheid bestaan dus uit twee elemente, redelike voorsienbaarheid en redelike voorkombaarheid, wat hierna bespreek sal word.

Die uitspraak in die hofsaak *Broom v Administrator, Natal* 1966 3 SA 505 (D) is van waarde om die standaard te bepaal waaraan die redelike persoon-toets moet voldoen vir nalatigheid. Mnr. Wilson, 'n opgeleide LO-onderwyser, het op 'n dag sy klas toegelaat om sagtebal te speel, maar die kolf was 'n krieketpaaltjie. Die seuns wat nog moet kolf, het in 'n ry sewe meter van die kolwer af gestaan. Klein Broom wat in die ry gestaan het om te kolf, is egter met die paaltjie teen die kop getref toe die paaltjie uit die kolwer se hand gly. Hy het veelvoudige kopbeserings opgedoen toe die skerp punt sy skedel binnegedring het.

Regter Harcourt het egter bevind dat mnr. Wilson – gemeet aan die norm van die redelike persoon - nie nalatig was nie. Hy voer soos volg aan:

> *The concept of the bonus paterfamilias is not that of a timorous faintheart always in trepidation lest he or others suffer some injury; on the contrary. The probable lack of seriousness of the harm and the small chance of its happening were such that the use of the stump could not itself be regarded as sufficient proof of negligence.*

Indien die redelike persoon in die posisie van die dader wel die nadeel sou voorsien het en ook stappe sou gedoen het om die nadeel te voorkom en die dader het dit nie gedoen nie, sou sy gedrag nalatig wees en hy deliktueel aanspreeklik wees.

Verskeie navorsers en skrywers (Botha & Oosthuizen, 2003:93 en Kruger, 2003:129) gebruik hierdie hofsaak as 'n riglyn van hoe die redelike persoon-toets in die werksomgewing toegepas word. Omdat sportdeelname hoërisiko-aktiwiteite insluit, word die kenmerke van die redelike persoon ook by die opvoeder as professionele en deskundige persoon op die sportveld verwag.

*3.7.3.1 Redelike voorsienbaarheid*

Young, (2004: 8) verwys na Snyman (1999) wat noem dat 'n persoon alleenlik nalatig is met verwysing na 'n spesifieke nagevolg, indien die nagevolg redelik voorspelbaar of voorsienbaar was. Snyman meen voorkoming is wanneer 'n redelike persoon maatreëls sal toepas om te voorkom dat die voorsienbare skade sal intree. Indien 'n persoon versuim om dit te doen, het daardie persoon nalatig opgetree.

Volgens Botha en Oosthuizen (2003: 95) kyk howe om te bepaal of 'n sekere nadeel redelik voorsienbaar was, na die "waarskynlikheid van die intrede van daardie gevolg". Die hof vra normaalweg die vraag: Wat was die kans dat die nadelige gevolge wel sou gebeur?

*3.7.3.2 Redelike voorkombaarheid*

Om te bepaal of die skade wat veroorsaak is redelik voorkombaar was, dui Neethling *et al.* (2002:154-157) en Botha en Oosthuizen (2003:93) aan, dat daar vier oorwegings is wat in ag geneem moet word by die redelike voorkombaarheidskomponent, naamlik:

- Aard en omvang van die risiko

Die redelike persoon sal nie stappe doen om die nadeel te voorkom as die kans dat die potensiële nadeel gely kan word, gering is nie. Die rugbyafrigter sal byvoorbeeld nie die spelers verplig om hulle mondskerms en kopskerms te dra as hulle hanteringsoefeninge doen nie, want die risiko is laag.

- Ernstigheidsgraad van die skade

Indien die ernstigheid van die potensiële nadeel gering is, as gevolg van die dader se optrede, sal die redelike persoon nie stappe ter voorkoming doen om die nadeel te voorkom nie. Indien die ernstigheidsgraad ernstig is, sal die redelike persoon stappe doen om dit te voorkom. Die rugbyafrigter sal nie noodhulpbeamptes reël as die spelers nie-kontakvaardigheidsoefeninge doen nie, maar as daar 'n wedstryd gespeel word, sal hy die nodige noodhulp reël.

- Relatiewe belangrikheid van die doel

Die doel van die handeling kan belangriker wees as die belange wat deur sy optrede aangetas word. Die noodhulpbeampte mag byvoorbeeld 'n speler se trui stukkend sny, wat as skade gereken kan word, om 'n skouerbesering te behandel.

- Koste en moeite ter voorkoming van skade

Indien die koste om die nadeel te voorkom gering is, sal die redelike persoon stappe ter voorkoming doen om die nadeel te voorkom. Indien die koste om die nadeel te voorkom egter baie hoog is, sal daar ook nie van die redelike persoon verwag word om voorkomende stappe te doen om die nadeel te voorkom nie. Indien daar 'n gat op die rugbyveld is, word daar van die rugbyafrigter verwag om die gat op te vul, maar daar kan nie van die rugbyafrigter verwag word om die hele grasoppervlak te vervang as die spelers daarop gly nie.

DeMitchell en Caroll (2004:4) verwys na 'n leerder wat beseer is nadat hy in die gang op 'n waterplas gegly en geval het. Om 'n eis teen die skool in te stel, moes hy bewys het dat die skool bewus was dat water in die gang voor sy sluitkas opgedam het. Die opgedamde water moes sigbaar en 'n geruime tyd al daar gelê het, sodat iemand dit kon rapporteer. Die skool moes dan probeer om die oorsprong van die lek op te spoor en te herstel. Met die verhoor was dit duidelik dat die skool nie

bewus was van die opgedamde water nie en is dus nie aanspreeklik gehou vir die ongeluk nie.

Die teenoorgestelde saak as die vorige een, is waar 'n skool vir vier maande bewus was van 'n gebreekte venster en versuim het om dit te herstel. 'n Leerder het sy arm deur die gebreekte venster gedruk en is ernstig beseer. Die leerder het die skool aanspreeklik gehou en 'n eis teen die skool ingestel vir die besering. Die skool is aanspreeklik gehou vir die eis.

Die Suid-Afrikaanse saak van *Knouwds v Administrateur, Kaap* 1981 (1) SA 544 (C) dien as voorbeeld vir die opvoeder om die komponente van voorsienbaarheid en voorkombaarheid te bepaal. Die hof het bevind dat die ongeluk waartydens die jong kind deur die grassnyer beseer is, nie net voorsienbaar was nie, maar ook redelik voorkombaar. Die hof het bevind dat die skoolhoof nie redelike voorsorg getref het om die beserings aan kinders te voorkom nie. Die skoolhoof, terreinopsigter en werker is aanspreeklik gehou.

Die saak van *Eggeling v Law Union and Rock Insurance Co* 1958 3 SA 592 (D) is nog 'n saak waar die voorkoming van die skade 'n bepalende rol in die regter se oordeel gespeel het. 'n Sesjarige seun is ernstig beseer nadat hy uit 'n bewegende bus geval het. Regter Broom het in sy uitspraak genoem dat daar geen veiligheidsmaatreëls soos selfsluitende deure op die bus was om te verhoed dat die leerders uit die bewegende bus kom nie. Regter Broom dui aan dat 'n hek wat meganies deur die busbestuurder beheer kon word, genoegsame veiligheid aan die leerders sou voorsien het. Regter Broom dui verder aan dat redelike stappe gedoen moes word om die veiligheid van die leerders te verseker. Hy is van mening dat, om so 'n veiligheidshek te voorsien, 'n maklike taak was en dat die verweerder dié voorkomende stap moes gedoen het.

Verskeie skrywers en navorsers soos Botha en Oosthuizen (2003:95), Kruger (2003:129) en Schouwstra (2008:65) is dit eens dat die uitsprake in die twee

voorafgaande hofsake asook in *Rusere v The Jesuit Fathers* 1970 (4) SA 537 (R) goeie voorbeelde uit die opvoeder se werksomgewing is waaraan die opvoeder se optrede gemeet en onderwerp kan word aan die *redelike persoon-toets* en die beginsels van die redelike voorsienbaarheid en redelike voorkombaarheid wat deur die verskeie regters in hulle bevindinge gemaak is.

*3.7.3.3 Die redelike deskundige en standaard van sorg*

Wentzel (2008:142) verwys na 'n aanhaling van regter Ngweyane se uitspraak in *Wynkwart NO v Minister of Education and Another* 2002 (6) SA 564 (C):

*"Teachers are trained on child development and psychology so that they understand the behaviour of children".*

Regter Friedman sê in sy uitspraak van *Knouwds v Administrator, Kaap* 1981 (1) SA 544 (C) 533 die volgende:

> *Dit is welbekend dat die gedrag van kinders dikwels impulsief, onvoorspelbaar en onverantwoordelik kan wees. Dit is ook welbekend dat kinders so verdiep raak in die aktiwiteite waarmee hulle besig is dat hulle onbewus is van enigiets anders.*

Dit is dus belangrik dat opvoeders dié eienskappe van jong kinders ingedagte moet hou wanneer hulle toesig oor hulle hou.

Wentzel (2008:142) sê dat die uitsprake Joubert en Prinsloo (2001:103) se mening bevestig dat die opvoeder as redelike deskundige beskou kan word. Omdat 'n opvoeder 'n deskundige is, beïnvloed die redelike persoon-toets die opvoeder se optrede. Neethling *et al.* (2002:148) meen in die geval van deskundiges word die toets van nalatigheid nie bepaal volgens die optrede van die redelike persoon nie, maar word dit bepaal volgens die optrede wat verwag word van die redelike deskundige. Neethling *et al.* (2010:148) wys egter daarop dat van hierdie redelike deskundige nie in alle opsigte die hoogste mate van deskundigheid verwag moet

word nie in sy werk nie, maar wel die deskundigheid wat van 'n redelike, alledaagse persoon in sy werk verwag word. Joubert en Prinsloo (2001:103) wys daarop dat 'n opvoeder op grond van sy opleiding as 'n redelike deskundige gereken word. Die opvoeder word dus nie meer gemeet aan die standaard van die redelike persoon nie, en daarom word 'n opvoeder op grond van sy gespesialiseerde kennis aan 'n hoër standaard gemeet.

Die reg verwag nie dat 'n redelike persoon te alle tye bedag moet wees op onredelike optrede van ander persone nie. Waar opvoeders egter meestal met leerders werk, moet daar 'n redelike mate van sorg teenoor die leerders wees, omdat leerders impulsief kan optree. Hierdie beginsel is veral van toepassing op jonger kinders soos kleuters (Botha & Oosthuizen, 2003:95).

Botha en Oosthuizen gebruik die uitsprake van *Knouwds v Administrator* (soos bespreek in paragraaf 3.7.3.2) en *Transvaal Provincial Administrators v Coley* (soos bespreek in paragraaf 2.4.3.3), om aan te dui dat daar 'n hoë mate van sorg moet wees as daar met leerders gewerk word. In regter De Villiers se uitspraak in die saak van *Transvaal Provincial Administrators v Coley* voer hy onder andere soos volg aan:

> *I have come to the conclusion that a prudent and a careful man...should have foreseen that the sticks with such sharp projections in the neighbourhood of the mound where children would naturally play, were a source of danger to very young children and sooner or later might result in injury.*

Uit die uitspraak is dit duidelik dat 'n opvoeder 'n hoë standaard van toesig by leerders moet volg en dat 'n opvoeder anders beoordeel gaan word as by die redelike persoon-toets, omdat 'n opvoeder as deskundige ook opgelei is om met leerders te werk.

Mawdsley (2003) soos verwys in Rossouw (2008:58) gebruik die uitspraak in die hofsaak *Cerny v Cedar Bluffs Junior/Senior High School* 628 N.W.2d 697 (Neb. 2001) om te bevestig dat sportafrigters wel aan 'n hoë standaard van sorg gemeet word, omdat afrigters saam met hulle onderwyssertifikate, ook gespesialiseerde opleiding in die hantering van beserings kry. Die twee bekende Suid-Afrikaanse hofsake *Broom and Another v The Administrator* (vergelyk paragraaf 3.7.3) en *Knouwds v Administrateur* (vergelyk paragraaf 3.7.3.2) se uitsprake dui duidelik die standaard van sorg aan wat van opvoeders verwag word.

## 3.8 Faktore wat die standaard van sorg en aanspreeklikheid beïnvloed

Volgens Singh en Surujlal (2010:4) sal die opvoeder se standaard van toesig beïnvloed word deur verskeie faktore, naamlik die ouderdom, die bekwaamheid en vaardighede van die leerders. Die afrigter se verantwoordelikheid sal volgens Rossouw (2008:66) dus verskil volgens die vlak van deelname, ouderdom van deelnemer, vlak van bekwaamheid en ondervinding, en die risikovlak van die spesifieke sportsoort. Hoe gevaarliker die sportsoort, hoe meer effektief sal die toesig moet wees. Die afrigter moet bepaal of 'n deelnemer fiks genoeg is om te oefen of te kompeteer, veral na 'n besering en die oefening moet op 'n behoorlike manier toegepas word.

Rossouw (2008:59) verwys na die volgende voorbeelde van nalatigheid wat deur afrigters begaan is:

- Afrigters laat beseerde spelers toe om aan te gaan met die wedstryd, of forseer hulle om aan te gaan.
- Daar is nie genoegsame toesighouding by hoërisiko-aktiwiteite soos swem of gimnastiek, waar spesifieke vaardighede vereis word nie.

- Om deelnemers te vroeg toe te laat om hoërisiko-bewegings uit te voer, wat meer gevorderd is as waartoe hulle in daardie stadium in staat is, byvoorbeeld in gimnastiek, duik en trampolien.
- Rugbyafrigters laat speel 'n speler buite die posisie wat hy gewoonlik speel, of laat spelers toe om in 'n kompetisie te speel waarvan die vlak van kompetisie te hoog is in vergelyking met die speler se vermoë.

Die Australiese hofsaak *Watson v Haines* (1987) Aus. Torts Report 80-094 is 'n duidelike bewys van Rossouw se vorige voorbeeld waar hy daarop wys dat, indien 'n afrigter nalatig optree, sy nalatige optrede 'n ongeluk of besering kan veroorsaak. In 'n omsendskrywe is mediese inligting wat deur 'n Australiese mediese paneel saamgestel is, aan die Nieu-Suid-Wallis-Onderwysdepartement deurgegee. In die omsendskrywe is daar gewaarsku dat spelers met "lang dun nekke" nie in die voorry mag speel nie, weens 'n hoë risiko van nekbeserings. Nadat die inligting aan die Departement deurgegee is, is 'n vyftienjarige seun, Watson, ernstig in 'n rugbyligawedstryd (Australiese "*rugby league*") beseer.

Die hof het in die saak beslis dat die skool en so ook die Staat nie die nodige sorgplig teenoor 'n vyftienjarige rugbyspeler gehad het nie, toe die seun in 'n rugbywedstryd van sy nekwerwels gebreek het nie. Die seun is nou 'n kwadrupleeg. Die hof het verklaar dat die afrigter nie kon voorsien het dat spelers met "lang, dun nekke" sulke tipe beserings kan kry nie, omdat die afrigter nie op die elite-vlak afgerig het nie. Die Nieu-Suid-Wallis-Departement is egter nalatig bevind, omdat hulle kennis gedra het van die risiko's en hulle versuim het om die opvoeders onder hulle beheer oor die voorsienbare risiko's in te lig. Die finale skadevergoedingskikking het twee miljoen Australiese dollar beloop.

Noakes en Du Plessis (1996:282) noem egter dat dit opmerklik was dat Watson se afrigters nie nalatig bevind is omdat hulle nie seker gemaak het dat hy nekoefeninge gedoen het om sy nek te versterk nie. Die hof het bevind dat daar in daardie stadium

nog geen bewyse of getuienis was dat sulke tipe oefeninge die besering sou kon verhoed nie.

Indien 'n leerder beseer word, hetsy in die klaskamer, gedurende buitemuurse bedrywighede of op pad na sportbyeenkomste en nalatigheid aan die kant van die opvoeder word vasgestel, kan die opvoeder, die skool en die Departement van Basiese Onderwys vir skadevergoeding aanspreeklik gehou word. Daar is sekere punte van belang waaraan 'n opvoeder moet voldoen of aan aandag moet gee om die veiligheid van die leerder in sy sorg te kan verseker. Noakes en Du Plessis (1996:282) is van mening dat afgesien daarvan dat opvoeders 'n besondere plig teenoor die leerders het, skole 'n bykomende versorgingsplig teenoor leerders in sy sorg het.

Dit is belangrik dat die opvoeder se sorgplig aan die wetlike vereistes sal voldoen om te verhoed dat die opvoeder of skool regsaanspreeklik gehou kan word vir enige beserings of ongelukke wat onder sy sorg plaasgevind het.

*3.8.1 Kwalifikasies*

Singh (2004:22) is van mening dat skoolhoofde aanspreeklik gehou kan word as sy opvoeders nie oor die nodige kwalifikasies beskik om die leerders se veiligheid te verseker nie. Hierdie siening word bevestig in *Morehouse College v Russell*, 136 SE 2d 179 - Ga: Court of Appeals 1964, wat handel oor die sterfte van 'n leerder tydens 'n swemklas. Die opvoeder wat die swemklas aanbied, het twee studente as instrukteurs aangestel om die swemklasse te hanteer. Die studente het die dag die klas alleen aangebied en toesig gehou. Die ouers van die oorledene het aangevoer dat die kollege nalatig was om die twee instrukteurs aan te stel wat nie opgelei was om die praktiese swemles aan te bied nie en die kollege moes dit voorsien het.

Volgens Singh (2006a:2) is dit die afrigters se plig om gereeld op hoogte te bly van nuwe afrigtingsvaardighede en ontwikkelinge op die sportveld. Noakes en Du

Plessis (1996:282) noem dat 'n opvoeder bevoeg moet wees om 'n sportsoort af te rig. Hulle reken as 'n opvoeder 'n aktiwiteit aanpak waarvoor hy nie die nodige kennis het nie, hy as nalatig geag kan word.

*3.8.2 Voldoende toesig en korrekte oefenmetodes*

Daar is al verskeie hofsake en regseise teen skole en opvoeders ingestel waar die korrekte oefenmetodes nie gebruik is nie, of waar die opvoeder se toesighouding nie na wense was nie. Smyth (2009:18) verduidelik dat daar altyd 'n risiko vir beserings is indien die sportsoort nie korrek beoefen word nie. Smyth noem verder dat opvoeders nalatig optree wanneer daar nie voldoende toesig is nie, wanneer verkeerde leiding gegee word of wanneer daar van foutiewe toerusting gebruik gemaak word. Smyth se siening dat daar beserings kan plaasvind en dat opvoeders aanspreeklik gehou kan word as daar nie die korrekte instruksies of afrigtingstegnieke toegepas word nie, word geïllustreer in die volgende hofsaak.

Die hof het die skoolbeheerraad in die saak *Garber v Central School District No. 1 of Town of Sharon, New York* aanspreeklik gehou vir nalatigheid, omdat hulle nie die korrekte kandidaat vir 'n toesighouerpos aangestel het nie. Tydens 'n speletjie in die gimnasium wat onder toesig van die skoolopsigter plaasgevind het, is 'n leerder se arm gebreek. Die hof het bevind dat die opsigter se gedrag die verantwoordelikheid van die beheerraad was en dat hy nie geskik was om toesig oor die leerders te hou nie.

Na aanleiding van 'n eis teen 'n skool dat daar nie genoegsame toesig was nie, in die saak *Navarra v Lynbrook Public Schools* 733 N.Y.S.2d730 (App. Div.2001), het 'n appèlhof beslis dat dit aanvaar kan word dat die teenwoordigheid van 'n afrigter of toesighoudende opvoeder nie alle beserings kan voorkom nie (Ferrin, 2003 soos verwys in Rossouw, 2008:64).

### *3.8.3 Versorgingsplig met skooluitstappies*

Dit is belangrik dat opvoeders wat verantwoordelik is vir skooluitstappies of sporttoere, kennis moet neem van die uitsprake van die volgende twee hofsake. Die Appèlhof het met die hofsaak *Hawekwa Youth Camp v Byrne* (27 November 2009)(615/2008) beveel dat 'n skadevergoedingseis deur die Minister van Onderwys (Wes-Kaap) aan 'n leerder toegestaan moes word, nadat hy van 'n stapelbed afgeval het. Die leerder was deel van 'n skooluitstappie na 'n buitelugkamp en die Minister en onderwysers is aanspreeklik gehou op grond van laasgenoemde se nalatigheid.

Die Hooggeregshof in Engeland (Smyth, 2009:13-15) het 'n skool aanspreeklik gehou vir beserings wat 'n 17-jarige seun opgedoen het, tydens 'n uitstappie in Austria. Die seun is nou in 'n rystoel na die ongeluk. Volgens die hofuitspraak moes die opvoeders verhoed het dat die seun sonder toesig ski. In die geval het die seun sy ouers se toestemming gehad om sonder toesig te ski en is hy nogtans die vorige dag aangespreek toe hy dit gedoen het. Die skool is egter vyftig persent aanspreeklik gehou omdat hulle nie sy ski-pas gekonfiskeer het toe hy die vorige dag die reëls oortree het nie. Die hof het bevind dat die skool se regstellende optrede die vorige dag nie voldoende was om 'n herhaling te verhoed nie. Die beslissing is erg gekritiseer in onderwyskringe in Engeland, omdat die skool skriftelike toestemming van die ouers gehad het dat die seun sonder toesig mag ski. Die reaksie op hierdie beslissing was dat skole nie meer uitstappies of toere sal wil onderneem nie. Onderwyskenners wys daarop indien dieselfde standaard gestel word vir opvoeder-afrigters soos in bogenoemde beslissing, skole probleme sal ondervind om opvoeders te kry om sport af te rig en toesig daaroor te hou (Smyth, 2009:13-15).

In die lig van bogenoemde is dit belangrik dat skole, sportafrigters en onderwyspersoneel besef dat behoorlike toesighouding tydens skooluitstappies en toere onontbeerlik is. Skole moet ook toesien dat persone wat aangewys word as sportafrigters op hoogte moet wees van die korrekte afrigtingsmetodes om ernstige

beserings te voorkom. Die toets vir nalatigheid word streng toegepas deur howe en skole, sportafrigters en onderwyspersoneel moet daarvan kennis neem (SAOU Nuusflits, 12/2010).

### *3.8.4 Versorgingplig teenoor toeskouers*

Die veiligheidskwessie rakende stadionbestuur is van belang vir sportorganiseerders en bestuurders op skoolvlak, aangesien hulle ook 'n verantwoordelikheid teenoor toeskouers het. Verskeie voorvalle wêreldwyd het al op hofsake uitgeloop, waar organiseerders gedagvaar is vir beserings, sommige fataal, wat deur toeskouers opgedoen is (Rossouw, 2008:70). Die volgende insidente en hofsake rakende toeskouers toon dat organiseerders ook 'n versorgingsplig teenoor hulle het.

In *Cape Town Municipality v Paine* (1923 AD 207) is 'n toeskouer beseer toe die plank waarop hy getrap het, onder hom gebreek het. Die munisipaliteit is aanspreeklik gehou vir beserings wat hy opgedoen het. Die hof het hierop beslis dat die munisipaliteit 'n verantwoordelikheid het teenoor elke toeskouer op die pawiljoen. Die munisipaliteit is verplig om gereelde inspeksies en herstelwerk aan die pawiljoene te doen om die veiligheid van die pawiljoenstruktuur en toeskouers te verseker. Die hof het die munisipaliteit nalatig bevind in die uitoefening van sy werksaamhede (Parmanand, 1987:123).

Met die Australiese rugbytoer van 1969 het die rugbywedstryd op Loftus Versveld in Pretoria tussen Noord-Transvaal en die Wallabies amper in 'n tragedie geëindig toe die tydelike pawiljoen in duie gestort het en bykans 250 toeskouers beseer is. Die eise teen die Noord-Transvaalse Rugby-unie en die South African Scaffolding (Pty) Ltd is buite die hof geskik (Parmanand, 1987).

Die Gautengse LUR vir Onderwys is verantwoordelik om 100% te betaal van die skade wat 'n dominee kon bewys nadat hy sy linkerskeenbeen en kuitbeen gebreek het op die terrein van die King Edward VII High School in Houghton, Johannesburg.

Die hooggeregshof in Pretoria het dié onderneming deur die LUR (die verweerder) 'n hofbevel gemaak. Die LUR moet volgens die bevel ook die regskoste betaal wat deur die beseerde, ds. Sean Guilbert Wells, vir sy hofsaak aangegaan het. Wells eis in dié hof R525 749 van die LUR vir die besering wat hy opgedoen het. Die verdere geding om die omvang van Wells se skade te bepaal, moet nog aangehoor word. Volgens die hofstukke het Wells na sy seun, Ryan se krieketwedstryd op 12 Februarie 2005 gaan kyk op die terrein van die King Edward VII High School in Houghton, Johannesburg. Wells het in sy hofstukke gesê hy het op die pawiljoen gesit en het toe na 'n hoër stoel toe geskuif om 'n beter sitplek te bekom sodat hy sy seun beter kon sien kolf. Hy het grond toe geval nadat die plank van die stoel waarop hy toe gestaan het, gebreek het. Met die valslag het Wells sy linkerskeenbeen en kuitbeen gebreek. 'n Ambulans het Wells na die Milpark-hospitaal in Johannesburg geneem, waar hy op 14 Februarie 2005 'n operasie aan sy been ondergaan het (Versluis, 2011:3).

Die organiseerders van kleiner skolebyeenkomste kan baie leer en bewus word van veiligheidsmaatreëls wat nie in plek was toe die voorvalle plaasgevind het nie. Organiseerders van skoolbyeenkomste kan verantwoordelik gehou word in geval van waar pawiljoene ineenstort, waar onvoldoende nooduitgange is of waar brandweertoerusting nie op standaard is nie.

### *3.8.5 Versorgingsplig van 'n skeidsregter*

In 'n reeks gevalle is die skeidsregter verantwoordelik gehou vir beserings wat deur spelers in wedstryde opgedoen is. Wood (2003:30) sê bloot dat 'n skeidsregter die reëls en wette van die spel moet ken en dit dan op 'n regverdige manier moet toepas. Volgens Noakes en Du Plessis (1996:282) sal die handeling van 'n skeidsregter beoordeel word op grond van wat redelik is vir die persone in daardie posisie. Hoe 'n skoleskeidsregter 'n skolewedstryd sal hanteer, sal dus totaal verskil van hoe 'n

internasionale skeidsregter die wedstryd sal hanteer. Dit is dus duidelik dat dieselfde vaardigheidsvlak nie van dié twee tipes skeidsregters verwag kan word nie.

Die volgende Engelse saak handel oor die aanspreeklikheid van 'n skeidsregter vir die besering van 'n speler tydens 'n rugbywedstryd. Dit handel in die besonder oor die bekwaamheid en sorgsaamheid waaraan 'n skeidsregter by die toepassing van die reëls betreffende die veiligheid van spelers moet voldoen. In die saak van *Smoldon v Whitworth and Nolan* (HC 19.04.69) het twee o.19-spanne van Sutton Goldfield RUFC en Burton-on-Trent RUFC teen mekaar gespeel. Net voor die einde van die wedstryd het die skrum in duie gestort. Die eiser in die saak, die haker van Sutton, is ernstig beseer. Sy nek is gebreek en sy onderlyf is permanent verlam. Die eiser plaas die blaam op die eerste verweerder, die vaskopstut van Burton en die tweede verweerder, die skeidsregter, vir sy ernstige besering en eis 'n skadevergoeding van een miljoen pond. Die tweede verweerder is 'n lid van die Staffordshire Rugbyskeidsregtersvereniging en word as 'n graad C1-skeidsregter gegradeer (Prinsloo, 1996:793).

Om te voorkom dat vrywilligerbeamptes van nasionale, provinsiale en skoolsport-assosiasies onttrek weens die vrees om verantwoordelik gehou te word vir beserings, moet instansies en skole stappe doen om beamptes te beskerm. Wood (2003:13) waarsku ook dat instansies bewus moet word van sy plaasvervangende verantwoordelikheid vir die bestuur van hulle beamptes.

In *Watson v Haines* (1987) het regter Allen verklaar dat die uitspraak nie nou die sluise ooptrek vir litigasie teen die Staat met betrekking tot beserings wat leerders van die Staat in skolesport opgedoen het nie. Daar kan minstens verwag word dat die Departement duidelik sal uitwys wie se taak dit is om bedag te wees op waarskuwings van veiligheidstekortkominge in die skolesportstelsel; dat daar by die persoon wie se taak dit is, geen twyfel sal bestaan oor hoe ernstig die werk is nie; en dat hy bewapen sal wees met die gesag om beslis op te tree.

Noakes en Du Plessis (1996:284) noem dat, as gevolg van die saak, enige skool waarskynlik nalatig bevind kan word as hulle seuns met lang nekke in die voorry laat speel en dié dan seerkry. Skoolhoofde, beheerliggame en opvoeders moet kennis neem dat, indien hulle nie hul sorgplig nakom nie, die risiko bestaan dat hulle deliktueel aanspreeklik gehou kan word vir skade wat leerders of hulle ouers kan ly. Dit is ook baie belangrik dat die opvoeder homself moet beskerm deur die nodige kennis te verwerf rakende deliktuele aanspreeklikheid.

### *3.8.6 Openbaarmakingsvereiste as voorkomende maatreël*

Rossouw (2004:62) is van mening dat afrigters nie net kan aanneem dat deelnemers bewus is van risiko's van die sport nie, ongeag daarvan dat die gevare duidelik mag wees. Met verwysing na die hofsaak *La Valley v Stanford* 79 N.E. 2d 437 (1947) wys Rossouw daarop dat 'n afrigter aanspreeklik gehou is toe die leerder beseer is. Die leerder het nie die nodige boksoefening, bokservaring of -tegniek gehad nie. Die afrigter is aanspreeklik gehou vir die besering, omdat hy nie die gevare van 'n bokskompetisie vir die leerder tydens die liggaamlike opvoedingsklas verduidelik het nie. De Mitchell en Caroll (2004:4) deel ook Rossouw se siening en dui aan dat dit nie goed genoeg is om slegs 'n instruksie te gee waar daar duidelike voorsienbare risiko is nie. 'n Hokkieafrigter is vir 'n besering aanspreeklik gehou nadat 'n sestienjarige hokkiespeelster beseer is toe sy deur 'n hokkiestok op die mond getref is. Alhoewel die hokkieafrigter aan die begin van die seisoen die spelers beveel het om mondstukke te dra, het hy nagelaat om die spelers weer daaraan te herinner. Die afrigter het ook nie gekontroleer of die spelers dit gebruik nie.

Die openbaarmaking van die risiko's aan die deelnemers is baie belangrik (Rossouw, 2004:62). Onervare en jong leerders se persepsie van die realiteit is nog nie voldoende ontwikkel nie en hulle moet voortdurend bewus gemaak word daarvan. Die afrigter moet met die regte afrigting ook hulle aandag daarop vestig.

### *3.8.7 Medewerkende skuld*

Botha en Oosthuizen (2003:89) wys daarop dat wanneer 'n leerder skade ly, die skade nie altyd ten volle te wyte is aan die optrede van die opvoeder nie. In gevalle waar die onregmatige en nalatige optrede van die opvoeder, sowel as die onregmatige optrede en nalatige optrede van die leerder skade veroorsaak het, kom die regsbeginsel van medewerkende of bydraende skuld ter sprake. Neethling *et al.* (2010:151) wys ook verder daarop dat skuld na die verweerder se optrede wys, terwyl medewerkende skuld die eiser se optrede insluit. Herselman (2006:55) en Schouwstra (2008:67) gebruik die saak van *Butters v Cape Town Municipality* 1993 3 SA 521 (C) as voorbeeld van hoe howe die beginsel van medewerkende skuld in die praktyk toepas.

Mnr. Butters het 'n ernstige besering opgedoen nadat hy in 'n oop kanaal by 'n parkeerterrein geval het. Mnr. Butters eis skadevergoeding van die munisipaliteit van Kaapstad omdat die parkeerterrein nie omhein was nie en die oop kanaal ook nie toegespan was nie. Mnr. Mitchell, Butters se regsverteenwoordiger, het aangevoer dat die munisipaliteit van Kaapstad nalatig was deurdat dit redelik voorsienbaar was dat iemand dalk in die kanaal kon geval het en dat dit redelik voorkombaar was deur dit te omhein. Die regter het in sy uitspraak bevind dat die munisipaliteit nalatig was, omdat hulle nie die parkeerterrein en oop kanaal afgesper het nie. Die regter het egter ook bevind dat Butters self nalatig was, omdat hy moes kon voorsien dat die gebied waar hy loop 'n risiko was. Die regter vind Butters dus medewerkend aanspreeklik. Die hof het gelas dat die munisipaliteit van Kaapstad 75% skuld dra en dus verantwoordelik is om in plaas van R80 000 slegs R60 000 aan Butters te bepaal. Omdat Butters 25% van die skuld dra, is daar slegs 'n R60 000 van sy skadevergoedingseis van R 80 000 toegestaan.

### 3.8.8 *Middellike aanspreeklikheid*

Neethling *et al.* (2002:400) definieer middellike aanspreeklikheid as die "skuldlose aanspreeklikheid van een persoon vir die onregmatige daad van 'n ander". Neethling *et al.* (2010:359) meen verder dat daar net middellike aanspreeklikheid kan wees as "twee persone in 'n besondere verhouding teenoor mekaar staan". Botha en Oosthuizen (2003:99) wys dat 'n opvoeder slegs onder die volgende vereistes middellik aanspreeklik gehou kan word:

- daar moet 'n werknemer-werkgewer-verhouding bestaan;
- die opvoeder moet 'n delik pleeg;
- die opvoeder moes die delik in die uitvoering van sy pligte gepleeg het, en
- die opvoeder moet binne die omvang van sy bevoegdhede optree.

In die Kanadese saak van *Robitaille v Vancouver Hockey Club* (1981 124 DLR 3 rd 228), word 'n hokkieklub middellik aanspreeklik gehou vir die nalatige optrede van die dokter. 'n Speler is ernstig beseer toe die dokter 'n vroeëre besering geïgnoreer het. Volgens die bewyse het die klub aansienlike kontrole oor die dokter uitgeoefen. Die klub het besluit wie mediese behandeling moet kry; die dokter moes aan die klub terugrapporteer; en die dokter se primêre verantwoordelikheid was teenoor die klub.

In die saak *Mckay v Board of Govan School Unit no. 29 of Saskatchewan* (1968), word 'n Kanadese skool aanspreeklik gehou vir die versuim om 'n behoorlik opgeleide gimnastiekonderwyser aan te stel. 'n Sestienjarige seun is beseer toe hy probeer het om 'n moeilike beweging op die brug-apparaat te doen. Die instrukteur het wel die beweging beskryf, maar dit nie gedemonstreer nie. Die instrukteur was nie spesifiek opgelei om gimnastiek af te rig nie.

Die hof het die beheerliggaam op beide klagtes aanspreeklik bevind, omdat hulle versuim het om 'n behoorlik opgeleide gimnastiekonderwyser aan te stel en was dus middellik aanspreeklik vir die nalatigheid van die instrukteur. Die instrukteur kon nie die nodige veiligheidsmaatreëls wat van toepassing is op die beweging, toepas nie.

### *3.8.9 Staatsaanspreeklikheid*

Artikel 60(1) en (2) van die Skolewet (SA, 1996c) bepaal staatsaanspreeklikheid. Volgens hierdie bepalings is die Staat aanspreeklik vir enige skade en verlies as gevolg van enige daad of versuim in verband met enige skoolaktiwiteit wat deur 'n openbare skool bedryf word. Subartikel 1 handel oor 'n daad of versuim in verband met enige opvoedkundige aktiwiteit. Subartikel 2 handel oor die bepalings van die Wet op Staatsaanspreeklikheid 20 van 1957 (SA, 1957) en is op 'n eis kragtens subartikel (1) van toepassing. Wanneer 'n opvoeder dus in die uitvoering van sy sorgplig onregmatig opgetree het, sal die Staat aanspreeklik gehou kan word vir die skade wat 'n leerder gely het, mits dit 'n skoolaktiwiteit was.

## 3.9 Verwere teen aanspreeklikheid

'n Verskeidenheid verwere bestaan in die deliktereg, maar vir die doel van hierdie studie sal slegs vrywaring en instemming tot benadeling bespreek word.

### *3.9.1 Vrywaring*

Vrywaring word volgens Botha en Oosthuizen (2003:100) gesien as 'n aanspreeklikheidsuitsluitingsgrond. As die ouer 'n vrywaringsvorm teken, doen hy dit om afstand te doen van sy reg om sodoende die opvoeder/skool te vrywaar teen skade wat hy mag ly. 'n Ouer is egter nie by magte om afstand te doen van sy kind se reg om te eis nie, 'n aksie wat later deur die kind uitgevoer kan word wanneer hy of sy volwassenheid bereik.

Botha en Oosthuizen (2003:100) wys verder daarop dat artikel 5(3)(e) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996c) bepaal dat as 'n leerder se ouers weier om die ooreenkoms te teken waarin hulle wegdoen van enige eis op skadevergoeding wat tot stand sou kom uit die onderrig van die leerder, die leerder nie toelating tot die skool geweier mag word nie. Botha en Oosthuizen (2003:100) wys daarop dat dit belangrik is dat die opvoeder moet besef dat die vrywaringsvorm, nie die opvoeder kan vrywaar van aanspreeklikheid as daar enige roekelose of doelbewuste optrede was nie. Noakes en Du Plessis (1996:284) dui ook aan dat die vrywaringsvorm net die normale aanvaarding van risiko's dek en dat niemand hulle van redelike verantwoordelikheid onthef nie.

In *Minister of Education and Culture (House of Delegates) v Azel and another* 1995 (1) SA 30 (A) is 'n vakkundige uitstappie deur 'n onderwyseres van Hoërskool Laudium gereël. Me. Azel het 'n vrywaringsvorm onderteken wat die skool, hoof, opvoeder en Departement vrywaar van enige skade. Omdat die mikrobussie wat deur 'n ander onderwyser bestuur is, vol was, het Azel en nog 'n leerder saam met die onderwyseres in haar eie motor gery. Tydens die rit verloor die onderwyseres beheer oor haar motor en ry teen 'n boom vas. Azel word ernstig beseer en doen veelvuldige beserings op. Toe Azel 21 jaar oud word, stel hy 'n skadevergoedingseis van R765 252 teen die Minister van Onderwys in. Azel se regsverteenwoordiger het aangevoer dat die onderwyseres nalatig bestuur het en dat die ongeluk as gevolg daarvan plaasgevind het.

Die appèlhof het bepaal dat die opvoeder nalatig was en die skadevergoedingseis van R765 252 is aan Azel toegestaan. Van deurslaggewende belang by die beslissing was die laaste frase van die vrywaringsvorm:

> *In the knowledge that the principal and his staff will, nevertheless, take all reasonable precautions for the safety and welfare of my child.*

Die uitspraak van die hofsaak versterk Botha en Oosthuizen se waarskuwing dat opvoeders moet besef dat die vrywaringsvorm hulle nie van aanspreeklikheid vrywaar as daar enige roekelose of doelbewuste optrede was nie.

### *3.9.2 Aanvaarding van risiko en toestemming tot benadeling*

Neethling *et al.* (2010:105) definieer toestemming tot benadeling soos volg:

> *Wanneer 'n wilsbevoegde persoon regsgeldig toestemming gee dat hy benadeel mag word, geskied die benadeling regmatig.*

Volgens Neethling beteken dit dat 'n persoon (die benadeelde) afstand doen van sy reg omdat hy aan 'n ander party (die dader) die bevoegdheid verleen om sy belange te benadeel, wat beteken dat die dader nie aanspreeklik gehou kan word vir die skade wat mag ontstaan nie. Neethling *et al.* (2010:105) verduidelik dat toestemming twee verskyningsvorme kan aanneem:

- toestemming tot benadeling
- toestemming (aanvaarding) tot die risiko van benadeling

In sport is daar altyd die moontlikheid van beserings. Singh (2004:21) en Demitriadi en Demitriadi (2007:19) is van mening dat dit amper 'n onmoontlikheid is dat sport sonder 'n besering kan wees. Die stelreël *volenti non fit iniuria* is daarom spesifiek van toepassing op sport en ook in skolesport, omdat die risiko van besering feitlik altyd ter sprake is. Die beginsel beteken vry vertaal: die aanvaarding van risiko deur hulle wat aan die spel deelneem (Noakes & Du Plessis, 1996:281). Anders gestel, beteken dit dat as 'n speler vrywillig deelneem, 'n besering weens die handeling van 'n opponent of afrigter nie onregmatigheid daarstel nie.

Volgens Neethling *et al.* (2010:105) is die stelreël *volenti non fit iniuria* gegrond op die beginsel dat die dader nie aanspreeklik is, indien die benadeelde toestemming tot

die risiko daarvan gegee het nie. In sport stem deelnemers dus normaalweg toe tot die risiko. 'n Rugbyspeler stem dus toe dat hy geduik mag word en 'n krieketspeler dat hy raakgeboul of -geslaan kan word. Noakes en Du Plessis (1996:284) wys daarop dat deelnemers aan 'n sportsoort egter nie alle risiko's aanvaar nie. Daardie beserings wat nie 'n normale of voorsienbare deel van die spel is nie, word uitgesluit. Aanvaarding van risiko sluit nie die instemming tot die onregmatige optrede van ander deelnemers, wat nie binne die reëls van die spel deelneem of wat deur gewelddadige optrede poog om met opset liggaamlike leed te berokken in nie.

Die *volenti non fit iniuria*-stelreël is reeds verskeie kere na beserings tydens kontaksporte toegepas. In die eerste geval *Hattingh v Roux NO and Others* 2011 (5) SA 135 (WCC) is 'n rugbyspeler van Hoërskool Stellenboch deur die Wes-Kaapse hooggeregshof aanspreeklik gehou vir die nekbesering van 'n teenstander op 30 Julie 2005. Regter Burton Fourie het bevind dat mnr. Alex Roux, voorheen 'n haker van die Hoërskool Stellenbosch, hom wel aan onwettige spel skuldig gemaak het deur 'n skrumtegniek te gebruik waarin sy opponenthaker se nek beseer is. Roux is aanspreeklik gehou vir die nekbesering van mnr. Ryand Hattingh, voorheen 'n haker van die Hoërskool Labori in die Paarl. Die besering het plaasgevind in 'n skrum in die eerste 15 minute van 'n wedstryd tussen die twee skole. In die saak beweer Hattingh dat Roux sy besering veroorsaak het deurdat hy sy (Roux se) kop regstreeks teen Hattingh se nek laat bots het. Roux het volgens Hattingh 'n onwettige en gevaarlike beweging, wat 'n "*jack-knife*" genoem word, uitgevoer.

Hattingh se regspan het die volgende aangevoer: "Die uitwerking was dat sy kop in die verkeerde kanaal ingedruk is en dat daar in die proses geweld op Hattingh se kop en/of nek toegepas is, wat toe natuurlik die fraktuur veroorsaak het". Roux het egter in sy verweer beweer dat Hattingh deur sy deelname aan die wedstryd bewus was van die risiko van 'n besering.

Regter Fourie het in sy uitspraak bevind dat Roux se optrede buite die reëls van die spel was en omdat die tegniek so gevaarlik is, val dit nie binne die verwagte risiko's wat aan die spel verbonde is nie. Regter Fourie bevind ook dat Roux se tegniek ook opsetlik was. Die hof het beslis dat die skadevergoeding in 'n latere stadium besleg sal word.

Die tweede hofsaak waar die stelreël *volenti non fit iniuria* ter sprake kom, is die saak *Koffman v Garnett* 574 S.E2d 258 (Va. 2003) waar 'n volwasse afrigter van Amerikaanse voetbal 'n kind geduik en beseer het tydens 'n oefensessie. In hierdie saak het 'n assistent-voetbalafrigter die seun, Andrew Koffman (15), tydens 'n verdedigingsessie geduik om vir die res van die spelers die korrekte tegniek te wys. Met die demonstrasie is die seun se linkerarm gebreek. In die eerste hofsaak is bevind dat die afrigter nie aanspreeklik gehou kan word vir die besering nie, omrede die seun bewus was van moontlike risiko's van beserings wanneer die sport beoefen word. Die afrigter is vrygespreek op die aanklagte. Die Koffmans het teen die beslissing geappelleer weens die feit dat die aanvaarding van risiko nie die instemming insluit tot die onregmatige optrede van 'n ander persoon nie. Die Appèlhof het die appèl gehandhaaf toe hy besluit het dat Garnett se aksie roekeloos was en dat hy nie die veiligheid van die leerder in ag geneem het nie.

In 'n ongerapporteerde saak waarvan Versluis (2011:3) melding maak, is 'n eis vir skadevergoeding teen die Gautengse LUR vir Onderwys en die Hoërskool Die Wilgers in Pretoria deur 'n leerder se ma ingedien nadat haar seun glo tydens 'n rugbyoefening by die skool deur 'n onderwyser geduik is. Die ma eis volgens haar hofstukke in die hooggeregshof in Pretoria R234 883 nadat haar seun (nou 17) se linkerbeen gebreek is in dié voorval op 15 April 2008. In die hofstukke beweer sy mnr. Francois Postimus is deur die Gautengse Departement van Onderwys as onderwyser by die skool aangestel. Postimus moes toesien dat alle rugby-oefenmetodes veilig is; hy moes die seun van 'n fisies veilige omgewing voorsien; en moes die seun nie direk of indirek fisies seermaak nie. Die verweerder beweer egter

dat die ouer en die speler bewus was van moontlike risiko`s van beserings wanneer die sport beoefen word. Die skool se verweer is dus, volgens die *volenti non fit iniuria*-beginsel, dat die ouer en seun toestemming tot die risiko gegee het. Die ma meen egter dat dié tipe besering nie 'n gewone rugbybesering is nie, "maar deur die toedoen van 'n onderwyser wat op 'n onverantwoordelike manier opgetree het deur 'n kleiner seun onverwags te *tackle*..."

In beide die hofsake het die verweerders beweer dat die spelers bewus was van moontlike risiko`s van beserings wanneer die sport beoefen word. Die eisers in die saak dui egter aan dat die aanvaarding van risiko nie die instemming insluit tot die onregmatige optrede van ander deelnemers wat nie binne die reëls van die spel deelneem of wat deur gewelddadige optrede poog om met opset liggaamlike leed te berokken nie.

Joubert en Prinsloo (2001:99) sê dat 'n ouer toestemming moet gee voor sy kind aan 'n aktiwiteit mag deelneem. Artikel 8(c)(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996c) bepaal *"'n Openbare skool moet skriftelike toestemming verkry van die ouer van 'n leerder wat 'n skoolaktiwiteit sal onderneem."*

Joubert en Prinsloo (2001:99) wys daarop dat ouers net toestemming gee tot redelike risiko van besering. Opvoeders moet kennis neem dat daar net toestemming deur die ouers en leerder gegee word tot die risiko van besering as die aktiwiteit binne die leerder se bekwaamheid val en leerders moet kennis neem van die risiko's van die aktiwiteit voor hulle daaraan deelneem. Joubert en Prinsloo maan egter opvoeders dat, ten spyte van ouers se toestemming, opvoeders nog steeds aanspreeklik gehou kan word vir hulle optrede as hulle optrede roekeloos en gevaarlik is.

Dit is belangrik om daarop te let dat in sportsoorte waar daar 'n hoëbeseringsrisiko bestaan, die opvoeder aan 'n hoër standaard gemeet word as wat van 'n gewone persoon wat 'n leek op hierdie gebied is, verwag word.

### 3.10 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar aandag gegee aan die gemeenregtelike determinante van die sorgplig van die opvoeder in skolesport. Daar is in die besonder gefokus op die gemeenregtelike posisie van die kind, die *in loco parentis*-posisie van opvoeders en leerders onder hulle toesig, die sorgplig van die opvoeders en die deliktuele aanspreeklikheid wat opvoeders se sekurititeit in gevaar stel indien hulle nie hulle regsplig nakom nie.

Vanuit van hierdie gemeenregtelike beginsels is dit duidelik dat dit vir opvoeders nodig geword het om meer aandag te gee aan veiligheidsmaatreëls en beleide rondom daardie sportaktiwiteite waarvoor hulle verantwoordelik is.

# HOOFSTUK 4: 'N TEORETIESE RAAMWERK VIR REGSRISIKOBESTUUR IN SKOLESPORT

In hierdie hoofstuk word daar gefokus op elemente van regsrisikobestuur wat bepalend is vir die opvoeder se versorgingsplig tydens sportafrigting en die opvoeder se regsplig ten opsigte van deelnemers se veiligheid.

## 4.1 Risikobestuur en regsrisikobestuur

Wood (2003) noem "*there has been a growing tendency to institute action when injuries have been suffered*". Hierdie tipe menslike aksies het almal regsimplikasies, wat wêreldwyd meer voorkom. Risikobestuur moet dus toegepas word volgens Corbett *et al.* (2008:229) om verlies, skade en aanspreeklikheid te verminder. Wanneer mense aan 'n sportsoort deelneem, stel hulle hulself indirek ook bloot aan risiko's. Rossouw (2008) is van mening dat, indien spelers beserings in kompetisies opdoen, daar dikwels bewerings van opsetlikheid teenoor die opponente gemaak word. Daar word ook bewerings van nalatigheid teenoor afrigters, beamptes en teenoor toeskouers gemaak.

Risikobestuur en regsrisikobestuur word beide as terme in die studie gebruik. Die klem van die studie word op die sekuriteit van die opvoeder geplaas, eerder as die sekuriteit van die leerder as sportdeelnemer. Risikobestuur vorm in hierdie studie 'n belangrike element van die oorkoepelende proses van regsrisikobestuur. Die term is in paragraaf 1.3.1 en paragraaf 4.1 ontleed en daar kan afgelei word dat die term risikobestuur op die deelname van die leerder fokus, terwyl regsrisikobestuur die proses is om regsaksies teen opvoeders en skole te probeer voorkom.

Regsrisikobestuur is dus 'n term wat meer van toepassing is op die opvoeder; by regsrisikobestuur kom die aanspreeklikheid van die opvoeder te vore. Omdat daar 'n besondere verhouding tussen die onderwyser en die leerder bestaan, vorm dit die basis vir die bestaan van 'n regsplig. In die opvoeder se geval is die regsplig 'n

sorgplig. Wanneer 'n leerder in die sorg van 'n opvoeder seerkry en die opvoeder is nalatig in sy optrede, kan die opvoeder aanspreeklik gehou word vir die besering. Die opvoeder het dus sy regsplig versaak. Regsrisikobestuur het besliste sekuriteitsimplikasies vir die opvoeder wanneer die opvoeder sy regsplig versaak (vergelyk paragraaf 1.3.1).

Verskeie navorsers en skrywers het hulle siening oor wat risiko's en risikobestuur is. Cloete (2005:35) definieer 'n risiko as 'n moontlike verlies of 'n besering wat voortspruit uit 'n aktiwiteit. Volgens Singh (2006b:183-184) is risikobestuur 'n metode om onder die wet maksimale beskerming vir deelnemers en afrigters te verseker om aan kwaliteit sport- en ontspanningsgeleenthede deel te neem. Dimitriadi en Dimitriadi (2007) haal Fuller en Drawer aan, wat sê dat risikobestuur 'n sleutelfaktor in 'n effektiewe sportbestuursproses is, aangesien dit onaangename situasies kan voorsien en kan verhoed, soos ongelukke, beserings en selfs noodlottige ongelukke. Corbett *et al.* (2008:229) meen risikobestuur is om dit wat opvoeders van risiko's en beserings weet, te neem, risikobestuursprogramme daarvolgens op te stel en dit dan toe te pas op alledaagse sportorganisasie.

Voordat die risikobestuursprogramme of risikobestuursprosesse bespreek word, word die twee sleutelterme, naamlik program en proses eers kortliks verduidelik sodat daar meer duidelikheid en 'n beter begrip in die studie oor die twee kernwoorde is. Die sentrale tema in die studie regsrisikobestuur is reeds in paragraaf 1.3.1 ontleed en bespreek.

'n Program is volgens die HAT (Odendal & Gouws, 2005:893) 'n geskrif waarin werksaamhede is wat volgens 'n bepaalde plan verrig sal word; 'n werkplan; 'n plan waarvolgens iets uitgewerk word; inhoud van wat vertoon; opsomming en plan. Daar kan afgelei word dat 'n risikobestuursprogram dus die plan is om aan te dui hoe daar te werk gegaan moet word om die voorsienbare risiko's te beperk of te verminder.

'n Proses is volgens die HAT (Odendal & Gouws, 2005:896): 'n ontwikkelingsgang en 'n verloop. Volgens die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (Labuschagne & Eksteen, 1992:674) beteken 'n proses die manier waarop iets gedoen word of voortgang. Daar kan ook afgelei word dat 'n risikobestuursproses die manier is hoe daar gepoog gaan word om die risiko's te verminder of te beperk. Die twee kernwoorde wat belangrike elemente in die regsrisikobestuurstudie is, word nou verder bespreek.

### *4.1.1 Risikobestuursprogramme*

Williams (1994:1-3) skryf reeds in 1994 dat ongelukke plaasvind as gevolg van swak bestuur en die gebrek aan risikobestuursprogramme of -planne. Williams wys daarop dat, om 'n goeie uitvoerbare risikobestuursprogram in plek te hê, dit die hoeveelheid ongelukke en kanse van hofsake teen 'n organisasie of skool verminder. Daar is in paragraaf 1.3.1 daarop gewys dat effektiewe risikobestuur sentraal staan in regsrisikobestuur, wat daarop gemik is om hofsake te verhoed of te verminder.

Risikobestuursprogramme moet ontwikkel word om potensiële probleme te identifiseer en reg te stel. Vir Williams (1994:1-3) is die doel van so 'n risikobestuursprogram om 'n veilige omgewing te voorsien vir deelnemers en werknemers om hulle sport en ontspanningsaktiwiteite te kan uitvoer. Singh en Surujlal (2009:193) haal vir Singh (2004) aan wat risikobestuur soos volg sien:

> *The law expects sports managers to develop risk management and loss control programmes to ensure a safe environment for all who participate in sport. Risk management should be a vital part of the 21st Century sports industry. Its benefits are numerous and its goals are attainable in reducing injuries, harm and losses.*

Spengler *et al.* (2006:2) wys daarop dat die eerste stap om risiko's te beheer is om verwante veiligheidsriglyne en veiligheidstandaarde te aanvaar. Singh (2009:2) is

van mening dat risikobestuur die kernkomponent vorm van enige vorm van sport wat strek van skoolsportaktiwiteite, stadionveiligheid, skarebeheer en sekuriteit by groot sportgeleenthede. Volgens Singh (1999:44) bestaan bestuur uit die volgende stappe: beplanning, organisering, kontrolering en om leiding te neem van ander om die doelwit van die organisasie te bereik. Verskeie van die skrywers en navorsers is dit eens dat die doel van 'n risikobestuursprogram in sport is om 'n effektiewe manier te vind om beserings en die risiko van ander skade aan deelnemers te beperk. Risikobestuursprogramme moet dus ontwikkel word om potensiële probleme te identifiseer en reg te stel.

### *4.1.2 Risikobestuursprosesse*

Singh en Surjal (2009:2) wys daarop dat, omdat risikobestuur nie 'n hoë prioriteit in Suid-Afrikaanse sport geniet nie, die resultaat daarvan talle beserings is. As deel van die kurrikulum neem leerders deel aan aktiwiteite, maar daar is risiko's verbonde aan elke aktiwiteit. Risikofaktore word volgens Van Heerden (1996:12) in twee kategorieë geklassifiseer. Daar is eksterne risikofaktore, soos in die tipe aktiwiteit, die wyse hoe dit beoefen word, die omgewingstoestande en die toerusting wat gebruik word. Dan is daar interne risikofaktore, soos individuele fisiese kenmerke en sielkundige eienskappe.

Om risikobestuursprogramme effektief te bestuur, moet daar bepaalde prosesse gevolg word. Singh (1999:138-145) wys daarop dat 'n risikobestuursproses uit vier aspekte bestaan:

- die identifisering van risiko's;
- die evaluering van risiko's;
- die seleksie van die korrekte benadering;
- finale implementeringsprosedure.

Dimitriadi en Dimitriadi (2007:2) stem in 'n mate saam met Singh dat die identifisering en evaluering van sekere risikobestuursaspekte belangrik is. Die skrywers verwys ook na die implementeringsprosedure as die finale en belangrikste aspek in die risikobestuursproses. Dimitriadi en Dimitriadi (2007:2) noem verder dat, as alle risiko's beheer is en min of geen probleme ondervind word nie, dit 'n bewys is dat die bepaalde risikobestuursproses effektief is.

Singh en Surjal (2010:109-110) het 'n aantal kernelemente in 'n inhoudsanalise van risikobestuur en -praktyke geïdentifiseer wat sportorganiseerders moet implementeer om veiligheid in sport te bevorder en te verbeter. Hierdie elemente sluit die volgende in: die toesig en instruksies van die opvoeder, die sportfasiliteite en sporttoerusting, die vervoer van leerders en die bewys van geskrewe beleide.

Singh en Surjal (2010:8), Kozlowski (1996:26), Rossouw (2008:93-109) en Labuschagne (1999:160) het die volgende strategie geïdentifiseer, wat gebruik kan word om risiko's te beperk en te verminder:

- Korrekte tegnieke en geskikte onderrig in aktiwiteite
- Waarsku deelnemers oor risiko's
- Ontwikkelingsvlak van deelnemers
- Assistent-afrigters en ondersteuning
- Nie-nalatige toesig oor aktiwiteite
- Progressie in vaardigheidsontwikkeling
- Voorkoming van ooreising van beserings
- Fasiliteite en toerusting

Die strategie word in paragraaf 4.3 bespreek. In die bespreking gaan daar ook gekyk word na uitsprake in Suid-Afrikaanse en internasionale hofsake waar die hofuitsprake saam met die strategieë as riglyne gebruik kan word,

Dimitriadi en Dimitriadi (2007:2) wys daarop dat dit belangrik is om in elke aktiwiteit die risiko te kan identifiseer, om 'n wyse te ontwikkel ten einde die probleem te benader en om dan die nodige veiligheidsmaatreëls te implementeer om die risiko te verhoed. Die nodige beplanningstrategieë en deeglike risiko-assessering word van 'n opvoeder verwag om die veiligheid van die deelnemers te verseker (Rossouw, 2008:100). Die navorsers stem saam dat daar 'n bepaalde strategie in risikobestuursprogramme is en as die strategie noukeurig toegepas word, kan dit risiko's beperk of verminder. Ten einde hierdie veiligheid vir die leerders te verseker, moet risiko's beperk word deur toepaslike reëls en regulasies. Die kerndoel van regsrisikobestuur is dus om die veiligheid en sekuriteit van alle betrokkenes te verseker.

### *4.1.3 Risikobestuur en die sorgplig van 'n afrigter*

Singh (2006a:2) definieer die standaard van sorg van 'n opvoeder as die mate van sorg wat verskuldig is aan deelnemers wat in die opvoeder se sorg fasiliteite gebruik en aan fisieke aktiwiteite deelneem sonder om hulle aan risiko's bloot te stel. Die skoolhoof het volgens Singh en Surujlal (2009:192) 'n verantwoordelikheid om te verseker dat alle opvoeders en afrigters verantwoordelik vir sport in die skool bevoegd en gekwalifiseerd is om te verseker dat die nodige sorg geneem word om leerders te vrywaar van risiko's en beserings. Hofuitsprake in Suid-Afrika en ander lande wys duidelik dat howe 'n gekwalifiseerde opvoeder as 'n professionele persoon of 'n deskundige erken, wat daarvolgens oor die nodige vaardighede moet beskik om sportsoorte af te rig (Grayson, 2001 soos in Singh, 1999:85-86). Rossouw (2086:94) verwys na 'n New Yorkse hofsaak in 1987 om die standaard van sorg te illustreer.

In die saak *Yarborough v City University of New York* 520 N.Y.S. 2d 518 (1987) is 'n professionele opvoeder en die universiteit aanspreeklik gehou vir 'n versuim om redelike sorg toe te pas. 'n Studentopvoeder het 'n sakresies gereël, maar het geen of min instruksies oor die korrekte tegniek daarvoor gegee. Die resies is met plastieksakke op 'n houtvloer in 'n saal gedoen. Een van die leerders is beseer en die opvoeder wat waargeneem het, is aanspreeklik gehou vir die besering, omdat hy moes voorsien het dat die studente met die plastieksakke op die houtvloer kon gly en seerkry.

Singh (2006a:2) kom tot die gevolgtrekking dat die opvoeder of afrigter nie geoordeel sal word op wat hy weet nie, maar wat hy behoort te geweet het. Onkunde kan nie as 'n verskoning gebruik word nie.

Soos reeds genoem, is risiko's inherent deel van sport. Omdat die opvoeder 'n regsplig teenoor die leerders het, het die opvoeder sekere regsverpligtinge wat hy moet nakom om sy sorgplig teenoor die leerders na te kom. Kozlowski (1996:27), Labuschagne (1999:160) en Rossouw (2008:91) is dit eens dat opvoeders 'n basiese regsplig teenoor die leerders het. Ook Singh (2002:35) wys opvoeders daarop dat hulle 'n regsplig teenoor leerders onder hulle sorg het en dui die gevaar aan dat hulle aanspreeklik gehou kan word vir beserings as hulle nie die regsplig nakom nie. Daar is uit die literatuur bepaalde stategieë uitgelig wat, as die opvoeder dit in die praktyk sal toepas, sal verseker dat die opvoeder sy regsplig nakom.

## 4.2 Risikobestuur deur die skoolhoof en die beheerliggaam

Die aanspreeklikheid van die onderwysers ten opsigte van veiligheid van die kinders, onder andere binne sportverband, is voortdurend onder die vergrootglas. Suid-Afrikaanse hofsake soos *Lubbe NO v Jacobs NO* [2003] JOL 11496 (T) (vergelyk paragraaf 1.2.3 vir die bespreking) dui daarop dat die sorgplig van die opvoeder deeglik ondersoek word in gevalle van beserings aan leerders.

Vir opvoeders om hulle regsplig teenoor leerders te verstaan, moet hulle 'n duidelike begrip hê oor wat 'n veilige skool behels. Volgens Squelch (2001:138) se definisie van wat 'n veilige skool is (vergelyk paragraaf 1.3.2), kan ons aflei dat dit 'n omgewing is wat fisies veilig is vir die opvoeders en leerders. Squelch noem verder dat die reg om sport in 'n veilige skool te ontvang in die wet verskans is. Roper (2000) meen 'n veilige skool word geskep deur veiligheidsprogramme en -beleide te implementeer deur sekere rolspelers (vergelyk paragraaf 1.3.2). Volgens Squelch (2001) is die reg om onderwys te ontvang in 'n veilige omgewing in die wet verskans (vergelyk paragraaf 2.3.2.3).

Die reeds bespreekte Suid-Afrikaanse hofsake (in paragraaf 3.7.3.3) *Wynkwart NO v Minister of Education and Another* 2002 *en Knouwds v Administrateur* se hofuitsprake spreek die beginsel van die opvoeder se sorgplig ten opsigte van die leerders se veiligheid aan. In beide hierdie hofsake is dit duidelik dat daar 'n hoë standaard van sorg van die opvoeders verwag word wanneer leerders onder hulle toesig is.

Die gemene reg lê aan skoolhoofde, opvoeders en beheerliggame sekere verpligtinge op en verleen aan hulle sekere bevoeghede, waarvan die *in loco parentis* (in die plek van die ouer) 'n voorbeeld is. Omdat die skoolhoof verantwoordelik is vir die professionele bestuur van die skool, het die skoolhoof 'n bepaalde sorgplig teenoor leerders van die skool (Singh & Surujlal, 2009:191). Een van die skoolhoof se primêre take is om te verseker dat daar risikobestuursprogramme vir fisiese aktiwiteite in plek is, om die veiligheid van die leerders te verseker. Die hoof en opvoeders het 'n etiese sowel as wetlike plig om dit te verseker (Singh & Surujlal, 2009:192-193). Singh en Surujlal haal vir Gray (1995) aan om Singh se siening oor die die hoof se verantwoordelikheid te beaam:

> *This is as applicable to community sport as it is to physical education. Hence, the school head also has to ensure that a risk management plan is*

*developed and implemented for physical education programmes that are offered.*

Openbare skole word bestuur deur die beheerliggaam (bestaande uit gekose ouers, die skoolhoof, onderwysers en leerders). 'n Primêre rol van skoolbeheerliggame is om 'n beleid te ontwikkel wat prosedures ten opsigte van veiligheid omskryf. Squelch (2001:141) wys dat 'n gedragskode wat skoolreëls, regulasies, sanksies en dissiplineprosedures bevat, die volgende elemente moet insluit, naamlik reëls ten opsigte van skoolveiligheid en -sekuriteit en die gevolge wanneer die veiligheid- en sekuriteitsreëls oortree word, asook die veiligheidsreëls en prosedures met betrekking tot skooluitstappies of die na-uurse gebruik van skoolfasiliteite.

Die primêre doel van die gedragskode is dus om 'n gedissiplineerde en sinvolle skoolomgewing te skep wat onder andere daartoe kan lei dat die veiligheid van die leerder verseker kan word. Skoolbeheerliggame is dikwels nie bewus van hulle verantwoordelikheid en aanspreeklikheid ten opsigte van skoolveiligheid nie en hulle beskik nie altyd oor die kapasiteit of middele om hulle taak uit te voer nie (Squelch, 2001:138).

### 4.3 Risikobestuur deur die opvoeder

Omdat onderwysers verantwoordelik gehou kan word vir beserings wat opgedoen kan word in die gimnasium of op die sportveld, is dit belangrik dat die opvoeder bewus moet wees van sy regsplig om enige skade of beserings te voorkom (Botha, 1998:40). Die pligte van Suid-Afrikaanse opvoeders kan, behalwe vir kontrakte, gevind word in die Professionele Etiese Kode van Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders (SARO) (SA, 2000). Die gemene reg is 'n belangrike bron waar vasgestel kan word wat die pligte van die werkgewers en werknemers is (Rossouw, 2006:91).

Sport het unieke eienskappe en as gevolg daarvan meen Rossouw (2008:91) dat daar dikwels 'n spesiale verhouding tussen die opvoeders en die deelnemer ontwikkel. Omdat opvoeders baiemaal as rolmodelle vir die deelnemers gesien word, meen Rossouw dat dit belangrik is dat die Wet op Indiensneming van Opvoeders (SA, 1998b) 'n duidelike omskrywing vir die opvoeder moet gee oor wat sy aanvaarbare en kundige optrede moet wees en wat die basiese plig van elke opvoeder is.

'n Belangrike element van die opvoeder se sorgplig wat voortspruit uit die *in loco parentis*-beginsel is die opvoeder se verantwoordelikheid om die veiligheid van die leerders te verseker (Rossouw, 2008:92).

*4.3.1.1 Tegnieke en instruksies in afrigting*

Singh (2006a:1) wys daarop dat verskeie ongelukke in sport voorkom kan word deur behoorlike en korrekte oefeninge. Opvoeders en afrigters het die verantwoordelikheid om sportdeelnemers behoorlik in te lig rakende hulle persoonlike veiligheid in hul sportsoort. Singh noem dat behoorlike instruksies die volgende fasette insluit: die byleer van bepaalde sportvaardighede, om die nie-korrekte tegnieke en tekortkominge uit te skakel en om deelnemers te leer oor die reëls en veiligheid in hulle spesifieke sportsoort. Kozlowski (1996:27) en Labuschagne (1999:160) is van mening dat opvoeders geskikte onderrig in die bepaalde sportaktiwiteite aan die deelnemers moet gee. Verskillende kommunikasiemetodes moet deur die opvoeders gebruik word om die korrekte instruksies by hulle tuis te bring, soos verbale en visuele demonstrasies en geskrewe opdragte. Dit is die verantwoordelikheid van die afrigters self om hulle op hoogte te hou van nuwe afrigtingstegnieke en -reëls en om hulle kennis van die sportsoort voortdurend op te knap. Indien die korrekte tegnieke nie gevolg word nie, moet die afrigters die gevare wat daaruit kan spruit, aan die deelnemers verduidelik.

Die saak *Green v Orleans Parish School Board, La.App.* 365 So.2d 834 (1978) handel oor 'n leerder wat 'n stoeierbrug in die liggaamlike opvoedingsklas moes uitvoer. Die hof het beslis dat wanneer daar gevaarlike aktiwiteite gedoen word, die opvoeder die nodige instruksies, voorbereiding en ondersteuning aan die deelnemers moet bied om beserings tot die minimum te beperk. Dit het egter nie in hierdie geval gebeur nie en die gevolg is dat die leerder sy nek gebreek het en verlam is. Die opvoeder is aanspreeklik gehou. Die regter het in sy uitspraak die volgende gesê:

> *the teacher's instructions and preparation for and supervision of the drill in which plaintiff was injured fell below any locally or nationally accepted reasonable standard of care for teachers under similar circumstances.*

Adams (1993:21) wys egter daarop dat opvoeders wat redelike voorsorg tref wanneer leerders afgerig word, nie wetlik aanspreeklik gehou kan word vir beserings wat tydens die opleiding opgedoen word nie. Onervare of nuwe afrigters moet ingelig word en gemonitor word om toe te sien dat die korrekte vaardighede en tegnieke vir deelnemers geleer word, om die veiligheid van die deelnemers te verseker. Rossouw (2008:94-95) verwys na verskeie hofsake en regseise verwant aan afrigters wat verkeerde instruksies en beplanning rakende tegniek gebruik het.

In die Australiese saak *Smith v Her Majesty's Attorney General for the State of Tasmania* in 1991 het 'n opvoeder 'n hinderniswedloop oor vaste hindernisse gereël, waaraan leerders moes deelneem. Weens die duidelik voorsienbare beserings is die opvoeder vir die gevolglike beserings aanspreeklik gehou.

*4.3.1.2 Waarsku deelnemers teen risiko's*

Singh (2006a:1) meen afrigters moet aangeraai word om risiko's in die betrokke sportsoort te identifiseer waar beserings moontlik kan voorkom. Rossouw (2008:95) wys daarop dat as 'n deelnemer aan 'n aktiwiteit deelneem, deelnemers die risiko's verbonde aan die sportsoort moet aanvaar. Dit is 'n primêre veiligheidsmaatreël van

'n sportaktiwiteit om toeskouers en deelnemers aan die aktiwiteit bewus te maak van die potensiële gevare wat met die aktiwiteit gepaard gaan (Rossouw, 2008:95). Die toeskouers en deelnemers moet dus van die risiko's bewus wees voordat hulle daaraan blootgestel word. Die opvoeder het 'n plig om in oefensessies sowel as kompetisies die deelnemers bewus te maak van die potensiële gevare van die sportsoort. Gaskin (1993:61) verwys na die belangrikheid van die reëls van die spel en dat daar aan die deelnemers verduidelik moet word watter risiko daaraan verbonde is as daar van die reëls afgewyk word. Afrigters moet toesien dat spelers die sportsoort se reëls ken en dat hulle dit mondelings en skriftelik kan weergee en dit op die speelveld kan toepas. Waarskuwings rakende die verskillende elemente van veiligheid behoort deel te wees van elke dag se afrigting.

Om spelers teen die risiko's van 'n spel alleen te waarsku, wys Nygaard (1985:27) reeds byna drie dekades gelede uit, is nie genoeg nie – hulle moet ook deur 'n afrigter gewaarsku word teen die gevare van die gebruik van onbehoorlike of gevaarlike tegnieke. Die deelnemers moet ook gewaarsku word oor die gebruik van toerusting en die toestand van die speelveld (Labuschagne 1999:177).

In *Darrow v West Genesee Cent. School Dist* (1973) het die hof beslis dat die skool 'n verpligting het om die reëls en veiligheidsmaatreëls van 'n sportsoort aan die deelnemers te verduidelik. 'n Tienjarige seun is beseer toe hy en 'n medespeler om die bal meegeding het in sokker. Die afrigter is aanspreeklik gehou, omdat hy nagelaat het om vir die spelers te verduidelik wat om te doen as hulle saam by die bal uitkom.

In die Australiese saak *La Valley v Stanford* het die hof reeds in 1947 beslis dat 'n afrigter die verantwoordelikheid het om deelnemers te waarsku oor die risiko's van die sport. In die saak is die leerder in 'n boksgeveg beseer. Die leerder het beweer dat hy nie behoorlik bokstegnieke geleer of geoefen het nie. Die afrigter is aanspreeklik gehou.

#### *4.3.1.3 Toesighouding*

Die beskuldiging van nalatigheid weens 'n gebrek aan voldoende toesig van opvoeders by fisiese aktiwiteite is volgens Singh en Gray (2002) en Greenberg en Gray (1992) in Singh en Surujlal (2010:113) die mees algemene oorsaak van regsgedinge in skole. Skoolhoofde het 'n belangrike rol om te speel ten einde te verseker dat voldoende toesig deur opvoeders gehou word waar leerders aan fisiese aktiwiteite deelneem (Singh & Surujlal, 2009:194). Singh en Surujlal noem verder dat, omdat skoolhoofde in die posisie is om werk te delegeer, hulle moet toesien dat die opvoeders spesifiek weet watter mate van toesig van hulle verlang word.

Kozlowski (1996:29) sowel as Labuschagne (1999:160) meen een van die opvoeders se primêre versorgingstake is om nie-nalatige toesig oor die aktiwiteit te verseker. Toesighouding is volgens Singh (2006a:1) en Singh (1999:140) 'n tweeledige werk, naamlik eerstens om toesig te hou oor sport- en ontspanningsterreine, dus die fisieke omgewing en tweedens om toesig te hou oor die aktiwiteite wat daar plaasvind. Singh wys verder daarop dat risikobestuursprogramme en voldoende toesighouding die meeste ongelukke en beserings kan voorkom. Hy is ook van mening dat daar twee tipes van toesighouding is: eerstens is daar spesifieke toesighouding, wat die direkte betrokkenheid met individuele leerders of klein groepe insluit en algemene afrigting, wat die ondersteuning van byvoorbeeld 'n gimnas insluit. Die tweede tipe van toesighouding volgens Singh is algemene toesighouding wat toesighouding oor aktiwiteite in die geheel insluit en dan algemene toesighouding, wat toesig in die geheel oor klein groepe of oor 'n individu insluit.

Rossouw (2008:100) verwys na die tipe toesig wat benodig word vir aktiwiteite. Hoe gevaarliker die tipe aktiwiteit, hoe hoër moet die standaard van toesig wees, ongeag die ouderdom of vlak van deelname. Die uitslag in die saak *Thomas v The state of South Australia* (1992) steun Rossouw se siening oor die tipe toesig wat verlang word. In die saak is 'n deelnemer tydens 'n gewigstootoefensessie met die gewig

teen die kop getref. Die eiser beweer dat die opvoeder nalatig was met haar toesighouding. Die hof het bevind dat die opvoeder ervare genoeg was en moes kon voorsien het dat iemand kon seerkry as hy in die gooisektor is, terwyl 'n deelnemer die gewig stoot. Die hof het die opvoeder aanspreeklik bevind. Die hof meen 'n opvoeder moet kennis neem dat hoe groter die risiko is, hoe meer intensief moet die toesig wees. Die uitspraak onderstreep dus Rossouw (2008:100) se stelling soos vroeër in die paragraaf bespreek is, rakende die standaard van toesig. In die saak *Herring v Bossier Parish School District,* 632 So.2d 920 (La. App. 1994) het die regter egter in sy uitspraak die volgende genoem:

> *A coach is not held to impossible standard of exercising constant supervision over each student involved in a group activity*

Die aanspreeklikheid van die opvoeder ten opsigte van veiligheid van die leerders is ook deurlopend onder die soeklig. Rossouw (2008:33) meen die rede hiervoor is die stygende bewuswording van die regte van leerders rakende hulle veiligheid as deelnemers. Rossouw meen egter verder dat dié benadering kan lei tot 'n afrigtingsbenadering van oorversigtigheid en oorbeskerming ten opsigte van deelnemers. Hierdie benadering kan dalk lei tot 'n groot tekort aan opvoeders spesifiek binne sportverband in die hedendaagse onderwys.

Rossouw (2008:33) sê die oorversigtigheid van die opvoeder-afrigter om betrokke te raak by risikotipe sport, veroorsaak dat opvoeders hulle onttrek van sportafrigting uit vrees vir regseise vir beserings wat opgedoen word. Die bogenoemde uitspraak van *Herring v Bossier Parish School District* is dus van groot belang vir opvoeders wat poog om die korrekte standaard van toesig in hul sportsoort te verseker.

Volgens Adams (1993:21) is daar redes waarom korrekte toesig moet plaasvind. Elke situasies vereis 'n ander tipe toesig om beserings, veral ernstige beserings, onder die deelnemers vir wie die opvoeder verantwoordelik is, te voorkom. Korrekte

toesig is nodig om uiteindelik hofsake te voorkom en op hierdie wyse skep die afrigter deur effektiewe regsrisikobestuur sy eie sekuriteit.

*4.3.1.4 Voorkoming van siektes of beserings*

Rossouw (2008:97) is van mening dat beserings deel van sport is en dat beserings wel sal voorkom in die meeste sportsoorte gedurende die seisoen, ondanks al die voorsorg deur al die belanghebbendes. Die afrigter moet besluit of 'n deelnemer fiks genoeg is om met die wedstryd of oefening voort te gaan. Rossouw meen verder dat die besluit of 'n deelnemer medies geskik is om verder deel te neem, maklik is as daar 'n tydsverloop is en die afrigter nie onder druk is om die die speler te laat speel nie. Wanneer 'n besering gedurende 'n wedstryd of kompetisie plaasvind, kan die aanspreeklikheid van die afrigter en selfs die skeidsregter in die gedrang kom, omdat 'n besluit geneem moet word of die speler medies geskik is om die wedstryd te voltooi sonder enige verdere negatiewe gevolge vir die speler.

Singh en Surujlal (2009:192) verwys na Barrios *et al.* (2007) wat oortuig is daarvan dat die voorkoming van beserings krities is, want beserings kan lei tot regseise en as die opvoeder, skool en die Departement van Basiese Onderwys aanspreeklik gehou word vir die beserings, kan groot finansiële eise teen hulle ingestel word. Gesien vanuit hierdie perspektief, meen Singh en Surujlal (2009:192) dat hulle ook Basson en Loubser (2003) se mening ondersteun, naamlik dat skoolhoofde die opvoeders moet inlig oor die konsekwensies wat beserings kan meebring. Die skrywers beveel aan dat alle nodige sorg geneem moet word om die beserings te voorkom, om sodoende moontlike regseise te voorkom.

Kozlowski (1996:29) en Labuschagne (1999:160) is van mening dat as 'n deelnemer 'n besering opgedoen het, die afrigter moet sorg dat die beseerde speler onmiddellik mediese behandeling ontvang. Dit is noodsaaklik dat die afrigter moet toesien dat die korrekte na-beseringsprosedures gevolg word, wat sal voorkom dat die besering vererger. Behandeling moet altyd so toegepas word dat dit nie 'n bestaande siekte of

besering vererger nie. Die sorgplig van die opvoeder lê volgens Rossouw (2008:97) nie net by ongelukke en beserings nie, maar ook by siektes.

Die saak van *Mogabgab v Orleans Parish School Board* 239 So. 2d 456 (1970) handel oor 'n speler wat onmiddellike mediese behandeling moes kry vir sonsteek en uitputting gedurende 'n wedstryd. Die afrigter het die seun egter eers twee ure na die voorval hospitaal toe gestuur, waar die seun oorlede is. Mediese deskundiges het in die hof getuig dat indien die seun vroeër mediese behandeling gekry het, hy kon geleef het. Die afrigter is daarvoor aanspreeklik gehou.

Dit is belangrik dat opvoeders, afrigters en selfs ouers moet toesien dat leerders nie aan fisiese aktiwiteite deelneem as hulle beseer of siek is nie. Die volgende deel van 'n artikel in die koerant bevestig die onverskilligheid en onverantwoordelikheid van sommige opvoeders en afrigters. "Die 16-jarige leerder van Hoërskool Roodepoort aan die Wes-Rand wat in 'n woeste vuisgeveg ná 'n rugbywedstryd beseer is, kry hoë dosisse kortisoon om te voorkom dat die swelling van sy brein sy breinstam aantas." Lee-Jay Kotzé het egter die Saterdag vir die o.16A-span van Roodepoort aan die Beeld Groot Skole se finaal deelgeneem, ten spyte daarvan dat hy die Woensdagmiddag voor die Saterdag in die hospitaal was met ernstige breinbeserings (Roestoff, 2008:13).

Nog 'n voorbeeld hiervan is die volgende: 'n vroeëre besering wat geïgnoreer is, het gelei tot die dood van 'n jong rugbyspeler. Thabang M'belle is na 'n harde stamp teen sy kop deur die dokter aangesê om vir 'n tydperk nie aan kontakoefeninge of wedstryde deel te neem nie. Na 'n tydperk het hy sonder die dokter se toestemming weer in 'n wedstryd gespeel. M'belle het gedurende die wedstryd by die kaptein gekla van dowwe sig en 'n hoofpyn. Hy het gedurende die tweede helfte van die wedstryd inmekaargestort. Die volgende aand is hy breindood verklaar in die Milpark Kliniek in Johannesburg. M'belle se moeder blameer die skool daarvoor dat 'n dokter hom nie eers fiks verklaar het om te speel nie (Anon, 2006).

Rossouw (2008:106) haal vir McNee (1996:17) aan wat van mening is dat beserings nie net 'n skielike gebeurtenis is nie; dit volg gewoonlik as 'n produk van sekere prosesse. Hierdie prosesse is gewoonlik voorspelbaar en kan dan so voorkom word. McNee (1996:17) verdeel beserings in direkte en indirekte beserings. Indirekte beserings word volgens McNee (1996:17) gewoonlik deur kinders opgedoen en word veroorsaak deur ooreising. By 'n direkte besering kan 'n mens dadelik sien wat gebeur het en dadelik stappe doen. McNee sê dat so 'n besering gewoonlik 'n soort abnormaliteit inhou. Dit is soos wanneer 'n krieketbal 'n speler in die gesig tref of 'n rugbyspeler te hard geduik word.

Die saak *Halper v Vayo,* 210 Ill. App.3d81; 568 N.E. 2d914 (1991) handel oor 'n leerder wie se knie ontwrig is tydens 'n stoeioefening. Die afrigter het die knie "terug"gedruk en in die proses is die knie verder beseer. Die hof het bevind dat dit geen noodgeval was nie en die optrede van die afrigter was: *"Well beyond the provision of routine first aid which would be within the realm of an experienced coach's expertise."*

Die opvoeder moet daarop let om tekens van ooreising en voorspelbare beserings te identifiseer en daarvolgens proaktief op te tree om die risiko's te verhoed.

*4.3.1.5 Ontwikkelingsvlak van deelnemers*

Kozlowski (1996:29), Labuschagne (1999:160) en Rossouw (2008:99) verduidelik omdat daar in sekere sportsoorte teen mekaar meegeding word volgens gewig, vaardigheidsvlak of ouderdom, dit belangrik is om deelnemers vooraf te keur, of om te sorg dat deelnemers goed teen mekaar opweeg, deur toe te sien dat deelnemers se gewig, ouderdom en vlak van vaardigheid dieselfde is. Die navorsers is dit ook eens dat die afrigter se verantwoordelikheid ten opsigte van die deelnamevlak sal wissel volgens die vlak van deelname, ouderdom van die deelnemer, bekwaamheid en ervaring van die deelnemer. Singh (2006b:174) noem dat die opvoeder die ouderdom en bekwaamheid van 'n deelnemer in gedagte moet hou, soos by

akademiese vakke. Volgens Lehr (1988:26) kan die opvoeder baie beserings en siviele eise voorkom, as hy die karaktereienskappe van die deelnemers, asook die aard van die aktiwiteit ken en hy slegs toelaat dat deelnemers van dieselfde ouderdom en grootte teen mekaar deelneem.

In die hofsaak *Brooks v Board of Education of New York* (1963) het die hof in die guns van die beseerde eiser beslis, nadat dié gemeen het dat daar 'n ongelykheid in die grootteklassifikasie was toe daar gedurende 'n sokkeroefening nommers uitgedeel is en dié wie se nommers getrek is, teenoor mekaar moes meeding. 'n Seun is beseer toe hy teen 'n baie groter speler gebots het. Die opvoeder is aanspreeklik gehou vir die beserings.

In *Tepper v City of New Rochelle Sch. Dis* (1988) moes 'n leerder met 'n gewig van honderd en dertig pond met slegs een maand se ondervinding kompeteer teen 'n leerder met 'n gewig van tweehonderd en sestig pond met drie jaar ondervinding. Omdat die hof dit as ongelyke mededinging beskou het, is die opvoeder aanspreeklik gehou vir die besering.

*4.3.1.6 Hulpafrigters en portuurbystand*

Volgens Rossouw (2008:101) kan 'n opvoeder nie sy verantwoordelikhede delegeer nie, maar opvoeders kan van hulpafrigters se hulp gebruik maak om hulle in hul pligte by te staan. Rossouw (2008:101) sê hierdie afrigters moet bewus gemaak word van hul onderskeie pligte, die noodsaaklikheid van behoorlike toesighouding, asook van die tegnies korrekte instruksies. Rossouw (2008:101) gebruik ook die volgende hofsaak om die hulpafrigters en helpers se sorgplig en verantwoordelikhede te illustreer:

In *Duncan v Trustees of the Roman Catholic Church for the Archduchess of Canberra* (1998) het die eiser 'n handstand in die gimnastieksaal gedoen en plat op haar rug geval nadat haar helper ("*spotter*") haar enkels gelos het. Sy het in die

voorval 'n ernstige rugbesering opgedoen. Alhoewel die hof die helper nie aanspreeklik kan hou vir die besering nie, is die opvoeder tog aanspreeklik gehou vir 'n gebrek aan sorg, omdat hy nagelaat het om die regte instruksies vir die helper deur te gee.

In die VSA-saak *Navarra v Lynbrook Public Schools,* 733 N.Y.S.2d730 (app. Div. 2001) het die appèlhof beslis dat die sportsaal onder voldoende toesig was nadat 'n leerder van die brug-apparaat geval het. Die hof het die volgende bevind: *"the duty to supervise does not extend to holding children harmless against all injury".*

Die hofuitspraak onderstreep ook Adams (1993:21) se stelling (soos vroeër genoem in die hoofstuk) dat opvoeders wat redelik voorsorg tref, nie wetlik aanspreeklik gehou kan word vir beserings wat onder hulle sorg plaasvind nie.

*4.3.1.7 Afrigters se beheer oor deelname*

Die kern om 'n veilige omgewing te verseker vir kinders wat aan sport deelneem, lê by dissipline en beheer. Dikwels moet die afrigter net aanwesig wees om die nodige orde te skep waar die afwesigheid van die afrigter kan lei tot ongelukke en beserings (Rossouw, 2008:104). Rossouw verwys na *Bills v State of South Australia* (1982) om die belangrikheid daarvan te onderstreep dat 'n opvoeder teenwoordig moet wees as fisiese aktiwiteite plaasvind. In die betrokke saak word die opvoeder as toesighouer aanspreeklik gehou vir die besering van 'n leerder wat gedurende 'n trampolienles op die trampolienraam geval het en veelvoudige beserings opgedoen het. Die opvoeder was van mening dat daar niemand meer op die trampolien was nie en het vir 'n oomblik wegbeweeg toe die voorval plaasgevind het. Die hof het beslis dat aktiwiteite op die trampolien gevaarlik was en dat die opvoeder moes voorsien het dat daar 'n ongeluk kan plaasvind as daar nie voldoende toesig is nie.

#### *4.3.1.8 Progressie in vaardigheidsontwikkeling*

Opvoeders moet dikwels reëls aanpas, veral vir jonger, onervare en minder bedrewe leerders om hulle sodoende te leer om 'n vaardigheid onder die knie te kry (Kozlowski, 2006:26). 'n Opvoeder moet sekere reëls aanpas of verander om by die unieke behoeftes van deelnemers aan te pas. Dit moet gedoen word om progressie in die vaardigheidsontwikkeling aan te moedig. Kozlowski (2006:26) sowel as Rossouw (2008:106) is van mening dat die basiese plig van 'n opvoeder is om beserings by spelers te voorkom. Rossouw (2008:106) verduidelik dat 'n effektiewe manier om beserings te voorkom is om deelnemers oor 'n tydperk voor te berei vir die spesifieke vereistes van die sport.

#### *4.3.1.9 Toerustingbestuur en fasiliteite*

Kozlowski (1996:26) sowel as Labuschagne (1999:160) is van mening dat dit krities vir die opvoeder is om toe te sien dat sportvelde en sportapparaat in 'n goeie toestand en sonder gebreke is wat tot besering van spelers kan lei. In *Stretton v City of Lewiston* (1991) het 'n ouer namens sy minderjarige seun 'n eis ingestel vir 'n besering wat op 'n sokkerveld opgedoen is wat nie in 'n goeie toestand was nie. Die ouer was van mening dat daar nie genoegsaam toegesien is dat die veld in 'n goeie, veilige toestand is nie en omdat die afrigter, nadat hy die toestand van die veld gesien het, nie die oefening gekanselleer of geskuif het nie. Volgens die eiser was die besering voorsienbaar op grond van die toestand van die veld.

Singh en Surujlal (2009:192-193) haal vir Singh (2004) aan wat is van mening dat die skoolhoof moet verseker dat alle fasiliteite en toerusting aan die nodige voorgeskrewe veiligheidstandaard moet voldoen. Die skoolhoof moet voortdurend kontroleer dat die fasiliteite en toerusting in stand gehou word. Singh (2004) wei verder daaroor uit dat die nodige beleide, reëls en regulasies in plek moet wees, sodat die leerders en opvoeders die geriewe en toerusting veilig kan gebruik. Die beleide, reëls en regulasies moet duidelik uitstippel wat die optrede van die opvoeder

moet wees in swak weersomstandighede, besige verkeer, onveilige speelareas, swak beligting en toerusting wat swak onderhou is. Rossouw (2008:108) dui aan dat die opvoeder behoorlike stappe moet doen om te verseker dat die sportveld, aangrensende gronde en ander fasiliteite veilig is om die deelnemers te beskerm.

In die Australiese hofsaak van 1994, *Nowak v Waverley Municipal Council Aust. Torts Rep.* 80-200 is die eienaar van die sportveld (die munisipaliteit) verantwoordelik gehou vir 'n besering wat op die rugbyveld plaasgevind omdat die munisipaliteit nie behoorlike stappe gedoen het om te verseker dat die rugbyveldoppervlak veilig is nie. Die rugbyunie en die klub is aanspreeklik gehou op die basis dat hulle (die unie en die klub) dit op hulle self geneem het om wedstryde te organiseer om op die veld te speel, ten spyte van sigbare sproeierkoppe wat uitgesteek het bo die grasoppervlakte wat 'n besering kon veroorsaak. Die hof het bevind dat waar 'n persoon dit op homself neem om sulke wedstyde te organiseer, hy aanspreeklik gehou kan word vir beserings wat voortspruit uit dit wat hy onderneem.

Spengler *et al.* (2006:85) maan skoolhoofde om seker te maak dat speelgronde en sportvelde veilig genoeg is oor naweke en vakansies wanneer leerders op hulle eie hul sportsoorte beoefen. Spengler *et al.* (2006:80-81) wys daarop dat opvoeders die verantwoordelikheid moet neem om te verseker dat leerders die korrekte veiligheidstoerusting in fisiese aktiwiteite gebruik. Hulle wys ook verder daarop dat veiligheidstoerusting nie net gedurende wedstryde gebruik moet word nie, maar ook gedurende oefeninge. Die opvoeders en afrigters moet die nodige veilige toerusting selekteer en voorsien. Deelnemers se aandag moet daarop gevestig word om hulle eie toerusting in stand te hou en te kontroleer. Deur veilige toerusting vir spesifieke sportsoorte te kies, sal deelnemerveiligheid verseker word. Spengler *et al.* (2006:80-81) wys verder daarop dat veilige toerusting nie net vir algemene gebruik (bv. speelgronde, sportvelde) gekies moet word nie, maar ook vir spesifieke gebruik (bv. kopskerms, oogskerms). Vir die afrigter moet die korrekte gebruik van goed versorgde toerusting en kleredrag vir die deelnemers 'n hoë prioriteit wees.

In die saak van *Leahy v School Board of Hernando County* 450 So. 2d 883 (1984) is 'n deelnemer in 'n voetbalwedstryd beseer nadat hy vrywillig sonder die beskermende kleredrag gespeel het. Omdat daar 'n tekort aan beskermende toerusting was, is daar nie aan al die deelnemers helms en mondstukke gegee nie. Die eiser het beserings in sy gesig opgedoen en van sy voortande verloor. Die afrigter is aanspreeklik gehou vir die besering, omdat hy kon voorsien het dat die speler kon seerkry sonder die nodige beskermingsdrag. Die aard van die toerusting moet by die vlak van die deelnemer pas. Labuschagne (1999:160) meen dit is noodsaaklik dat die opvoeder moet toesien dat deelnemers die nodige toerusting, soos skrumpette, mondstukke en ander beskermingsapparaat ter beskerming moet gebruik.

Nog 'n saak wat handel oor beskermende toerusting is dié van *Parisi v Harpursville Central School District*. 'n Dertienjarige meisie het 'n ernstige besering in haar gesig opgedoen nadat sy ingewillig het om "pitches" te vang in 'n oefening en 'n sagtebal haar in die gesig getref het. Sy het beweer dat die afrigter nalatig was deur nie 'n beskermingsmasker aan haar te verskaf nie. Die hof het hierop bevind dat die afrigter 'n plig gehad het om die spelers teen risiko's te beskerm. Daar is ook bevind dat daar twee beskermingsmaskers beskikbaar was, maar dat die afrigter versuim het om dit aan die beseerde speler uit te reik.

Deelnemers word dikwels aan gevaarsituasies of potensiële gevaarsituasies op die sportveld blootgestel. Die opvoeder het dus die verantwoordelikheid om te verseker dat die potensiële risikosituasies op die sportveld reg bestuur word deur die risiko's van beserings waaraan die deelnemers blootgestel word, te beperk.

### 4.4 Samevatting

Na die studie van relevante literatuur in hierdie hoofstuk is dit duidelik dat opvoeders 'n groot verantwoordelikheid het om hulle regsplig na behore na te kom. Die taak en die rol van die skool tydens die beplanning is dus van groot belang en daarom moet

die beheerliggame, skoolhoofde, sportorganiseerders en afrigters die inisiatief en verantwoordelikheid neem om risikobestuursprogramme op te stel en dit toe te pas. Met toepaslike risikobestuursprogramme en -strategieë in plek, is dit duidelik wat van die opvoeder verwag word met betrekking tot die bestuur en implementering van die programme om by te dra tot die veiligheid van die leerder, spesifiek op die sportveld.

# HOOFSTUK 5: NAVORSINGSONTWERP EN -METODOLOGIE

## 5.1 Inleiding

In Hoofstuk 1 is daar sekere doelstellings betreffende die navorsing geïdentifiseer. Die oorkoepelende doelstelling is om regsrisikobestuur in skolesportafrigting te ondersoek, met verwysing na die kenmerke en die toepassing daarvan op skolevlak. In Hoofstuk 2, 3 en 4 is 'n literatuurstudie gedoen om te bepaal watter watter nasionale wetgewing en ander regsbepalings 'n invloed op regsrisikobestuur as faset van sekuriteit in Suid-Afrikaanse openbare skole het, en ook om te bepaal wat die wesensaard van regsrisikobestuur is, gesien in die konteks van deelname aan en afrigting van skolesport in Suid-Afrika.

Hierdie hoofstuk fokus op die paradigma waarbinne die studie gedoen is, asook die teorie van kwalitatiewe metodologie. Die verskillende data-insamelingsmetodes wat deur die navorser gebruik is, word beskryf. Dit word in die hieropvolgende hoofstuk gevolg deur die analise en rapportering van die empiriese data. Die rigtinggewende elemente vir die navorsingsontwerp is die doelwitte wat met die empiriese navorsing van die studie verband hou, soos in hoofstuk 1 geformuleer is:

- Om te bepaal wat deur onderwysowerhede en sportunies in die Noordwes-provinsie gedoen word om skoolbesture en sportbestuurders in te lig rakende hulle versorgingsplig en regsaanspreeklikheid.
- ;
- Om te bepaal wat die opvoeder-afrigters in die Kenneth Kaunda-distrik wat aan die studie deelgeneem het, se kennisvlak, insig en persepsies rakende regsbepalings met betrekking tot hulle versorgingsplig en regsaanspreeklikheid is;

- Om te bepaal of opvoeder-afrigters en skole in die Kenneth Kaunda-distrik aan die studie deelgeneem het aan die vereistes rakende regsrisikobestuur voldoen.

## 5.2 Navorsingsontwerp

Volgens Mouton (2006), Babbie en Mouton (2001:72) en Durrheim (2006:34-36) is 'n navorsingsontwerp 'n model of plan waarvolgens die navorsingsprobleem deur die navorser aangepak word. Fouché en Delport (2005:83) verwys na 'n navorsingsontwerp as 'n uiteengesette konsep waarvolgens die navorsingsprobleem aangespreek word. Die navorsingsontwerp is 'n manier om subjekte, navorsingsomgewing en data-insamelingsprosedure te bestudeer ten einde die navorsingsvraag of -vrae te beantwoord (McMillan & Schumacher, 2006:117). 'n Navorsingsontwerp is 'n sorgvuldige beplanningsproses wat as 'n verbinding moet dien tussen die navorsing en die toepassing van die navorsing ten einde die navorsingsvraag of -vrae te beantwoord (Durrheim, 2006:37). Uit die verskeie navorsers en skrywers se sieninge en definisies oor wat 'n navorsingsontwerp is, kan daar in kort saamgevat word dat 'n navorsingsontwerp die navorsingsvraag beantwoord deur 'n model te voorsien van hoe die navorsing gedoen gaan word.

Die navorsingsontwerp kan in vier of vyf verskillende fases of stappe ingedeel word, soos beskryf deur De Vos *et al.* (2002:85-86), Durrheim (2006:37) en Train *et al.* (2007:44-48). Navorsing handel oor bepaalde aspekte of prosesse waarin 'n navorser belangstel en sy benadering om die inligting te verkry. Navorsing is dus 'n proses met verskillende fases. Hierdie studie was volgens die fases verdeel en daarvolgens toegepas.

Tabel 5.1: Die fases in die navorsingsontwerp

| | | |
|---|---|---|
| Fase 1 | Die identifisering van die navorsingstema | In Hoofstuk 1 gedoen<br>Literatuurstudie: Hoofstukke 2, 3 en 4. |
| Fase 2 | Die formulering van die probleem: | In Hoofstuk 1 gedoen |

| | | |
|---|---|---|
| | Probleemstelling, navorsingsontwerp en doelwitte | |
| Fase 3 | Die beplanningsfase: Die paradigma waarbinne die studie gedoen is.<br>Insameling van data | In Hoofstuk 1 gedoen. Bespreking daarvan in Hoofstuk 5 |
| Fase 4 | Die implementeringsfase: Navorsingsontwerp en -metodologie, data-analise | In Hoofstuk 6 gedoen |
| Fase 5 | Die interpretasie van die data: Bevindinge, gevolgtrekkings en aanbevelings<br>Navorsingsverslag | In Hoofstuk 7 gedoen |

Dit is belangrik dat die navorser die fases en die volgorde gebruik om die studie noukeurig en metodies te voltooi.

## 5.3 Navorsingsmetodologie

Navorsingsmetodologie is volgens Mouton (2001:75) die hele verslag van die navorsingsplan van wat die navorser beplan. Dit dek afdelings soos hoe die studie sistematies en gestruktureerd gedoen gaan word om te voldoen aan die verwagtinge van die wetenskaplikheid daarvan. Vir die doeleindes van die studie word 'n fenomenologies-interpretivistiese benadering gevolg.

### *5.3.1 Navorsingsprosedure en -werkswyse*

Die navorser reken dat sekere metodes vir die data-insamelingsproses vir hierdie studie toepaslik is, soos vervolgens bespreek word.

#### *5.3.1.1 Die literatuurstudie*

Die literatuurstudie het hierdie studie van die toepaslike agtergrondmateriaal voorsien om die navorsingsontwerp te verstaan en 'n duidelike omskrywing van die navorsingsprobleem te gee. Lategan (2006:128-129) noem dat 'n literatuurstudie nie verwar moet word met die manier om bronne op te spoor nie. Die literatuurstudie is die ontleding van tekste of dokumente. Lategan (2006:130) gebruik 'n stelling van Kumar (2005) om die belangrikheid van die literatuurstudie te staaf: "*The literature*

*review is an integral part of the entire research process and makes a valuable contribution to almost every operational step".*

Daar is in hierdie studie van primêre sowel as sekondêre bronne gebruik gemaak, soos wette, hofverslae en literatuurbronne. Hierdie gegewens is ontleed en geëvalueer om tot sekere voorlopige gevolgtrekkings te kom.

*5.3.1.2 Empiriese ondersoek*

Dit was belangrik om 'n toepaslike navorsingsbenadering te selekteer wat die geskikste by die bepaalde navorsingsondersoek sou pas. Die aard van hierdie studie het hom daartoe geleen dat semi-gestruktureerde onderhoude gebruik is, wat binne die fenomenologies-interpretivistiese raamwerk pas. Hierdie benadering is gevolg om die beheer, bestuur en hantering van regsrisiko's as faset van leerderveiligheid in Suid-Afrikaanse openbare skole te bestudeer. Data-insameling vir kwalitatiewe navorsing kan volgens Lucasey (2000:45) en Mertens (2005:255) deur fokusgroepe, individuele onderhoude, dokumentasie en observasies geskied. Slegs fokusgroepe en individuele onderhoude is as metodes in die studie gebruik om te bepaal hoe die bestuur en hantering van regsrisikobestuur as faset van leerderveiligheid in Suid-Afrikaanse openbare skole gesien word. Delport en Fouché (2005:264), beveel vir navorsers aan om na die voltooiing van die empiriese navorsing 'n literatuurkontrole te doen om die verhouding tussen die huidige literatuur en die empiriese resultate te bepaal. Hierdie kontrole is deur middel van kruisverwysings in die laaste hoofstuk gedoen en het as basis vir die bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings gedien.

Daar is met die empiriese ondersoek gepoog om vas te stel wat die opvoeder-afrigters in die Kenneth Kaunda-distrik wat aan die studie deelgeneem het, se kennisvlak, insig en persepsies rakende regsbepalings met betrekking tot hulle versorgingsplig en regsaanspreeklikheid is, en of opvoeder-afrigters en skole in die Kenneth Kaunda-distrik aan die studie deelgeneem het aan die vereistes rakende regsrisikobestuur voldoen.

*5.3.1.3 Paradigmatiese begronding vir die studie*

Voordat die paradigmatiese begronding vir die studie gedoen word, is dit belangrik dat die navorser kennis moet neem dat die seleksie van 'n paradigma grotendeels bepaal word deur die studie se navorsingsvraag en doelstellings.

De Vos *et al.* (2002:44) en Creswell (2007:19) is van mening dat elke individu 'n paradigma het, 'n model of voorbeeld, waarvolgens 'n handeling uitgevoer word. Elke individu het dus 'n bepaalde mening oor die samelewing wat geregverdig word deur vasstaande menings wat die individue se denke sowel as sy navorsing beïnvloed. 'n Paradigma is die wyse om na die mensdom te kyk en 'n paradigma bestaan uit sekere filosofiese veronderstellings, wat leiding gee vir navorsers se prosesse en gedrag (Mertens, 2005:7). Navorsing is 'n bepaalde proses wat op verskillende teorieë gebaseer is. Die navorser moet dus vanuit 'n sekere perspektief na die studie kyk, sodat die lesers hulle kan vereenselwig met die persepsies van die navorser om sodoende die navorsingsproses beter te kan verstaan. Dit beteken dat die navorsing deur 'n bepaalde paradigma gelei moet word. Die benadering van die navorser kan dus duideliker deur die leser gesien word, aangesien die leser die navorser se denkproses verstaan. Babbie en Mouton (2001:33) omskryf fenomenologiese navorsing soos volg: *"For the phenomenologist and other similar viewpoints (hermeneutics, symbolic interactionism, ethnomethodology) the aim of social sciences is primarily directed towards the understanding of individuals in terms of their own interpretations of reality and understanding of society in terms of the meanings which people ascribe to the social practices of society".*

Met dit as agtergrond, het die studie die fenomenologies-interpretivistiese benadering gevolg en die navorser se doel was om regsrisikobestuur in skolesportafrigting te ondersoek, met verwysing na die aard en die toepassing daarvan op skolevlak. Die navorser poog om uit te vind wat die effek van die huidige sportbeleide en riglyne sou

wees om risiko's by die skole te verminder. Daar is hoofsaaklik van individuele en groepsonderhoudvoering gebruik gemaak word vir die doeleindes van data-insameling.

Babbie en Mouton (2001:73) is van mening dat enige navorsing ontstaan met die sistematiese ondersoek van 'n spesifieke probleem. In die lig van die spesifieke behoeftes en doelstellings met hierdie navorsing, het die navorser in hierdie studie die kwalitatiewe navorsingsmetode gebruik.

### *5.3.2 Kwalitatiewe navorsing*

Kwalitatiewe navorsers benader hulle navorsing volgens Creswell (1998:74) met 'n sekere soort paradigma wat hulle na sekere aannames lei. Babbie en Mouton (2001:52) se mening oor die doel van hierdie tipe navorsing is om die menslike gedrag te verstaan eerder as om dit te verduidelik of te voorspel. Merriam (2002:6) wys daarop dat die navorser die primêre instrument in die versameling en ontleding van navorsingmateriaal is. Mouton (1992:53) verwys na verskeie metodes of ontwerpe om kwalitatiewe navorsing te doen, soos gevallestudies, fenomenologie, gegronde teoriestudies en inhoudsanalise. Leedy en Ormrod (2005:96) en Fouché en Delport (2002:79) tref 'n onderskeid tussen die twee navorsingsbenaderings, naamlik kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings, en is van mening dat daar duidelike verskille en ooreenkomste tussen hulle is. Omdat daar in die studie slegs van die kwalitatiewe benadering gebruik gemaak word, is in die volgende tabel slegs die kenmerke van 'n kwalitatiewe studie uiteengesit, soos saamgestel uit Leedy en Ormrod (2005:96) en Fouché en Delport (2002:79).

Tabel 5.2: Kwalitatiewe navorsing

| Oogmerke | Kenmerke |
|---|---|
| Die doel van die studie | Om inligting te verstrek en melding daarvan te maak. Om die toets te evalueer en te interpreteer. Om die teorie nie te toets nie, maar uit te bou. |
| Die aard van die | Fokus op verskynsels wat plaasvind of bestaan in normale of |

| | |
|---|---|
| navorsing | natuurlike omstandighede. Die verskynsels word in diepte bestudeer. (Leedy & Ormrod, 2005:148-152). Die studie is gebaseer op subjektiewe veronderstellings. Die riglyne is buigbaar en metodes word deur die loop van die navorsing ontwikkel. Dit het baie te make met die siening van die navorser. Die navorser moet veldwerk doen om die individue se gedrag in die spesifieke situasie en in sy natuurlike omstandighede waar te neem (Leedy, 1997:106). |
| Data-insamelings-metode | Tydens die data-insameling word 'n relatief klein getal van die teikenpopulasie in die studie ingesluit. Die meetinstrumente is semi-gestruktureerde onderhoude aan die hand van 'n onderhoudskedule. |
| Analisering van die data | Die data word gekoppel aan temas of kategorieë wat uit die data ontwikkel word. Subjektiewe sienings word uitgedra in die studie. Die analise sluit af met tentatiewe antwoorde of hipoteses rakende dit wat waargeneem is (Leedy, 1997:105). |
| Bevindinge aankondig | Die data word deurgegee in woorde wat soms die persoonlike siening en styl van die navorser kan weerspieël. |

Daar is van die kwalitatiewe navorsingsmetodologie gebruik gemaak, omdat mense se bestaanservarings (Merriam, 1998:6), in die geval van hierdie studie, die opvoeder se versorgingsplig en die opvoeder se sienings oor sekere aangeleenthede, soos die veiligheid van die leerders, in die studie weergegee is.

## 5.4 Populasie en steekproef

Arkava en Lane, soos aangehaal deur Strydom (2005:193), verwys na die term populasie as bepaalde persone in die wêreldomgewing wat oor bepaalde eienskappe beskik waarin die navorser belangstel. Steekproefneming volgens Strydom en Delport (2005:328) verwys na die metode wat gebruik word om 'n voorafbepaalde getal mense vanuit 'n populasie te kies om aan 'n onderhoud deel te neem.

In hierdie studie was die teikenpopulasie die hokkie-, netbal-, en rugbysportorganiseerders en adjunkhoofde wat verantwoordelik is vir sportafrigting in die Noordwes-provinsie. Daar is 'n steekproef vanuit die populasie geneem: ses sekondêre skole in die Kenneth Kaunda-distrik in, omdat dit onmoontlik was om die totale populasie van hokkie-, netbal-, en rugbysportorganiseerders en adjunkhoofde van alle sekondêre skole in die Noordwes-provinsie by die studie in te sluit. Die skole bied hokkie, netbal en rugby as wintersport aan. Dit is belangrik om te weet wat die

deelnemers se persepsies rakende die toepassing van beleid of wetgewing is waarbinne opvoeders hul sorgplig moet nakom. Hoewel hierdie skole ook verskeie ander sportsoorte aanbied, is die gekose sportsoorte geïdentifiseer, omdat die sportsoorte spesifieke risiko's inhou. Hierdie risiko's lê opgesluit in die aard van die sportsoorte, waar fisiese kontak dikwels in die spelsituasie voorkom, asook in die feit dat daar so 'n hoë persentasie van die leerders in die skole is wat daaraan deelneem. Die moontlikheid van beserings is dus relatief hoog.

Daar is op die spesifieke sportorganiseerders en adjunkhoofde besluit omdat hulle 'n wyer insig het oor die bestuur van die sportsoorte as net 'n afrigter, waar laasgenoemde hoofsaaklik op afrigting fokus. Aangesien die navorser goed bekend is met en self afrig in hierdie area, is genoemde steekproef van ses sekondêre skole in die Kenneth Kaunda-distrik gekies. Die studie het net op sekondêre skole gefokus en nie op primêre skole nie, want die vlak waarop die primêre skool-deelnemers speel is minder intensitief en die risiko's daarom beduidend laer as die sekondêre skole. Ter wille van praktiese uitvoerbaarheid op grond van die bereikbaarheid van deelnemers is die skole uit hierdie distrik gekies, asook die feit dat die onderwysowerheid in hierdie distrik navorsing goed ondersteun. Vanuit die groter teikenpopulasie is die skole wat geïdentifiseer is vir die steekproef vier voormalige model C-skole asook twee *township*-skole. Die model C-skole is gekies, omdat sport daar op 'n hoë kompetisievlak bedryf word, terwyl die twee *township*-skole sport nie op so 'n hoë vlak bedryf nie. Hierdie verskillende tipes skole is ingesluit om 'n wyer perspektief op verskillende skole te verkry.

## 5.5 Data-insameling

Verskeie skrywers en navorsers soos Babbie en Mouton (2001:31), Mertens (2005:255), Terre Blanche *et al.* (2006:51), Vermeulen (1998:65), Kerfoot *et al.* (1997:44), Denzin en Lincoln (1994:2) en Maree (2007:257) verduidelik dat data op verskillende metodes ingesamel kan word, naamlik:

- Geskrewe dokumentasie of literatuur
- Individuele of groepsonderhoude
- Observasie of direkte waarneming van die deelnemer en die situasie
- Veldnotas om interaksies tussen die navorser en deelnemers te noteer.

Die metodes wat in hierdie studie gebruik is, word vervolgens bespreek:

### *5.5.1 Metodes van data-insameling*

Die empiriese data in hierdie studie is gegenereer deur individuele onderhoude en fokusgroepsessies. Omdat daar 'n deeglike literatuurstudie rakende die metodiek van navorsing gedoen is, het die navorser die nodige agtergrond gehad van die metode waarvolgens die onderhoude gevoer moes word. Gedurende die empiriese navorsing is daar semi-gestruktureerde individuele en fokusgroeponderhoude gevoer aan die hand van 'n voorafsaamgestelde onderhoudskedule met oop-einde-vrae (vergelyk addendum F). Die spesifieke metodes is gekies omdat hulle die beste pas by die navorsingsvrae, en sodoende kon die doelwitte ten beste bereik word. Een kerndoel van kwalitatiewe navorsing is die optimale verstaan van die verskynsel wat bestudeer word. Die volgende data-insamelingsmetodes word kortliks bespreek, asook hoe dit in die studie toegepas is.

#### *5.5.1.1 Onderhoude*

Onderhoude tydens kwalitatiewe studies is volgens Merriam (1998:70) en Greeff (2005:287) die mees bekende en belangrikste metode van data-insameling. By die ontwerp van 'n onderhoud kan daar volgens Train *et al.* (2007:49) verskeie vorms van onderhoudvoering wees, naamlik gestruktureerde, ongestruktureerde en semi-gestruktureerde onderhoude.

Die skrywers wys op die volgende verskille tussen die twee tipes onderhoudvoering:

- Die gestruktureerde onderhoud

Daar word vir die deelnemers 'n lys van vooropgestelde oop vrae gevra. Daar word geen verdere vrae deur die onderhoudvoerder gevra nie, ongeag die deelnemer se antwoorde of response.

- Die semi-gestruktureerde onderhoud

Semi-gestruktueerde onderhoudvoering met deelnemers is 'n eenvoudige manier om wisselwerking met die deelnemers te hê, om so spesifieke inligting te bekom. Daar word vir die deelnemers ook 'n lys van vooropgestelde oop vrae gevra (Greeff, 2002:302; Train *et al.*, 2007:49). Verdere vrae kan wel deur die onderhoudvoerder gevra word, indien die onderhoudvoerder volgens die deelnemer se respons iets verder wil verken (Mertens, 2005:15). Train *et al.* (2007:49) is van mening dat diepgaande een-tot-een-onderhoude baie werd is om mense se persoonlike ervaringe of individuele persepsies te kry. Maree (2007:257) sê die navorser moet gebruik maak van gestruktureerde of semi-gestruktureerde onderhoude om die inligting en menings van die individue in hulle natuurlike omgewing te verkry.

Om die deelnemers se kennis en ervarings rakende risiko's in skolesport en hulle regte en pligte te toets, is daar semi-gestruktureerde onderhoude met deelnemers (sportorganiseerders en adjunkhoofde verantwoordelik vir sport) gevoer.

*5.5.1.2 Fokusgroeponderhoude*

Tydens die fokusgroeponderhoud in hierdie studie is ses deelnemers betrek. Al ses deelnemers is sportorganiseerders, dus het al ses deelnemers algehele sportorganisering wat alle fasette van sport dek, in gemeen. Die onderhoude is gelei deur die navorser met vrae op die onderhoudskedule. Die onderhoudskedule is opgestel uit inligting in die literatuuroorsig. Dieselfde onderhoudskedule wat vir die individuele onderhoude opgestel is, is ook vir die fokusgroeponderhoud gebruik (vergelyk addendum F). Daar is egter tydens die fokusgroeponderhoud verdere vrae

aan die deelnemers gevra, omdat die deelnemers baiemaal iets gesê het wat verdere ondersoek regverdig. Die onderhoude word aan die hand van Greeff se aanbeveling gedoen. Volgens Greeff (2002:298) moet die navorser die groepbespreking lei om data waaroor die deelnemers beskik na vore te bring. Greeff beveel aan dat aan al die deelnemers dieselfde vrae in dieselfde volgorde volgens die onderhoudskedule gevra word. Train *et al.* (2007:49) en Greeff (2005: 298-300) noem die waarde van fokusgroepsessies wanneer deelnemers hulle in 'n sosiale konteks met ander deelnemers bevind. Dit stel die navorser in staat om die deelnemers se verskillende "perspektiewe" en hoe hulle dink en 'n situasie beleef, te ontleed.

Die fokusgroeponderhoud as navorsingstegniek is dus gebaseer op die aanname soos in paragraaf 1.6.5.2 bespreek is, naamlik dat, indien die navorser die fokusgroeponderhoud voer volgens die kriteria van verskeie kenners soos in paragraaf 1.6.5.2 en paragraaf 5.5.1.2 uiteengesit is, die deelnemers hul ervarings, standpunte, verwagtinge en onsekerhede met die navorser en onderling teenoor mekaar sal deel.

Die navorser het dus die semi-gestruktureerde onderhoude en fokusgroeponderhoude gesien as 'n gepaste data-insamelingsmetode om die navorsingsprobleem en bevindinge te ondersoek en te omskryf. Die onderhoude en die onderhoudskedule het verseker dat spesifieke vrae oor die opvoeder se versorgingsplig om die veiligheid van die leerder te verseker, aangespreek word. Cooper en Schindler (1998:291) se redes, soos in paragraaf 1.6.5.2 verduidelik, hoekom die semi-gestruktureerde onderhoude beter resultate sal oplewer, het vir die navorser 'n geleentheid gegee om addisionele temas te identifiseer.

Die reeks individuele onderhoude is na die transkripsie en analise van die data opgevolg met een fokusgroepsessie met die sportorganiseerders van elke skool. Die sportorganiseerder is verantwoordelik vir die bedryf van alle aspekte rondom sy spesifieke sportsoort in die skool. Dit sluit die algemene sportadministrasie van al die

sportsoorte in samewerking met die beheerliggaam in. Die aspekte behels die volgende: om die spesifieke skoolsportbeleid op te stel of aan te pas; die aanstelling van afrigters; die verantwoordelikheid van die sportvelde en -toerusting; die reël van sportdae en kompetisies; die reël van vervoer; die aanstelling van skeidsregters; die reël van noodhulp; en om toe te sien dat die afrigters gekwalifiseerd is en afrigting- en inligtingsessies bywoon. Die sportorganiseerder het dus 'n wye kennis rondom die bedryf van sy skool se sport wat 'n goeie bydrae gelewer het tot die navorsing. Hulle spesiale perspektief op sportdeelname was belangrik vir die doel van hierdie studie. Daar is spesifiek gefokus op drie sportsoorte, naamlik rugby, netbal en hokkie, maar daar is ook gekyk na gemeenskaplike elemente van risikobestuur in ander sportsoorte, soos krieket of atletiek by skole, omdat daar weens 'n gebrek aan fasiliteite of afrigters by party skole nie rugby, netbal of hokkie aangebied word nie. Onsekerhede wat in die analise van die onderhoude na vore gekom het, is in die fokusgroepsessies uitgeklaar ter wille van vollediger begrip.

Die onderhoudskedule is vooraf opgestel volgens riglyne soos uiteengesit in Leedy en Ormrod (2005:168-147). Strydom (2002b:215) noem die belangrikheid daarvan om die onderhoudskedule vooraf te toets om sodoende foute te identifiseer. Die navorser het die onderhoudskedule eers op 'n ervare sportkollega getoets en na aanleiding van hierdie toetsing is enkele klein veranderinge aan die onderhoudskedule aangebring. Die vrae in die onderhoudskedule is ontwikkel vanuit die literatuuroorsigte van Hoofstuk 2, 3 en 4. Die navorser het na aanleiding van die literatuurstudie 'n onderhoudskedule opgestel om te verseker dat al die belangrikste temas tydens die onderhoude gedek word. Die deelnemers wat aan die semi-gestruktureerde onderhoude deelgeneem het, is die adjunkhoofde van skole verantwoordelik vir sport en die hokkie-, netbal- en rugbysportorganiseerders. Daar is gepoog om al die afrigters van al die tersaaklike sportsoorte te laat deelneem en ewe veel mans en dames as deelnemers te betrek. Die lys van benodigdhede vir die fokusgroepsessie was onder andere die plek van byeenkoms, die onderhoudskedule

(ontwikkel vanuit die literatuuroorsig), 'n klankopnemer en verversings (Greeff, 2005:298-303).

Om saam te vat, is daar dus onderhoude gevoer met vier adjunkhoofde wat verantwoordelik was vir sport, asook met tien hokkie-, netbal- en rugbysportorganiseerders. Daar is dus veertien persone by die onderhoude betrek. Die individuele onderhoude is opgevolg met 'n fokusgroeponderhoud waar die ses sportorganiseerders van elke skool betrek is. Daar is deeglike kennis en insig verkry uit die deelnemers se response en daarom is die aantal deelnemers en skole as voldoende beskou om die toepaslike navorsingsvrae rakende opvoeder-afrigters se kennisvlak, insig en persepsies te kan beantwoord en ook of opvoeder-afrigters en skole in die Kenneth Kaunda-distrik aan die vereistes rakende regsrisikobestuur voldoen.

## 5.6 Analise van data

Marshall en Rossman (1999:150) sowel as De Vos (1998:339) dui aan dat data-ontleding die proses is om orde en struktuur te verleen, asook om die data te interpreteer. Data-analise is dus 'n proses waar die onderhouddata en inligting metodies ontleed en georden word. Merriam (1998:87) en Greeff (2005:298-303) sê dat 'n videokamera of klankopnemer van die effektiefste metodes is om onderhoude op te neem. Daar is in die studie van 'n klankopnemer gebruik gemaak.

Direk nadat die onderhoude in hierdie studie gevoer is, is die woord-vir-woord-transkripsies van die opnames gedoen en het die dataverwerking plaasgevind. Die daaropvolgende fokusgroepsessie is ook vanaf die klankopnemer getranskribeer en ontleed. Data word volgens De Vos, Fouché en Venter (2002:223) geanaliseer om data te verminder tot kategorieë, temas en subtemas wat geïnterpreteer kan word sodat die navorsingsprobleme ontleed en getoets kan word en bevindings gemaak kan word. De Vos, Fouché en Venter (2002:344) verduidelik dat die klassifisering en interpretering van data, die soeke na kategorieë en temas in die inligting behels. Die

navorser het die transkripsies van die onderhoude self gedoen en nadat dit verskeie kere gelees is, was die navorser in staat om verskeie temas en subtemas te identifiseer. Deur gebruik te maak van kleurkodes (vergelyk addendum G) is die kategorieë en temas geïdentifiseer wat die interpretering daarvan vergemaklik het. Daarna is die finale data-analise gedoen en persepsies vergelyk en gekombineer, soos Creswell (2003:153-155) aanbeveel. In die finale stap van data-analise is die navorsingsbevindinge en interpretasies in 'n geskrewe vorm voorgestel, wat ook tabelle en figure insluit.

## 5.7 Vertroulikheid en etiese aspekte

Volgens Babbie (1998:438) en Strydom (2002a:65) is dit belangrik om die vertroulikheid en etiese aspekte van die deelnemers te verseker. Die skrywers Babbie en Strydom noem verskeie aspekte wat die navorser in ag moet neem om aan die etiese en vertroulike aspekte te voldoen. Die deelnemers moet eerstens ingelig word oor die doel van die studie en die prosedures wat gevolg sal word gedurende die studie. Die skrywers stem saam dat geen skade of ongemak aan die deelnemers aangerig mag word nie. Hulle voel ook dat die navorser bevoeg moet wees om die navorsing te onderneem. Een van die essensiële aspekte van onderhoude is dat die navorser die deelnemers moet inlig dat hulle identifiserende besonderhede nie in die analise bekend gemaak sal word nie. Vertroulikheid beteken ook verder dat die inligting wat die deelnemer verskaf, nie gebruik sal word vir ander redes as die doel wat vooraf bepaal is nie.

Die navorser het die deelnemers vooraf ingelig oor al die vertroulike en etiese aspekte en daarop gefokus om volledige en akkurate inligting aan die deelnemers te gee. Henning *et al.* (2005:73) beveel aan dat alle deelnemers wat deur die navorser geïdentifiseer is, al die nodige toestemmingsbriewe moes teken vir goedkeuring (vergelyk addendum D). Hiervolgens verklaar hulle dat hulle vrywillig en bereid was om aan die studie deel te neem. Die onderhoude wat gehou is, was onderhewig aan

skriftelike toestemming van die Departement van Onderwys van die provinsie, die skoolhoof en die beheerliggaam van die onderskeie skole en etiese goedkeuring van die etiekkomitee van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus). Die dokumentasie wat aan skole en die Departement van Basiese Onderwys gestuur is, asook die verklaring van ingeligte toestemming van die deelnemers word as addendum A, B, C, D en E aangeheg.

## 5.8 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die navorsingsontwerp, navorsingsparadigma en navorsingsmetodologie wat in hierdie studie gebruik is, bespreek. Die proses wat met data-insameling en die seleksie van die deelnemers gevolg is, is ook bespreek. Verder het die prosesse van data-analise en etiese oorwegings ook aandag gekry. In die volgende hoofstuk sal die navorsingsbevindings uiteengesit word.

# HOOFSTUK 6: ANALISE VAN EMPIRIESE DATA

## 6.1 Inleiding

In Hoofstuk 5 is die proses wat gebruik is om die data in te samel, te organiseer en te ontleed, verduidelik. Hierdie hoofstuk is 'n aanbieding van die analise van die getranskribeerde, onverwerkte data wat tydens die onderhoude ingesamel is. Die bevindinge en aanbevelings gebaseer op hierdie analise sowel as die literatuuroorsig van Hoofstuk 2, 3 en 4 word in Hoofstuk 7 aangebied.

Die volgende spesifieke doelwitte is in Hoofstuk 1 vir die empiriese komponent van die studie gestel:

- Om te bepaal wat die opvoeder-afrigters in die Kenneth Kaunda-distrik wat aan die studie deelgeneem het, se kennisvlak, insig en persepsies rakende regsbepalings met betrekking tot hulle versorgingsplig en regsaanspreeklikheid is;

- Om te bepaal of opvoeder-afrigters en skole in die Kenneth Kaunda-distrik aan die studie deelgeneem het aan die vereistes rakende regsrisikobestuur voldoen.

Data-analise het dus plaasgevind ten einde die navorsingsvrae in die lig van die probleemstelling te kan beantwoord. Die data-analise moet toon wat die mening en persepsie van die opvoeders ten opsigte van hulle regsplig met betrekking tot hulle versorgingsplig en regsaanspreeklikheid is. 'n Verdere doel is om te bepaal of opvoeders op dié bepaalde kennisvlak van risikobestuur is om te verseker dat skole voldoen aan die vereistes rakende regsrisikobestuur op skolevlak.

Inleidend en opsommend toon die analise dat die meerderheid van die opvoeders onseker oor hulle regsplig teenoor die leerders is, omdat hulle nie genoegsame kennis van die wetlike aspekte het nie, veral nie ten opsigte van

regsaanspreeklikheid nie. Die meeste van die deelnemers toon 'n passie vir onderwys en spesifiek vir sportafrigting. Die opvoeders het egter 'n vrees vir litigasie, omdat daar tans gereeld hofsake plaasvind waar opvoeders aanspreeklik gehou word vir beserings wat onder opvoeders se sorg plaasgevind het. Die opvoeder weet hy het 'n regsplig om die veiligheid van die leerders onder sy sorg te verseker, maar uit die deelnemers se reaksies is dit duidelik dat daar onsekerheid is oor presies wat hulle wetlike verpligting is.

## 6.2 Samestelling van groepe, kategorieë en temas


Gedurende die semi-gestruktureerde onderhoude met die deelnemers is die hooftema geïdentifiseer, naamlik regsrisikobestuur. Twee hoofgroepe is ook geïdentifiseer, naamlik: 'n groep wat inligting bevat wat met die afrigter se regsaanspreeklikheid te doen het, en 'n groep met inligting wat skolesport-spesifiek is. Hierdie twee hoofgroepe het in die data-analise na vore gekom vanuit die response op die navorser se vrae, asook vanuit die literatuurstudie in Hoofstuk 2, 3 en 4. Binne die twee hoofgroepe is ses kategorieë geïdentifiseer, elkeen met een of meer temas wat na vore gekom het, soos aangedui in Tabel 6.1.

Tabel 6.1: Groepe, kategorieë en temas

| Groepe | Kategorieë | Temas |
|---|---|---|
| Regsaanspreeklikheid | Grondwet | Veiligheid |
| | Deliktuele aanspreeklikheid | Skade<br>Skuld<br>*In loco parentis*<br>Vrywaringsvorms |
| Skolesport | Risikobestuur | Risikobestuursprogramme<br>Risikobestuursprosesse |
| | Veiligheid | Rol van die beheerliggaam en skoolhoof<br>Veiligheid van die toeskouers |
| | Pligte van die opvoeder | Toesighouding<br>Regsplig van die skeidsregter<br>Tegnieke en instruksies<br>Beserings en siektes<br>Toerustingbestuur en fasiliteite<br>Ontwikkelingsvlak van deelnemer<br>Vlak van bekwaamheid en ondervinding<br>Risiko's van sportsoorte |
| | Opleiding | Tersiêre opleiding<br>Kursusse |

Die samestelling van groepe, kategorieë en temas word grafies in Figuur 6.1 voorgestel, soos aangepas is vanuit Rossouw (2011:122).

Figuur 6.1: Die data-analiseproses



Die groepe, kategorieë en temas word nou om die beurt bespreek en 'n oorsig word in die proses verskaf van die belangrikste persepsies en menings wat die deelnemers uitgespreek het. Van die deelnemers se response is direk vanuit die transkripsies aangehaal. De Vos (2005:336) reken dat deur die reël-vir-reël-analise van 'n onderhoudtranskripsie, die akkuraatste vorm van ontleding verseker word.

Die persepsies en menings, soos uit die individuele onderhoude en fokusgroepsessie verkry is, word in die volgende kategorieë verdeel, wat vervolgens bespreek word aan die hand van elkeen se spesifieke temas:

- Die Grondwet
- Deliktuele aanspreeklikheid
- Risikobestuur
- Veiligheid
- Pligte van die opvoeder
- Opleiding

## 6.3 Regsaanspreeklikheid

Tydens die literatuurstudie in paragraaf 2.3 word verwys na die Grondwet van Suid-Afrika (SA, 1996a) as die hoogste reg van ons land. Van die deelnemers is van mening dat hulle op hoogte is van die reëls van hulle spesifieke sportsoort, maar dat hulle die toepaslike bepalings van die Grondwet en ook meer spesifiek die onderwyswetgewing nie ken nie. Omdat die opvoeders nie genoegsame kennis rondom die aspekte het nie, kan dit veroorsaak dat 'n opvoeder nie optimaal kan funksioneer in sy sportafrigting nie, weens sy onsekerheid oor wat sy regsposisie is.

### *6.3.1 Die Grondwet*

'n Rugbyorganiseerder noem dat 'n opvoeder 'n verpligting het om die veiligheid van spelers te verseker en dat die Grondwet van Suid-Afrika dié verpligting op die opvoeder plaas. Aangesien artikel 7 van die Grondwet (SA, 1996a) die Handves van Menseregte, waarin die regte van almal in die land beskerm word, as die hoeksteen van demokrasie daarstel, word ook opvoeder-afrigters daardeur gebind. Hierdie verpligting plaas 'n verantwoordelikheid op die opvoeder om elke leerder se veiligheid te beskerm en meer spesifiek om beserings by leerders te voorkom, soos bespreek in paragraaf 2.3. Ook artikel 28(2) van die Grondwet (SA, 1996a) plaas hierdie verpligting op die opvoeder, soos in paragraaf 2.3.2.4 bespreek, omdat die kind se belange altyd eerste gestel word. Omdat daar op die sportveld heelwat risiko's is waaraan die leerder blootgestel word, moet opvoeders redelike voorsorg tref dat leerders se belange beskerm word.

Die meerderheid van die deelnemers noem dat hulle bewus is daarvan dat opvoeders die kind se belange altyd eerste stel, wat veiligheid, geborgenheid en sekuriteit insluit. Uit die deelnemers se reaksies kan daar afgelei word dat hulle besef hulle het 'n regsplig, maar dat hulle kennis ten opsigte van die Grondwet en ander determinante waarin die opvoeder se regte en verpligtinge bepaal word, onvoldoende is.

In hierdie kategorie word veiligheid as 'n fundamentele reg vir die leerder, as tema bespreek. Die deelnemers is dit almal eens dat 'n primêre taak van die opvoeder is om die veiligheid van die leerders onder sy toesig tydens die afrig van sport te verseker. Volgens artikel 24 van die Grondwet van Suid-Afrika (SA, 1996a) soos bespreek in paragraaf 2.3.2.3, moet die omgewing in so 'n mate veilig wees dat dit nie die leerder se gesondheid en/of welsyn benadeel nie. Die deelnemers beskou die skep van 'n veilige omgewing en toestande vir leerders op die sportveld as een van die belangrikste pligte van 'n opvoeder. Volgens die deelnemers beslaan

veiligheid 'n baie wye veld. Veiligheid hou volgens hulle verband met byvoorbeeld die toestand van die speeloppervlaktes, veiligheidstoerusting en fasiliteite, oefenapparaat en toesighouding.

Op 'n vraag tydens die fokusgroeponderhoud wat 'n veilige skool is, het 'n adjunkhoof genoem dat, as jou skool 'n gelukkige skool is, dan is dit ook 'n veilige skool. Die deelnemer is oortuig daarvan dat as jou skool se skoolreëls en dissipline goed toegepas word en 'n kind binne die perklyne van die skool- en spelreëls bly, hy hom in 'n geborgenheidsruim bevind waarin die leerder veilig en geborge voel.

Veiligheid word in paragraaf 6.4.2 ook as kategorie onder die groep skolesport bespreek.

### *6.3.2 Deliktuele aanspreeklikheid*

Van die deelnemers erken dat hulle nie die nodige regskennis rakende deliktuele aanspreeklikheid het nie. Een van die deelnemers noem dat regsaanspreeklikheid iets is waarvan hy weet, maar nie regtig weet waaroor dit gaan nie. 'n Ander deelnemer stem saam en bevestig: "Ons weet genoeg van regsaanspreeklikheid om dit vir onsself baie moeilik te maak; ons weet te min daarvan - ons is nie opgelei daarvoor nie".

Die deelnemers besef almal dat, indien 'n leerder seerkry as gevolg van die nalatige optrede van 'n opvoeder, die opvoeder daarvoor aanspreeklik gehou kan word. 'n Adjunkhoof verduidelik: "Elkeen van die afrigters weet as hulle nalatig is gaan hulle aanspreeklik gehou word". Die deelnemers is egter baie onkundig rondom die elemente van aanspreeklikheid. Die fundamentele elemente vir deliktuele aanspreeklikheid word in paragraaf 1.3.3 en Hoofstuk 3 uiteengesit. Een deelnemer vra: "Gaan ek verantwoordelik gehou word vir as 'n kind seerkry in my oefening en hulle kan nalatigheid bewys? Is ek verantwoordelik daarvoor?" Nog 'n deelnemer wonder of jy eers "aanspreeklik bevind moet word voor jy nalatig kan wees". Vir die

opvoeder is dit belangrik om te weet of daar eers 'n handelingselement teenwoordig moet wees voordat aanspreeklikheid opgedoen kan word. 'n Deelnemer verstaan 'n handeling is iets wat 'n onderwyser gedoen het of wat 'n onderwyser nagelaat het om te doen. Enkele van die elemente wat betrekking het op deliktuele aanspreeklikheid het sterker na vore gekom in die onderhoude en word as temas verder bespreek.

'n Basiese verpligting van die opvoeder onder die gemene reg is die opvoeder se rol as sorgsame toesighouer. Die versorgingsplig is volledig in die literatuur in paragraaf 3.4.3 bespreek. 'n Deelnemer druk homself egter soos volg uit: "Ek dink baie min weet op die oomblik wat hulle regsplig werklik teenoor die leerders is en toesighouding. Maar dat ons nie werklik goed ingelig is daaroor nie, dit is 'n feit..."

Uit die siening van die deelnemer word daar vermoed dat opvoeders nie 'n goeie kennis van die gemene reg (soos in paragraaf 3.4.1 bespreek) en ander determinante (soos in paragraaf 3.2 bespreek) het nie, veral nie ten opsigte van hulle regte en verpligtinge nie. Die drie temas wat binne die kategorie van die gemene reg val, word volgende bespreek.

*6.3.2.1 Sorgplig*

Omdat al die deelnemers professioneel opgeleide opvoeders is, kan dit aanvaar word dat die deelnemers oor 'n hoë mate van kennis met betrekking tot hul versorgingsplig beskik. Daar is aan deelnemers in die onderhoud gevra of die Suid-Afrikaanse opvoeders weet wat hulle wetlike pligte teenoor leerders onder hulle toesig is, asook die gevaar waaraan hulle blootgestel is as hulle nie hierdie wetlike pligte nakom nie. Die oorgrote meerderheid deelnemers het met die vraag dit duidelik gemaak dat hulle nie goed ingelig is oor die regsaspekte van toesighouding nie. Tydens die individuele onderhoude was dit opmerklik dat die deelnemers onseker is oor wat hulle verantwoordelikheid behels ten opsigte van hulle regsplig, maar tydens die fokusgroepsessie het die deelnemers mekaar se mening goed aangevul namate hulle die ander deelnemers se respons daaroor aangehoor het

(vergelyk paragraaf 1.6.5.2 en paragraaf 5.5.1.2 vir die bespreking van die waarde van fokusgroeponderhoude).

Tydens die fokusgroepsessie sê 'n ervare sportorganiseerder en adjunkhoof: "Ek dink dit is 'n verskriklike groot leemte, ek dink nie die ouens weet regtig wat hulle wetlike pligte is nie". 'n Rugbyafrigter voel: "Die onderwysers weet nie al hierdie wetlike aspekte nie". 'n Ander deelnemer lug sy mening soos volg: "Ek weet nie of ek die verantwoordelike persoon is nie. Is ek regsaanspreeklik daarvoor? Was ek nalatig gewees?" 'n Sportorganiseerder se siening is: "Ek dink nie jou alledaagse onderwyser weet daarvan nie". 'n Ervare sportafrigter is van mening dat van die opvoeders nie weet dat hulle 'n regsplig het nie. 'n Ander ervare rugbyafrigter reageer op die betrokke vraag deurdat hy hom soos volg uitspreek: "Ek as afrigter weet nie van alles nie. Ek kan môre iets doen wat teen die reg is en ek word regsaanspreeklik gehou daarvoor en ek weet nie daarvan nie".

Die deelnemers meen daar is verskeie vorme van sorgplig in die onderwyspraktyk en in skolesport waaraan 'n opvoeder moet voldoen, soos in paragraaf 3.4.3 en 3.4.4 bespreek is. 'n Rugbyafrigter sê hy is verantwoordelik vir 'n beseerde rugbyspeler totdat hy hom veilig aan sy ouers terugbesorg het. 'n Ervare netbalafrigter noem dat 'n voorbereide afrigter reeds sy sorgplig doen om die veiligheid van die leerders te verseker. 'n Ander rugbyafrigter stem met die netbalafrigter saam: hy is oortuig daarvan dat, as 'n afrigter oor die nodige afrigtingsertifikate beskik, die verpligte Boksmart-rugbykursus doen en oor die nodige noodhulpkwalifikasies beskik, hy voorbereid en toegerus is en op grond daarvan hy sy sorgplig teenoor die leerders nakom. 'n Voorbereide afrigter is volgens die twee opvoeders iemand wat presies weet watter risiko's daar in 'n spesifieke sportsoort is, en omdat die opvoeder voorbereid is, doen hy sy beplanning so dat hy die voorsienbare risiko's vermy.

'n Netbalafrigter noem dat sy 'n sorgplig teenoor haar netbalspan het en dit is belangrik dat sy haar vergewis van elke leerder se mediese agtergrond. Sy voel sy

kan dan, as daar 'n besering is, dadelik optree en sodoende kan sy haar sorgplig nakom. Van die deelnemers meen ook as die afrigters die reëls van die spel ken, hulle daardeur ook hulle sorgplig nakom. 'n Sportorganiseerder sê as spelers goed afgerig is, voer die opvoeders ook hulle sorgplig uit.

'n Adjunkhoof se mening som die opvoeders se sienings rakende hulle versorgingsplig goed op. Hy sê dat 'n opvoeder 'n verantwoordelikheid het teenoor die leerders wat in sy sorg geplaas word: "Elke opvoeder het 'n verantwoordelikheid. Jy kan nie nalatig by die skool, of op die sportveld optree nie. Jy het 'n verantwoordelikheid teenoor die kinders wat onder jou toesig is."

*6.3.2.2 Skade*

Soos bespreek in paragraaf 3.6, word skade omskryf as die nadelige inwerking op enige vermoëns- of persoonlikheidsbelang wat die reg as beskermingswaardig ag. In sportdeelname kan skade opgedoen word deur die beserings wat spelers en selfs toeskouers opdoen.

Van die deelnemers noem dat dit toenemend gebeur dat afrigters beseerde spelers laat speel omdat die wenfaktor so belangrik is. 'n Ervare netbalorganiseerder is van mening dat dit baie druk op die speler plaas en dat dit vir haar onrusbarend is dat van dié spelers net op skoolvlak speel en later net van die sporttoneel verdwyn. "Jy sien die speler nooit weer nie, want daar is onnodige druk op die speler geplaas en dié sit met beserings vir die res van sy lewe."

Die netbalafrigter noem verder dat sy bewus is van gevalle waar talentvolle spelers as gevolg van die druk om te speel, hulle sodanig beseer het dat hulle toekomsplanne om professionele netbal te speel daarmee heen is. Sy noem dat 'n sekere netbalouer 'n hofsaak teenoor 'n opvoeder wou maak om skadevergoeding te eis vir mediese uitgawes, pyn en lyding asook verlies aan inkomste. Sy is onseker of die saak wel gemaak is. Die meeste van die deelnemers stem saam dat dit nie

raadsaam is om beseerde spelers verder te laat oefen of toe te laat om wedstryde te speel nie.

Die deelnemers verwys na twee gevalle waar opvoeders en die skool aanspreeklik gehou kan word vir skade wat leerders onder hulle toesig opdoen. 'n Rugbyorganiseerder noem die geval waar 'n leerder van Lichtenburg sy nek in 'n losskrum gebreek het in 'n wedstryd waarin hy die afrigter was. Die seun is tans 'n kwadrupleeg. Die ouers hou die skool en die Departement aanspreeklik vir die skade wat die seun met die besering opgedoen het. Met die voltooiing van hierdie studie is die saak nog onafgehandel.

In die ander geval vertel 'n rugbyafrigter dat 'n speler van hulle skool tydens 'n wedstryd 'n kopbesering opgedoen het. In 'n volgende wedstryd en nadat hy van die besering herstel het, is die seun egter oorlede en wou die ouers die skool hof toe vat, omdat hulle die skool aanspreeklik gehou het vir sy dood. Die skool was egter in besit van 'n tweede mediese sertifikaat wat aangedui het dat die seun geskik was om weer 'n wedstryd te speel. Die ouers het beweer dat die skool nalatig was om die kind toe te laat om te speel. Die ouers was van mening dat hy nog nie geskik was om te speel nie. Nadat die skool die tweede sertifikaat aan die ouers gewys het, het die ouers hulle daarby berus.

In paragraaf 2.4.3 is artikel 60(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996c) bespreek, waarvolgens die Staat aanspreeklik gehou word vir die skade of verliese wat 'n leerder gely het, indien 'n leerder tydens skoolaktiwiteite by 'n skool beseer word as gevolg van die nalatigheid van 'n opvoeder.

*6.3.2.3 Skuld*

Soos reeds in paragraaf 3.7 bespreek is, is die aanwesigheid van skuld een van die voorvereistes vir deliktuele aanspreeklikheid. Skuld het twee verskyningsvorme, naamlik nalatigheid of opset. Dit blyk uit die onderhoude dat die groter groep van die

deelnemers onseker is oor die reg ten opsigte van aanspreeklikheid en meer spesifiek oor die element nalatigheid.

'n Deelnemer bevestig: "Ons weet iets van nalatigheid, maar ons weet so min van die reg self". Die meerderheid van die deelnemers besef wel dat hulle aanspreeklik gehou kan word as hulle optrede nalatig was. 'n Netbalafrigter se siening oor nalatigheid toon dat sy sowel die voorsienbaarheids- as voorkombaarheidselemente van nalatigheid raaksien: "Wanneer 'n persoon bewus was van faktore wat 'n besering kan veroorsaak en die persoon doen niks daaraan om die besering te voorkom nie".

In die geval van nalatigheid, soos bespreek in paragraaf 3.6, word 'n persoon verantwoordelik gehou vir onversigtige en onbedagsame gedrag omdat die persoon nie voldoende aandag aan sy optrede gegee het nie en hy nie volgens die standaard van sorg wat regtens van hom verlang word, opgetree het nie.

Die deelnemers besef wel dat, as hulle nie hulle regsplig om 'n leerder se veiligheid te verseker nakom nie, hulle daarvoor aanspreeklik gehou kan word. 'n Sportorganiseerder voeg by: "Wel, die reg ten opsigte van aanspreeklikheid is duidelik; die onderwyser sal aanspreeklikheid moet aanvaar as hy nie alle wetlike aspekte nakom nie". Die deelnemers stem saam dat die opvoeder 'n verantwoordelikheid teenoor die leerder het om nie nalatig op te tree nie.

Uit die deelnemers se persepsies kan afgelei word dat hulle nie met sekerheid weet watter faktore die nalatigheid van die opvoeder toets nie. Die faktore word in paragraaf 3.7.3.3 bespreek. Van die deelnemers noem dat hulle vanweë hul posisie as opvoeder en hulle opleiding as 'n deskundige beskou kan word en dat hulle 'n verantwoordelikheid het om te sorg dat leerders nie beseer word nie. Daar kan afgelei word dat hulle slegs bewus is van een faktor wat die nalatigheid van die opvoeder toets en dit is die redelike deskundige-toets soos in paragraaf 3.7.3.3 bespreek is. Die ander faktore wat die toets vir nalatigheid van die opvoeder

beïnvloed, is medewerkende skuld soos bespreek in paragraaf 3.8.6, openbaarmaking as voorkomende maatreël in paragraaf 3.8.6 en oorsaaklikheid in paragraaf 3.8.8 bespreek.

Nie een van die deelnemers het aangedui wat gedoen moet word om te bepaal of iemand se optrede nalatig was nie, wat waarskynlik aandui dat opvoeders nie genoegsaam kennis dra van die gemeenregtelike beginsels wat op hul beroep van toepassing is nie. In paragraaf 3.7 is die "redelike persoon-toets" bespreek. Hierdie toets word gedoen om vas te stel of 'n opvoeder se optrede wel nalatig was. Om dit te bepaal, word die optrede van die opvoeder gemeet aan wat die redelike deskundige in die situasie sou doen.

Daar is aan deelnemers gevra om tipiese voorbeelde van nalatigheid wat afrigters en opvoeders begaan, uit te wys. Die deelnemers het dadelik verskeie tipiese nalatige optredes uitgewys, wat 'n aanduiding is dat hulle kennis dra oor wat 'n nalatige optrede is. Die meerderheid van die deelnemers beskryf die swak toestand van die speelveld as tipiese voorbeeld van nalatigheid. Een van die sportorganiseerders meen die opvoeder is nalatig as die skoolterrein en die sportveld nie veilig is nie. 'n Netbalafrigter voeg by dat 'n afrigter nalatig optree indien hy toelaat dat spel voortgaan as die speeloppervlak nie veilig is nie.

Verskeie deelnemers meen afrigters tree nalatig op as hulle spelers sonder die nodige veiligheidsklere of -toerusting laat speel. Een van die *township*-skole se sportorganiseerders spreek hom soos volg daaroor uit: "Wanneer ons miskien 'n leerder of speler laat speel sonder die regte beskerming, byvoorbeeld by krieket waar 'n outjie gaan kolf, maar hy het nie 'n kriekethelm op nie, dan was dit bloot nalatigheid". Die bespreking van toerustingbestuur vind plaas in paragraaf 4.3.1.9.

Baie van die deelnemers wys daarop dat die mees algemene nalatige optrede van opvoeders by skolesport is om te oefen of wedstryde te speel sonder noodhulp. Van die deelnemers wys daarop dat opvoeders vir wedstryde of byeenkomste noodhulp

reël maar nie vir oefeninge nie. 'n Adjunkhoof verduidelik: "Ons is nalatig op dit. Jy is veronderstel om tydens die oefening ook noodhulp te hê".

Al die rugbyorganiseerders is daarvan oortuig dat 'n rugbyafrigter die risiko loop om 'n besering te veroorsaak as hy spelers uit posisie laat speel, veral spelers in die voorry. Hulle meen sulke blootstelling aan 'n risiko is nalatige optrede van die afrigter se kant. Een deelnemer vertel hy het gehoor van 'n saak in Australië waar 'n speler volgens wetgewing nie in die voorry mag speel as hy 'n lang dun nek het nie. Die deelnemer ken egter nie al die feite van die saak nie. Die saak van *Watson v Haines* is in paragraaf 3.8 bespreek.

'n Rugbyafrigter sê 'n afrigter is nalatig wanneer spelers toegelaat word om te oefen sonder om op te warm. Een van die adjunkhoofde meen 'n opvoeder is uiters nalatig indien 'n beseerde speler sonder enige mediese behandeling of toesig huis toe gestuur word. Hy lug sy mening soos volg: "In elk geval die ergste vir my is as 'n kind beseer word en hy word alleen huis toe of koshuis toe gestuur". Die bespreking in hierdie verband word in paragraaf 4.3.1.4 gedoen.

Dit blyk uit die onderhoude dat afrigters gevaarsituasies herken op die sportveld, en besef dat die deelnemers gevaar loop om 'n besering of ongeluk te kan opdoen. Weens omstandighede buite hulle beheer word hulle egter geforseer om onder sekere toestande te oefen of te speel. 'n Sportorganiseerder erken dat daar gevaarsituasies op die sportveld is en dat dit geïgnoreer word. Hy noem dat afrigters soms bewus daarvan is dat die doelpale sonder paalbeskermers is of dat daar geen noodhulp by die veld is nie, of dat daar nie veiligheidsnette om die diskushokke is nie, maar daar word nogtans op die veld geoefen. 'n Rugbyorganiseerder stem saam en voeg by dat die krieketnette by sy skool teenaan die rugbyveld is. Daar word terselfdertyd krieket en rugby geoefen. Hy wonder of hy aanspreeklik gaan wees indien 'n krieketbal 'n rugbyspeler op die veld tref.

'n Jong sportafrigter meen 'n tipiese voorbeeld van nalatigheid is waar kinders sonder toesig gaan swem na 'n sportgebeurtenis. Hy voel: "dit is absoluut nalatig". Baie van deelnemers voeg by dat 'n gebrek aan toesig verantwoordelik is vir baie voorsienbare beserings. Die belangrikheid van voldoende toesig is in paragraaf 4.3.1.3 bespreek.

Daar is dus verskeie situasies in 'n skolesport waar die deelname aan 'n sportsoort voorsienbare risiko's inhou en deur nie voorkomende maatreëls toe te pas nie, grens die nie-voorkoming van beserings aan erge nalatigheid. In paragraaf 3.7 word nalatigheid bespreek. Voordat 'n persoon aanspreeklik bevind word, moet daar bewys word dat die skade voorsienbaar en voorkombaar was. Dit was duidelik uit die analise van die onderhoude dat die deelnemers van sekere terme weet en redelike kennis daarvan het, maar dit was ook duidelik dat die deelnemers onkundig is oor baie van die terminologie rakende deliktuele aanspreeklikheid en die toepassing daarvan in die praktyk. Min van die deelnemers was bewus daarvan dat die toets vir nalatigheid uit die twee elemente bestaan, naamlik redelike voorsienbaarheid en redelike voorkombaarheid. Die elemente is onder paragraaf 3.7 volledig bespreek.

*6.3.2.4 In loco parentis*

Die *in loco parentis*-beginsel is in paragraaf 3.4.2 bespreek as 'n faset van onregmatigheid. Die deelnemers is bekend met die *in loco parentis*-beginsel en een deelnemer noem ook dat 'n opvoeder 'n regsplig het as gevolg van sy *in loco parentis*-posisie. Die deelnemers stem saam dat die opvoeder in die plek van die ouer optree en daarom moet hulle die leerders oppas en versorg.

Al die deelnemers is dit eens dat daar van 'n opvoeder verwag word om vir 'n kind te sorg soos hy vir sy eie kind sal sorg. 'n Deelnemer stel dit so: "Die kind is in my sorg toevertrou; ek moet vir die kind sorg soos wat ek vir my eie kind sal sorg. Ek moet sorg dat die kind veilig is en ek moet probeer verhoed dat hy nie seerkry nie". Een

van die rugbyafrigters voel dat wanneer 'n kind 'n besering opdoen, jy die situasie so sal hanteer asof "... jy jou eie kind sal hanteer".

'n Netbalafrigter spreek haar soos volg uit: "Jy is soos 'n ma of pa vir daai kind op die sportveld. So jy moet jouself maar altyd in daai persoon se ma of pa se posisie plaas". Die deelnemer noem verder dat die opvoeder se sorgplig van 'n hoë standaard moet wees. Sy glo 'n opvoeder moet presies weet wat 'n risiko kan wees: "... en as daar weerlig is, moet die kinders nie toegelaat word om te speel nie". Soos bespreek is in paragraaf 2.3.2.4, toon die literatuur dat artikel 28(2), waarin die beste belang van die kind vooropgestel word, seker een van die belangrikste artikels in die Grondwet (SA, 1996a) is. Dit het 'n direkte invloed op die sorgplig van die opvoeder.

Van die deelnemers sê dat die beheerliggaam, die hoof en die opvoeders 'n sorgplig het, ten opsigte van die leerders in hul sorg, want hulle tree in die plek van die ouers op. Paragraaf 3.4.3 toon aan dat 'n opvoeder 'n verpligting het om die veiligheid van die leerders onder sy toesig te verseker. Die opvoeder het 'n plig, as daar 'n voorsienbare risiko is, om dit te voorkom en in die proses redelike optrede te demonstreer.

*6.3.2.5 Vrywaringsvorms*

'n Groot meerderheid van die deelnemers noem dat hulle skole almal gebruik maak van vrywaringsvorms, soos bespreek in paragraaf 3.9.1. Volgens die deelnemers gee die ouers daardeur toestemming dat hul kind aan skoolaktiwiteite mag deelneem. 'n Deelnemer verduidelik dat, as 'n kind by sy skool inskryf, hy 'n vrywaringsvorm voltooi wat hom toestemming verleen om aan aktiwiteite deel te neem.

Baie van die deelnemers het gevoel die vrywaringsvorm is niks werd nie. Tydens die fokusgroepsessie reken 'n senior adjunkhoof dat die vrywaring baiekeer nie die papier werd is waarop dit staan nie. 'n Engelssprekende sportorganiseerder is van

mening dat "...die helfte van die goed is amper nie die kool die sous werd nie..." Twee van die fokusgroepdeelnemers het reguit gesê dat die vrywaringsvorms van die skool eintlik net 'n inligtingsdokument is. 'n Ander deelnemer het saamgestem: "Dit is 'n inligtingsdokument, dis al. Dit is net kontakbesonderhede om die ouers te kontak".

Van die deelnemers verduidelik dat die vrywaringsvorm geen opvoeder beskerm van enige nalatige optrede nie. 'n Rugbyorganiseerder sê die volgende rakende die opvoeder se verantwoordelikheid: "Al gee die ouer toestemming dat die kind aan 'n aktiwiteit mag deelneem, maar die onderwyser se optrede is nalatig, gaan die vrywaringsvorm nie die onderwyser vrywaar van aanspreeklikheid nie".

Tydens die fokusgroepsessie is dit duidelik dat die deelnemers bewus daarvan is dat die vrywaringsvorm nie hulle, of die skool kan vrywaar van aanspreeklikheid, indien daar bevind word dat die skade wat die leerder ly deur doelbewuste, growwe nalatige of deur roekelose optrede veroorsaak is nie.

Hierdie bespreking was 'n uiteensetting van die data wat 'n groep vorm onder die titel regsaanspreeklikheid, soos bespreek in paragraaf 6.2. Die onderskeie temas het spesifiek gefokus op die invloed wat regsaanspreeklikheid op die opvoeder se versorgingsplig het om die veiligheid van die leerders te verseker. Uit die kwalitatiewe data is 'n tweede groep, naamlik Skolesport, geïdentifiseer. Daar gaan vervolgens gekyk word na die volgende groep en watter invloed dit op die opvoeder se sorgplig het.

## 6.4 Skolesport

Die vier kategorieë wat tydens die data-analise in hierdie groep na vore gekom het, is risikobestuur, veiligheid, pligte van die opvoeder en opleiding. Onder hierdie kategorieë is daar verskeie temas en dié gaan vervolgens bespreek word.

### *6.4.1 Risikobestuur*

By 'n meerderheid van die deelnemers is daar onsekerheid oor wat presies die term *risikobestuur*, soos in paragraaf 4.1 uiteengesit is, beteken. Een deelnemer meen selfs dat risikobestuur in sy oë die verkeerde term is. Hy is van mening dat risikobestuur meer gaan oor hoe, as daar 'n besering is, dit verder bestuur gaan word. 'n Adjunkhoof meen: "Jou grootste risiko is ernstige beserings in sport". Die deelnemers het kennis wat risiko's is, maar is onseker wat die term risikobestuur as geheel beteken.

Die meerderheid van die deelnemers lê baie klem op die woord *bestuur,* wat 'n aanduiding is dat hulle is van mening dat risikobestuur 'n proses is wat bestuur kan word. 'n Deelnemer lug sy mening soos volg: "Jy moet dit kan bestuur, reg kan bestuur om ernstige beserings te kan voorkom".

'n Sportorganiseerder definieer risikobestuur soos volg: "Risikobestuur is die voorkoming van ernstige beserings in sport wat tot gevolg kan hê dat daar eise ten opsigte van jouself en ook die skool kan wees".

#### *6.4.1.1 Risikobestuursprogramme*

Verskeie deelnemers is van mening dat daar iets in plek moet wees om die veiligheid van die leerder en opvoeder te verseker. 'n Deelnemer noem dat 'n risikobestuursprogram beleide moet insluit om die veiligheid by skole te monitor, die risikobestuursprogram word in paragraaf 4.1.1 bespreek. 'n Netbalorganiseerder verduidelik dat daar 'n beleid of program moet wees wat vir opvoeders 'n riglyn gee oor presies wat die skool vereis. 'n Senior sportorganiseerder sê dat risikobestuursprogramme toegepas moet word op alle terreine van die sportveld en dat dit moet voldoen aan alle wetlike en toepaslike regulasies wat daarop van toepassing is. 'n Jong sportorganiseerder sê die risikobestuursprogram moet so toegepas word dat 'n skool te alle tye 'n leerder se veiligheid kan verseker. Uit die

onderhoude is dit duidelik dat deelnemers van mening is dat effektiewe bestuursplanne risiko's kan beperk.

Daar kan afgelei word dat die deelnemers bewus daarvan is dat daar 'n bestuursprogram moet wees om die veiligheid van die leerders te verseker sowel as om die regsrisiko ten opsigte van die opvoeder se sekuriteit te verseker. Williams (1994:1-3) het al in 1994 aangedui dat ongelukke plaasvind as gevolg van gebrekkige bestuursplanne (vergelyk paragraaf 4.1.1). Daar gaan kortliks gekyk word na risikobestuursprosesse en oor hoe die deelnemers van mening is die risikobestuursprogramme toegepas kan word.

*6.4.1.2 Risikobestuursprosesse*

Risikobestuur gaan volgens 'n deelnemer oor die identifisering van areas wat as risiko's beskou kan word en die stappe wat gedoen moet word om voorsienbare risiko's te kan verminder. Die deelnemers besef die belangrikheid daarvan om risiko-areas te identifiseer om sodoende die voorkoms van risiko's te verminder. 'n Sportorganiseerder reken dat risikobestuur vir hom die proses is om te kontroleer of die toestand van die velde en die fasiliteite veilig is vir die deelnemers en toeskouers. 'n Groot persentasie van die deelnemers noem dat risikobestuur uit verskillende stappe of prosesse moet bestaan om risiko's te identifiseer ten einde te sorg vir die leerders se veiligheid op die sportveld.

*6.4.2 Veiligheid*

In die voorafgaande literatuurbespreking van veiligheid in paragraaf 1.3.2 en 2.4.3.4 is dit duidelik dat die opvoeder verplig is om toe te sien na die fisiese en geestelike welstand van die leerders.

'n Adjunkhoof sê dat die kind in die sorg van die skool geplaas is en daarom moet die skool soos 'n sorgsame vader vir hulle optree. Die leerders se veiligheid is dus die verantwoordelikheid van die skool. Ander deelnemers huldig dieselfde siening en is

van mening dat die afrigter te alle tye alle voorskrifte moet nakom om te verseker dat die kinders veilig is op die sportveld.

'n Sportorganiseerder sê 'n opvoeder het 'n groot verantwoordelikheid om die veiligheid van die leerders te verseker. Die opvoeder moet seker maak dat die omstandighede waarin die leerders hulself bevind, veilig is. Die deelnemer sê verder: "Die onderwyser is verantwoordelik vir alles, die welsyn van die leerders, die veiligheid van die leerders".

*6.4.2.1 Rol van die Departement van Basiese Onderwys*

Verskeie van die deelnemers voel dat die Departement van Basiese Onderwys as die werkgewer 'n primêre taak het om die risikobestuursprogramme en veiligheidsbeleide op te stel en te reguleer. Volgens 'n deelnemer moet die Departement "pa staan" vir elke skool waar dit nie veilig genoeg is nie. Een van die rugbyorganiseerders voeg by dat 'n basiese veiligheidsbeleid van die Departement af moet kom en van daar af moet die skoolbestuur en beheerliggaam daardie basiese veiligheidsbeleid deurvoer en verder vereenvoudig. 'n Hokkieorganiseerder lug haar mening: "Die beleidsontwikkeling sal ek sê, moet oorspronklik van die Departement af kom".

Van die deelnemers, veral die deelnemers van die *township*-skole, neem die Departement kwalik dat hulle nie genoegsame ondersteuning bied nie. Hulle meen die Departement stuur geen beleide uit, of stel riglyne op wat van die opvoeders verwag word om die veiligheid van die leerders te verseker nie. 'n Netbalorganiseerder sê reguit dat die Departement niks doen nie, dat hulle geen verantwoordelikheid teenoor hulle het om iets te doen en te ondersteun nie. Een van die sportorganiseerders sê: "Ek glo nie hulle is betrokke nie. Ek is al 'n redelike geruime tyd met sport betrokke en ek het nog nooit regtig 'n dokument van die Departement gekry waar hulle 'n voorgestelde risikobestuursprogram of 'n veiligheidsbeleid voorgeskryf het nie".

Op die vraag of daar genoeg gedoen word om die risiko van beserings en regseise teen die skoolbestuur of sportbestuurders te verminder, het die deelnemers gevoel dat daar nie genoeg gedoen word van die Departement van Basiese Onderwys se kant om dit te verminder nie. 'n Hokkieafrigter van 'n *township*-skool spreek haar soos volg daaroor uit: "Geen, ons het absoluut geen bystand van die Departement af nie". Twee van die deelnemers voel selfs dat onderwysers uitgelewer is aan regseise: "die onderwysers is baie uitgelewer aan regseise".

Nog een van die afrigters in 'n *township*-skool sê daar word glad nie genoeg deur die Departement of Regering gedoen om die veiligheid van die leerders te verseker nie. Sy noem omdat die sportvelde nie op standaard is nie, kan die leerders nie veilig deelneem nie. Sy noem ook verder dat daar nie genoeg riglyne in plek is van die Departement om die veiligheid van die leerders te verseker nie.

By een van dié sogenaamde *township*-skole is daar geen sportfasiliteite nie en as gevolg hiervan kan sportaktiwiteite, volgens die opvoeder-afrigter daar, nie behoorlik funksioneer nie. Die opvoeders van dié skool is van mening dat die Staat (in hierdie geval die Departement van Basiese Onderwys) verantwoordelik is om vir hulle sportvelde te voorsien. Die sportorganiseerder by die skool noem dat jy sy naelloopatlete aan hulle stukkende knieë sal herken. Omdat daar nie 'n atletiekbaan is nie, oefen sy atlete op die skoolstoepe en die stukkende knieë is die gevolg van val op die stoepe. Die hokkieorganiseerder van dieselfde skool noem ook omdat daar geen hokkieveld is nie, hulle hokkie op die dorpstadion se veld, so vyftien kilometer van die skool oefen. Weens vervoerprobleme kan hulle nie altyd by die stadion oefen nie, dan oefen hulle sommer op die sement-aantreevierkant. Sy brei ook verder uit dat hulle tussen die stadion en skool ry en dat sy en haar man net een voertuig het. Dit het baiemaal gebeur dat die hokkiesak met hokkieveiligheidstoerusting in haar voertuig by haar man is, maar as gevolg van die risiko van diefstal, kan sy nie die hokkiesak by die skool los nie. In dié gevalle oefen hulle maar sonder al die nodige veiligheidstoerusting. Sy noem dat daar al baie

beserings was, maar gelukkig vir hulle is die skoolgemeenskap nie so litigasiebewus om enige aanspreeklikheidseise teen die opvoeders of die skool in te stel nie.

*6.4.2.2 Rol van die beheerliggaam en skoolhoof*

Die meerderheid deelnemers voel die verantwoordelikheid van 'n veilige skool berus eerstens by die beheerliggaam van die skool. 'n Adjunkhoof meen die verantwoordelikheid van beleidsontwikkeling ten opsigte van 'n veiligheidsbeleid of 'n risikobestuursprogram om die veiligheid van die leerders en die opvoeders op alle terreine op die skoolgronde te verseker, berus by die beheerliggaam.

Een van die rugbyorganiseerders noem dat die beheerliggaam verantwoordelik is om 'n gedragskode vir die skool op te stel, waarvolgens die leerders en opvoeders moet optree. Die rugbyorganiseerder sê ook verder dat, volgens sy mening, die beheerliggaam in beheer en verantwoordelik is vir die buitekurrikulêre aktiwiteite wat by 'n skool plaasvind. 'n Ervare rugbyafrigter wys daarop dat, volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996c) die beheerliggaam verantwoordelik is vir die sportbeleid en die uitvoering daarvan. Om die vorige vraag op te volg, is daar tydens die fokusgroepsessie gevra wat die rol van die skoolhoof en die skoolbestuur is om 'n veilige skool te skep. Van die deelnemers is van mening dat die skoolhoof en die skoolbestuur meer risikobestuurstappe moet doen om die veiligheid van die kinders te verseker (in paragraaf 4.2 en 4.3 bespreek). 'n Deelnemer dui aan: "dit is die skoolhoof of bestuur van die skool se verantwoordelikheid". Die deelnemers sê dat naas die beheerliggaam, die hoof en skoolbestuur verantwoordelik is vir die bepaling van die veiligheidsbeleide om die skool veilig te maak vir die leerders. 'n Netbalafrigter noem: "Die verantwoordelikheid van 'n veilige skool, berus by die skoolhoof en sy bestuur".

Dit is duidelik dat die deelnemers van mening is dat die skoolbestuur wat die skoolhoof en adjunkhoofde insluit, saam met die beheerliggaam verantwoordelik moet wees om 'n veilige omgewing te skep.

### *6.4.2.3 Veiligheid van die toeskouers*

Die veiligheidskwessie rakende stadionbestuur is van belang vir sport en die meerderheid deelnemers sê dat daar ook 'n sorgplig teenoor die toeskouers moet wees. Die nodige stappe moet gedoen word om hulle veiligheid te verseker. Twee deelnemers huldig dieselfde siening en noem dat daar definitief 'n sorgplig teenoor die toeskouers bestaan: "Ek dink dit is 'n groot verantwoordelikheid, die sorgplig teenoor die toeskouers". 'n Ander deelnemer vertel: "Ons het verseker 'n sorgplig teenoor die toeskouers".

Die deelnemers noem dat op skoolvlak daar nie sulke groot byeenkomste is waar daar voorsiening gemaak moet word vir duisende toeskouers nie, maar bevestig dat die skoolbestuur en organiseerders kennis moet neem van hul verantwoordelikhede veral ten opsigte van veiligheid by pawiljoene. 'n Netbalafrigter is van mening dat, omdat daar nie sulke groot getalle toeskouers by skoolwedstryde is nie en daar genoegsame spasie by skolevelde is, daar baiekeer slegs voorsorg getref vir ontwrigtende gedrag van sommige ouers langs die veld: "...want jy kry maar moeilike ouers".

'n Deelnemer sê dat dit belangrik is dat die stadion die kapasiteit het om al die toeskouers te kan huisves. Sy sê verder dat die organiseerders moet sorg dat die stadion die toeskouerstal kan dra en so ook hulle veiligheid kan verseker. 'n Rugbyafrigter noem 'n voorbeeld van wat by Liverpool tydens 'n sokkerwedstryd gebeur het toe daar te veel toeskouers vir die stadion se kapasiteit opgedaag het en hulle mekaar in die proses doodgetrap en beseer het.

Bykans al die deelnemers noem dat die strukture van die pawiljoene sterk en stewig moet wees sodat dit veilig sal wees om die gewig van die toeskouers te dra. 'n Sportvoog dui aan dat ekstra sorg toegepas moet word as tydelike pawiljoene gebruik word. 'n Deelnemer noem die geval by Loftus Versveld in Pretoria toe 'n tydelike pawiljoen jare terug inmekaar getuimel het, met lewensverlies en ernstige

beserings onder die toeskouers. Hierdie voorval is in paragraaf 3.8.4 bespreek. Twee deelnemers noem dit is 'n groot probleem as van die pawiljoene te naby aan die veld is. Eerstens is dit 'n veiligheidsrisiko en tweedens kan toeskouers wat te naby aan die veld is, spelers op die veld emosioneel opsweep.

Deelnemers van die sogenaamde *township*-skole noem veral die probleem van skarebeheer met toeskouers. Die sportorganiseerder daar sê dat dit belangrik is dat daar 'n veiligheidsdraad tussen die veld en die toeskouers moet wees, om te verhinder dat toeskouers op die veld hardloop. Twee van die deelnemers het genoem dat daar 'n probleem met alkoholmisbruik by die toeskouers en selfs by die leerders is, en dit as rede aangegee vir die toeskouers se swak gedrag.

### *6.4.3 Pligte van die opvoeder*

Die gemene reg plaas 'n verpligting op die opvoeder om sy versorgingsplig na te kom. Die sorgplig is dus 'n professionele taak van 'n opvoeder wat onder meer voortspruit uit die opvoeder se *in loco parentis*-posisie, soos bespreek in paragraaf 3.4.2. Die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996c) plaas 'n verantwoordelikheid op die opvoeder met betrekking tot die verwagte standaard en norme waarop die opvoeder sy versorgingsplig moet uitvoer (vergelyk paragraaf 2.4.3). Daar gaan kortliks gekyk word hoe die deelnemers na die elemente (soos in paragraaf 3.4.3 en 3.4.4 bespreek) van die sorgplig verwys.

#### *6.4.3.1 Toesighouding*

'n Rugbyorganiseerder merk op dat dit 'n ernstige vorm van nalatigheid is indien 'n afrigter se span êrens heen vervoer word en daar is nie genoegsame toesig nie. Toesighouding word in paragraaf 4.3.1.3 bespreek. Die deelnemer noem dan ook 'n insident waar 'n leerder op 'n skooluitstappie verdrink het, omdat daar nie genoegsame toesig was nie. Die oorgrote meerderheid deelnemers is verkeerdelik van mening dat 'n opvoeder te alle tye al die leerders in sy sorg onder oë moet hou.

Met inagneming van die gemeenregtelike beginsel van redelike voorsienbaarheid, soos bespreek is in paragraaf 3.7, word daar nie van opvoeders verwag om leerders in 'n bekende omgewing elke oomblik onder toesig te hê nie. Een van die adjunkhoofde meen wel dat 'n gebrek aan toesig of geen toesig 'n ernstige vorm van nalatigheid is. 'n Hokkieafrigter ondersteun die vorige deelnemer: "Hulle moet oefen onder gekontroleerde omstandighede; jy maak seker dat die kinders met toesig oefen en wedstryde speel".

*6.4.3.2 Regsplig van die skeidsregter*

'n Ervare netbalafrigter wys daarop dat dit 'n skeidsregter se plig is om die reëls van die spel toe te pas om die spel so veilig as moontlik vir die spelers te maak. 'n Groot meerderheid van die deelnemers sê dat daar definitief 'n regsplig op die skeidsregter rus om die veiligheid van die spelers te verseker. 'n Rugbyorganiseerder maak dié stelling: "Daar is 'n verskriklike hoë regsplig op die skeidsregter, hy moet sorg dat almal veilig en geborge voel". 'n Groot persentasie van die deelnemers meen indien die skeidsregter nie sy regsplig nakom nie, hy aanspreeklik daarvoor gehou kan word.

'n Sekere hoeveelheid van die deelnemers, veral tydens die fokusgroepsessie het egter nie eenstemmigheid en sekerheid oor presies wat die regsplig van die skeidsregter is, en of hy aangekla kan word nie. 'n Deelnemer wat 'n skeidsregter was, verduidelik as voorbeeld die volgende situasie in 'n rugbywedstryd. Een span se skrum is soveel sterker en swaarder as die opponente se skrum. Omdat die skrums bly val, wil die swakker span se afrigter "uncontested" skrums hê, maar die ander afrigter weier. 'n Voorryspeler kry nou seer nadat 'n skrum ineengestort het. Die deelnemer is onseker of hy as skeidsregter nou aanspreeklik gehou kan word vir die besering, wat daarop dui dat daar onsekerheid bestaan oor hoe ver 'n skeidsregter se magte en verantwoordelikhede strek, spesifiek rakende veilige deelname.

'n Rugbyorganiseerder noem dat hy bewus is van 'n paar hofsake waar skeidsregters regsaanspreeklik gehou is vir beserings wat gedurende 'n wedstryd opgedoen is. Hy vertel van 'n saak (hy het geen presiese detail oor die saak nie) waar 'n skrum inmekaargesak het en 'n speler verlam is en die skeidsregter aanspreeklik gehou is daarvoor. 'n Soortgelyke hofsaak is in paragraaf 3.8.5 bespreek.

Kennis rakende die uitsprake in hierdie sake is besonder belangrik vir opvoeders en skole, omdat baie skoolwedstryde deur opvoeders as skeidsregters hanteer word.

Daar is ook onsekerheid tussen die deelnemers oor watter mate van sorg die skeidsregter moet neem om die veiligheid van die spelers in ag te neem. 'n Rugbyorganiseerder sowel as 'n skeidsregter meen: "Die dag as die skeidsregters vir alles verantwoordelik gehou word, sal 'n kwade dag wees vir sport. Die skeidsregter is slegs daar om as neutrale persoon op te tree om die wedstryd te laat plaasvind. Die skeidsregter moet slegs binne die reëls optree wat vir hom daargestel is". 'n Ander rugbyorganiseerder noem verder: "'n Skeidsregter kan nie aanspreeklik gehou word vir 'n ongeluk nie". Die deelnemer gaan dan verder en gee 'n definisie van 'n ongeluk: "'n Ongeluk is 'n onbeplande, onbeheersde gebeurtenis wat plaasvind as gevolg van onveilige handeling en onveilige toestande".

Een aspek waaroor die meerderheid van die deelnemers heeltemal eenstemmig was, is dat die skeidsregter nie 'n wedstryd mag begin sonder die nodige noodhulp nie. 'n Sportorganiseerder verduidelik: "'n Skeidsregter mag nie dat 'n wedstryd begin indien alles, alle mediese aspekte van die wedstryd nie in plek is nie".

'n Groot groep van die deelnemers het wel die insig dat 'n skeidsregter by magte is om 'n wedstryd te stop as hy voel die veiligheid van die spelers is in die gedrang. 'n Netbalafrigter sê: "Hy is heeltemal by magte om dit te kan doen". Baie van die deelnemers sê dit is die skeidsregter se verantwoordelikheid om te verseker dat die speeloppervlakte en die area om die speelveld veilig moet wees vir die spelers en die toeskouers. Die deelnemers is verder van mening dat, indien die skeidsregter spel

onder onveilige toestande toelaat, hy aanspreeklik gehou kan word vir ongelukke of beserings.

Dit is duidelik dat die deelnemers nie presies weet wat 'n skeidsregter se regte is nie en in watter mate hy vir skade tydens die spel aanspreeklik gehou kan word nie. Die regsbepalings en -beginsels rondom 'n skeidsregter se plig sal duidelik gekommunikeer moet word.

*6.4.3.3 Tegnieke en instruksies*

'n Sportvoog is van mening dat 'n afrigter nalatig is as hy nie vir die spelers die korrekte tegnieke leer nie. Hy gebruik as voorbeeld waar 'n afrigter nie die korrekte manier van dryf in 'n dryfsak vir 'n speler leer nie. 'n Ander rugbyafrigter voeg by dat die kind wat dryf en die kind wat met die skermsak staan, naastenby dieselfde gewig moet wees, want indien nie, tree die afrigter nalatig op. Vergelyk die hofsaak in paragraaf 4.3.1.5 wat handel oor die bespreking.

*6.4.3.4 Beserings en siektes*

Op die vraag of die afrigter moet besluit of 'n deelnemer fiks genoeg is om voort te gaan met die wedstryd of afrigting, was die meerderheid deelnemers dit eens dat die afrigter nie die besluit moet neem of 'n speler fiks genoeg is of nie.

'n Rugbyorganiseerder glo: "Ek dink glad nie die afrigter moet daaroor besluit nie". 'n Hokkieafrigter is van mening: "Ek dink nie die afrigters hou die veiligheid van hulle spelers voldoende in ag, wanneer hulle self besluit of 'n speler fiks en gesond is om te speel nie. 'n Dokter moet daardie besluit neem". 'n Rugbyafrigter sê: "Dit is buite die afrigter se hande om te besluit of 'n speler fiks genoeg of gesond is om weer te speel". 'n Sportorganiseerder voel ook: "...die afrigter is nie by magte om die besluit te neem of 'n speler fiks genoeg is nie".

Dit is duidelik dat afrigters nie die risiko wil loop om te besluit wanneer 'n speler fiks en gesond genoeg is om 'n wedstryd te begin of te voltooi nie. Die besluit moet volgens hulle slegs deur 'n mediese kenner geneem word. 'n Rugbyorganiseerder glo: "Die besluit moet volgens my heeltemal berus by 'n spandokter, die fisioterapeut". Die bespreking van hierdie aspekte van risikobestuur is in paragraaf 4.3.1.4 gedoen.

Van die afrigters maak dit duidelik dat hulle geen kanse met 'n beseerde speler neem nie. Na aanleiding van 'n vorige noodlottige insident met 'n speler het 'n rugbyafrigter se skool definitiewe skriftelike skoolbeleid daaroor. Die afrigter noem dat die skool se beleid met betrekking tot harsingskudding, wat SARU of Boksmart se beleid insluit, die volgende is: Indien 'n kind harsingskudding het of hulle vermoed hy het, word hy nie toegelaat om selfs te oefen nie, tensy 'n mediese sertifikaat kan bewys dat hy geskik is vir deelname. As 'n speler byvoorbeeld vir drie weke afgeboek is, moet hy aan die einde van die drie weke weer teruggaan na 'n dokter vir 'n opvolgverslag. Hy moet dan 'n mediese sertifikaat ontvang wat bevestig dat hy geskik is om weer deel te neem.

'n Rugbyorganiseerder sê dat hy by ander skole se toepassing van beserings iets geleer het. Die organiseerder sê verder dat daar 'n skriftelike beleid moet wees rakende beseerde spelers wat na 'n besering weer wil begin speel. Hy glo 'n beleid moet bepaal dat, as 'n kind terugkom van 'n besering, hy eers weer geëvalueer moet word en dat hy slegs mag speel as 'n mediese brief van 'n mediese beampte aandui dat hy geskik is om te speel.

'n Ander deelnemer is van mening dat die ouers se toestemming essensieel is voordat 'n speler mag speel. 'n Sportorganiseerder noem die volgende: "Saam met die dokter se mediese sertifikaat moet daar ook ouertoestemming kom dat die speler weer mag deelneem. Dit gebeur dat die dokter weier dat die seun speel, maar die

ouer gee toestemming dat hy kan of andersom. Daarom vereis ons dat ons die twee toestemmingsbriewe verkry".

*6.4.3.5 Toerustingbestuur en fasiliteite*

Opvoeders het onder die gemene reg 'n plig om te verseker dat sportgronde en toerusting in 'n redelike veilige toestand is, soos aangedui in paragraaf 4.3.1.9. Dit hou verband met die element van voorsienbaarheid van skade, wat 'n aspek van die toets vir nalatigheid is.

'n Paar deelnemers dui aan hoe belangrik dit is dat spelers met die regte toerusting speel en oefen, soos in paragraaf 4.3.1.9 en 4.3.1.9 bespreek. Van die deelnemers meen ook dat opvoeders nalatig is as hulle toelaat dat spelers sonder die nodige veiligheidstoerusting speel of om op 'n veld te speel of te oefen sonder die nodige veiligheidstoerusting- en beskermers. Toepaslike veiligheidstoerusting- en beskermers volgens die deelnemers is, die hokkiedoelwagter se klere, mondskerms, krieketbeenskutte, kopskerms, ensovoorts. 'n Netbalafrigter sê: "nalatigheid op 'n netbalbaan is om sonder paalbeskermers te speel". 'n Rugbyafrigter voeg by: "... soos 'n rugbyoefening sonder paalbeskermers".

*6.4.3.6 Ontwikkelingsvlak van deelnemers*

Dit is duidelik dat die meeste van die deelnemers besef dat daar 'n groot mate van verantwoordelikheid en toesighouding by deelnemers betrokke is, ongeag die vlak van deelname en ouderdom van deelnemers, soos bespreek in paragraaf 4.3.1.5. 'n Hokkieafrigter meen: "by die juniors sal jy baie meer moet afrig en verduidelik". 'n Sportorganiseerder voel: "Jy moet jou oefening aanpas vir die groep kinders wat daar is". 'n Netbalorganiseerder glo: "Jy moet presies weet wat elke ouderdomsgroep se vaardighede is en tot hoe ver jy met hulle kan gaan". 'n Adjunkhoof verduidelik: "Maar ek dink hoe laer die vlak, hoe groter is jou verantwoordelikheid".

’n Hokkieafrigter glo dat daar ’n definitiewe verskil in vlakke van bekwaamheid vir van die deelnemers is en dat die afrigters se toesighouding en verantwoordelikheid ook daarvolgens verskil: “Hoe meer junior, hoe meer moet jy kyk of die kinders reg is. Hoe meer gevorderd hulle is, hoe meer moet jy kontrole uitoefen oor wat hulle doen”.

’n Groot groep van die deelnemers het op die vraag of daar ’n verhoogde mate van toesig by sport met ’n hoër risikovlak moet wees, bevestig dat daar 'n groter mate van toesig en sorg verwag word. Die deelnemers meen omdat die risiko tot beserings by sulke hoërisikovlaksport hoër is, beteken dit dat die nodige veiligheidsinstruksies en -maatreëls aangepas moet word op die sportveld. Die bespreking hiervan is in paragraaf 4.3.1.8 aangebied.

’n Rugbyafrigter se mening verskil egter oor die vorige stelling: “... of jy 'n junior of senior is, aan die einde van die dag is die eindresultaat van die besering dieselfde, die risiko vir die besering is net so groot by ’n o.13vlak as by ’n o.19vlak”. ’n Sportorganiseerder stem saam en voeg by dat, alhoewel die intensiteit hoër is by ouer spanne, die spelers meer voorbereid is as ‘n o.13speler: “Elke vlak het sy eie risiko”.

Baie van die deelnemers besef dat, ongeag die tipe sportsoort, die onervare speler ’n ander vorm van afrigting en toesighouding nodig het as dié van die meer ervare deelnemers, wat weer ’n ander vorm van toesighouding en afrigting het, as gevolg van die vinniger spel op die hoër kompetisievlak. ’n Ervare sportvoog reken: “Ek dink hoe laer jou kompetisievlak is, hoe meer is jou verantwoordelikheid. Jy weet, hoe minder hulle weet, hoe gevaarliker is die spel”.

*6.4.3.7 Vlak van bekwaamheid en ondervinding*

Wat betref die vlak van bekwaamheid en ervaring van die opvoeder-afrigter stem die deelnemers redelik ooreen. Hierdie aspek is in paragraaf 4.3.1.6 bespreek.

Die deelnemers is eenstemmig daaroor dat die afrigter oor die nodige ervaring en kwalifikasies moet beskik om sportspanne af te rig. 'n Ervare adjunkhoof meen daar moet leiding gegee word, ook aan afrigters. "'n Jong onderwyser wat sommer net inval, gaan nie die ervaring hê van 'n ouer afrigter nie". 'n Rugbyorganiseerder sê indien 'n rugbyafrigter nie bevoeg en bekwaam is om rugby af te rig nie, dan moet hy nie afrig nie. 'n Betrokke deelnemer voel ongelukkig dat die hoof 'n opvoeder aanstel by 'n spesifieke sportsoort waarvan die opvoeder geen kennis het nie: "Ons word verplig; of jy kennis het van die sport of nie, hulle verplig jou. Dit is deel van jou diensvoorwaardes, jy moet bereid wees om enige sport af te rig". In paragraaf 4.3.1.5 is aangedui dat die skoolhoof die verantwoordelikheid het om slegs gekwalifiseerde persone aan te stel.

*6.4.3.8 Risiko's van sportsoorte*

Die opvoeders is dit ook eens dat die risikovlak van elke sportsoort verskil, maar dat elke sportsoort sy eie risiko het. Die hokkieorganiseerder verduidelik: "elke sportsoort het maar sy eie risiko, so elke afrigter moet in sy eie sportsoort op hoogte wees van wat die risiko in jou sportsoort is". Een van die sportorganiseerders voel: "Die afrigters moet absoluut bewus wees van die risikovlak van elke sportsoort en verskillende sportsoorte het nou maar hulle eie eienskappe en risiko's".

Die opvoeder moet besef dat 'n besering enige tyd by enige ouderdom kan plaasvind en dat daar met verantwoordelikheid toesig gehou moet word.

*6.4.4 Opleiding*

*6.4.4.1 Indiensopleiding en tersiêre opleiding*

'n Groot persentasie van die deelnemers het saamgestem dat 'n definitiewe poging aangewend moet word om die opvoeders beter in te lig rakende hulle wetlike verpligtinge. 'n Deelnemer meen: "Ons weet genoeg van regsaanspreeklikheid om dit vir onsself baie moeilik te maak; ons weet te min daarvan, ons is nie opgelei

daarvoor nie". 'n Deelnemer glo dat daar 'n daadwerklike poging aangewend moet word om leiding aan die opvoeders te gee: "Ek dink daar sal verskriklik leiding moet gegee word om ons op te lei". 'n Netbalorganiseerder maak die opmerking dat die opvoeders nie werklik goed ingelig is nie: "...dit is 'n feit en dit is 'n groot leemte. Daar moet mense na ons toe kom om ons meer daaroor in te lig".

Die deelnemers vra dat beheerliggame hulle moet toerus om die nodige onderwysregskennis te bekom. 'n Netbalafrigter sê dat dit definitief die hoof se verantwoordelikheid is om seker te maak dat die onderwysers presies weet wat hulle regsplig is. Sy sê verder dat die hoof die verantwoordelikheid moet hê om te verseker dat die afrigter dit weet. Een deelnemer verduidelik dat dit elke skool se plig is om ervare afrigters en afrigters wat hulle regsplig ken, aan te stel.

Daar is van die deelnemers wat noem dat die tersiêre inrigtings meer moet doen om die opvoeders oor die wetlike aspekte rondom sportafrigting en toesighouding in te lig, asook sportafrigting om die veiligheid van die leerder te verseker. 'n Deelnemer is van mening dat die algemene student wat nou net met universiteit klaargemaak het en wat as beginneronderwyser begin afrig, nie 'n goeie idee het wat sy regsplig behels nie.

'n Ander deelnemer sê hy glo nie dat die gemiddelde opvoeder die kennis rondom die wetlike aspekte van veilige toesighouding of afrigting het nie. Die deelnemer is van mening dat slegs opvoeders met 'n onderwysreg-agtergrond sal kennis oor die belangrike aspekte hê. Die deelnemer verduidelik verder dat dit eintlik skrikwekkend is om te weet dat daar 'n groot persentasie onderwysers in Suid-Afrika is wat nie 'n krisis of 'n risiko op die sportveld sal kan hanteer nie.

'n Adjunkhoof voel dat 'n afrigter ook moet let op die vlak van bekwaamheid wat hy moet verwerf. Hy meen dit is belangrik dat 'n afrigter intensiewe en voldoende opleiding moet ondergaan om die nodige vaardighede te bemeester.

*6.4.4.2 Sportkursusse*

Die deelnemers is bekommerd oor die groot hoeveelhede beserings wat op die sportvelde plaasvind, asook die aantal regseise wat teen opvoeders ingestel word. Van die deelnemers noem dat om regsaanspreeklikheid te vermy, skole stappe moet doen om beserings en regseise te probeer voorkom.

Al die deelnemers wat by rugby betrokke is, verduidelik van die verpligte Boksmart-kursus wat alle rugbyafrigters moet bywoon. Boksmart-opleiding is een van die vereistes wat deur die Suid-Afrikaanse Rugbyunie aan alle provinsiale unies gedelegeer is om na die skole deurgegee te word, omdat alle skole wat rugby aanbied, by SARU geaffilieer moet wees. Volgens die deelnemers mag geen persoon op enige vlak by rugby betrokke wees indien hy nie via 'n skool of klub by Boksmart geaffilieer is nie.

Dit is opvallend in die navorsing dat daar huidig slegs by rugby opleiding aangebied word om die afrigters te bemagtig om veiligheid in skolesport te bevorder. Die deelnemers noem dat die hoof en beheerliggaam dus 'n verantwoordelikheid het om toe te sien dat al sy sportafrigters in alle sportsoorte aan wetlike vereistes moet voldoen om veiligheid in skolesport te bevorder.

## 6.5 Samevatting

Al die vrae wat deel gevorm het van die onderhoudskedule is in die individuele en fokusgroepsessies aangeraak en die data is verwerk tot die opteken van sekere persepsies van die opvoeders. Uit die analise van die kwalitatiewe data het twee groepe inligting na vore gekom: die data wat te doen gehad het met elemente van onderskeidelik regsaanspreeklikheid en skolesport. In dié twee groepe is sekere kategorieë geïdentifiseer. Uit die kategorieë het weer spesifieke temas na vore gekom, wat afsonderlik bespreek is.

Daar is in die empiriese studie gevind dat baie van die deelnemers onseker is rakende hulle regsplig en regsaanspreeklikheid en op watter wyse hulle nalatig bevind kan word. Dit is ook duidelik dat almal bereid is om hulle met kennis te bemagtig oor daardie regsaspekte wat hulle teen aanspreeklikheid kan beskerm.

Hoewel nie die primêre doel nie, is daar in die empiriese studie ook bepaal op watter vlak die deelnemers se insig en kennis is van wetlike vraagstukke met betrekking tot hulle versorgingsplig en in watter mate die opvoeders se versorgingsplig aan die onderwysregtelike vereistes voldoen. Die belangrikste bevinding oor hierdie aspek was dat die gemiddelde opvoeder nie genoegsame kennis het van die toepaslike regsbeginsels wat 'n rol speel in skolesport nie.

In Hoofstuk 7 sal hierdie leemtes en ander bevindinge en aanbevelings wat voortspruit uit die interpretering, analisering en afleidings wat in Hoofstuk 2 tot 6 gemaak is, uitgelig word.

## HOOFSTUK 7: BEVINDINGE, AANBEVELINGS EN GEVOLGTREKKINGS

### 7.1 Inleiding

Die doel van hierdie studie was om die kenmerke en die toepassing van regsrisikobestuur in Suid-Afrikaanse skolesport te bepaal. Ten einde die oorkoepelende doelwit te behaal, is die navorsing in sewe hoofstukke aangebied. Vervolgens 'n kort samevatting van die verskillende hoofstukke, voordat die finale bevindinge en aanbevelings gemaak word.

Hoofstuk 1 gee 'n inleidende oorsig oor die navorsingsprobleem, die konseptuele raamwerk en die doelwitte van die navorsing. Tydens die probleemstelling is 'n aantal vrae geïdentifiseer, waaruit die volgende spesifieke doelstellings geformuleer is:

- Om te bepaal watter nasionale wetgewing en ander regsbepalings 'n invloed het op regsrisikobestuur as faset van sekuriteit in Suid-Afrikaanse openbare skole;
- Om te bepaal wat die wesensaard van regsrisikobestuur is, gesien in die konteks van deelname aan en afrigting van skolesport in Suid-Afrika;
- Om te bepaal wat deur onderwysowerhede en sport-unies in die Noordwes-provinsie gedoen word om skoolbesture en sportbestuurders in te lig rakende hulle versorgingsplig en regsaanspreeklikheid;
- Om te bepaal wat die persepsie van deelnemers in die Kenneth-Kaunda distrik is oor wat onderwysowerhede en sportunies in die Noordwes-provinsie doen om skoolbesture en sportbestuurders in te lig rakende hulle versorgingsplig en regsaanspreeklikheid;

- Om te bepaal wat die opvoeder-afrigters in die Kenneth Kaunda-distrik wat aan die studie deelgeneem het, se kennisvlak, insig en persepsies rakende regsbepalings met betrekking tot hulle versorgingsplig en regsaanspreeklikheid is;

- Om te bepaal of opvoeder-afrigters en skole in die Kenneth Kaunda-distrik wat aan die studie deelgeneem het aan die vereistes rakende regsrisikobestuur voldoen.

Hoofstuk 2 het ten doel gehad om 'n literatuuroorsig te bied om die eerste doelwit te bereik. Daar is in die hoofstuk op wetgewing (statutêre determinante) gefokus en op watter invloed dit op die versorgingsplig van die opvoeder het om die leerder se veiligheid ook op die sportveld te verseker. Daar is gekyk na watter impak die Grondwet en ander oorspronklike en ondergeskikte wetgewing op risikobestuur in skolesport het.

In Hoofstuk 3 is die gemeenregtelike determinante aan die hand van verskeie literatuurbronne bespreek. Toepaslike regsaspekte is geanaliseer om sodoende daardie regsdeterminante te kan bepaal wat 'n invloed kan hê op die regsrisikobestuur van die opvoeder. Die gemene reg, en spesifiek die deliktereg, het 'n groot invloed op die opvoeder se regsaanspreeklikheid, wat sentraal staan in die studie. Die vyf fundamentele elemente van die delik, naamlik handeling, onregmatigheid, skade, kousaliteit en skuld, vorm die kern van hierdie studie.

In Hoofstuk 4 is die teoretiese raamwerk vir regsrisikobestuur van die opvoeder-afrigter in skolesport bespreek. In hierdie hoofstuk is die opvoeder se regsrisikobestuur in die spesifieke sportsoorte vanuit 'n onderwysregtelike perspektief ontleed.

In Hoofstuk 5 is daar gefokus op die kwalitatiewe navorsingsontwerp wat gekies is en wat onderneem is vanuit 'n interpretivistiese navorsingsparadigma. Die belangrikste

aspekte rondom 'n kwalitatiewe studie en die interpretivistiese navorsingsparadigma is deur middel van 'n literatuuroorsig bespreek.

In Hoofstuk 6 is 'n analise van die data wat deur die semi-gestruktureerde onderhoude ingesamel is, aangebied. Tydens die analise het twee hoofgroepe na vore gekom: 'n groep met inligting wat met regsaanspreeklikheid te doen het en 'n groep met inligting wat skolesportspesifiek is. Binne hierdie twee groepe is sekere kategorieë geïdentifiseer, elk met een of meer temas wat na vore gekom het, almal verbandhoudend met die sentrale tema van die studie.

In hierdie hoofstuk volg die bevindinge en die aanbevelings van die navorsing. Dit word gedoen met inligting uit die literatuuroorsig sowel as die empiriese ondersoek. Aan die einde van die hoofstuk sal 'n aantal aanbevelings gemaak word.

## 7.2 Bevindinge rakende regsaanspreeklikheid

Na afloop van die literatuurstudie in Hoofstuk 2, 3 en 4, asook die kwalitatiewe navorsing in Hoofstuk 6, waar die data-analise aangebied is, is sekere bevindinge met betrekking tot regsrisikobestuur in skolesport gemaak. Die bevindinge wat volg, is gebaseer op die twee groepe, naamlik Regsaanspreeklikheid en Skolesport met hulle onderskeie kategorieë wat in Hoofstuk 6 bespreek is, naamlik: Die Grondwet, Gemene reg, Deliktuele aanspreeklikheid, Risikobestuur, Veiligheid en Pligte van die opvoeder.

Die sentrale fokus van die navorsing, naamlik regsrisikobestuur, sal waar dit toepaslik is onder die genoemde kategorieë bespreek word.

### *7.2.1 Die Grondwet*

Baie van die deelnemers glo dat in die hedendaagse samelewing mense meer bewus is van hulle regte, soos bewys deur die aantal hofsake die afgelope aantal jare. Slegs enkele van die deelnemers toon genoegsame insig ten opsigte van die

Grondwet en hoe dit by sportafrigting inskakel. Die opvoeders besef egter dat hulle ook die gevaar loop om self op die sportveld, indien hulle leerders se fundamentele regte op enige manier geskend word, gedagvaar kan word. In die lig hiervan besef die opvoeders die verantwoordelikheid wat hulle het om die veiligheid van die leerder onder hulle toesig te verseker en dat hulle kennis moet dra van die regstatus van die kind sodat hulle 'n veilige omgewing op die sportveld vir leerders kan skep.

Die deelnemers besef die verantwoordelikheid wat op hulle rus om vir die veiligheid van die leerders onder hulle sorg te verseker. Daar kon in die empiriese studie afgelei word dat daar groot onsekerheid en onduidelikheid bestaan oor die wetlike aspekte rakende sportdeelname. Die deelnemers besef dat, in vandag se litigasiebewuste samelewing, die opvoeders en skool al hoe meer blootgestel gaan word aan moontlike regseise. Vir die deelnemers is dit duidelik dat die "ek het nie geweet nie"-benadering nie meer 'n verskoning is nie.

Die meerderheid deelnemers is van mening dat organiseerders en afrigters weet dat daar risiko's in die bedryf van skolesport bestaan en dat daar strukture in plek moet wees om veilige omstandighede te verseker om sodoende beserings en eise teen die afrigters en skool te verhoed.

'n Adjunkhoof voel daar is 'n noue verband tussen 'n gelukkige skool en 'n veilige skool. Hy is van mening dat die skool se skoolreëls en gedragskode bepaal of 'n skool gedissiplineerd is. 'n Skool waarvan die dissiplinestelsel en gedragskode volgens die korrekte beleide opgestel is en korrek toegepas word, sal ook 'n veilige skool wees. 'n Veilige skool is volgens 'n deelnemer 'n skool waarvan die stelsels in plek is om risiko's te kan hanteer. 'n Veilige skool sal ook 'n geborgenheidsruim vir leerders bied waar hulle tot hul volle potensiaal sal kom. So 'n geborgenheidsruim sal vir die opvoeder ook sekuriteit bied in sy verhouding met die leerders.

### 7.2.2 *Deliktuele aanspreeklikheid*

Die gemene reg lê aan skoolhoofde, opvoeders en beheerliggame sekere verpligtinge op en verleen aan hulle sekere bevoegdhede. Voorbeelde van die bevoegdheid en verpligting is om op te tree in die plek van die ouer (*in loco parentis*) en die feit dat dat die opvoeder 'n versorgingsplig teenoor leerders het.

#### *7.2.2.1 Versorgingsplig*

Dit kom duidelik na vore dat die deelnemers onseker is oor wat hulle regsplig behels. Die deelnemers weet dat hulle 'n versorgingsplig het teenoor die leerders op die sportveld wat aan hulle sorg toevertrou is, maar oor die feit dat die versorgingsplig vanweë die gemeenregtelike posisie van die kind daargestel is, is hulle onkundig.

'n Opvoeder staan in 'n *in loco parentis*-posisie teenoor 'n leerder. Die versorgingsplig, insluitende die verantwoordelikheid om risiko's te beperk ten einde die veiligheid van die leerders in sy sorg te verseker, is 'n professionele taak van 'n opvoeder wat voortspruit uit die opvoeder se *in loco parentis*-posisie.

Die deelnemers besef dat die opvoeder, die skoolhoof en beheerliggaam al hoe meer blootgestel word aan eise wat kan voortspruit uit onkunde. 'n Deelnemer noem dat die opvoeders kennis het van die sport, maar nie van die reg nie. Die deelnemers besef hulle het 'n verpligting om die veiligheid van leerders onder hulle toesig en beheer te verseker, maar is duidelik onseker oor die regsaspekte daarvan.

Ten spyte van die deelnemers se gebrekkige regskennis en termologie, het die deelnemers egter die nodige onderwyservaring en pligsbesef om te weet dat dit nodig geword het dat die opvoeders meer aandag gee aan aspekte van risikobestuur op die sportveld.

Dit is duidelik dat deelnemers deeglike voorbereiding as 'n belangrike aspek uitlig om risiko's te voorkom. 'n Voorbereide afrigter se beplanning is van so 'n aard, dat hy

tydens sy beplanning sekere voorsienbare risiko's kan identifiseer om dit in die praktyk te vermy. Daar kan afgelei word dat die deelnemers voel dat indien opvoeders oor die nodige vlakke van afrigting- en noodhulpkursusse beskik, dit ook onder voorbereiding geklassifiseer kan word. 'n Deel van 'n opvoeder se voorbereiding is ook om die spelers se mediese agtergrond te ken, sodat in geval van nood die opvoeder dadelik kan optree.

Dit is duidelik dat die deelnemers weet dat 'n opvoeder aanspreeklik gehou kan word indien 'n besering onder die opvoeder se toesig plaasvind. Dit is egter ook duidelik dat daar baie onsekerheid by die deelnemers bestaan oor die fundamentele elemente wat teenwoordig moet wees om deliktuele aanspreeklikheid te bewys.

*7.2.2.2 Skade*

Die wenfaktor kan veroorsaak dat risiko's geloop kan word met beserings en spelers se lewens kan selfs op die spel geplaas word. Verskeie afrigters kan voorbeelde noem waar beseerde spelers moes speel in belang van die skool of span. Ouerdruk speel natuurlik ook hier 'n rol, wat dit ook vir die opvoeder moeilik maak om die besluit te neem om die speler te laat speel of nie. 'n Adjunkhoof noem dat die ervare afrigter, wat al verby die stadium is van "wen ten alle koste", se benadering meer gerig is op die veiligheid van die speler. Die onervare afrigter mag dus meer blootgestel word aan regsrisiko's.

Dit is opvallend dat die deelnemers spelers wat harsingskudding opgedoen het, weens die bekende risiko wat daarmee gepaard gaan, met meer omsigtigheid benader.

*7.2.2.3 Skuld*

Die meeste van die deelnemers verstaan dat, indien 'n opvoeder deur opsetlike of nalatige optrede skade aan 'n leerder veroorsaak, die opvoeder aanspreeklik gehou kan word. Die deelnemers weet ook dat hulle 'n regsplig teenoor die leerders het,

maar hulle is onseker wat dit presies behels. Dit is duidelik dat die meerderheid deelnemers bewus is dat die reg 'n hoër mate van sorgsame toesighouding teenoor leerders verwag op grond van hul gespesialiseerde kennis en kundigheid.

Die deelnemers besef almal die konsekwensies van nalatigheid, maar daar bestaan situasies in die praktyk waar van die opvoeder verwag word om teen sy beterwete sekere risiko's te waag. In sulke gevalle oefen en speel spelers byvoorbeeld wedstryde op terreine wat 'n risiko inhou vir ernstige beserings. Omrede daar nie alternatiewe geriewe is nie, waag die afrigter die kans en gebruik die geriewe met die hoop dat daar nie beserings sal plaasvind nie. Skade is dus voorsienbaar vir die afrigters, maar hulle voel hulle is nie in die posisie om dit te voorkom nie.

*7.2.2.4 In loco parentis*

Die deelnemers besef dat, omdat hulle in *loco parentis* optree, hulle teenoor 'n kind behoort op te tree soos wat hulle in dieselfde situasie teenoor hul eie kind sou optree. Deur in die plek van die ouer op te tree, is die opvoeder verantwoordelik vir die leerders tydens en na afloop van 'n buitemuurse aktiwiteit of uitstappie tot die leerders weer in die sorg van die ouers of voog gelaat word. As gevolg van die *in loco parentis*-rol kry die opvoeder sowel 'n verpligting as 'n bevoegdheid om maatreëls te tref om die veiligheid van die leerders te verseker.

*7.2.2.5 Vrywaringsvorms*

Die deelnemers is bewus daarvan dat, indien dit bevind word dat die skade wat die leerder ly doelbewus, deur growwe nalatigheid of deur roekelose optrede veroorsaak is, 'n vrywaringsvorm nie die opvoeder of skool kan vrywaar van aanspreeklikheid nie.

## 7.3 Bevindinge rakende skolesport

Die drie kategorieë wat tydens die data-analise te vore gekom het, is risikobestuur, veiligheid en die pligte van die opvoeder. Onder die kategorieë is daar verskeie temas en dié gaan vervolgens bespreek word.

### *7.3.1 Risikobestuur*

Dit is opmerklik dat die term risikobestuur by van die deelnemers nie bekend is nie. Die verwantskap is egter deur hulle ingesien nadat hulle die term verdeel het in risiko en bestuur. Die deelnemers is bewus daarvan dat risikobestuur 'n instrument is om te bepaal wat gedoen moet word om risiko's by skolesport te beperk en te verminder, ten einde die veiligheid van die leerders te verseker. Die deelnemers is ook verder bewus daarvan dat 'n risikobestuursprogram veiligheidsbeleide moet insluit om die veiligheid by skole te monitor. Die groot kommer by die deelnemers is egter die wetlike aspekte waarvan hulle nie genoegsame kennis het nie. Daar is 'n definitiewe behoefte onder die deelnemers dat die wetlike aspekte duidelik in die program uiteengesit moet word, sodat opvoeders duidelike riglyne het, waaronder hulle hul sorgplig moet uitoefen.

### *7.3.2 Risikobestuursprosesse*

Die deelnemers verduidelik dat 'n risikobestuursproses analiseer waar en hoekom ongelukke kan voorkom. Tydens die proses moet daar ook gekontroleer kan word watter risiko's nie beserings kan veroorsaak nie. Dit is belangrik dat die opvoeder in staat moet wees om potensiële gevaarlike situasies te identifiseer en om dan voldoende voorsorg te tref om die risiko's te voorkom. 'n Deelnemer is van mening dat die risikobestuur die proses is om te kontroleer of alle voorskrifte nagekom is om die veiligheid van die leerders op die sportveld te verseker. Die verskillende risikobestuursprosesse is in paragraaf 4.1.2 bespreek. Omdat die opvoeder 'n regsverpligting teenoor die leerders onder sy sorg het, moet hy sekere prosesse in

plek kry om die risiko's van beserings te beperk. In paragraaf 4.1.3 word sekere risiko-voorkomingstrategieë gebruik om risiko's te verminder of te verhoed.

### *7.3.3 Veiligheid*

Omdat die opvoeder 'n versorgingsplig teenoor die leerders het, noem die deelnemers dat daar van die opvoeder verwag word om sekere maatreëls, wat risiko's en beserings op die sportveld sal voorkom, te tref. Daar is ook bevind dat die deelnemers van mening is dat die opvoeder te alle tye 'n versorgingsplig ten opsigte van leerderveiligheid het, soos 'n sorgsame vader vir sy eie kinders sal sorg.

Die opvoeder se versorgingplig behels onder andere dat hy verantwoordelik gehou word vir 'n veilige sportomgewing. Onder artikel 61 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996c) kan die Minister regulasies onder die wet uitvaardig om belangrike oogmerke van die Suid-Afrikaanse Skolewet te bereik. Artikel 8A(2) van die regulasies bepaal (vergelyk paragraaf 2.4.3) dat 'n openbare skool die nodige maatreëls moet tref om die veiligheid van die leerders tydens enige skoolaktiwiteite te verseker, naamlik: ongelukke, beserings en dat leerders waar moontlik altyd onder toesig van 'n opvoeder sal wees.

#### *7.3.3.1 Rol van die Beheerliggaam en Hoof*

Die beheerliggame van skole speel volgens die deelnemers nie 'n groot genoeg rol om die leerders en die opvoeder te beskerm nie. Die deelnemers is van mening dat die beheerliggaam die verantwoordelikheid moet aanvaar om te verseker dat die sportbeleide in plek moet wees en dat dit ook korrek toegepas moet word. Deelnemers reken dat beheerliggame in oorleg met die Departement van Basiese Onderwys 'n veiligheidsbeleid moet opstel wat aan alle wetlike aspekte moet voldoen en hulle moet toesien dat dit doeltreffend toegepas word. Skole het dus 'n regsplig, soos in paragraaf 2.4.3.2 bespreek is, wat deur die gemene reg aan skoolhoofde en

beheerliggame opgelê is. Dit verleen aan hulle sekere bevoegdhede, waarvan die *in loco parentis*-beginsel 'n voorbeeld is, om leerderveiligheid te bestuur en te verseker.

Volgens artikel 8(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996c) is die beheerliggaam van 'n openbare skool verantwoordelik om 'n gedragskode vir leerders te aanvaar ná oorleg met die leerders, ouers en opvoeders van die skool. Die doel van artikel 8(2) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996c) volgens paragraaf 2.4.3 is dat die gedragskode poog om 'n geordende en doelgerigte skoolmilieu te vestig, om risiko's by skoolsport te beperk om sodoende die veiligheid van die leerders te verseker.

Die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996c) word deur die parlement bekragtig volgens paragraaf 2.4.3 en dui die wetlike maatstawwe vir die skole en beheerliggame aan waarin dit moet funksioneer. Die beheerliggaam bepaal ook die beheer van alle buitekurrikulêre aktiwiteite wat by 'n skool plaasvind. Artikel 5A bepaal die standaard waaraan die infrastruktuur by skole en ook sportvelde moet voldoen, om die veiligheid van die leerders te verseker. 'n Regsplig word dus in die hande van die beheerliggaam geplaas.

Die deelnemers is van mening dat dit die plig van die beheerliggaam, skoolhoof en skoolbestuur is om deur reëls en regulasies 'n veilige omgewing vir die leerder te skep. Die versuim daarvan kan lei tot aanspreeklikheid.

*7.3.3.2 Rol van die Departement van Basiese Onderwys*

Die meerderheid deelnemers is van mening dat die Departement van Basiese Onderwys duidelike voorskrifte moet stel oor 'n veiligheidsbeleid wat as riglyn moet dien toe te sien dat alle deelnemers, afrigters, toeskouers en organiseerders se veiligheid verseker kan word.

Die deelnemers neem die Departement as werkgewer kwalik dat dié nie genoegsame ondersteuning bied nie. Daar is 'n gevoel onder die deelnemers dat

daar geen bystand verleen word om risiko's op sportvlak te verminder nie. Omdat daar nie toepaslike beleide is nie, voel die deelnemers dat hulle in die duister gelaat word ten opsigte van hulle verantwoordelikhede veral ten opsigte van hulle regsplig.

Daar is bevind dat daar min of geen sportgeriewe by van die sogenaamde *township*-skole is. Die omstandighede daar is geensins geskik vir veilige sportdeelname nie en van die deelnemers verwag dat die Departement van Basiese Onderwys daar 'n leidende rol moet speel om die geriewe daar te verbeter.

Die toestande by dié skole is lynreg teen wat artikel 24 van die Grondwet van Suid-Afrika (SA, 1996a) soos bespreek is paragraaf 2.3.2.3 van 'n skoolomgewing verwag. Die artikel dui verder aan dat elkeen die reg op 'n omgewing het wat nie skadelik vir hul gesondheid of welsyn is nie. Paragraaf 2.3.2.3 dui aan dat skole moet voldoen aan die nodige standaarde, soos vervat is in die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (SA, 1993a).

Baie van die deelnemers reken dat die Departement van Basiese Onderwys 'n beleid moet saamstel wat as riglyn moet dien om te bepaal of die sportterrein aan die nodige veiligheidstandaard voldoen en dat leerders se veiligheid nie deur 'n onveilige omgewing en toestande bedreig mag word nie.

*7.3.3.3 Veiligheid van die toeskouers*

Daar is bevind dat die organiseerders van 'n sportbyeenkoms nie net 'n verantwoordelikheid teenoor die deelnemer het nie, maar ook teenoor die toeskouers en ondersteuners. Daar moet redelike voorsorg teenoor hulle getref word sodat hulle ook die sport met veiligheid kan geniet. Rossouw (2008:70) noem in paragraaf 3.8.4 van verskeie insidente wêreldwyd wat al op hofsake uitgeloop het waar sportorganiseerders gedagvaar is vir beserings wat deur toeskouers opgedoen is.

Baie van die deelnemers weet watter prosedures daar in plek moet wees by groot stadions en met groot getalle toeskouers, maar die prosedures is nie regtig van

toepassing op kleiner skolesportbyeenkomste nie. Die deelnemers noem voorbeelde waar toeskouers dood of ernstig beseer is, omdat, volgens hulle, die toeskouergetalle die kapasiteit van die stadion oorskry het. Dit dui daarop dat die deelnemers die risiko besef wat kan gebeur as die korrekte stadionbeheer nie toegepas word nie. Die deelnemers noem voorbeelde van wat in stadions gebeur het wat die bevindinge staaf dat die veiligheid van die toeskouers aandag moet geniet.

Daar kan ook afgelei word uit die kommentaar van die deelnemers van die *township*-skole dat dié skole probleme het met die gedrag van die toeskouers, wat in die proses ook van die leerders op die sportveld kan beseer.

*7.3.4 Pligte van die opvoeder-afrigter*

In die gedeelte wat volg, word daardie pligte wat 'n rol kan speel in die regsrisikobestuur deur die opvoeder-afrigter kortliks bespreek.

*7.3.4.1 Toesighouding*

Daar is bevind dat die deelnemers van mening is dat die kind in die sorg van die skool geplaas is en dat die skool op 'n verantwoordelike manier toesig en beheer moet reël. Die hoof en beheerliggaam van 'n skool is verantwoordelik dat daar voldoende toesig deur gekwalifiseerde opvoeders oor leerders moet wees. In paragraaf 3.8.1 dui Singh (2004:22) aan dat skoolhoofde en beheerliggame aanspreeklik gehou kan word vir beserings aan leerders as die skoolopvoeders nie oor die nodige kwalifikasies beskik nie.

Botha en Oosthuizen (2003:86) noem, soos in paragraaf 1.1 bespreek is, dat 'n opvoeder 'n regsplig het om die veiligheid van leerders onder sy toesig en beheer te verseker. Die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders (SA, 2000) bepaal in artikel 3.11 van sy gedragskode dat 'n opvoeder redelike stappe moet doen om die veiligheid van die leerder te verseker.

*7.3.4.2 Regsplig van die skeidsregter*

Die deelnemers stem saam dat die skeidsregter, wat in baie gevalle 'n opvoeder is, 'n baie belangrike en verantwoordelike rol in sport speel en dié kan 'n betekenisvolle bydra lewer om risiko's in skolesport te verhoed. Daar is egter baie onsekerheid rondom die regsplig van 'n skeidsregter. Dit gebeur toenemend dat skeidsregters aanspreeklik gehou word vir beserings wat geduende wedstryde plaasvind.

Opvoeders wat as skeidsregter optree, moet kennis neem dat, indien hulle nie met die nodige sorg optree nie en ook nie bekwaam genoeg is nie, hulle vir 'n speler se beserings aanspreeklik gehou kan word.

Een van die bevindinge waaroor al die deelnemers dit eens is, is dat geen wedstryd mag begin sonder die nodige noodhulp nie. Volgens SARU-reëls mag 'n rugbyskeidsregter nie 'n rugbywedstryd begin as die nodige noodhulp nie teenwoordig is nie. 'n Skeidsregter kan nie verantwoordelik gehou word vir 'n ernstige ongeluk indien hy binne die reëls optree wat vir hom daargestel is nie. Die skeidsregter het egter ook die bevoegdheid om die spel te staak as enige iets die veiligheid van die spelers en die toeskouers in gevaar stel.

*7.3.4.3 Tegnieke en instruksies*

Die deelnemers weet dat 'n afrigter verantwoordelik is om die korrekte tegnieke aan die spelers te leer om die speler se veiligheid te verseker. In paragraaf 3.2 noem Noakes en Du Plessis (1996:282) dat 'n opvoeder die bevoegheid moet hê om 'n sportsoort af te rig. Hulle wys daarop dat 'n opvoeder nalatig is as hy betrokke is by 'n sportsoort waarvoor hy nie die nodige kennis het nie. Opvoeders het die verantwoordelikheid om op hoogte te bly van die nuutste oefentegnieke en reëls en moet dit toepas om die veiligheid van die leerders te verseker.

Die Suid-Afrikaanse Rugbyunie het in 2009 in samewerking met die Chris Burger/Petro Jackson-fonds die nasionale rugbyveiligheidsprogram BokSmart

geloods. Die program streef daarna om die rugbygemeenskap toe te rus met vaardighede om ernstige beserings te voorkom (SABC-Nuus, 2009). BokSmart gaan in die 2012-rugbyseisoen 'n ouditverslag by alle skole, klubs en provinsies doen om seker te maak dat alle rugbyorganisasies voldoen aan die voorskrifte van SARU.

*7.3.4.4 Beserings en siektes*

'n Afrigter het nie die outoriteit om te besluit of 'n beseerde speler fiks of gesond genoeg is om 'n wedstryd te voltooi of te begin nie. Die deelnemers is dit eens dat 'n beseerde of siek speler slegs met die toestemming van 'n mediese dokter, dit wil sê in besit van 'n mediese sertifikaat, toegelaat sal word om te speel. Van die skole verwag ook 'n skriftelike toestemmingsbrief van die ouer saam met die mediese sertifikaat, voordat die speler kan speel.

Noodhulp gedurende oefentye is 'n bron van kommer. By wedstryde word vir alle belanghebbendes baie goeie beplanning en voorsorg getref, maar dieselfde kan nie van oefeninge gesê word nie. Tydens wedstryde word alle reëlings volgens die sportbeleid gereël. 'n Deelnemer is van mening dat oefeninge 80% van sporttyd in beslag neem, maar wedstryde slegs 20% van die tyd. Die feit dat daar tydens oefeninge nie dieselfde voorsorg getref word, as gedurende wedstryde nie, kan veroorsaak dat die skool en afrigter baie meer blootgestel is aan risiko's wat kan lei tot regsaanspreeklikheid en eise.

Die wenfaktor in sport kan veroorsaak dat spelers wat nie geskik is om te speel nie, wel speel, soms met verreikende gevolge. Die ervare afrigter wat al verby die "wen ten alle koste"-benadering is, is meer gerig op die veiligheid van die speler.

*7.3.4.5 Toerustingsbestuur en fasiliteite*

Die deelnemers besef dat die sportveld 'n potensieel gevaarlike omgewing vir leerders en opvoeders is, soos bespreek is in paragraaf 4.3.1.9 . Daar word in dieselfde paragraaf ook 'n hofsaak bespreek waar 'n sokkerklub aanspreeklik gehou

is vir 'n besering wat 'n speler opgedoen het, omdat die sokkerveld nie in 'n goeie toestand was nie. Rossouw (2008:108) word in paragraaf 4.3.1.9 aangehaal, waar hy is van mening dat daar behoorlike stappe deur die opvoeder gedoen moet word om te verseker dat die sportveld en ander fasiliteite veilig is.

*7.3.4.6 Ontwikkelingsvlak en vlak van bekwaamheid van die spelers*

Die deelnemers noem dat die afrigter se mate van toesig en verantwoordelikheid sal wissel ten opsigte van die spelers se vlak van deelname, bekwaamheid van die speler asook die ervaring en ouderdom van die speler. Daar is bevind dat die deelnemers weet dat risiko's beperk of verminder kan word deur die spelers te keur, sodat hulle goed teenoor mekaar opweeg.

Die deelnemers sê dat die ouderdom en ervaring van die leerders 'n belangrike rol in die sorgsame versorgingsplig speel. Singh (2006b:174) noem in paragraaf 4.3.1.5 die belangrikheid daarvan dat die ouderdom en bekwaamheid van 'n deelnemer deur die opvoeder in gedagte gehou moet word. Die opvoeders moet daarvan bewus wees dat ouderdom 'n belangrike determinant in die regstatus van die kind is. 'n Opvoeder word as 'n redelike deskundige gereken weens sy beroep, daarom rus daar 'n spesiale versorgingsplig op hom. As opvoeder het hy met die onvoorspelbaarheid van 'n kind te doen op grond van hulle ouderdom.

*7.3.4.7 Vlak van bekwaamheid en ondervinding van die afrigter*

Dit is bevind dat die deelnemers meen daar moet 'n definitiewe verband bestaan tussen die vlak van bekwaamheid van 'n afrigter en die vlak van deelname van dié wat hy afrig. Van die deelnemers noem dat hulle aangesê is om 'n sportsoort af te rig waarvan hulle geen kennis het nie. Die deelnemers meen verder dat hulle hulself onnodig blootstel aan moontlike aanspreeklikheid indien 'n leerder beseer sou word tydens 'n buitemuurse aktiwiteit, omdat hulle nie gekwalifiseerd of bevoeg is nie. In paragraaf 4.3.1.1 is egter daarop gewys dat onervare of nuwe afrigters ingelig en

gemonitor moet word. Indien die skoolhoof en beheerliggaam nie toesien dat dit gebeur nie en 'n leerder word beseer, kan die skoolhoof en beheerliggaam aanspreeklik gehou word vir die beserings.

*7.3.4.8 Bestuur van risiko's van sekere sportsoorte*

Singh (2004:21) maak die bewering in paragraaf 4.3.1.2 dat sport sonder risiko's om beserings op te doen, amper 'n onmoontlikheid is. Die deelnemers besef dat elke sportsoort sy eie tipe risiko's inhou, maar weet dat sekere sportsoorte inherent groter risiko's het en daarom moet hulle versorgingsplig in dié sportsoorte soveel hoër wees.

By hoërisikosportsoorte word 'n hoër mate van toesig verwag, aangesien die risiko tot skade wat 'n leerder kan opdoen, hoog is.

*7.3.5 Opleiding*

*7.3.5.1 Indiensopleiding en tersiêre opleiding*

Die deelnemers meen daar bestaan 'n leemte in die opleidingsprogramme van tersiêre inrigtings ten opsigte van die versorgingsplig van die opvoeder met betrekking tot risiko- en veiligheidsbestuur op die sportveld. 'n Deelnemer is van mening dat sy 'n hoë-standaard basiese opleiding gehad het. Daar is egter in haar opleiding geen aandag aan kennis ten opsigte van regsaanspreeklikheid geskenk nie.

*7.3.5.2 Kursusse*

Almal besef tye het verander en dat dit 'n noodsaaklikheid geword het om opvoeders se verantwoordelikhede en regte te beskerm. Sommige deelnemers is daarvan oortuig dat daar daadwerklik opgetree moet word en dat die onderwyser se wetlike regte en pligte ten opsigte van sportbeoefening en die administrasie daarvan, deur kenners aangespreek moet

word. Hulle stel voor dat 'n beleid daarvolgens opgestel moet word om as riglyn vir skole te dien.

Die deelnemers noem dat hulle deur kursusse en opleidingsessies duidelike voorskrifte moet kry oor 'n veiligheidsbeleid wat as riglyn moet dien om te verseker dat alle deelnemers, afrigters, toeskouers en organiseerders se veiligheid verseker kan word. 'n Verantwoordelike party moet aanspreeklikheid aanvaar om die beleid te skryf en toe te pas. By skolesport is die verantwoordelike party eerstens die Departement van Basiese Onderwys as werkgewer en dan ook die beheerliggaam saam met die hoof.

## 7.4 Aanbevelings

Die aanbevelings wat volg, word aangebied binne die ses kategorieë wat in Hoofstuk 6 geformuleer is. Hierdie kategorieë is die Grondwet, gemene reg, risikobestuur, veiligheid, pligte van die opvoeder en opleiding. Aanbevelings rakende die sentrale tema, naamlik regsrisikobestuur, word laastens gedoen.

### *7.4.1 Die Grondwet*

Die duidelike gebrek aan kennis wat by opvoeders rondom wetgewing bestaan, is 'n ernstige knelpunt wat die opvoeders het, ter voorkoming van risiko's by skolesport om die veiligheid van leerders te verseker. Die volgende aanbevelings word gemaak op grond van die bevindings in hierdie studie:

- Dit is belangrik dat die opvoeder altyd die belange van die leerder eerste moet stel in die nakom van sy verantwoordelikhede as opvoeder. Artikel 28(2) van die Grondwet (SA, 1996a) bepaal dat die kind se beste belang van deurslaggewende belang is in elke aangeleentheid wat die kind raak. Hierdie klousule moet die basiese riglyn tydens die afrigting van die leerders wees.

- Opvoeders wat daagliks vir die veiligheid van die leerders op die sportveld verantwoordelik is, moet as gevolg van die regstatus van die kind 'n veilige ruimte vir leerders skep.

### *7.4.2 Die gemene reg*

Opvoeders gemoeid met sport het vanweë die gemeenregtelike posisie van die kind, 'n versorgingsplig teenoor die leerders op die sportveld wat aan hulle sorg toevertrou is. Na aanleiding hiervan word die volgende aanbevelings gemaak:

- Op grond van hierdie versorgingsplig word dit van die opvoeder verwag om sekere maatreëls wat beserings op die sportveld sal voorkom, te tref. Een van die belangrikste aspekte van risikobestuur is deeglike voorbereiding en beplanning. Met deeglike beplanning kan opvoeders voorsienbare risiko's identifiseer en kan dit dadelik uitgeskakel of beheer word om sodoende beserings te voorkom. Die skoolhoof en beheerliggaam moet opvoeders verplig dat hulle hul voorbereiding en beplanning skriftelik voorlê vir kontrolering. Opvoeders moet verplig word om noodhulpkursusse te volg.

- Die skoolhoof, beheerliggaam en Departement moet die opvoeder deur indiensopleiding met genoegsame onderwysregskennis toerus om die opvoeder se versorgingsplig met onderskeiding te volvoer. Die opleiding behoort deur 'n formele wyse te geskied, waar onderwyskundiges deur werkswinkels inligting oor onderwysreg aan die opvoeders deurgee.

- Dit is duidelik dat opvoeders 'n *in loco parentis*-rol het wat hulle moet vervul. Dit impliseer dat die opvoeder as plaasvervangende ouer moet optree vir die tyd wat die leerders aan die opvoeder se sorg toevertrou is. Die opvoeder moet op 'n billike en sorgsame wyse na die leerders omsien.

### *7.4.3 Risikobestuur*

Daar is 'n leemte ten opsigte van veiligheidsriglyne in risikobestuur ten opsigte van risikobestuursprogramme en risikobestuursprosesse by skole. Om risiko's te beperk of te verhoed moet daar 'n program wees wat die sportbeleide insluit (vergelyk paragraaf 4.1.1.). Die deelnemers is van mening dat so 'n program aan die opvoeders 'n duidelike riglyn moet verskaf oor wat die skool en die moeder-unie van die sportsoort van die opvoeder verwag. Na aanleiding hiervan word die volgende aanbevelings gemaak:

Daar is statutêre bepalings in die vorm van wetgewing wat algemene gesondheid-en-veiligheidsriglyne bevat, soos die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (SA, 1993a) en Regulasies vir veiligheidsmaatreëls by openbare skole (SA, 2006c). Met enkele wysigings in die toepassing van die wetgewing kan dit toepaslik gemaak word op skolesport. Daarom word aanbeveel dat:

- 'n Duidelike skool- en sportbeleid moet beskikbaar wees. Onveilige toestande moet geïdentifiseer word en die nodige voorsorgmaatreëls geïmplementeer word om dit te verhoed.
- Die skoolhoof, beheerliggaam en Departement van Basiese Onderwys behoort indiensopleidingsprogramme te ontwikkel en aan te bied waar opvoeders blootstelling gegee word aan die toepassing van die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (SA, 1993a) en Regulasies vir veiligheidsmaatreëls by openbare skole (SA, 2006c),

### *7.4.4 Veiligheid*

Die opvoeder moet die verantwoordelikheid dra om redelikerwys te verseker dat die leerders onder hulle toesig hulle spesifieke sportsoort in veilige omstandighede kan beoefen. Die volgende aanbevelings word gemaak:

- Alle skoolhoofde en beheerliggame behoort toe te sien dat daar 'n veiligheidsbeleid deur die adjunkhoof: sport en sportorganiseerder opgestel word. Daar moet voorligting aan onderwysers en leerders gegee word t.o.v. veiligheidsbeginsels. Daar moet voorsiening gemaak word vir die toepassing van dissiplinêre maatreëls by opsetlike oortreding van die veiligheidsreëls.

- Deliktuele aanspreeklikheid spruit voort uit die versuim om 'n regsplig na te kom en die skoolhoof en die beheerliggaam behoort te besef dat sodanige regsplig bestaan. Die skoolhoof en die beheerliggaam kan wel aanspreeklikheid gehou word indien 'n leerder beseer word as gevolg van die versuim van die skoolhoof en beheerliggaam om hul funksies en verpligtinge na te kom.

- Skole (beheerliggaam, skoolhoof en opvoeders) moet verseker dat omgewingstoestande nie 'n bedreiging ten opsigte van beserings vir deelnemers inhou nie.

- Daar word van die Departement van Basiese Onderwys verwag om duidelike voorskrifte aan skole beskikbaar stel veral ten opsigte van die opvoeders se regsverpligtinge teenoor die leerders. Die beleid moet duidelike riglyne insluit oor hoe om in alle situasies op te tree.

- Skole (beheerliggaam, skoolhoof en opvoeders) moet verseker dat hulle hul versorgingsplig ook teenoor die toeskouers nakom en dat omgewingstoestande nie 'n bedreiging ten opsigte van beserings vir toeskouers inhou nie. Die versorgingsplig van die toeskouers hang ook in 'n groot mate af van die veiligheid van die pawiljoene. Die konstruksie van die pawiljoene moet van so 'n aard wees dat dit stewig en sterk moet wees om die gewig en beweging van die toeskouers te hanteer.

### *7.4.5 Pligte van die opvoeder*

Opvoeders het vanweë hulle gemeenregtelike versorgingsplig die verantwoordelikheid om voorsienbare fisiese beserings te vermy en te beperk. Die volgende aanbevelings word gemaak op grond van die bevindings in hierdie studie:

- Die skoolhoof en sportorganiseerders moet met groot omsigtigheid die toedeling van afrigters in sportsoorte hanteer. 'n Opvoeder wat 'n sport afrig waarin hy nie gekwalifiseerd is nie, stel homself onnodig bloot aan moontlike aanspreeklikheid as gevolg van 'n leerder wat in sy sorg 'n besering sou opdoen. Opvoeders moet aangemoedig word om die nodige kwalifikasies te verwerf met betrekking tot sportafrigting waarby leerders onder hul sorg betrokke is.

- Die skeidsregter het die verantwoordelikheid om behoorlik toesig te hou en volgens sy versorgingsplig moet hy behoorlike beheer oor die spel behou en verseker dat die spel volgens die spelreëls gespeel word.

- Alle opvoeders moet basiese kwalifikasies in noodhulp bekom, sodat hulle bedag kan wees op ernstige beserings en in staat sal wees om korrek te kan optree. Daarvoor behoort alle opvoeders, alvorens hulle as opvoeders by SARO registreer, 'n noodhulpkursus af te lê wat hulle in staat sal stel om korrek op te tree.

- Alle opvoeders moet opgelei word in die afrigting van die korrekte tegnieke in die beoefening van 'n betrokke sportsoort. Die opvoeder moet oor genoegsame kennis en vaardighede beskik om die leerders veilig aan die betrokke skoolsport te laat deelneem.

- Skriftelike toestemming moet van 'n mediese beampte, sowel as die ouers ontvang word wat beseerde spelers toelaat om weer te oefen of aan kompetisies deel te neem.

- Daar moet deur die beheerliggaam en die betrokke sportorganiseerders gepoog word om by alle fasiliteite waar sport afgerig word, die nodige veiligheidsmaatreëls te tref, ook ten opsigte van die veiligheidstoerusting. Daar moet gefokus word op die skoolreëls en die skool se gedragskode. Leerders in 'n gedissiplineerde skool sal ook gedissiplineerd op die sportveld wees. 'n Veilige skool sal ook 'n geborgenheidsruim vir leerders bied waar hulle tot hulle volle potensiaal sal kom. In so 'n geborgenheidsruim sal die opvoeder ook 'n sekerheids- en veiligheidsvlak bereik ten opsigte van sy regsplig teenoor die leerder.

- Die opvoeders moet 'n groter mate van sorg aan die dag lê hoe jonger die leerders onder hulle sorg is. Dit impliseer dat, wanneer 'n persoon met jong kinders te make het, hy bewus moet wees van hul beperkte vermoë, sowel as hul impulsiewe en onbesonne optrede.

- Opvoeders moet leerders behoorlik voorlig met betrekking tot risiko's. Die opvoeder moet die leerders behoorlik inlig oor gevare en ook deelnemende groepe en apparaat so bestuur dat die risiko beperk of uitgeskakel word.

### *7.4.6 Opleiding*

'n Belangrike aspek wat uit die studie na vore gekom het, is die opleiding by universiteite in Suid-Afrika waar tersiêre onderwysersopleiding plaasvind, rakende die toepaslike regsbeginsels om die veiligheid van die leerders te verseker sowel as die bestuursvaardighede om risikobestuur toepaslik in skolesport te maak. Die volgende aanbevelings word gemaak:

- Tersiêre instansies wat verantwoordelik is vir die opleiding van opvoeders sal moet toesien dat Onderwysreg 'n verpligte module word vir alle voorgraadse

onderwyskursusse, sodat alle beginneropvoeders die onderwyspraktyk kan betree met 'n aanvaarbare kennis van onderwysreg.

- Skole (beheerliggame en skoolhoofde), onderwysowerhede, vakbonde en SARO moet besef dat hulle die verantwoordelikheid het om alle opvoeders toe te rus met genoegsame onderwysregtelike kennis.

*7.4.7 Aanbevelings rakende die sentrale tema: Regsrisikobestuur van skolesport*

Regsrisikobestuur van skolesport het in die studie na vore gekom as die sentrale tema van die studie. Die meeste van die deelnemers aan hierdie studie voel dat, omrede hulle onderwysregtelike kennis van al die wetlike aspekte nie op standaard is nie, hulle onseker voel betreffende sportafrigting. Hulle voel ook onkundig rakende die reg en meer spesifiek die aanspreeklikheid vir leerders se beserings. Die toenemende aantal hofsake die afgelope paar jaar teenoor opvoeders rakende aanspreeklikheid van leerders se beserings, laat hulle al hoe meer onseker en selfs bang voel om soos altyd passievol betrokke te raak by sportafrigting. Die opvoeders voel verder dat hulle nie genoegsame ondersteuning van hulle skoolhoofde en beheerliggame en spesifiek die Departement van Basiese Onderwys as werkgewer kry om riglyne neer te lê waaraan versorgingsplig moet voldoen nie. Die opvoeders reken dat, omdat daar nie altyd die toepaslike beleide beskikbaar is nie, hulle aan die reg uitgelewer is. Hulle besef dat hulle 'n regsplig vanweë hulle versorgingsplig het, maar kan weens hulle onkunde nie meer hulself uitleef op die sportveld soos vantevore nie.

Die volgende aanbevelings word dus gemaak:

- Skoolhoofde en beheerliggame sal moet toesien dat relevante beleide met betrekking tot die beskerming van die leerder in plek is en deur die skoolbestuur sowel as die opvoeders nagekom word.

- Om skoolhoofde en beheerliggame in staat te stel om die vereiste beleide en regulasies met betrekking tot die beskerming van die leerder in plek te hê, kan 'n praktykgerigte handleiding met betrekking tot hierdie riglyne ontwikkel word en aan skole beskikbaar gestel word.

- Die meerderheid van die opvoeders beskik nie oor voldoende onderwysregtelike kennis met betrekking tot hul regsplig nie. Daar word van skoolhoofde verwag om die vlak van onderwysregtelike opleiding van opvoeders te bepaal en geleentheid te skep vir opvoeders om hulself beter toe te rus deur praktykgerigte opleiding.

## 7.5 Aanbevelings vir verdere navorsing

Binne die navorsingsfokus van regsrisikobestuur in skolesport en uit die bevindinge wat uit hierdie studie na vore gekom het, verdien die volgende temas verdere ondersoek en navorsing:

- Die rol van beheerliggame en die skoolbestuur rakende die regsaanspreeklikheid van die opvoeder, veral ten opsigte van hulle funksie om risiko's te bestuur.

- Die regsaanspreeklikheid van die skeidsregter, asook sy versorgingsrol.

- Daar moet bepaal word hoe indiensopleidingsprogramme ontwikkel kan word om onderwysregskennis en kwalifikasies van opvoeders te verbeter.

## 7.6 Bydrae van die navorsing tot die teorie

Hierdie studie vorm deel van 'n groter navorsingsprojek, befonds deur die Nasionale Navorsingstigting, wat fokus op die sekuriteit van opvoeders en hierdie studie lewer 'n bydrae spesifiek tot sportafrigters se sekuriteit. Daar is waarskynlik 'n leemte in die bestaande kennis van akademici en praktisyns rakende regsrisikobestuur in

sportverband. Die studie is dus 'n poging om 'n spesifieke bydrae te lewer tot die bestaande korpus van kennis van die Onderwysreg en spesifiek rondom regsrisikobestuur in skolesport.

## 7.7 Bydrae van die navorsing tot die praktyk

Om risiko's in skolesport te probeer voorkom, sal dit waardevol wees om te kyk na wat die impak van duidelike sportbeleide en riglyne sal wees om risiko's by sekondêre skole in Potchefstroom in die Noordwes-provinsie te verminder. Die skole wat vir die doel gekies is, is skole wat die openbare skole in Noordwes verteenwoordig. Die navorser het met behulp van die navorsing probleme en leemtes geïdentifiseer, waarvolgens aanbevelings gemaak kon word. Die navorsingsresultate kan van groot nut wees vir 'n skoolbestuur, beheerliggaam, opvoeders sowel as die ouers ten opsigte van hulle verantwoordelikhede en aanspreeklikheid ten opsigte van leerders se veiligheid en sekuriteit. Die Suid-Afrikaanse opvoeder moet deur die bekendstelling van hierdie nuwe inligting kennis neem van hulle regsplig teenoor leerders onder hulle toesig, asook die regsrisiko's waaraan hulle blootgestel is as hulle nie hierdie regsplig nakom nie.

## 7.8 Slotopmerking

Die navorsing het gefokus op wat regsrisikobestuur in skolesport is en wat die opvoeder se aanspreeklikheid is met beoefening en administrering van skolesport. Dit het uit die studie duidelik geword dat daar 'n leemte bestaan ten opsigte van veiligheids- en risikobestuursbeleid in skolesport wat aan alle wetlike aspekte voldoen. Van die skole het hulle eie beleide en maatreëls ingestel, maar dit voldoen dikwels nie aan die wetlike vereistes nie. Omdat daar nie duidelike riglyne bestaan wat die risiko's van beserings kan beperk of verminder nie, kan leerders se veiligheid nie altyd verseker word nie. Leerders op die sportveld word dus onnodig aan moontlike beserings blootgestel. Opvoeders kan as gevolg hiervan ook aanspreeklik gehou word vir beserings wat deur die leerders opgedoen word. Dit is duidelik dat

daar 'n veiligheids- en risikobestuursbeleid wat van toepassing is op skolesport ingestel behoort te word. Hierdie beleide moet deur wetgewing, regulasies en ondergeskikte wetgewing afgedwing word.

## BIBLIOGRAFIE


Adams, N. 1993. Legal issues and the self-managing school. Essex: Longman.

Anon. 2006. Beeld. Rugbyseun breindood na besering. *Beeld*: 4, 21 Apr.

Babbie, E. 1998. The practice of social research. 8th ed. Belmont: Wadsworth Thomson Learning.

Babbie, E. 2001. The practice of social research. 9th ed. London: Wadsworth Thomson Learning.

Babbie, E. 2007. The practice of social research. 11th ed. Belmont, CA: Thomson Wadsworth.

Babbie, E. & Mouton, J. 2001. The practice of social research. Cape Town: Oxford University Press Southern Africa.

Basson, J.A.A. & Loubser, M.M., *eds.* 2001. Sport and the law in South Africa. Durban: Butterworths.

Basson, J.A.A. & Loubser, M.M., *eds.* 2003. Sport and the law in South Africa. Durban: LexisNexis Butterworths.

Beloff, M.J., Kerr, T. & Demetriou, M. 1999. Sports law. Oxford: Hart Publishing.

Botha, P. 1998. The teacher as caring supervisor. (*In* Oosthuizen, I.J., *ed.* Aspects of educational law. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 71-85).

Botha, P. & Oosthuizen, I.J. 2003. The educator as a caring supervisor. (*In* Oosthuizen, I.J., *ed.* Aspects of education law. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p 85-102).

Bray, W. 2000. Foundations of law and education law. Pretoria: Centre for Education Law and Education Policy.

Bray, W. & Coetzee, S.A. 2001. Educational management and the law. Pretoria: University of South Africa. (Study guide for OMB 454 – J).

Breed, J.A. 2003. `n Onderwysregtelike perspektief op die skoolhoof se taak as menslike hulpbronbestuurder. Potchefstroom: NWU. (Verhandeling – M.Ed.).

Brenner, J.S. 2007. Overuse injuries, overtraining, and burnout in child and adolescent athletes. Pediatrics 119(6):1242–1245.

Caine, D, Maffulli, N. & Caine, C. 2008. Epidemiology of injury in child and adolescent sports: injury rates, risk factors, and prevention. Clin Sports Med 27(1):19–50.

Cloete, R., *ed.* 2005. Introduction to sports law in South Africa. Durban: Lexis Nexis Butterworths.

Cloutier, R. 2003. Review of the Strathcona – Tweedsmuir School Outdoor Education Program. Cariboo: Bhudak Consultants Ltd. & University College of Cariboo.

Coghlan, D. & Brannick, T. 2001. Doing action research in your own organization. London: Sage.

Cohen, L., Manion, L. & Morrison, K. 2007. Research methods in Education. London:

Colditz, P. 2011. Die trefwydte van die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid. Persoonlike korrespondensie met die Uitvoerende Hoof van FEDSAS (die Federasie van Skoolbeheerliggame in Suid-Afrika. 2 Augustus.

Cooper, D.R. & Schindler, P.S. 1998. Business research methods. Boston: McGraw-Hill.

Corbett, R., Findlay, H.A. & Lech, D.W. 2008. Legal issues in sport: tools and techniques for the sport manager. Toronto: Emond Montgomery Publications.

Creswell, J.W. 1998. Quality inquiry and research design: choosing among the five traditions. Thousand Oaks: Sage Publishers.

Creswell, J.W. 2003. Research design: qualitative, quantitative and mixed methods approaches. 2nd ed. London: Sage.

Creswell, J.W. 2007. Qualitative inquiry and research design: choosing among five approaches. 2nd ed. Thousand Oaks, CA: Sage.

De Vos, A.S. 1998. Research at grass roots: a primer for the caring professions. Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S. 2002. Qualitative data analysis and interpretation. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 339-359).

De Vos, A.S. 2005. Qualitative data analysis and interpretation, (*In* A.S. De Vos, H. Strydom, C.B. Fouché & C.S.L. Delport. *Research at grass roots: For the social sciences and human service professions.* Third edition. Pretoria: Van Schaik. 333-349).

De Vos, A.S., Fouché, C.B. & Venter, L. 2002. Quantitative data analysis and interpretation. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik. 222-247).

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik.

De Waal, E. 2000. The educator-learner relationship within the South African public school system: an educational-juridical perspective. Vanderbijlpark: PU vir CHO. (Thesis - Ph.D.).

De Waal, J., Currie. I., Erasmus, G. 2003. The Bill of Rights handbook. Kaapstad: Juta.

De Wet, A. & Oosthuizen, I.J. 2001. The educator's duty to report learner abuse and neglect: perspectives in education. *Education law and policy in South Africa*, 19(4):163-171.

Deacon, J. 2011. Die toepassing van die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid. Persoonlike korrespondensie met die Adjunk-Uitvoerende Hoof van FEDSAS (die Federasie van Skoolbeheerliggame in Suid-Afrika. 3 Augustus.

Delport, S.L. & Fouché, C.B. 2005. The place of theory and the literature review in the qualitative approach to research, (*In* A.S. De Vos, H. Strydom, C.B. Fouché & C.S.L. Delport. *Research at grass roots: For the social sciences and human service professions.* Third edition. Pretoria: Van Schaik. 261-266).

DeMitchell, T.A. 2002. The duty to protect: Blackstone's doctrine of in Loco Parentis: a lens for viewing the sexual abuse of students. *Brigham Young University Education & Law journal,* Issue 1:17-54.

DeMitchell, T.A. & Carroll, T. 2004. Negligence and students: issues, response, and knowledge: tort liability and the principal. Tucson, AZ: Education Law Association.

Demitriadi, A. & Demitriadi, S. 2007. A conceptual model of risk management and its importance for sport & leisure. *Sport management international journal*, 3(1):19-26.

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. 2005. The Sage handbook of qualitative research. 2nd ed. London: Sage.

Durrheim, K. 2006. Research design. (*In* Terre Blanche, M., Durrheim, K. & Painter, D., *eds.* Research in practice: applied methods for the social science. 2nd ed. Cape Town: UCT Pess.

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. Introduction to the research prosess. *In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik. 286-313).

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. Introduction to thr research proses. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. Third edition. Pretoria: Van Schaik. 71-85).

Gaskin, L.P. 1993. Establisting, communicating, and enforcing rules and regulations. *Journal of physical education, recreation & dance*, 64(4):26-27, 63.

Girvan, G. & Girvan, J. 1993. Risk management practices in athletics: a content analysis. *Journal of physical education, recreation & dance*, 64(4):26-66.

Goetz, J.P. & Lecompte, M.D. 1984. Ethnography and qualitative design in educational research. London: Academic Press.

Greeff, M. 2002. Information collection: interviewing. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots for the social sciences and human services professions. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 291-320).

Greeff, M. 2005. Information collection: interviewing. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots for the social sciences and human services professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 286-313).

Greenfield, S., Osborn, G. & Rossouw, J.P. 2011. The juridification of sport: a comparative analysis of children's rugby and cricket in England and South Africa. *Journal for juridical science*, 36(1):85-104.

Hamman, D.B. 2003. Banning pregnant netballers — has Cinderella lost her ball? (*In* Le Roux, R. & Cornelius, S., *eds.* Sport: the right to participate and other legal issues. Cape Town: Institute of Development and Labour Law, UCT.

Henning, E. 2004. Finding your way in qualitative research. Pretoria: Van Schaik.

Henning, E., Gravett, S. & Van Rensburg, W. 2005. The art of academic writing. Pretoria: Van Schaik.

Herselman, L.S. 2006. 'n Onderwysregtelike perspektief op die sorgsame toesighoudingsplig van die Suid Afrikaanse opvoeder. Potchefstroom: NWU. (Verhandeling - M.Ed.).

Hiemstra, V.G. & Gonin, H.L. 1986. Drietalige regswoordeboek: Engels-Afrikaans, Latyn-Afrikaans-Engels, Afrikaans-Engels. Kaapstad: Juta.

Jonker, I. 1997. Skool, LUR moet leerling vergoed wat verlam is by swembad. *Beeld*: 4, 6 Mei.

Joubert, R. & Prinsloo, S. 2001. Education law: a practical guide for educators. Pretoria: Van Schaik.

Katzenellenbogen, J.M., Joubert, G. & Karim, S.S. 1999. Epidemiology: a manual for South Africa. Cape Town: Oxford University Press Southern Africa.

Kerfoot, C. & Winberg, C. 1997. Learning about action research. Cape Town: MSP Security & Digital Print.

Kingry, M.J., Tiedje, L.B. & Friedman, L. 1990. Focus groups: a research technique for nursing. *Nursing research*, 39(2):124-125.

Kleyn, D & Viljoen, F. 2002. Beginnersgids vir regstudente. Kaapstad: Juta.

Kozlowski, J.C. 1996. Sports coach and physical activity instructors legal duties of care in review. *Parks and recreation*, 31(1):26.

Kruger, N. 2003. 'n Model vir die sorgsame toesighoudingsopdrag van die skoolwerkswinkelopvoeder. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif - D.Phil.).

Labuschagne & Eksteen, 1992. Verklarende Afrikaanse Woordeboek. Pretoria: Van Schaik. 1117 p.

Labuschagne, J.M.T. 1998. Straf-en delikregtelike aanspreeklikheid vir sport beserings. *Stellenbosch law review*, 9:72-97.

Lategan, L.O.K. 2005. Research methodology: a step-by-step guide for beginners. London: Sage.

Lategan, L.O.K. & Lues, L. 2006. Doing research. Bloemfontein: Tekskor.

Leedy, P.D. 1997. Practical research: planning and design. 6th ed. Upper Saddle River, NJ: Merrill.

Leedy, P.D. & Ormrod, J.E. 2005. Practical research: planning and design. 8th ed. Upper Saddle River, NJ: Pearson Merril Prentice Hall.

Lehr, C. 1988. Test your liability quotient. *Strategies*, 1(5):26-28.

Lucasey, B. 2000. Qualitative research and focus group methodology. *Orthopaedic nursing*, 19(1):54-55.

Maree, K. 2007. First steps in research. Pretoria: Van Schaik.

Marshall, C. & Rossman, G.B. 1999. Designing qualitative research. 3rd ed. Thousand Oaks, CA: Sage.

Mawdsley, R.D. 1995. Legal problems of religious and private schools. 3rd ed. Topeca, Kansas: National Organization on Legal Problems of Education.

McMillan, J.H. & Schumacher, S. 2006. Research in education: evidence-based inquiry. 6th ed. New York: Pearson.

Mentz, P. J, Wolhuter, C.C. & Steyn, S.C. 2003. `n Perspektief op die voorkoms van dissiplinêre probleme in Afrikaanse skole. Koers, 68:391-412.

Merriam S.B. 1998. Qualitative research and case study applications in education. 2nd ed. San Francisco: Jossey-Bass.

Merriam, S.B. 2002. Qualitative research and case study applications in education. (Revised and expanded from case study research in education). San Francisco: Jossey-Bass.

Merriam, S.B. & Simpson, E.L. 1995. A guide to research for educators and trainers of adults. 2nd ed. Malabar, FL: Krieger.

Mertens, D.M. 2005. Research and evaluation in education and psychology: integrating diversity with quantitative, qualitative, and mixed methods. 2nd ed. Thousand Oaks, CA: Sage.

Mouton, J. 1992. Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe. Pretoria: RGN.

Mouton, J. 1996. Understanding social research. Pretoria: Van Schaik.

Mouton, J. 2001. How to succeed in your master's and doctoral studies. Pretoria: Van Schaik.

Mouton, J. 2006. How to succeed in your master's and doctoral studies. 10 th ed. Pretoria: Van Schaik.

Mouton, J. & Marais, H.C. 1992. Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe. 3de uitg. Pretoria: RGN.

Neethling, J., Potgieter, J.M. & Visser, P.J. 2010. Deliktereg. 6de uitg. Durban: Butterworths.

Noakes, T. & Du Plessis, M. 1996. Rugby without risk. Pretoria: Van Schaik.

Nygaard, G. 1985. Coaches guide to sport law. Champaign, IL: Human Kinetics.

Odendal, F.F. & Gouws, R.H. 2005. HAT: verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. 5 de uitgawe. Johannesburg: Perskor.

Oosthuizen, I.J. & Roos, M.C. 2003a. Case Law. (*In* Oosthuizen, I.J., *ed.* Aspects of education law. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 63-69).

Oosthuizen, I.J. & Roos, M.C. 2003b. Legislation. (*In* Oosthuizen, I.J., *ed.* Aspects of education law. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 20-48).

Oosthuizen, I.J. & De Waal, E. 2003. South Africa. (*In* Russo, C.J., *ed.* The Yearbook of Education Law. Dayton: Education Law Association. p. 328-334).

Oosthuizen, I.J. & Rossow, L. 1998. The evalution of the South African-American viewpoints on the *in loco parentis* position of the teacher. *Australia and New Zealand journal of law and education*, 3(1):91-101.

Parmanand, S.K. 1987. Sports injuries in the civil law. Johannesburg: Perskor.

Pienaar, A. 1997. Teelgooiery kos skool, leerling R92 500. *Beeld*: 17, 3 Apr.

Potgieter, J. 2004. Delictual negligence of educators in schools: the confusing influence of the *in loco parentis* doctrine. *Perspectives in education,* 22(3):153-156.

Prince, L. 2004. Hofstukke: Hoof "versuim regsplig." Oudleerling eis miljoene by WKOD. Been geamputeer na ongeluk met grassnyer. *Burger*: 7, 30 Jun.

Prinsloo, W.M. 1996. Aanspreeklikheid van 'n skeidsregter vir die besering van 'n rugbyspeler. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse reg*, 4:793-800.

Rademeyer, R. 1995. Hoërskool moet R40 000 aan leerling betaal. *Beeld* :6, 26 Apr.

Robinson, J.A., *ed.* 1997. The law of children and young persons in South Africa. Durban: Butterworths.

Roestoff, A. 2008. Vrees vir rugbyseun se brein. *Beeld*: 5, 22 Aug.

Roper, M. 2000. Safer schools as a crime prevention approach. Pretoria: CSIR Crime Prevention Resource Centre.

Rossouw, J.P. 2010. Labour relations in education: a South African perspective. Second edition. Pretoria: Van Schaik.

Rossouw, J.P. 2004. Where education law and sport law meet: the duty of care of the educator-coach in South African schools. *SA-eDUC journal,* 1(2):46-71.

Rossouw, J.P. 2008. An introduction to sport law for South African schools. Potchefstroom: Festina Lenté.

Rossouw, J.P. & Keet, W. 2011. Deliktuele aanspreeklikheid van die afrigter in skolesport - `n sekuriteitsaangeleentheid. *PER / PELJ*, 14(6):2-32.

Rossouw, M.C. 2011. 'n Arbeidsregtelike perspektief op die werksvervulling van die Graad R-opvoeder. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Verhandeling - M.Ed.).

SA ***kyk*** Suid-Afrika.

SABC-News. 2009. SA Rugby launches national safety programme. SABC, 9 Jul. http://www.sabcnews.co.za/portal/site/SABCNews/menuitem.5c4f8fe7ee929f602ea12ea1674daeb9/?vgnextoid=9bd8784b1ff52210VgnVCM10000077d4ea9bRCRD&vgnextfmt=default Date of access: 2011/06/06.

SAOU (SA Onderwysersunie). 2010. Nuusflits: Aanspreeklikheid van skole en onderwyspersoneel. SAOU Nuusflits, 12 Apr. http://www.saou.co.za Datum van gebruik: 2011/10/09.

Schouwstra, A.W. 2008. Die sorgsame toesighoudingspraktyk van opvoeders in histories Afrikaanse sekondêre skole in die Potchefstroom- en Klerksdorpdistrikte. Potchefstroom: NWU. (Verhandeling - M.Ed.).

Singh, C. 1999. Tertiary sport and recreation: playing it safe. Pretoria: University of Pretoria (Thesis – Ph.D.).

Singh, C. 2002. Sportlaw. Module: core notes, Certificate in Sport Administration. Johannesburg: RAU.

Singh, C. 2004. Risk management in school sports. Paper delivered at the Pre-Olympic Scientific Congress, Thessaloniki, Greece, 6-11 August. (Unpublished).

Singh, C. 2005. Risk management in sport. (*In* Cloete, R., *ed.* Introduction to sports law in South Africa. Durban: LexisNexis Butterworths. p. 123-124.

Singh, C. & Surujlal, J. 2009. Risk management practices of high school principals regarding physical activities. *African journal for education, recreation and dance*, Supplement 1:189-203.

Singh, C. & Surujlal, J. 2010. Risk management practices of high school sport coaches and administrators. *South African journal for research in sport, physical education and recreation*, 32(1):107-119.

Singh, P. 2006a. Instruction & supervision in sport. http://www.sanaa.org.za/resources/r-inntruct.pdf Date of access: 2 Aug. 2010.

Singh, P.C. 2006b. Legal obligation of educators towards learners in sport. *African journal for physical, health education, recreation and dance*, 12(2):182-193.

Smyth, M. 2009. Coaching is a dangerous Sport. Durban: LexisNexis Butterworths.

Snyman, R. & Deacon, J. 2009. The show must go on! Beserings van dramastudente tydens opleiding. *Potchefstroom Elektroniese Regstydskrif*, 1:138-166.

Spengler, J.O., Connaughton, D.P. & Pittman, A.T. 2006. Risk management in sport and recreation. Champaign, IL: Human Kinetics.

Squelch, J. 2001. Do school governing bodies have a duty to create safe schools? An education law perspective. *Perspectives in Education*, 19(4):137-149.

Strydom, H. & Delport, C.S.L. 2005. Sampling and pilot study in qualitive research. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. 327-332).

Strydom, H. 2002a. Ethical aspects of research in the social science and human service professions. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. Pretoria: Van Schaik. 62-76).

Strydom, H. 2002b. The pilot study. (In De Vos, A.S., ed. Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. Pretoria: Van Schaik. 210-221).

Strydom, H. 2005. Ethical aspects of research in the social science and human service professions. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. Pretoria: Van Schaik. 56-70).

Suid-Afrika, 1996. Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996. Regulations For Safety Measures At Public Schools, as promulgated by Government Notice 1040 (Government Gazette 22754) of 12 October 2001 as amended by Government Notice 1128 (Government Gazette 29376) of 10 November 2006. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. 1957. Wet op Aanspreeklikheid 20 van 1957. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. 1993a. Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid 85 van 1993. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. 1993b. Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -Siektes 130 van 1993 Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. 1996a. Grondwet van die Republiek van Suid Afrika 108 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. 1996b. Wet op Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. 1996c. Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. 1996d. Nasionale Padverkeerswet 93 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. 1998a. Wet op Gelyke Indiensneming. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. 1998b. Wet op Indiensneming van Opvoeders 76 van 1998. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. 2000. Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders 31 van 2000. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. 2005. Wet op Kindersorg 38 van 2005. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. Departement van Arbeid. 2011. Beroepsgesondheid en -veiligheid in skole, kolleges en universiteite. http://www.labour.gov.za/downloads/documents/useful-documents/occupational-health-and-safety/Afrikaans%20Ohs%20schools %20and.pdf Date of access: 20 Nov. 2011.

Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders. 2000. SARO Gedragskode. Pretoria: Staatsdrukker.

Tempelhoff, E. 1998. Man (21) kry byna R2 m. na ongeluk by skool. *Beeld*: *21,* 2 Feb.

Terre Blanche, M., Durrheim, K. & Painter, D. 2006. Research in practice: applied methods for the social science. 2nd ed. Cape Town: University of Cape Town Press.

Train, B. 2007. Fresh perspectives: inleiding tot die sielkunde. Kaapstad: Pearson.

Van Heerden, H.J. 1996. Preparation evaluation and identification of risk factors in the epidemiology of sport injuries among youth. Pretoria: University of Pretoria. (Thesis – D.Phil.).

Van Niekerk, s.j. http://www.myfundi.mobi/a/ Datum gebruik: 7 Maart 2011.

Van Staden, J. & Alston, K.S. 2000. The constitution has gone to school. *South African journal of education*, 20(4):298–303.

Varnham, S. 2003. Recent development in education law in Australia: who's to blame? May a school be liable for the intentional torts of their employees? *Education and the law,* 15(2/3):184-199.

Vermeulen, L.M. 1998. Navorsingsoriëntering - 'n praktiese gids vir studente en navorsers. Vanderbijlpark: L.M. Vermeulen-Uitgewers.

Versluis, JM. 2011. Onnie duik seun: ma eis. *Beeld*: 3, 25 Okt.

Wentzel, J.A. 2008. Treitering in Suid-Afrikaanse openbare skole en die regs- en onderwysbestuurimplikasies daarvan vir leerderveiligheid. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Proefskrif – Ph.D.).

Wickham, S. 2000. The educator as researcher: guidelines for educators undertaking action research: workbook. Gauteng: Research and Academic Development.

Williams, R. 1994. Performing arts. The voice of doom in liability in the theatre. Facility manager. 10(1). 1-3.

Wood, E. 2003. Liability for sport injuries: local and international perspectives. (*In* Le Roux, R. & Cornelius, S., *eds*. Sport: the right to participate and other legal issues. Cape Town: Institute of Development and Labour Law, UCT.

Young, M.E.M. 2004. Risk management in sport at selected secondary schools. Johannesburg: Rand Afrikaans University. (Mini-Dissertion – M.Phil.).

## HOFSAKE

*Bills v State of South Australia* (1982)

*Boswell v Minister of Police and another* 1978 3 SA 268 (E)

*Botha v Minister van Veiligheid en Sekuriteit* 2003 6 SA 568 (T)

*Broom and another v Administrator, Natal* 1966 3 SA 505 (D)

*Brooks v Board of Education of New York* (1963)

*Brown v Hoffman* 1977 (2) SA 556 (NC)

*Butters v Cape Town Municipality* 1993 3 SA 521 (C)

*Cape Town Municipality Appellant v Paine Respondent* 1923 AD 207

*Cerny v Cedar Bluffs Junior/Senior High School*

*Darrow v West Genesee Cent. School Dist,* (1973)

*De Kock v Hoerskool Oosterland en Cronje* 1997

*Duncan v Trustees of the Roman Catholic Church for the Archduchess of Canberra* (1998)

*Eggeling and Another v Law Union and Rock Insurance Co Ltd and Another* 1958 (3) SA 592 (N)

*Garber v Central School District No. 1 of Town of Sharon, New York*

*Green v Orleans Parish School Board, La.App., 365 So.2d 834* (1978)

*Hawekwa Youth Camp v Byrne* (27 November 2009). (615/2008)

*Hattingh v Roux NO and Others* 2011 (5) SA 135 (WCC)

*Halper v Vayo*, 210 Ill. App.3d81; 568 N.E. 2d914 (1991)

*Herring v Bossier Parish School District*, 632 So.2d 920 (La.App. 1994)

*Koffman v Garnett* 574 S.E2d 258 (Va. 2003)

*Knouwds v Administrateur*, Kaap 1981 (1) SA 544 (C)

*La Valley v Stanford* 79 N.E. 2d 437 (1947)

*Leahy v School Board of Hernando County* 450 So. 2d 883 (1984)

*Lid van die Uitvoerende Raad van die Vrystaat Belas Met Onderwys Kultuur v Louw and Another* 2005 JDR 1065 (SCA)

*Lubbe NO v Jacobs NO* [2003] JOL 11496 (T)

*Mckay v Board of Govan School Unit no. 29 of Saskatchewan* (1968)

*Minister of Education and Culture (House of Delegates) v Azel and Another* 1995 (1) SA 30 (A)

*Mogabgab v Orleans Parish School Board* 239 So. 2d 456 (1970)

*Morehouse College v Russell*, 136 SE 2d 179 - Ga: Court of Appeals 1964

*Muntingh v Gautengse Departement van Onderwys en die Hoerskool Vereeniging* (Ongerapporteerde saak. 1997)

*Navarra v Lynbrook Public Schools* 733 N.Y.S.2d730 (App. Div.2001)

*Nowak v Waverley Municipal Council Aust. Torts Rep.* 80-200

*Parisi v Harpursville Central School District.*

*Rex v Muller* 1948 (4) SA 848 (O)

*Robitaille v Vancouver Hockey Club* (1981 124 DLR 3 rd 228

*Rusere v The Jesuit Fathers* 1970 (4) SA 537 (R).

*S v Bernardus* 1965 (3) SA 287 A

*S v Pretorius* 1975 (2) SA 85 (SWA)

*Smith v Her Majesty's Attorney General for the State of Tasmania in* 1991

*Smoldon v Whitworth and Nolan ongerapporteerde Engelse saak* (HC 19.04.69)

*State of New South Wales v Moss* (2000)

*Stineman v Fontbonne* (664 F 2d 1082 1981)

*Stretton City of Lewiston* (1991)

*Strauss v MEC for Education, Western Cape Province* 2007 (4) SA 127 (C)

*Tepper v City of New Rochelle Sch. Dist*, (1988)

*Thomas v The State of South Australia* (1992)

*Transvaal Provincial Administration Appellant v Coley Respondent* 1925 AD 24

*Van der Westhuizen v Du Preez* 1928 TPD 45

*Van der Merwe v Tom Naude* 1995 (Saakno. 6801/94) 132

*Watson v Haines* (1987) Aus. Torts Report 80-094

*Williams v MEC Gauteng Department of Education and others* (2004)

*Wynkwart NO v Minister of Education and Another* 2002 (6) SA 564 (C)

*Yarborough v City University of New York* 520 N.Y.S. 2d 518 (1987)

**Addendum A: Aansoekbrief vir toestemming by die Departement van Basiese Onderwys vir die navorsing.**

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

**25 October 2011**

**Student**
Mr C Jurgens
Teacher: Hoër Volkskool Potchefstroom
Potchefstroom
Cell: 082 948 3995
E-mail: cjurgens.potchvolkies@gmail.com

**Project Leader**
Prof JP Rossouw
Faculty of Education Sciences
North-West University
Private Bag X6001
Potchefstroom
E-mail: jp.rossouw@nwu.ac.za

ATTENTION: Dr SH Mvula
District Executive Manager-Dr Kenneth Kaunda District
North West Department of Education
Private Bag X 1256
Potchefstroom
2520

**REGARDING: PERMISSION FOR RESEARCH**

Dear Dr SH Mvula

I am currently enrolled as student for the M.Ed. degree in Education Law at the North-West University. My research, under the title of An Education Law perspective on legal risk management

in sport at schools, is one subproject within the NRF funded project of which professor JP Rossouw is the project leader and also my study supervisor.

The main objective of the overarching project is to gain, through empirical investigation and comprehensive literature and legal analyses, insight into selected elements of how to avoid risks in sport at schools. This insight will guide the researchers involved to a better understanding of the phenomenon of legal risk management in a variety of educational settings. A further aim is to provide service to a number of schools and groups of educators, focused on empowerment, and based on the findings of this research project.

I hereby apply to your office to conduct the research in seven schools within the Kenneth Kaunda district in and near Potchefstroom. The topic of my M.Ed. research is: *An Education Law perspective on legal risk management in sport at schools*. The purpose of my research is:

- To determine what national legislation and other legalities influence legal risk management as a facet of security in South Africans public schools;
- To determine what legal risk management is within the context of participation in and coaching of sport in South African schools;
- To determine what the education department and sport unions in North-West should do to enlighten school management and sport management about their duties and legal responsibilities;
- To determine the knowledge, insight and perceptions of educators/coaches in the Kenneth Kaunda district about their legal responsibilities;
- To determine if the educators / coaches and schools in the Kenneth Kaunda district comply to the requirements of legal risk management.

I would like to involve the following people of the schools in this research: the deputy principal involved with sport or the school sport organiser, and one coach of the following sport activities: rugby, netball and hockey. I shall conduct short interviews of maximum 30 minutes per person, and undertake not to

disrupt the programs or interfere with the regular duties of any staff members. If necessary, I shall involve your staff members after regular school hours.

After completion, I shall give you feedback of the result of the studies. I am also in the process of gaining the official permission of the respective school principals.

I would like to assure you of the following ethical considerations:

- The participants will not feel threatened or intimidated, and will not be pressurised to answer any specific question on a matter that they might regard as confidential, for example their feelings about or relationship with their principals or employer.
- Participation is voluntary and they will be informed beforehand that they may withdraw at any stage during the discussions. Precautionary measures will be taken to ensure that participants will not feel upset or uncomfortable and that their rights to privacy or dignity will not be infringed during the interviews.
- During the individual interviews and the focus group session participants will be made aware of the fact that their participation is optional. They will be free to withdraw at any stage of their participation.

Due to the specific research design and methods for data collection, the project can be regarded as one where the element of risk is low. All participants will remain anonymous in the analysis and the reports arising from the research. The data gathered will only be use for scientific purposes.

Yours sincerely

Mr Coenraad Jurgens

......................................

**Addendum B: Toestemmingsbrief van die Departement van Onderwys**

**education and training**
Lefapha la Thuto le Katiso
Departement van Onderwys en Opleiding
Department of Education and Training
NORTH WEST PROVINCE

Temane Building
8 O.R. Tambo Street, Potchefstroom
Private Bag X1256,
Potchefstroom 2520
Tel.: (018) 299-8299
Fax: (018) 299-8290
Enquiries: Ms Oarabile Mokubung
e-mail: emokubung@nwpg.gov.za

**DR KENNETH KAUNDA DISTRICT**
**OFFICE OF THE EXECUTIVE MANAGER**

To : Mr C Jurgens

Teacher: Hoër Volkskool Potchefstroom

From : Dr S.H Mvula

Executive District Manager

Date : 26 October 2011

**PERMISSION TO CONDUCT RESEARCH**

We hereby acknowledge receipt of your letter dated 25 October 2011. Please note that your request to the above subject has been granted under the following provisions:

1. The activities you undertake at schools should not tamper with the normal process of learning and teaching;
2. You inform the principals of your identified schools of your impending visit and activity;

3. You obtain prior permission from this office before availing your findings for public or media consumption.

Wishing you well in your endeavour.

Thanking you

-----------------------

**DR S.H MVULA**

**EXECUTIVE DISTRICT MANAGER**

## Addendum C: Toestemmingsbrief aan skoolhoof

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

**18 October 2011**

**Student**
Mr C Jurgens
Teacher: Hoër Volkskool Potchefstroom
Potchefstroom
Cell: 082 948 3995
E-mail: cjurgens.potchvolkies@gmail.com

**Project Leader**
Prof JP Rossouw
Faculty of Education Sciences
North-West University
Private Bag X6001
Potchefstroom
E-mail: jp.rossouw@nwu.ac.za

ATTENTION: THE PRINCIPAL

**REGARDING: PERMISSION FOR RESEARCH AT YOUR SCHOOL**

Dear Principal

I am currently enrolled as student for the M.Ed. degree in Education Law at the North-West University. My research is one subproject within the NRF funded project under the title of An Education Law perspective on legal risk management in sport at schools, of which professor JP Rossouw is the project leader and also my study supervisor.

The main objective of the overarching project is to gain, through empirical investigation and comprehensive literature and legal analyses, insight into selected elements of how to avoid risks in sport at schools. This insight will guide the researchers involved to a better understanding of the phenomenon of legal risk management in a variety of educational settings. A further aim is to provide service to a number of schools and groups of educators, focused on empowerment, and based on the findings of this research project.

The topic of my M.Ed. research is: *Educator security for the coach in school sport: an Education Law perspective.* The purpose of my research is:

- To determine what national legislation and other legalities influence legal risk management as a facet of security in South Africans public schools;
- To determine what legal risk management is within the context of participation in and coaching of sport in South African schools;
- To determine what the education department and sport unions in North-West should do to enlighten school management and sport management about their duties and legal responsibilities;
- To determine the knowledge, insight and perceptions of educators/coaches in the Kenneth Kaunda district about their legal responsibilities;
- To determine if the educators / coaches and schools in the Kenneth Kaunda district comply to the requirements of legal risk management.

I will appreciate it if I can conduct part of the empirical research at your school. I would like to involve the deputy principal involved with sport or the school sport organiser and one coach of the following sport activities: rugby, netball and hockey in the research. I shall conduct short interviews of maximum 30 minutes per person, and undertake not to disrupt the programs or interfere with the regular duties of any staff members. If necessary, I shall involve your staff members after regular school hours.

I shall give you feedback of the result of the studies. Simultaneously with this request, I am also in the process of gaining the official permission of the Free State Department of Education.

I would like to assure you of the following ethical considerations:

- The participants will not feel threatened or intimidated, and will not be pressurised to answer any specific question on a matter that they might regard as confidential, for example their feelings about or relationship with their principals or employer.
- Participation is voluntary and they will be informed beforehand that they may withdraw at any stage during the discussions. Precautionary measures will be taken to ensure that participants will not feel upset or uncomfortable and that their rights to privacy or dignity will not be infringed during the interviews.

- During the individual interviews and the focus group session participants will be made aware of the fact that their participation is optional. They will be free to withdraw at any stage of their participation.

Due to the specific research design and methods for data collection, the project can be regarded as one where the element of risk is low. All participants will remain anonymous in the analysis and the reports arising from the research.

Yours sincerely

Mr Coenraad Jurgens

.................................

## Addendum D: Toestemmingsbrief aan deelnemer

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

18 October 2011

**Student**

Mr C Jurgens

Teacher: Hoër Volkskool Potchefstroom

Potchefstroom

Cell: 082 948 3995

E-mail: cjurgens.potchvolkies@gmail.com

**Project Leader**

Prof JP Rossouw

Faculty of Education Sciences

North-West University

Private Bag X6001

Potchefstroom

E-mail: jp.rossouw@nwu.ac.za

**REGARDING: CONSENT FOR PARTICIPATION IN RESEARCH**

Dear Participant

I am currently enrolled as student for the M.Ed. degree in Education Law at the North-West University. My research is one subproject within the NRF funded project under the title of An Education Law perspective on legal risk management in sport at schools, of which professor JP Rossouw is the project leader and also my study supervisor.

The main objective of the overarching project is to gain, through empirical investigation and comprehensive literature and legal analyses, insight into selected elements of how to avoid risks in sport at schools. This insight will guide the researchers involved to a better understanding of the phenomenon of legal risk management in a variety of educational settings. A further aim is to provide service to a number of schools and groups of educators, focused on empowerment, and based on the findings of this research project.

I hereby invite you to take part in the research. The topic of my M.Ed. research is: An Education Law perspective on legal risk management in sport at schools. The purpose of my research is:

- To determine what national legislation and other legalities influence legal risk management as a facet of security in South Africans public schools;
- To determine what legal risk management is within the context of participation in and coaching of sport in South African schools;
- To determine what the education department and sport unions in North-West should do to enlighten school management and sport management about their duties and legal responsibilities;
- To determine the knowledge, insight and perceptions of educators/coaches in the Kenneth Kaunda district about their legal responsibilities;
- To determine if the educators / coaches and schools in the Kenneth Kaunda district comply to the requirements of legal risk management.

I would like to involve deputy principals involved in sport, sport organisers and coaches of various schools in this research. I shall conduct a short interview of maximum 30 minutes with you, and undertake not to disrupt your program or interfere with your regular duties. If necessary, I shall visit you after regular school hours.

After completion, I shall give you feedback of the result of the studies. I am also in the process of gaining the official permission of your school principal and the Norh-West Department of Education.

I would like to assure you of the following ethical considerations:

- You will not feel threatened or intimidated, and will not be pressurised to answer any specific question on a matter that you might regard as confidential, for example your feelings about or relationship with your principal or employer.
- Participation is voluntary and you may withdraw at any stage during the discussions. Precautionary measures will be taken to ensure that you will not feel upset or uncomfortable and that your rights to privacy and dignity will not be infringed during the interviews.
- You participation is optional, and you may withdraw at any stage of your participation without stating any reason.

Due to the specific research design and methods for data collection, the project can be regarded as one where the element of risk is low. You will remain anonymous in the analysis and the reports arising from the research. The data gathered will only be use for scientific purposes.

If you are satisfied, adequately informed about the objectives and nature of the research, and willing to participate, please read and sign the form of informed consent attached.

Yours sincerely
Mr Coenraad Jurgens

......................................

**FORM OF INFORMED CONSENT**

Title of the Project: An Education Law perspective on legal risk management in sport at schools.

I, the undersigned

**Full names & Surname**

have read the preceding premises in connection with the project, and have also heard the oral version thereof and I declare that I understand it.

I was given the opportunity to discuss relevant aspects of the project with the researcher and I hereby declare that I am taking part in the project voluntarily.

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |

I I d

**Signature of Participant** **Date**

Signed at

**Place of Signature**

**WITNESSES**

| | |
|---|---|
| | Date |
| **Signature of Witness 1** | **Date** |

Signed at

**Place of Signature**

| | |
|---|---|
| | Date |
| **Signature of Witness 2** | **Date** |

Signed at

**Place of Signature**

## Addendum E: Inligtingsbrief aan deelnemer

22 Januarie 2012

**Student**
Mr C Jurgens
Onderwyser: Hoër Volkskool Potchefstroom
Potchefstroom
Selnommer: 082 948 3995
E-mail: cjurgens.potchvolkies@gmail.com

**Projekleier**
Prof JP Rossouw
Fakulteit Opvoedkunde
Noord-Wes Universiteit
Privaatsak X6001
Potchefstroom
E-mail: jp.rossouw@nwu.ac.za

**INSAKE: NAVORSING MEESTERSTUDIE**

Geagte deelnemer

Baie dankie dat ek u kan nader om deel te wees van my navorsingstudie. Die doel van my studie is volledig in die vorige brief uiteengesit. Ek verlang ongeveer 30 minute van u tyd om die individuele onderhoud met u te doen.

Ek is bereid om die onderhoud te doen in `n tyd wat vir u moontlik is, sowel as die plek waar die onderhoud kan plaasvind, selfs by u huis.

Ek heg die onderhoudskedule ook aan, sodat u voorbereid kan wees op watter tipe vrae gestel gaan word. Kontak my asseblief wanneer dit vir u geleë is om `n afspraak te reël.

Nogmaals baie dankie vir u tyd en opoffering.

Groete

Coenraad Jurgens

**Addendum F: Onderhoudskedule**

## 'N ONDERWYSREGTELIKE PERSPEKTIEF OP REGSRISIKOBESTUUR IN SKOLESPORT

1. Wat dink jy is risikobestuur in skolesport? Hoe en waar moet dit toegepas word?
2. Wie se verantwoordelikheid is beleidsontwikkeling vir skole oor wat 'n veilige skool behels ?
3. Wat dink jy weet die Suid-Afrikaanse onderwysers/afrigters oor wat hulle wetlike pligte teenoor leerders onder hulle toesighouding asook die gevaar waaraan hulle blootgestel is as hulle nie hierdie wetlike pligte nakom nie?
4. Word daar genoeg gedoen word om die risiko van beserings en regseise teen die skoolbestuur of sportbestuurders te verminder?
5. Wat behels `n afrigter se versorgingsplig om die veiligheid van die leerders onder hom op die sportveld te verseker?
6. Hoe verstaan jy die die reg ten opsigte van: aanspreeklikheid en nalatigheid?
7. Hoe sal die afrigter se vlak van verantwoordelikheid verskil volgens:
    a. ouderdom van deelnemer en die vlak van deelname;
    b. vlak van bekwaamheid en ondervinding en
    c. die risikovlak van `n spesifieke sportsoort.
8. Watter regsplig rus op die skeidsregter van `n wedstryd?
9. Watter regsplig rus op die organiseerder, skoolhoof/beheerliggaam by 'n skool wat `n byeenkoms of ander sportdeelname organiseer?
10. Die veiligheidskwessie rakende stadion bestuur is van belang vir sport en hulle het ook 'n sorgplig teenoor toeskouers. Hoe so?
11. Behoort die afrigter te besluit of 'n deelnemer fiks genoeg is om voort te gaan met die wedstryd of afrigting of wie kan daaroor besluit?
12. Hoe benader julle skool vrywaringsvorms?

**Addendum G: Kleurkodifisering by data-analise**

Donker geel: Grondwet; Groen: Gemenereg; Pienk: Veiligheid; Geel: Pligte van die opvoeder; Grys: Opleiding.

1. ***V: Wat dink jy is risikobestuur in skolesport? Hoe en waar moet dit toegepas word?***

   **A:**Man, ek dink die belangrikste as jy nou gaan kyk na risikobestuur. Risikobestuur is die bestuur van risiko's in sport, met ander woorde hoe gaan jy risiko's in sport hanteer en hoe gaan jy seker maak dat 'n leerder ten alle tye by enige byeenkoms veilig gaan wees.

   ***V: Hoe en waar moet dit toegepas word?*** Ek dink dit moet op alle terreine toegepas word dat 'n skool ten alle tye 'n leerder se veiligheid kan verseker.

2. ***V: Wie se verantwoordelikheid is beleidsontwikkeling vir skole oor wat 'n veilige skool behels ?***

   Ek dink dit is die verantwoordelikheid van die topbestuur en sy sportorganiseerders, mense wat direk met sport betrokke te doen, of met sport betrokke is, hulle weet presies wat se veiligheidskwessies is daar. Ek dink as die, soos ek reeds gesê het, die topbestuur moet 'n beleid in plek hê, wat die skool kan vrywaar van enige vorm van besering wat 'n kind kan opdoen. So ek dink dit is definitief die bestuur van die skool. ***V: Die departement se verantwoordelikheid?*** **A:** Verseker ook ...hulle moet seker maak dat die skool se beleide in plek is, want op die ou end kan die departement van onderwys ook aanspreeklik gehou word as nalatigheid nie na die skool se kant ook gewys kan word nie. Dan kan die saak verder gevat word na die departement, so die departement definitief ook. ***V: Voel julle die onderwysdepartement is betrokke?*** **A:** Man ek glo nie hulle is betrokke nie, ek is al 'n redelike geruime tyd met sport betrokke, en ek het nog nooit regtig

`n dokument kry waar hulle, hulle self vrywaar van enige so iets of wat hulle wetlike vereiste van skole stuur hoe hulle betrokke by skolesport is nie.

3. ***V: Wat dink jy weet die Suid-Afrikaanse onderwysers/afrigters oor wat hulle wetlike pligte teenoor leerders onder hulle toesighouding asook die gevaar waaraan hulle blootgestel is as hulle nie hierdie wetlike pligte nakom nie?***

**A:** Man ek gaan met jou eerlik wees, ek dink nie jou alledaagse onderwyser weet daarvan iets nie, as jy enigsins met onderwys reg en onderwysreg studies te doen gehad het in jou lewe sal jy presies weet wat daar aangaan. Maar ek dink nie daar word in `n NGOS kursus regtig klem gelê op die veiligheid van kinders op `n sportveld nie. Dit is eintlik skrikwekkend om te weet dat daar `n groot persentasie onderwysers in Suid-Afrika is, wat nie `n krisis op die sportveld kan hanteer nie. En om jou volgende vraag te beantwoord, dit elke skool se plig dat hy ervare afrigters het -afrigters wat risiko's in skolesport kan hanteer-aan te stel, en veral vir jong mense wat so pas uit die universiteit uit kom, om seker te maak dat hulle ook weet wat hulle wetlike pligte is, wat hulle moet nakom.

4. ***V: Word daar genoeg gedoen word om die risiko van beserings en regseise teen die skoolbestuur of sportbestuurders te verminder?***

**A:** Man ek dink nie daar word regtig genoeg gedoen nie. Ek gaan nou praat uit `n rugby oogpunt , ek weet hulle is nou besig met Boksmart , waar elke rugbyafrigter die kursus en goed moet bywoon, maar die kursusse word eenmalig aangebied en jy kry jou kaartjie en nou is jy veronderstel om reg te wees. Ek dink hulle kan nog baie meer moeite doen en ek sal dit `n jaarlikse instelling gemaak het om afrigters tipe van te verplig om.... nie net beserings nie, maar ook die skole risiko of risikobestuur gedeelte met onderwysers te behandel. Ek dink definitief daar word nie genoeg gedoen nie. ***V: Weet jy of daar in netbal en hokkie `n soortgelyke veiligheidskursuskursus is?*** **A:**

Man, ek weet by die rugby is daar iets in plek, ek weet nie dat daar iets in plek is by die netbal of iets in plek is by die hokkie nie. Ek glo nie daar is iets in plek nie, ek weet van die bokssmart by die rugby maar ek glo nie by die ander sportsoorte nie.

5. ***V: Wat behels `n afrigter se versorgingsplig om die veiligheid van die leerders onder hom op die sportveld te verseker?***

**A:** Dit is `n groot plig, ek dink dit begin by nommer een, dat jy weereens moet seker maak dat die omstandighede waarin die leerders homself bevind, dat dit veilig is, die velde self moet veilig wees. Dit is ook die afrigters se plig om seker te maak indien `n speler aan kontak blootgestel word, dat daar nie enige mediese kwessies is nie hanteer kan word nie. Wat ek dink ook baie belangrik is dat elke skool `n tipe van `n noodhulpkamer sal hê, vir as so iets sal gebeur dat daar werklik iemand is wat die saak kan hanteer en dat die kind stil gehou kan word...en al daai goedjies. En baie belangrik dat daar ten alle tye by elke sportsoort, al is dit `n oefening, `n onderwyser wat in noodhulp gekwalifiseerd is teenwoordig wees wees.

6. ***V: Hoe verstaan jy die die reg ten opsigte van: aanspreeklikheid en nalatigheid?***

**A:** Man aanspreeklikheid en nalatigheid is `n ..... moeilike....is `n moeilike ding, dit is nie altyd wit of grys of swart en wit nie, ek bedoel enige iemand kan as nalatig beskou word en dit is baie maklik om nalatig of aanspreeklik gehou kan word. Jy moet altyd seker maak dat as jy aanspreeklik gehou word dat alle wat van jou as onderwyser verwag word, dat jy die regte dinge in plek daar het en dat niemand kan sê dat jy wel nalatig was nie en dat nalatigheid nie na jou kant gewys kan word nie. Soos presies dieselfde met die skool, die skool moet alles in plek hê, dat daar ook nooit kan gesê word dat die skool nalatig was met die kind op die sportveld nie. ***V: Kan jy my voorbeelde van tipiese***

***nalatigheid noem?*** **A:** Man, `n simpel voorbeeld is kinders wat sonder toesig gaan swem na `n sportgebeurtenis, dit is absoluut nalatig, want as die kind iets oorkom dan is dit nalatigheid van die skool. As `n kind met `n besering rugby speel, is dit nalatigheid van die onderwyser, sy ma of pa weet dalk nie, maar as jy as onderwyser verwag van hom dat hy moet speel, dan is dit jou aanspreeklikheid as daardie kind iets oorkom.

7. ***V: Hoe sal die afrigter se vlak van verantwoordelikheid verskil volgens:***
   a. ***ouderdom van deelnemer en die vlak van deelname?;***

**A:** Ag ek dink net hoe ouer `n kind is, ek praat sommer uit `n rugby oogpunt uit, maar eintlik uit enige sportsoort se oogpunt, hoe ouer `n kind is, hoe meer is hy blootgestel aan kontak, ek sê nie daar is `n verskil tussen `n 0/14 en `n eerstespan nie, maar ek dink net `n seun se blootstelling aan kontak is baie meer in `n eerstespan. As `n kind elke week kontak het, dan is sy liggaam daaraan gewoond en dit is baie belangrik dat seuns – ek praat nou van rugby weereens – gekondisioneer is en sy vlak van deelname is weereens die feit dat hy gereeld aan kontak blootgestel is om sodoende beserings te verminder.

   b. ***V: vlak van bekwaamheid en ondervinding?***

**A:** Vir my gaan dit `n afrigter wat `n eerstespan afrig moet nommer een, definitief bekwaam wees en hy moet ondervinding hê, en weereens soos ek gesê het, hy moet weet om die skool en die seuns te vrywaar van beserings, en so... So dit is baie belangrik dat hoe groter jou seuns of hoe ouer jou span is, dat jy definitief meer bekwaam moet wees en die nodige ondervinding het. Jy kan nie volgens my vir `n jong man net `n eerste span rugby gee sonder dat hy die nodige ondervinding en bekwaamheid nie daar is nie.

   c. ***V: die risikovlak van `n spesifieke sportsoort?***